UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die Kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis

deur

Gert Johannes Cloete

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad Doctor Divinitatis
in die Fakulteit Teologie, Afd. B,
Universiteit van Pretoria

Oktober 1986

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Promotor : Prof. dr. JA Heyns

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DANKBETUIGINGS

Studie, en veral die skryf van 'n verhandeling, kan 'n vereensamende proses wees. By die voltooiing van hierdie proefskrif is dit vir my 'n dankbare geleentheid om erkenning te gee aan almal wat my gehelp het om dit nie so te beleef nie, en wat nie alleen gehelp het om my lewe in die algemeen te verruim nie, maar ook om van die formele studie 'n verrykende ervaring te maak.

In die eerste plek betuig ek graag my dank aan prof. dr. JA Heyns wat as promotor by hierdie studie opgetree het. My respek vir hom as verantwoordelike en bekwame teoloog word slegs oortref deur my waardering vir sy persoonlike integriteit, en vir sy toegewyde diens aan die kerk van ons Here Jesus Christus.

'n Opregte woord van dank gaan ook aan prof. dr. CFA Borchardt wat as mede-promotor opgetree het. Sy hoë wetenskaplike standaard het 'n groot indruk op my gemaak, en sy indringende beoordeling van my werk het by my 'n gevoel van groot sekuriteit en dankbaarheid gelaat.

Om almal te noem en te bedank wat meegewerk het om my teologiese denke te help vorm, sou onmoontlik wees. Ek dink egter in die besonder met dankbaarheid terug aan al die professore van die Teologiese Fakulteit (Afd. B) van die Universiteit van Pretoria onder wie se leiding ek kon studeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met groot dankbaarheid noem ek ook die voorreg om as predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk te kan dien. In die besonder dink ek aan die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Villieria wat nie alleen vir my 'n arbeidsveld is nie, maar ook 'n geestelike groeibodem. Baie van die insigte waartoe in hierdie proefskrif gekom is, het ryp geword in die pastorale praktyk, prediking en kategese in die gemeente.

Wanneer ek hierdie proefskrif opdra aan my vrou en ons twee dogters is dit omdat hulle vir my meer beteken as wat ek ooit in woorde sou kon uitdruk. Hulle het baie dinge ontbeer om dit vir my moontlik te maak om my studie af te rond. Daarvoor, en ook vir al die vreugde wat hulle in my lewe bring, sê ek uit my hart baie dankie.

In die loop van my studie moes ek dikwels aan myself verantwoording probeer gee vir my motiewe daarmee. By die afhandeling daarvan kan ek met dankbaarheid terugkyk wanneer ek daarin 'n geleentheid sien wat my Hemelse Vader aan my gebied het om as dienaar in sy kerk te werk, en om deur my studie voortdurend te groei in my afhanklikheid aan Hom en in gretigheid om die insigte wat ek deur my studie kon verkry, in sy kerk en in sy koninkryk toe te pas. Dit is nou my gebed dat ook hierdie proefskrif, en my verdere arbeid in sy diens, steeds tot sy eer sal kan wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUD

Dankbetuigings .......................................... i

Inhoud .................................................. iii

1.0 INLEIDEND: BELYDENIS EN KERK ...................... 1

1.1 Die belydenis in die kerk ........................ 1

1.1.1 Die ontstaan van geloofsbelydenisse ......... 1

1.1.2 Die wese en nut van 'n geloofsbelydenis ..... 7

1.1.2.1 Die wese en beperkings ................. 7

1.1.2.1.1 Definisie ......................... 7

1.1.2.1.2 Beperkings ........................ 10

1. Beperkte openbaringsinsig .............. 10

2. Beperkte historiese insig .............. 12

1.1.2.2 Die nut ................................ 14

1.1.3 Die rede vir belydenisvorming ............... 16

1.1.4 Die bindende gesag van die belydenis ........ 19

1.1.4.1 Die siening van Barth ................. 20

1.1.4.2 Nederland in die negentiende eeu ....... 21

1.1.4.3 Die Remonstrante ....................... 24

1.1.4.4 Die afdwingbare gesag van die belydenis .. 25

1.1.5 'n Nuwe belydenis? .......................... 26

1.2 Die kerkbegrip ................................... 28

1.2.1 'n Dinamiese en dringende vraag ............. 28

1.2.2 Uiteenlopende standpunte .................... 31

Aantekeninge by hoofstuk 1 ....................... 40

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.0 HISTORIESE MILIEU ................................ 53

2.1 'n Geskrif vir sy tyd ............................ 53

2.2 Europa rondom 1561 ............................ 53

2.2.1 'n Tyd van veranderings .................... 59

2.2.2 Duitsland ................................ 62

2.2.3 Switserland ................................ 65

2.2.4 Frankryk ................................ 66

2.2.5 Ander Europese lande ........................ 69

2.3 Belangrike godsdienstige ontwikkelings ........... 71

2.3.1 Verwikkelings in die Roomse Kerk ........... 71

2.3.1.1 Die Teenhervorming ..................... 72

2.3.1.2 Die Jesuïete ........................... 75

2.3.2 Die Anabaptisme ............................ 78

2.4 Nederland teen 1561 ............................ 92

2.4.1 Politieke agtergrond ........................ 92

2.4.2 Godsdienstige agtergrond .................... 96

Aantekeninge by hoofstuk 2 ...................... 101

3.0 DIE REFORMATORIESE BELYDENISSE VAN DIE SESTIENDE EEU 120

3.1 Lutherse belydenisskrifte ........................ 120

3.1.1 Luther se kategismusse (1529) ............... 120

3.1.2 Die Confessio Augustana (1530) .............. 121

3.1.3 Ander Lutherse belydenisskrifte ............ 123

3.2 Gereformeerde belydenisskrifte ................... 124

3.2.1 Vroeë belydenisskrifte ...................... 124

3.2.2 Die Confessio Helvetica Prior (1536) ........ 125

3.2.3 Belydenisskrifte van Calvyn ................. 125

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.2.4 Die Confessio Helvetica Posterior (1566) .... 124

3.2.5 Die Heidelbergse Kategismus (1563) .......... 129

3.2.6 Die Confessio Fidei Gallicana (1559) ........ 131

3.2.7 Die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) ..... 132

3.2.8 Die Skotse belydenisse ...................... 132

3.2.9 Die "39 Articles" (1563 en 1571) ............ 133

3.2.10 Ander Reformatoriese belydenisse ............ 134

3.2.11 Die Dordtse Leerreëls (1618/1619) ........... 135

3.3 Die Nederlandse Geloofsbelydenis ................. 136

3.3.1 Rondom 1561 ................................. 137

3.3.2 Die NGB 1561-1619 ........................... 138

3.3.3 Inhoud ...................................... 141

3.3.4 Die algemene aard van die NGB ............... 142

3.3.5 Die belydenis aangaande die kerk ............ 143

3.3.5.1 Artikel 27: Die algemene Christelike kerk. 145

3.3.5.2 Artikel 28: Elkeen is verplig om hom by die ware kerk aan te sluit .............. 148

3.3.5.3 Artikel 29: Die kenmerke van die ware en valse kerk .............................. 150

3.3.5.4 Artikel 30: Die regering van die kerk ... 153

3.3.5.5 Artikel 31: Die ampsdraers van die kerk .. 155

3.3.5.6 Die orde en tug van die kerk ............ 156

3.3.6 Metode van ontleding ......................... 157

3.4 Samevattend ...................................... 158

Aantekeninge by hoofstuk 3 ........................ 161

4.0 EEN, ALGEMENE KERK .................................. 172

4.1 Die kerk as objek van geloof ..................... 172

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.2 Die kerk as vergadering van gelowiges ............ 177

4.3 'n Enige, katolieke of algemene kerk ............. 186

4.3.1 Een kerk ..................................... 188

4.3.2 Algemene kerk ................................ 191

4.3.2.1 Deurlopende katolisiteit ............... 193

4.3.2.2 Ekstensiewe katolisiteit ............... 199

4.3.2.2.1 Ekstensief ten opsigte van mense ... 200

4.3.2.2.1 Ekstensief ten opsigte van plek .... 205

4.3.2.3 Kwalitatiewe katolisiteit ............... 211

4.3.3 Die gemeenskap van die gelowiges ............ 212

4.3.3.1 Extra ecclesiam nulla salus ............. 213

4.3.3.2 Die gemeenskapsbeoefening van die gelowiges 216

4.4 Samevattend ...................................... 221

Aantekeninge by hoofstuk 4 ....................... 222

5.0 DIE WARE EN VALSE KERK ............................ 242

5.1 'n Polemiesse belydenis .......................... 242

5.2 Die ware kerk en die valse kerk .................. 244

5.3 Die kenmerke van die ware kerk ................... 246

5.4 Die kenmerke van die ware christene .............. 252

5.5 Die kenmerke van die valse kerk .................. 260

5.6 Samevattend ...................................... 263

Aantekeninge by hoofstuk 5 ....................... 265

6.0 DIE REGERING VAN DIE KERK ......................... 271

6.1 Die regering en die ampsdraers ................... 271

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6.1.1 Die aard van die regering .................. 273

6.1.1.1 Die reg tot regering .................... 273

6.1.1.2 Die aard van die regering ............... 278

6.1.2 Die regeringstruktuur ...................... 280

6.1.2.1 Drie ampte ............................. 282

6.1.2.2 Die kerkraad ........................... 288

6.1.2.3 Dienaars, ouderlinge en diakens ......... 300

6.1.2.4 Geen hiërargie ......................... 305

6.1.3 Taak van die regeerders ................... 307

6.1.3.1 Die opdrag ............................. 307

6.1.3.2 Die taak ............................... 308

6.1.3.3 Die doel ............................... 311

6.1.4 Die verkiesing vam ampsdraers ............. 312

6.1.4.1 Betroubare persone ..................... 313

6.1.4.2 'n Wettige verkiesing .................. 313

6.1.5 Agting vir die ampsdraers ................. 316

6.2 Die orde en tug in die kerk ................... 318

6.2.1 Die doel van 'n kerkorde ................... 319

6.2.2 Die grense van 'n kerkorde ................. 323

6.2.3 Die tug van die kerk ....................... 327

6.2.3.1 Die noodsaaklikheid van die kerklike tug 328

6.2.3.2 Die doel van die kerklike tug ......... 329

6.2.3.3 Die grond en grens van die kerklike tug 331

6.2.3.4 Die toepassing van die kerklike tug ... 333

6.3 Samevattend .................................... 336

Aantekeninge by hoofstuk 6 ...................... 337

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7.0 DIE AKTUELE WAARDE VAN DIE KERKBEGRIP VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS .......... 362

7.1 'n Voortgaande rol .......... 362

7.2 Skrifgetrouheid van die NGB .......... 365

7.2.1 Die kerkbegrip: historiese reaksie, of verantwoordelike Skrifverklaring? .......... 366

7.2.2 Die kerk as resultaat van God se verkiesing .. 368

7.2.3 Die kerk as vergadering èn samekoms .......... 370

7.2.4 Die kerk as een, algemeen en heilig .......... 372

7.2.4.1 Een kerk .......... 374

7.2.4.2 Algemene kerk .......... 380

7.2.4.3 Heilige kerk .......... 389

7.2.5 Die kenmerke van die kerk .......... 391

7.2.6 Die regering van die kerk .......... 393

7.3 Positiewe en negatiewe aspekte .......... 396

7.4 'n Nuwe belydenis? .......... 405

Aantekeninge by hoofstuk 7 .......... 414

LITERATUURLYS .......... 429

Samevatting .......... 445

Summary .......... 447

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 1.0 INLEIDEND:

# BELYDENIS EN KERK

## 1.1 DIE BELYDENIS IN DIE KERK

### 1.1.1 DIE ONTSTAAN VAN GELOOFSBELYDENISSE

Wie teen 48 n.C. die christene in Antiochië besoek het, sou baie gou 'n spanning in die gemeente bemerk het. [1] Daar was 'n bloeiende gemeente, die eerste gemeente van werklike belang buiten Jerusalem (Hand. 11:19-26). Onder leiding van Barnabas en Saulus is nie alleen die gemeente opgebou nie, maar in opdrag van die Heilige Gees het die gemeente die twee apostels uitgestuur om die evangelie ook na Siprus en Klein-Asië te bring (Hand. 13:1 e.v.). By hulle terugkoms kon hulle die gemeente bymekaarroep en vir hulle vertel "*wat God alles deur hulle gedoen het en dat Hy vir die heidene die deur van die geloof oopgemaak het.*" [2]

Alles was egter nie altyd ewe vreedsaam nie. Daar het naamlik mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak dat die gebruik van Moses nagekom moes word, en as iemand gered wou word, moes hy hom eers laat besny (Hand. 15:1). Paulus en Barnabas, leiers van 'n inherent nie-Joodse gemeente, en pas terug van 'n geseënde sendingreis, het hulle teen die leer verset en in 'n heftige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meningsverskil met die mense betrokke geraak (Hand. 15: 2). 'n Beslissende uitspraak moes gemaak word - nie alleen om die meningsverskille in die gemeente te besleg nie, maar ook om te bepaal watter leer aan die heidene verkondig moes word. Die oplossing waartoe die gelowiges in Antiochië gekom het, was om Paulus en Barnabas en nog 'n paar ander na Jerusalem te stuur, en om die apostels en ouderlinge aldaar in verband met hierdie probleem te raadpleeg (Hand. 15:2). [3]

Na deeglike bespreking het die Jerusalemvergadering 'n verklaring uitgereik waarin die wesenlike sake uiteengesit is, en waarvolgens die gelowiges uit die heidendom kon optree (Hand. 15:28). Die uitspraak is aangebied as 'n besluit van "*die Heilige Gees en ons*" (Hand. 15:23-29), 'n uitspraak waarin nie 'n hoogheidsposisie ingeneem word nie, maar veel eerder gesê word "*dat hulle hulle diep afhanklik gestel het van die leiding van die Heilige Gees*". [4]

Die Jerusalemvergadering van 48 n.C. was 'n unieke manier om duidelikheid en eensgesindheid in die kerk te verkry oor spesifieke sake. Nêrens in die Nuwe Testament is daar weer sprake van 'n soortgelyke byeenkoms waarby 'n beslissende uitspraak gemaak is nie. Dit sê egter hoegenaamd nie dat daar nie weer meningsverskille en dwaalleringe in die kerk ingesluip het nie! Inteendeel, wie maar net die briewe van Paulus en die briewe aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sewe gemeentes in Klein-Asië lees, sal gou agterkom dat daar baie mense, ook uit die geledere van die gelowiges self, na vore gekom het "*wat met leuens die gelowiges agter hulle aan probeer verlei*" (Hand. 20:31). [5] Geen wonder dan dat Paulus by Timoteus aandring om die Woord te bly verkondig nie, en om te "*weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee*" (1 Tim. 4:2); en aan Titus skryf hy: "*maar jy moet verkondig wat in ooreenstemming is met die gesonde leer*" (Tit. 2:1).

Maar wat is die "gesonde leer", en wie bepaal wat dit is, en wat nie? Paulus self beweer dat "*die gesonde leer ... in ooreenstemming (is) met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God*" (1 Tim. 1:11); "*die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is*" (2 Kor. 4:4). Die belangrikste is, sê hy in 1 Kor. 15:3-4: "*Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.*" [6]

Die praktyk het egter baie gou geleer dat so 'n bondige formulering - hoe mooi en nuttig dit ook mag wees - nie alleen genoeg is nie. Net soos in die Jodendom die Mishnah ontwikkel het as 'n gesaghebbende verklaring van die praktiese uitvoering van die voorskrifte van die Torah, het daar in die Christendom verklarings en verdui-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



delikings ontstaan rondom verskillende fasette van die christelike leer. Aanvanklik, in die Nuwe Testamentiese tyd, was dit hoofsaaklik die taak van die apostels om normatiewe leiding te gee in die christelike leer en praktyk. Die leiding wat hulle as openbaringsorgane onder leiding van die Heilige Gees gegee het, en wat in permanente vorm aan die kerk in die Bybel beskikbaar gestel is, was egter nie eens en vir altyd volledig en afdoende nie. Nie alleen was dit as gevolg van die spesifieke aard van die Skrif nie sistematies-geordende geloofsreëls nie, maar daar het ook met verloop van tyd onduidelikheid en meningsverskil ontstaan oor sekere sake waaroor die Skrif nie eksplisiete uitsprake gee nie. Gevolglik het daar ander geskrifte met meerdere of mindere bindende gesag ontstaan waardeur gepoog is om die Woord te verklaar, en om te sê wat en hoe geglo moet word. Vroeë voorbeelde is die Didagè en die geskrifte van die Apostoliese Vaders, maar dit was nog nie bedoel om leerstellinge bondig te sistematiseer nie, en uitsprake wat daar gevind word, kan hoogstens as semi-formele geloofsbelydenisse beskou word.

Kerklike praktyk het dit genoodsaak dat daar "geloofsbelydenisse" ontstaan het, dit wil sê geskrifte of simbole "*waarin die kerk uitspreek wat hy as die waarheid beskou na die Woord van God,*" simbole wat opgestel is as 'n uitdrukking van die gemeenskaplike geloof. [7] Veral "*die behoefte aan 'n formele bevestiging van geloof wat*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*deur die kategumeen by die doop gerepeteer kon word ... het die kerk sover gebring om in die eerste plek geloofsbelydenisse te ontwikkel."* [8] Van die begin af was dit gebind aan 'n verklaring dat geglo moet word in die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. [9] Van die dopeling se kant was die belydenis (in die eerste drie eeue altans) hoogstens 'n "ek glo" in antwoord op die vrae van die kategeet. [10] Hierdie bondige belydenisse is met verloop van tyd deur interpolasies uitgebou sodat daar vanaf ongeveer die middel van die derde eeu vaste formulerings begin ontstaan het. [11] Hierdie stukke is tydens die kategese, los van die doopgeleentheid, deur die katkisant as 'n soort *disciplina arcani* gememoriseer, en moes as kulminasiepunt van die kategese geresiteer word. [12]

In die loop van die derde eeu het sodanige belydenisse amptelike status begin kry. Daar was geen universele belydenis nie, maar elke biskop het self besluit watter belydenis hy in sy gebied wou laat gebruik. In hierdie opsig het die kerk van Rome die voortou geneem met die vaste erkenning van die belydenis wat tans as R (of die *Ou Roomse Credo*) bekend staan. [13] Vanuit hierdie belydenis het die *Apostoliese Geloofsbelydenis* ontstaan. [14]

In die vierde eeu het die behoefte ontstaan vir universele belydenisse "*wat los van die doopdiens gebruik kon*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*word as 'n middel waardeur gedemonstreer kon word dat die persoon wat dit bely het, teologies bo verdenking was.*" [15] Hierdie behoefte is veral geskep deur die Ariaanse stryd, en die eerste universele belydenis, gesaghebbend vir die hele kerk as toetssteen vir die ortodoksie, het ontstaan: die Geloofsbelydenis van Nicea. [16] Latere belydenisse, soos die Symbolum Quicunque of die Geloofsbelydenis van Athanasius, [17] en die besluite van die ekumeniese konsilies, was ook in wese pogings om die ortodokse leer vas te stel. [18]

In die sestiende eeu, as deel van die vestiging van die Hervorming, het 'n hele aantal geloofsbelydenisse ontstaan, hoofsaaklik as "*'n poging om die lering van die Bybel getrou weer te gee.*" [19] Die redes waarom die Hervormers geloofsbelydenisse opgestel het, het gewissel tussen oorwegings van kategese (bv. die Kategismusse van Luther, en die Heidelbergse Kategismus), apologetiek (die Nederlandse Geloofsbelydenis), onderlinge eenstemmigheid (die Augsburgse Belydenis en die Consensus Tigurinus), en die weerlegging van dwaalleer (die Dordtse Leerreëls). [20] Hierdie belydenisse het meerdere of mindere gesag ontvang binne hulle betrokke kringe, en baie word tot vandag toe gebruik as 'n grondslag vir die kategese en as opsomming van 'n spesifieke kerk se geloofstandpunte.

Naas die geloofsbelydenisse wat na die sestiende eeu ontstaan, maar in wese uit die Hervorming voortgevloei

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het (soos die Westminister Confession van 1647), het daar tot in die twintigste eeu belydenisse bly ontstaan. Sommiges is algemene geloofsverlarings (soos die New Hampshire Confession van 1833), terwyl ander voortgespruit het uit spesifieke omstandighede (soos die Barmen-verklaring van 1934, en die Konsepbelydenis van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika, Belhar, 1982). Dit kos nie 'n besondere profeet nie om te voorspel dat net die wederkoms 'n einde sal bring aan die ontstaan van nuwe belydenisse.

### 1.1.2 DIE WESE EN NUT VAN 'N GELOOFSBELYDENIS

#### 1.1.2.1 Die wese en beperkings

##### 1.1.2.1.1 Definisie

Met die voorgaande in gedagte kan ons die volgende stel oor die wese van 'n geloofsbelydenis:

1. 'n Belydenis is in die eerste plek <u>'n belydenis van geloof.</u> "*'n Kerk glo nie sy belydenis omdat hy die waarheid daarvan wetenskaplik insien nie, maar enkel en alleen op grond van die Woord van God,*" verklaar Bavinck. [21] Dit sluit uiteraard nie deeglike wetenskaplike voorstudie uit nie, maar die hoofelement is 'n erkenning dat die inhoud nie "geweet" of "empiries-waargeneem" is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie, maar in die geloof aanvaar word. [22]

2. 'n Belydenis is spesifiek. Al gaan dit wesenlik om geloof, word daar nie vasgehou aan 'n vae ideaal nie. Reeds in die Nuwe Testament is dit duidelik dat daar 'n noue verband is tussen geloof en 'n spesifieke belydenis. Petrus glo byvoorbeeld nie net in Jesus nie, maar in Jesus as "*die Christus, die Seun van die lewende God*" (Mat. 16:16), en Paulus kwalifiseer geloof in Christus dikwels met eksplisiete belydenisuitsprake. [23]

3. 'n Belydenis is 'n weergawe van die waarhede van die Woord van God. Die Skrif alleen is *norma normans*, die belydenisskrifte is hoogstens *norma normata*. [24] As sodanig mag geen uitsprake in 'n belydenisskrif gemaak word wat nie direk uit die Skrif gefundeer kan word nie. [25]

4. 'n Belydenis is voorlopig. Geen belydenis kan aanspraak maak dat daarmee die laaste woord gespreek is nie. Dit moet steeds getoets word aan die Skrif, en moet verander word as dit sou blyk dat dit van die Skrif verskil.

5. 'n Belydenis is die resultaat van 'n historiese ontwikkeling. Al die geloofsbelydenisse het ontstaan vanuit 'n historiese situasie waarin 'n behoefte gevoel is vir 'n bondige afbakening van geloofsuitinge.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. 'n Belydenis is 'n geloofsverklaring <u>van die kerk.</u> Al is baie van die geloofsbelydenisse opgestel deur individue, dra dit nie gesag omdat dit aan die een of ander persoon verbind kan word nie, maar omdat dit deur die kerk aanvaar is.

7. Al is 'n belydenis voorlopig, en relatief teenoor die Woord, dra dit nogtans <u>gesag.</u> As vrug van beide afhanklike geloofsbesinning en verantwoordelike beredenering, dien dit as rigtinggewende uitspraak vir die lede van 'n kerk, nie alleen om te sê wat volgens die Woord van God reg is nie, maar ook wat verkeerd is. Dit kan dus met reg gebruik word as maatstaf vir die ortodoksie, en as riglyn by die toepassing van leertug. By sodanige gebruike moet die uitspraak van Paulus, naamlik dat ons tans nog maar gedeeltelik ken (1 Kor. 13:9, 12), egter steeds in gedagte gehou word.

8. Bogenoemde sake kan saamgevat word in die volgende definisie: <u>'n Belydenis is 'n gerigte geloofsverklaring van die kerk waarin hy konstateer hoedat hy, met die insig tot sy beskikking, spesifieke Skrifwaarhede interpreteer.</u>

Met hierdie definisie word aan die een kant erkenning gegee aan die gesag en waarde van die belydenis, maar terselfdertyd word sy twee groot beperkings aangetoon:

1. 'n belydenis is nooit meer as net 'n interpretasie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Skrifwaarhede nie; en 2. die korrektheid, volledigheid en waarheid van die belydenis is beperk tot die insig waarvolgens die spesifieke kerk op 'n spesifieke tydstip, binne 'n spesifieke historiese situasie, oor die Skrifwaarhede dink.

Hierdie kwalifiserings hoef nie noodwendig as swakhede bekou te word nie. Die bestudering van, en nadenke oor die Skrif, is immers 'n dinamiese proses. Mits dit besef word, en solank as wat die kerk eerlik probeer am aan die volle Skrif reg te laat geskied, bly 'n belydenis 'n nuttige hulpmiddel vir die welwese van die kerk.

1.1.2.1.2 <u>Beperkings</u>

Die kerk se insig is veral op twee vlakke beperk: 'n beperktheid ten opsigte van openbaring, en 'n beperktheid as gevolg van historiese ontwikkeling.

1. <u>Beperkte openbaringsinsig</u>

Die kerk moet besef dat hy - selfs in die Bybel - <u>nie oor 'n volledige openbaring</u> van God se wese, werke en wil beskik nie. [26] Geen wonder dan dat daar dikwels gepoog word om addisionele openbaringsnorme naas die Skrif daar te stel nie, soos byvoorbeeld die dogma van die Roomse kerk om sekere uitsprake van die pous as gesaghebbend te aanvaar, of die aansprake van sekere individue of groepe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op 'n besondere illuminasie deur die Heilige Gees. Hierdie pogings moet egter afgewys word. Op voetspoor van die Nederlandse Geloofsbelydenis moet die Bybel, bestaande uit die kanonieke boeke, aanvaar word as genoegsame openbaring vir alles "*wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.*" [27]

Die kerk is nie net beperk ten opsigte van openbarings-inhoud van die Skrif nie, maar ook ten opsigte van <u>metode van Skrifondersoek.</u> As gevolg van die aard van die Skrif is dit nie moontlik om afgeronde leerstellings daarin te vind nie, maar kan leerstellings slegs gemaak word na aanleiding van vrae wat aan die Skrif gestel word. Voordat enige leerstellings geformuleer kan word, moet die kerk homself eers verantwoord ten opsigte van sy hermeneutiek, dit wil sê, dat hy eers duidelikheid moet kry oor die wyse waarop hy die Skrif (doelbewus of intuïtief) benader. Probleme soos die inspirasieleeer wat aanvaar word; die waarde wat aan die Ou Testament teenoor die Nuwe Testament geheg word; en die mate van subjektiwiteit waarop 'n spesifieke historiese situasie ("Sitz im Leben") die vrae kleur wat aan die Skrif gestel word, speel 'n geweldige rol. Slegs wanneer 'n kerk met 'n hermeneuties verantwoordbare metode van Skrifondersoek werk, kan hy aanspraak maak op gesagvolle uitsprake op grond van die Skrif.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## 2. Beperkte historiese insig

Bogenoemde stellings ten opsigte van die hermeneutiek, hoe fundamenteel dit ook al is, is nie so maklik in die praktyk uitvoerbaar nie. Ten eerste wissel die kennis en insigte binne wisselende historiese omstandighede, en dit bring klemverskuiwings teweeg. Soms is die wisseling minder dramaties (soos met die huidige ontwikkelings in die eksegese waarin al meer klem gelê word op 'n diakroniese- teenoor 'n sinkroniese analise); ander kere is die verandering radikaal (soos met die Hervorming waar nie alleen die beginsel van *sola Scriptura* nie, maar ook die beginsel van *sacra Scriptura sui ipsius interpres* teenoor die Rooms kerk se sienings geformuleer is).

Wat egter in die praktyk makliker kan gebeur, is dat die uitgangspunt subjektief kan wees. Waar die uitgangspunt behoort te wees om eers te vra na die universeelgeldende bybelse standpunt, en dat die siuasie dan daaraan getoets word, kan dit maklik gebeur dat die situasie so subjektief beleef word dat uiteindelike Skrifondersoek nie veel meer is as 'n soeke na die bevestiging of afkeur van 'n spesifieke standpunt nie. [27]

Die moontlikheid van subjektiwisme hoef nie 'n belemmerende faktor te wees by die formulering van standpunte op grond van die Skrif nie: al die belydenisse het immers binne 'n spesifieke historiese situasie ontstaan, en dan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook as gevolg van spesifieke vrae wat in die betrokke tyd aan die Skrif gevra is. So byvoorbeeld moes die kerk tydens die Ariaanse stryd duidelike antwoorde soek in verband met die aard van Christus se Godheid, en het die spesiieke twispunte van die tyd uiteindelike formulering beïnvloed. Dit beteken egter nog nie dat die Geloofsbelydenis van Nicea nie steeds bybels verantwoordbaar is nie! Die belangrikste saak hier is net dat die kerk, wanneer hy leer- of lewensuitsprake wil maak, eers duidelikheid kry watter een van òf die Bybel, òf die situasie, vir hom prakties die swaarste weeg in sy gevolgtrekkings.

Die kerk moet verder nie alleen rekening hou met 'n wisseling in interpretasie van die Skrif nie, maar ook met 'n wisseling in interpretasie van die belydenis. Nuwe insigte in die Skrif, en insigte vanuit nuwe situasies, kan lei tot gewysigde formulering van leerstellings. Dit beteken egter nie noodwendig dat die belydenis elke keer nuut geformuleer moet word om ruimte te laat vir elke nuwe insig en elke moontlike standpunt nie. Dit beteken bloot dat die kerk versigtig moet omgaan met die gesag van die belydenis, en nie die belydenis nie, maar die Skrif, die laaste woord moet laat spreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1.1.2.2 <u>Die nut</u>

Die praktiese nut van 'n belydenis is in hooftrekke die volgende:

1. 'n Kerk se belydenis dien as <u>'n manier waarop die kerk as sodanig in die wêreld geïdentifiseer kan word.</u> [29] Shepherd beskryf dit as 'n soort vaandel, "*'n banier waaronder die kerk sy werksaamhede uitvoer.*" [30] Met die belydenis word kant gekies. Daar word nie bloot geglo aan 'n vae godsidee, 'n soort "onbekende God" (Hand. 17:23) nie. Duidelik geformuleer word met oortuiging gesê in Wie geglo word, en wat van Hom geglo word. Iemand wat hierdie belydenis saamsê, kompromiteer homself teenoor die wêreld. Van Ruler gebruik in hierdie verband die beeld van 'n koor waarin elkeen sy eie deel sing, en die geheel is 'n lied tot die eer van God. [31] Om Van Ruler se beeld verder te neem: met die belydenis as partituur word die kerk se lied in die wêreld gehoor.

2. 'n Belydenis <u>dien as 'n apologetiese en polemiese geskrif.</u> Dit is 'n uitspraak waarin die kerk (of ook dikwels, *'n* kerk) uitspel wat geglo moet word, maar ook wat nie geglo moet word nie. [32] Dit sê duidelik hoe 'n spesifieke kerk die waarhede van die Woord interpreteer, en bied daarmee 'n afgrensing wat nie alleen sy verhouding en gesprek met ander kerke bepaal nie, maar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook binne eie kring vaste orde bied.

3. Die belydenis <u>dien die eenheid van die kerk.</u> Op die oog af lyk dit nie so nie, maar die feit is dat "*die belydenisse die belange van 'n Bybels-georiënteerde ekumenisme ten beste dien.*" [33] In die gesprek tussen kerke is dit noodsaaklik dat die onderskeie standpunte duidelik gestel moet word, en hiervoor is die belydenisskrifte besonder geskik. "*Die eenheid van die sigbare kerk word nie verkry eers na 'n algemene aanvaarding van 'n enkele geloofsbelydenis nie, maar is reeds teenwoordig: byvoorbeeld wanneer een kerkgroep in staat is om in die leerstellige grondslae van 'n ander denominasie dieselfde geloof te herken waaraan hy self gebind is.*" [34]

4. 'n Belydenis <u>help die kerk om interne dissipline toe te pas.</u> Wanneer daar in die kerk verskil van mening bestaan rondom die interpretasie van sekere leerstellings, kan dit lei tot verwarring en spanning. 'n Belydenis kan 'n groot rol speel om eensgesindheid te bring en vrede te herstel. [35] Wanneer dit eenmaal in die kerk aanvaar is as betroubare en gesaghebbende interpretasie van die ware geloof, kan dit ook gebruik word om as toetssteen te dien vir die leer en lewe wat deur die kerk as korrek beskou word. Afwyking van die leer of etiese voorskrifte soos in die belydenis aanvaar, kan dissiplinêre optrede nodig maak. Die belydenis kan dus dien, soos Van Bruggen dit stel, "*om die waarheid teenoor*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*dwaling te handhaaf."* [36]

5. Moontlik die belangrikste nut van 'n belydenis is om te dien as riglyn vir die prediking, en veral vir die kategese. Die belydenis se krag lê daarin dat dit die Woord agternapraat, dat "*dit dieselfde sê as God se Woord en dus agter die Woord van die Here gaan staan. Dit getuig: So sê die Skrif; daar staan geskryf!*" [37] As sodanig bied dit 'n stewige raamwerk vir die prediking en die kategese - nie alleen om as riglyn te dien vir die suiwer leer nie, maar ook om sistematies die hoofsake wat in die Woord behandel word, in die kerk deur te gee.

### 1.1.3 DIE REDE VIR BELYDENISVORMING

Uit die voorafgaande kon ons sien dat die kerk baie versigtig moet wees voordat hy 'n belydenis aanvaar as norm vir ortodoksie. [38] Nogtans kan 'n belydenis nie alleen as nuttig beskou word nie, maar selfs as noodsaaklik vir die ordelike voortgang van die kerk se werk. Dit word bevestig daardeur dat die kerk dit al dikwels nodig gevind het om belydenisse op te stel, en dat nuwe stukke steeds ontstaan. Op voetspoor van Polman noem ons die volgende redes waarom die kerk belydenisse opstel: [39]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Die eerste rede vir simboolvorming lê in die bestaan van die kerk self. "*As vergadering van ware Christusgelowiges, gelei deur God se Gees en God se Woord, kom die kerk vanself tot belydenis van sy geloof.*" [40] Christus het aan sy kerk die opdrag gegee om sy evangelie aan die wêreld te bring, en die kerk probeer om hierdie opdrag te realiseer en in duidelike begrippe vas te lê. Die ontstaan van belydenisse lê dus in die *potestas docendi* wat Christus self aan sy kerk gegee het. [41] Hieruit volg noodwendig dat die kerk vir homself duidelik moet uitmaak wat die ware leer van die Woord is. Die belydenis moet dus in die eerste plek gesien word as 'n positiewe ontwikkeling in die kerk, en moet as sodanig gebruik word.

2. Die tweede rede lê in die noodsaak vir selfverdediging. Waar die kerk ook al in die wêreld standpunt inneem op grond van die Woord van God, kan hy haat, vyandskap, laster en vervolging verwag. Hy kan hom nie met vleeslike wapens hierteen verdedig nie, maar alleen met 'n openbare en duidelike belydenis van sy geloof. 'n Belydenis word hierin een van sy belangrikste wapens. [42] Lastering moet egter nie net afgeweer word wanneer dit van ongelowiges kom nie: ook by noodsaaklike reformasie van die kerk, soos in die dae van die Hervorming die geval was, moet die redes duidelik en onomwonde geformuleer word as forum vir die handhawing van die christelike leer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Die derde rede lê in <u>die openbare betuiging van eendrag in die leer.</u> In die dae van die Hervorming is algemeen aanvaar dat een van die beste maniere om eenstemmigheid te bereik en te vertoon, in die bestaan en aanvaarding van 'n gemeenskaplike belydenisstuk lê. [43] 'n Goeie voorbeeld van 'n geval waar hierdie gevoel in die praktyk uitgevoer is, is die aanvaarding van die Nederlandse Geloofsbelydenis as belydenisskrif. De Bres het dit met 'n hoofsaaklik apologetiese motief geskryf, maar dit is algou deur die Gereformeerdes in Nederland aanvaar as 'n stuk wat deur almal onderskryf moet word om daarmee hulle eenstemmigheid te toon. Ook in hierdie opsig behoort die belydenisskrif positief benader te word: waar dit deur die onderskeie lede in waarheid onderskryf word, sal dit 'n sterk eenheidsband tot gevolg hê.

4. Die vierde rede lê in <u>die bewaring van die suiwerheid van die leer.</u> Reeds van vroeg af het verskillende dwaalleringe die kerk gedwing om stelling in te neem oor 'n verskeidenheid van sake. Dit het ook 'n positiewe gevolg gehad: die kerk is teruggedwing na die Heilige Skrif as enigste norm vir die leer van die kerk, en uit intensiewe Skrifondersoek het 'n duidelikheid van begrip gegroei wat andersins dalk nie moontlik sou wees nie. Nadat duidelike afgrensings daargestel is, kan daarop voortgebou word. Daar hoef nie elke keer weer *de novo* met 'n Skrifondersoek begin te word nie. Histories

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het dit dan ook so gebeur: oral waar die kerk, volgens Christus se belofte deur die Heilige Gees gelei, helderheid gekry het teenoor vroeëre onduidelikheid, en suiwerheid teenoor dwaling wat ingesluip het, het hy die belydenisse aanvaar - nie alleen as formuliere van eenheid nie, maar ook van suiwerheid. [44] Hierin moet egter nie 'n letterknegtery gesien word nie, maar 'n verantwoordelike verdediging teen subjektiewe eksegese. Elke ketter het immers sy letter!

## 1.1.4 DIE BINDENDE GESAG VAN DIE BELYDENIS

Ons het hierbo gesien dat dit tot die wese van 'n belydenis behoort om aan die Woord ondergeskik te wees. In die praktyk kan dit egter maklik gebeur dat nie gewerk word met die belydenis *onder* die Woord nie, maar met die belydenis *naas* die Woord, of selfs met die belydenis *bo* die Woord. Laasgenoemde was 'n aantyging wat die Hervormers dikwels teen die Roomse kerk ingebring het, maar die eerste gevaar (die belydenis naas die Woord) dreig ook dikwels in Protestantse kringe. Augustijn toon aan dat dit nie vreemd is nie: "*'n geloofsbelydenis is immers veel makliker as norm te hanteer as die Heilige Skrif. Dit is korter as die Bybel, en netjies verdeel in die verskillende hoofstukke van die kerkleer.*" [45] Gevolglik is dit maklik om na die belydenis terug te gryp - veral in die beoordeling van dwaalleer - maar daardeur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word 'n deur oopgemaak vir 'n groter gevaar, naamlik dat die Bybel nie meer as die enigste maatstaf gebruik word nie. [46]

### 1.1.4.1 Die siening van Barth

Hierdie gevaar het Karl Barth daartoe gedwing om baie versigtig met die belydenis om te gaan. [47] Sy beswaar is selfs meer fundamenteel, en is in werklikheid 'n vraag na die funksionering van die Bybel as openbaringsbron. Volgens hom het beide die Roomse en Protestantse dogmatiek gefouteer deur sekere leerstellings aan te bied as "openbaringswaarhede", omdat Jesus Christus die enigste "openbaringswaarheid" is. "*Die begrip 'openbaringswaarhede' (in die sin van 'n eens en vir altyd met goddelike gesag gegewe en gemunte latynse stelling) is teologies onmoontlik wanneer openbaring andersins in vrye gang in Jesus Christus 'n vir altyd bepaalde - maar juis daarom en so as 'n vir ons streng toekomstige - besluit van God is, en in die kerk weer en weer in die werklikheid van die geloof (waaroor ons nie beskikkingsreg het nie) waar moet word.*" [48] Hy redeneer verder dat die kerk en die dogmatiek nie net vra "*na dit wat die 'apostels en profete' gesê het nie, maar na wat - op grond van die apostels en profete - ons behoort te sê.*" [49] Dit bring hom daartoe dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hy nie sonder meer van die Bybel as die Woord van God wil praat nie, maar verklaar: "*auch die Heilige Schrift is Wort Gottes,*" [50] want "*die Bybel is die konkrete middel waardeur die kerk herinner word aan 'God se gebeurende openbaring'*". [51] 'n Mens doen die Bybel "*'n slegte en selfs onwelkome eer aan wanneer 'n mens dit met hierdie ander een, met die openbaring self, direk identifiseer.*" [52]

Ons gaan nie verder op Barth se leer rondom die Skrif in nie, aangesien dit tans slegs gaan oor die bindende gesag van kerklike leerstellings. [53] Dit kan Barth uiteraard slegs met kwalifisering aanvaar, aangesien volgens hom alle dogmas slegs voorlopig is: die waarheid kom nog! [54] Nogtans erken hy dat die belydenisse 'n belangrike gesagsrol in die kerk kan en moet speel. Dit is egter nie 'n juridies-statiese gesag nie, maar is geestelik van aard. Dit het betekenis omdat dit 'n kerklik-aanvaarde kommentaar op die Skrif is, maar kan nie as regter van geskille funksioneer nie, omdat dit alleen maar 'n getuienis en verklaring is van die geloof soos die Skrif in die kerk verstaan word. [55]

1.1.4.2 <u>Nederland in die negentiende eeu</u>

Polman wys daarop dat Barth se beskouing oor die belydenis groot invloed uitgeoefen het, veral in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nederlandse Hervormde Kerk. [56] Dit is uiteraard nie vreemd nie, aangesien die belydenis in die Nederlandse Hervormde Kerk reeds in die negentiende eeu gerelativeer is. Die Afskeiding van 1834 het inderdaad in 'n groot mate gedraai om die vraag of 'n predikant by die aanvaarding van sy amp as predikant verklaar dat hy die belydenisskrifte aanvaar *omdat* (quia) die belydenis met die Woord van God saamstem, of dan *in sover* (quatenus). [57]

Die sinode van 1818 het die moontlikheid van 'n dubbele interpretasie oopgelaat met 'n redelik onspesifieke formulering wat aanvanklik nie bestry is nie, maar in 1827 skerp gekritiseer is in die anoniem-gepubliseerde geskrif van ds. Dirk Molenaar: *Adres aan alle mijne Hervormde Geloofsgenoten.* [58] Die stryd rondom die quia-quatenusvraag het in werklikheid in 1833 ontbrand nadat die Groningense hoogleraar, Petrus Hofstede de Groot, hom openlik ten gunste van die quatenus-standpunt uitgelaat het. [59] Hy is skerp veroordeel deur mense soos Hendrik de Cock en veral CM van der Kemp. By die sinode van 1834 is Hofstede de Groot gelyk gegee. [60] Intussen het die verdeeldheid so ver gevorder dat die kerkraad van Ulrum op 13 Oktober 1834 'n "*Acte van Afscheiding of Wederkering*" onderteken het waarin die Hervormde Kerk as valse kerk verklaar is. [61] Uit hierdie afskeiding het die Christelik Gereformeerde Kerk ontwikkel. [62] Die groot leier van hierdie groep was Groen van Prinsterer, wat baie sterk op die *quia*-stand-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



punt gestaan het. Sy argumente was kortliks die volgende: 1. as daar geen belydenis is nie, sou die verskillende Skrifinterpretasies lei tot 'n Babel van menings; 2. histories is die belydenisskrifte die resultaat van die worsteling waardeur die kerk die betekenis van die Woord uitgemaak het en tot geloofseenheid gekom is; 3. 'n belydenis wat eenmaal volgens die Woord van God aanvaar is, bly staan, en nuwe denke en formulerings bou daarop voort; 4. die gelowiges in die Hervormde Kerk het dus die reg om te eis dat daar gepreek word volgens die waarheid wat die kerk (nie kragtens nie, maar blykens sy geskiedenis en formuliere) as reg beskou het; 5. die kerk het die waarhede nie aangeneem omdat dit in die formuliere staan nie, maar omdat hy dit as in ooreenstemming met Gods Woord beskou het. Ondertekening van die formuliere is daarom nie die *oorsaak* nie, maar die *gevolg* van die verpligting om in die kerk te leer wat nie met die geloof van die kerk in teenspraak is nie. Om aan die belydenis vas te hou, is nie 'n kleingeestige gehegtheid aan die letter nie, maar 'n verbintenis aan die wese en hoofsaak van die belydenisse. By die handhawing van die formuliere moet die juridiese nie die mediese element uitsluit nie. Die vraag oor die waarheid en leuen is nie alleen 'n kwessie van reg (juridies) nie, maar veral 'n vraag van krankheid en herstel. [63]

Op die verdere verloop van die quia-quatenusstryd gaan ons nie in nie. [64] Dit is genoeg om net te sê dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kloof tussen die standpunte eerder verwyd as vernou het. [65]

### 1.1.4.3 Die Remonstrante

Die eerste twis rondom die afdwingbare gesag van die belydenisskrifte in die Gereformeerde Kerk in Nederland het nie eers in die negentiende eeu gekom nie. Reeds in die stryd rondom die Remonstrante was daar groot verskil van mening. Die Remonstrante het naamlik die standpunt gehandhaaf dat daar tydens verskille en samesprekings nie 'n beroep op die belydenisse gedoen moes word nie, maar op die Skrif alleen. Wanneer iemand sy toevlug tot die belydenisse neem, verval hy in wettisisme. [66] In hulle argumente het hulle graag teruggegryp na 'n uitspraak van Ursinus, 'n uitspraak wat ook dikwels gebruik is in die stryd wat in die Lutherse kerke tussen 1555 en 1580 ontstaan het toe daar probeer is om die Augsburgse Belydenis as norm van ortodoksie te vestig. Ursinus, wat 'n goeie verhouding met Melanchton gehad het en ongelukkig was oor die wyse waarop leerdwang op die kerk afgedwing is, het naamlik in 1581 sy "*Christelike vermaning*" gepubliseer waarin hy onder meer sê dat die belydenisse nie 'n maatstaf kan wees van wat ortodoksie of kettery is nie. [67] Die Kontraremonstrante daarenteen het sterk standpunt ingeneem vir die gesag van die belydenisse - nie die belydenisse as sodanig nie, maar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omdat dit met die Woord van God in harmonie is - as 'n grondslag waarvolgens eenheid in die kerk verkry kan word. Daar kan wel kritiek teen die belydenis wees, maar dit moet eers bewys word. [68] Die standpunt van die Kontraremonstrante het geseëvier tydens die sinode van Dordrecht van 1618/19, en in die ondertekeningsformulier vir predikante is instemming met die belydenisse verwag. [69]

1.1.4.4 Die afdwingbare gesag van die belydenis

Die voorafgaande toon dat daar voortdurend verskil van mening was (en is!) oor die mate waarin die belydenis in die kerk so 'n normatiewe funksie kan vervul dat daaraan afdwingbare gesag toegeken kan word. Dit is opvallend dat al die bogenoemde groepe - tensy hulle hulleself pertinent van enige belydenisbinding distansieer - in die praktyk wel die rigtinggewende en bepalende funksie van die belydenis erken. Al word die belydenis slegs *quatenus* erken, word daarmee nog steeds 'n belangrike status aan die belydenis verleen.

Om bedenkings te hê oor die aanvaarding van die belydenis, is onnodig. Weliswaar kan daar nie ligtelik met hierdie gesag omgegaan word nie, maar die kerk kan met reg bindende gesag aan die belydenis toeken. Die kerk het immers die *potestas docendi* ontvang, en staan daarom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder die verpligting om die leerstukke van die geloof vas te stel. [70] Dit moet natuurlik steeds in afhanklikheid aan die Woord geskied. Die belydenis moet gevolglik steeds aan die Skrif getoets word, en verander word waar en wanneer nodig. [71] Maar wanneer die kerk vas oortuig is dat die belydenis met die Woord ooreenstem, kan hy dit gebruik as toetssteen vir die ware leer en sy ampsdraers ook in kerkregtelike sin daaraan verbind. [72] Die kerk het dus die reg om die belydenis as dissiplinêre maatstaf te gebruik. Dit moet egter steeds, om Da Costa en Van Prinsterer se uitdrukking te gebruik, nie net juridies gebruik word nie, maar ook medies. [73] Dit mag vir die kerk nooit bloot gaan om die uitweer van die wolwe (Hand. 20:28-29) nie, maar ook om 'n broer te herwin (Mat. 18:15) sodat daar saam in die geloof gegroei kan word tot die eer van die naam van die Here (Ef. 4.13).

### 1.1.5 <u>'n NUWE BELYDENIS?</u>

Tot nou toe is net in die algemeen van die belydenis gepraat. In hierdie studie gaan dit egter spesifiek om die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) wat saam met die Heidelbergse Kategismus (HK) en die Dordtse Leerreëls (DL) as Formuliere van Eenheid by die sinode van Dordrecht (1618/19) aanvaar is, en as gesaghebbend en regulerend gebruik word in die kerke wat histories verbind is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met die Gereformeerde Kerke in Nederland. Wat in die algemeen van die belydenis gesê is, kan dus ook prinsipieël op die NGB toegepas word. Die kerk kan die NGB, saam met die genoemde twee belydenisse, en die drie sogenaamde ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, gebruik as weergawe van die suiwer leer volgens God se Woord. Dit is, soos ons reeds gesien het, prinsipieël in orde. Maar is die NGB werklik 'n getroue weergawe van die leer van die Woord? En is dit volledig? Dit is immers van mense, en as sodanig feilbaar. Anders as die Bybel het dit nie ontstaan onder die *inspirasie* nie, maar onder die *illuminasie* van die Heilige Gees. Dit is 'n geskrif van sy tyd en primêr vir sy tyd. Is sy formulering dan so korrek dat dit steeds gebruik kan word, of het latere insigte daartoe gelei dat dit blyk dat aanpassings nodig is, of selfs dat die NGB as sodanig nie meer aanvaar kan word nie? Het die tyd nie dalk aangebreek dat die NGB met 'n nuwe belydenis aangevul, of selfs vervang moet word nie?

Bogenoemde vrae is in wese die grondslag vir die hieropvolgende studie. In die ondersoek word nie die hele NGB ontleed nie, maar daar word slegs op een afdeling, naamlik die NGB se leer in sake die kerk, gekonsentreer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.2 DIE KERKBEGRIP

### 1.2.1 'n DINAMIESE EN DRINGENDE VRAAG

Oor die wêreld heen bely christene week na week: "*credo ecclesiam*". Hierdie belydenis sê beslis nie dat alle christene dieselfde mening huldig oor wat die kerk in werklikheid is nie. Die kerkbegrip verskil van groep tot groep, maar ook van tyd tot tyd. "*Elke tydvak het sy eie beeld van die kerk wat voortkom uit 'n spesifieke situasie. In elke tydvak kom 'n spesifieke siening van die kerk tot uitdrukking, en ontvang konsepsuele vorm, post hoc of ante hoc, deur die teoloë van die tyd,*" skryf Hans Küng. [74] "*Nogtans is daar,*" vervolg hy, "*'n konstante faktor in die verskillende historiese beelde van die kerk, iets wat oorleef al wissel die geskiedenis van die mensdom, van die kerk en die teologie ook hoeveel, en hierop moet ons konsentreer.*" Küng skrik nie vir die wisseling in kerkbegrip nie, maar besef dat bogenoemde "konstante faktor", die "wese" van die kerk, nie 'n saak van metafisiese stasis is nie, maar slegs binne die veranderende historiese "vorms" bestaan. Dit is gevolglik nodig om die voortdurend veranderende "vorms" van die kerk te ondersoek, om die permanente en voortgaande elemente teenoor veranderende en verbygaande verskynsels te onderskei, om sodoende by die "wesenlike" van die kerk uit te kom. [75]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die problematiek wat Küng hier uitlig, raak die kern aan van dit wat met hierdie studie beoog word. Ons is naamlik besig met die formulering van insigte in sake die kerk in die NGB, wat 'n formulering is deur 'n spesifieke persoon binne 'n spesifieke historiese situasie. [76] Wat ons sal moet bepaal, is die mate waarin die NGB se formulering reg laat geskied aan die wesenlike van die beeld van die kerk, en ook of die kerkbegrip van die NGB nog as bepalend kan geld vir die kerk van die twintigste eeu.

Die besinning oor die kerkbegrip van die NGB is egter meer as net 'n teologiese oefening, as die nagaan van 'n historiese interessantheid. Weens die aard van die belydenis - wat voortdurend aan die Skrif getoets moet word - kan dit nie 'n blote eksegese wees van die NGB se artikels wat oor die kerk handel nie. Dit is 'n dialoog, 'n toetsing van die suiwerheid van die belydenis, maar ook 'n poging tot sintese, tot suiwerder denke oor dit wat die kerk is en moet wees in die twintigste eeu. Die kerk is immers verplig, sê Moltmann, "*om in elke tydvak duidelikheid te gee oor sy opdrag, plek en doel.*" [77] Juis in die twintigste eeu is dit noodsaaklik dat die kerk homself vergewis van sy plek en funksie in die wêreld en binne die raamwerk van God se koninkryk. Na die Eerste Wêreldoorlog is daar entoesiasties gepraat van "die eeu van die kerk", maar soos die eeu gevorder het, het dit die kerk hoe langer hoe minder geluk om sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opdrag en gesag aan die mense van ons dag sigbaar te maak. [78] Heyns wys daarop dat daar van buite en binne die kerk beweer word dat die kerk vinnig besig is om tot 'n onbeduidende randverskynsel uitgeskuif te word [79], en Runia praat van die "*mislukking van die kerk*", [80] van 'n toestand in die kerk wat "*so ernstig is dat, tensy die Here self 'n nuwe Hervorming stuur, ons afstuur op 'n nuwe 'donker eeu' waarmee die Middeleeue in vergelyking as helderheid self sal uitstaan*". [81]

Enige besinning oor die kerk het gevolglik 'n inherente appèl. Dit kan nie net by 'n blote bespiegeling bly nie. Daar durf nie sprake daarvan wees dat "*die toekoms van die kerk 'n toekoms sonder kerk*" kan wees nie. [82] Die kerk moet homself sekerlik verantwoord oor die veranderende sosiologiese omstandighede waarin hy hom bevind, omstandighede waarin baie strukture en tradisies getref word wat in die verlede 'n voortgang van die Christendom min of meer verseker het. [83] Verder moet hy saamleef met, en reageer teenoor allerlei dwaalleringe wat sal lei tot 'n Christendom sonder geloof in God, sonder godsdienstige belewing, sonder veranderde indiwidue, en sonder die gebruik van Bybelse taal. [84] Die kerk moet egter nie net negatief gevare en bedreigings probeer herken en dan daarop reageer nie, maar ook positief duidelikheid kry oor sy wese, funksie en doel - en daarop reageer! Besinning oor die kerkbegrip is gevolglik meer as teoretiese oefening. Dit is ook 'n belangrike deel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die vernuwende aktiwiteit van die dinamiese, steeds hervormende kerk.

Wanneer ons dan vra na die kerkbegrip van die NGB, kan die doel nie bloot wees om te vra hoedat daar in 'n sekere stadium oor die kerk gedink is nie. Die NGB word immers as gesaghebbend aanvaar deur 'n beduidende groep kerke, en hoedat hierdie kerke oor die wese en funksie van die kerk dink, word in 'n groot mate bepaal deur hulle aanvaarding en uitlewing van die NGB se belydenis aangaande die kerk. Daar sal dan ook pertinent aandag gegee moet word aan die betekenis van die kerkbegrip van die NGB vir en in die kerke wat dit as belydenisskrif onderskryf. Met name sal aandag gegee word aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

1.2.2 <u>UITEENLOPENDE STANDPUNTE</u>

"*Was ist die Kirche?*" Met hierdie vraag begin Hans Küng die voorwoord tot die kernagtige weergawe van sy groot werk oor die kerk. "*Dit is vandag nie bloot 'n teoretiese vraag nie,*" vervolg hy. "*Die groot ommekeer waarin alle kerke betrokke is, al die veranderings en hervormings, lê meer as ooit die vraag voor: wat is nou eintlik vir die kerk van Christus wesenlik, en wat nie?*" [85] "*Al word daar deesdae baie gepraat oor die kerk in die sekulêre wêreld, is daar nie 'n ooreen-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*stemmende aanvoeling van wat die kerk is nie,"* verklaar hy in die voorwoord tot die Engelse uitgawe van *Die Kirche*, en sê dan: "*Ons kan slegs weet wat die kerk nou behoort te wees as ons ook weet wat die kerk oorspronklik was. Dit beteken dat ons moet weet wat die kerk van vandag behoort te wees in die lig van die Evangelie.*" [86]

Met hierdie probleemstelling raak Küng die kernprobleme rondom die kerkbegrip aan. Die kerk moet naamlik deur al die besinning heen deurdring tot die wesenlike vraag van "wat is die kerk nou regtig?" Dit is anders as 'n omskrywing van die empiriese kerk as 'n sosiologiese verskynsel, of selfs die manier waarop spesifieke groepe binne besondere omstandighede oor die kerk dink. Dit gaan om 'n bepaling van die wesenlike, die normatiewe in die kerkbegrip. Dit is die uitvloeisel van 'n ondersoek van die leiding wat die Evangelie in hierdie verband gee sodat die kerk kan weet hoe hy oor homself behoort te dink, en hoe hy moet wees en optree om in enige tydsituasie waarlik kerk van Christus te kan wees.

Dat die kerk tot nou toe nog nie daarin kon slaag om 'n enkele, vir almal in alle omstandighede bevredigende kerkbegrip te formuleer nie, is maar te duidelik. Interpretasieverskille tussen indiwidue en kerke, wat in soveel aspekte van geloofsleer en -lewe bestaan, word ook in die kerkbegrip gereflekteer. Die kerkbegrip bestaan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



immers nie los van teologiese besinning in die algemeen nie, maar vloei daaruit voort. Die interpretasie van die aard van die Skrifgesag, byvoorbeeld, sal bepaal watter maatstaf as norm funksioneer by die vasstelling van die kerkbegrip. Menings rondom die soteriologie, en opvattings oor die uitverkiesingsleer, sal 'n invloed hê op die begrip van die ontstaan en uitbreiding van die kerk. Verskillende sienings oor die verbond, oor sakramente, oor heiligmaking, oor die eskatologie, ensovoorts, sal almal 'n neerslag vind in die kerkbegrip. Selfs besinning oor God, soos byvoorbeeld by die proses-teologie, raak die kerkbegrip.

Die hele saak kan natuurlik ook andersom wees, naamlik dat die kerkbegrip bepalend kan wees ten opsigte van menings in die ander loci van die geloofsleer. "*Die probleem van God is belangriker as die probleem van die kerk, maar laasgenoemde staan dikwels in die pad van eersgenoemde,*" skryf Küng. [87] 'n Historiese situasie kan byvoorbeeld die kerk lei om sekere vrae aan die Skrif te stel en om op 'n sekere manier oor die Skrif te begin dink, en hierdie denke kan 'n invloed hê op die siening van ander leerstellige sake. 'n Goeie voorbeeld is reeds in die tweede eeu te vind toe die opkoms van dwaallere soos die Gnostisisme en Montanisme dit genoodsaak het dat sekere eksterne kenmerke aangedui moes word waaraan die algemene kerk herken kon word. Die gevolg was dat daar toe begin is om aan die kerk te dink as'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eksterne instituut, deur die biskop as 'n direkte opvolger van die apostels gelei, en in besit van die ware tradisie. 'n Kerk is toe as ware kerk beskou slegs insover hy lojaal en onderworpe aan die algemene kerk as geheel was. [88] Hierdie kerkbegrip het 'n groot invloed gehad op die teologiese denke in die kerk - nie alleen ten opsigte van die kerkbegrip en die ontwikkeling van die ampte nie, maar ook op sake soos die soteriologie en sakramentsleer [89], en uiteindelik selfs op die gesag van die Skrif toe die tradisies van die kerk as "*pari pietatis affectu*" aanvaar is by die Konsilie van Trente. [90]

Verdere voorbeelde kan maklik gevind word, byvoorbeeld by die Hervorming self waar sekere praktyke in die kerk vir Maarten Luther nie alleen sover gebring het om in sy 95 stellings weer te vra na die posisie van die pous en die aard van die kerk se gesag nie, maar ook om sake soos die soteriologie en die posisie van die Skrif in die middelpunt van bespreking te stel. 'n Opeenstapeling van voorbeelde is egter nie nodig, of selfs moontlik nie. Daarvoor is die wedersydse beïnvloeding tussen kerkbegrip en algemene teologiese denke te ineengevleg. Die belangrike feit wat ons moet herken is net dat 'n vraag na die kerkbegrip, na die wese van die kerk, ook rekening moet hou met die hele veld van leerstellige denke; en omgekeerd dat daar nie vanuit 'n eensydige teologie tot 'n gebalanseerde kerkbegrip gekom kan word nie. 'n Be-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sinning oor enige aspek van die teologie sal noodwendig neerslag vind in die ekklesiologie - maar so ook sal enige vordering in ekklesiologiese begrip bevorderlik wees vir teologiese denke in die geheel.

In ons besinning oor die wese van 'n belydenis het ons gesien dat dit 'n geloofsverklaring van die kerk is waarin hy konstateer hoedat hy, met die insig tot sy beskikking, spesifieke Skrifwaarhede interpreteer. Die beperkings waarmee die kerk te doen het ten opsigte van die belydenis in die algemeen, geld ook ten opsigte van sy begrip van die kerk. Die kerk word beperk deur sy insig: enersyds deurdat die Skrif nie enkelvoudig en afgerond 'n kerkbegrip weergee nie, en andersyds omdat wisselende historiese situasies verskillende fasette van die kerk op die voorgrond stel. Elke geslag vra opnuut vanuit sy eie besondere situasie spesifieke vrae aan die Skrif in verband met die kerk, en sodoende word uitsprake in verband met die kerk telkens nuut geformuleer.

Die Bybel, en dan in die besonder die Nuwe Testament, gee nie in 'n enkele standpunt 'n omskrywing van die kerk nie. Die saak waarom dit gaan word telkens met verskillende terme en selfs beelde uitgedruk. Minnear vind selfs meer as tagtig beelde vir die kerk in die Nuwe Testament terug. [91] So word byvoorbeeld na die kerk verwys as uitgeroepenes (Rom. 1:6; 1 Kor. 1:2,9); as volk (Hand. 15:14; 2 Kor. 6:16; 1 Petr. 2:9,10); as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liggaam van Christus (Rom. 12:4; 1 Kor. 12:13; Ef. 1:23; e.a.p.); as bruid van Christus (Ef. 5:22 e.v.; Openb. 21:2; e.a.p.); as tempel van die Gees (1 Kor. 6:19; 1 Petr. 2:5,9; e.a.p.); as getuie (Hand. 1:8, 21; Mat. 10:5,16 e.v.). [92] Hieruit blyk duidelik dat dit nie maklik of selfs moontlik is om die kerk afgegrens en afdoende te omskryf nie. Wie 'n beeld probeer gee van die kerk, moet rekening hou met al die verskillende fasette van die kerk soos dit omskryf word in die Nuwe Testamentiese terme. Geen enkele beeld of beskrywing kan geïsoleer of bo die ander gestel word sonder 'n wesenlike gevaar van 'n verskraalde of skeefgetrekte kerkbegrip nie.

Net so moet ook opgelet word na die besondere klem wat deur verskillende Bybelskrywers op spesifieke sake gelê word. By feitlik elke Nuwe Testamentiese skrywer kan 'n eie kerkbegrip teruggevind word. Volgens Schnackenburg val die klem byvoorbeeld by Matteus op die gemeenskap van broers en susters; by Lukas in die Evangelie en Handelinge op die kerk as kerk in die tyd tussen Jesus en die eindtyd; in die Efesebrief op die innerlik groeiende kerk; by Johannes (veral in die Briewe) op die getuienis teenoor die wêreld; en in die Openbaring op die kerk te midde van vervolging. [93]

Ook verskille in die kerkbegrip, soos dit in die loop van die geskiedenis in die kerk geformuleer is, toon dat daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie staties oor die kerk gedink moet word nie. Verskillende beskrywings van die kerk ontstaan nie omdat die kerk telkens verander nie, maar omdat verskillende mense en verskillende geslagte verskillende aspekte van die veelfassettige, dinamiese kerk raaksien. Die ideaal moet wees om aan al die sake genoegsame en nie-eensydige aandag te gee, en om sodoende te kom tot 'n gebalanseerde beeld van die kerk. Hoe onbereikbaar hierdie ideaal egter is, word bewys deur 'n kort oorsig oor die wisseling in kerkbegrip van tyd tot tyd. [94]

Hierbo is al verwys na die klem wat in die tweede eeu gelê is op die kerk onder die biskopamp as draer van die ware apostoliese tradisie, 'n siening wat met verloop van tyd in die Roomse Kerk uitgebou is tot 'n ekklesiologie waarin die kerk in sy sigbare institutêre gestalte, met die pous as *vicarius Christi*, as die ware kerk beskou word. Volgens die Roomse siening bestaan die kerk uit lerende kerk (*ecclesia docens*) en horende kerk (*ecclesia audiens, discens* of *credens*), met die klem op eersgenoemde. Daar kan ook onderskei word tussen die liggaam en siel van die kerk. Die siel is diegene wat tot geloof in Christus geroep is en deur bonatuurlike, mistieke genadegawes met Hom verenig is. Diegene wat nie die ware geloof het nie, mag wel deel wees van die liggaam, maar nie van die siel van die kerk nie. Die genadegawes wat Christus aan die sondaars wil gee, gee Hy ook net deur die kerk, en dan eksklusief deur middel van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ampte. Die kerk is dan ook die eksklusiewe instituut van redding.

Tydens die Hervorming het 'n radikaal nuwe siening van die kerk ontwikkel. Luther het die onfeilbaarheid van die kerk verwerp, en daarmee saam die Bybelse begrip van die priesterskap van alle gelowiges herstel. Hy het die eenheid van die kerk beklemtoon, maar voer die begrippe "sigbare-" en "onsigbare kerk" in. Hiermee bedoel hy nie 'n soort kerk wat slegs in teorie kan bestaan nie, maar beklemtoon dat lidmaatskap aan die kerk in die eerste plek die geestelike verbondenheid aan Christus behels. [95] Hierdie kerk word sigbaar nie as gevolg van die hoofskap van die pous nie, maar deur die bediening van die Woord en sakramente. [96] Die Anabaptiste het selfs nog meer radikaal as Luther op die eksternalisering van die kerk gereageer deur aan te dring op 'n kerk bestaande uit ware gelowiges alleen. [97] Die Gereformeerdes weer, met Calvyn as hooffiguur, het prinsipieël dieselfde standpunt as Luther gehuldig, maar het op verskeie punte verskil. Die belangrikste verskilpunt was waarskynlik ten opsigte van die katolisiteit en eenheid van die kerk: die Lutherse groepe het groot klem gelê op die uiterlik waarneembare elemente soos die ampte, die Woord en die sakramente, terwyl die Gereformeerdes dit veeleer in die subjektiewe gemeenskap van die gelowiges gesoek het. Veral die klem op die onsigbaarheid van die kerk, en die rol van die uitver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kiesing, is tipies Gereformeerde trekke.

Nuwe standpunte het ook na die Hervormingstyd na vore gekom, byvoorbeeld dié van die Sosiniane en Arminiane wat beide die onsigbare gestalte van die kerk onderbeklemtoon het, en die Labadisme (en die daaruitvoortvloeiende Piëtisme) en Metodisme waarin die sigbare, geïnstitusionaliseerde kerk as minder belangrik beskou is. Dat die besinning oor die kerkbegrip nog lank nie afgehandel is nie, word byvoorbeeld bewys deur die voortdurende besinning in die Roomse Kerk, veral na die Tweede Vatikaanse Konsilie, asook die haas onoorsigtelike stroom werke in hierdie verband in die twintigste eeu. [98]

Die doel van hierdie studie is nie om in te gaan op al die verskillende standpunte, of om 'n nuwe formulering van die kerkbegrip te probeer weergee nie, maar om die kerkbegrip van een belydenis van Gereformeerde oorsprong en uit die Hervormingstyd te ontleed en aan die Skrif te toets. Uiteraard sal ook standpunt ingeneem word teen ander menings, en belangrike elemente van die kerkbegrip waar moontlik weergegee word. Die hoofdoel is egter om te bepaal in hoeverre die NGB in sy kerkbegrip reg laat geskied aan die Skrifgetuienis aangaande die kerk, en om die belangrikste lyne na die hedendaagse praktyk deur te trek. Dit sal veral in hoofstuk 7 gedoen word, maar eers moet die inhoud van die NGB se formulering van die belydenis in sake die kerk ondersoek word, en wel teen die historiese agtergrond waarin dit ontstaan het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 1

1. Vir die datering, vgl. Du Toit, AB: Chronologie van Paulus, in Du Toit, AB (red.): Handleiding by die Nuwe Testament, Band V, bls. 34-35.

2. Tensy spesifiek anders aangedui, is alle Skrifaanhalings uit Die Bybel: Nuwe Vertaling (= 1983-vertaling).

3. Waarom moes hulle juis na Jerusalem gaan? Eerstens sekerlik omdat die verwarrende leer gebring is deur mense wat van Jerusalem af gekom het, moontlik met 'n mate van gesag: vgl. Bruce, F.F.: Acts of the Apostles, bl. 290. Kümmel wys egter op 'n belangriker rede: die gemeenskap in Jerusalem kon met reg daarop aanspraak maak "*om die gemeenskap te wees van die apostels wat die bemiddelaars was van die skakeling van die tradisie met die aardse Jesus*" (Kümmel, W.G.: The Theology of the New Testament, bl. 136). Enige gesagsuitspraak wat die hele kerk sou raak moes gevolglik eers die ondersteuning van die apostels (en ouderlinge!, Hand. 15: 23) in Jerusalem kry. Jerusalem se besondere posisie het prakties opgehou bestaan tydens die Joods-Romeinse oorlog, en veral nadat die Joodse christene in 66 n.C. na Pella geëmigreer het. Vgl. Kümmel: a.w., bl. 136.

4. De Villiers, J.L.: Die Handelinge van die Apostels, Deel 2, bl. 30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Vgl. 1 Kor. 15:12; 2 Kor. 10:12-15; Gal. 1:6-9; Fil. 1:17; Kol. 2:4,8; 1 Tim. 1:3-7; 6:3-4; 2 Tim. 3:13; Tit. 3:9-10; Openb. 2:2,9,15, 20; 3:9.

6. Sodanige opsommings waarin die kernsake van die geloof bondig geformuleer word, is volop in die Bybel, bv. Deut. 6:4-5; 1 Kon. 18:39; Mat. 16:16; Hand. 2:36; Rom. 1:3-4; 10:9; 1 Kor. 8:6; 12:3; Fil. 2:6-11; 1 Tim. 3:16. Neufeld praat in hierdie verband van die *homologia*. Hy wys daarop dat dit in die vroeg-christelike literatuur by die 'ὁμολογία' om die inhoud van die belydenis gaan en nie om die aksie van belydenis nie. Die homologia, volgens Neufeld, is "*daardie kern van noodsaaklike oortuiging en geloof waaroor christene saamstem en openlik bely*". Dit is verder ook 'n persoonlike belydenis, en spesifiek christologies. Vgl. Neufeld, Vernon H: The Earliest Christian Confessions, bl. 20.

7. Van Bruggen, J: Het Amen der Kerk, bl. 8.

8. Kelly, J.N.D.: Early Christian Creeds, bl. 31.

9. Idem, bl. 32; vgl. Mat. 28:19.

10. Idem, bl. 66.

11. Idem, bl. 62.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



12. Idem, bl. 32. Voorbeelde van sodanige vroeë belydenisse met die trinitariese belydenis as grondslag is die *Epistola Apostolarum* (c. 150), *Die getuienis van Justinus die Martelaar* (c. 165), die *Belydenis van die biskoppe van Smirna* (c. 180), en die *Der Balizeh-papirus* (c. 200?). Die tekste is te vind in Leith, John H: Creeds of the Churches, bls. 17-19.

13. Kelly, a.w., bl. 101. Die teks, soos opgeteken deur die priester Tyrannius Rufinus (c. 404), is te vind by Kelly, bl. 102, en Leith, a.w., bl. 23.

14. Die Textus Receptus van die Apostoliese Geloofsbelydenis is die eerste keer opgeteken deur Priminius in suidwes-Frankryk êrens tussen 710 - 724: vgl. Leith, a.w., bl. 24; asook Schaff, P: The creeds of Christendom (verder aangehaal as Schaff), deel II, bls. 45-55, wat 'n volledige oorsig gee van die ontwikkelingsgang van die belydenis deur al sy stadiums.

15. Kelly, a.w., bl. 206.

16. Die belydenis is opgestel tydens die ekumeniese konsilie te Nicea (325) en finaal bevestig tydens die konsilie van Konstantinopel (381): vgl. Seeberg, Reinhold: The History of Doctrines, Deel 1, bls. 216 en 234.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



17. Die ontstaansdatum is onseker. Dit is moontlik gedeeltelik deur Athanasius self opgestel, en het waarskynlik teen 500 n.C. 'n vaste vorm in Suid-Frankryk verkry: Seeberg, a.w., bl. 242.

18. 'n Goeie voorbeeld is die uitsprake ten opsigte van die christologie wat tydens die konsilies van Konstantinopel (381) en Chalcedon (451) gemaak is, en waardeur 'n ernstige stryd besleg is. By Konstantinopel is (teenoor Apollinaris) die volledigheid van Christus se menslike natuur gehandhaaf, terwyl daar by Chalcedon teenoor beide Nestorius en Eutyches uitspraak gelewer is met die uitspraak dat die twee nature van Christus verenig is: onvermengd en onveranderd, ongedeel en ongeskei, maar met behoud van die eie aard van elke natuur: vgl. Berkouwer, GC: De Persoon van Christus, bls. 48-53.

19. Woolley, Paul: What is a creed for?, in Skilton, John H: Scripture and confession, bl. 122.

20. In hoofstuk 3 word meer gesê oor die Reformatoriese belydenisse van die sestiende eeu, en die onderskeie ontstaansredes.

21. Bavinck, H: Gereformeerde Dogmatiek (verder aangehaal as GD), deel 1, bl.61.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



22. Twee goeie voorbeelde is die Apostoliese Geloofsbelydenis, waar die "*ek glo*" voorop staan, en die Nederlandse Geloofsbelydenis, waar telkens verklaar word dat "*ons glo en bely*".

23. Rom.1:3-4; 1 Kor 12:2; 15:2-4; 2 Kor. 4:4-5; e.a.p.

24. Vgl. Bavinck, GD/4, bl. 401.

25. Gunther Gottlieb verwys in hierdie verband na die uitspraak van Ambrosius van Milaan tydens die Konsilie van Aquila (381): "*Anathema illi qui divinis Scripturis addit aliquid aut minuit*", en sê dan tereg dat hierdie uitspraak alle besinning oor belydenisvorming bepaal: Gottlieb, G: Confessio in der alten Kirche: Entstehung, Funktion, Inhalte; in Reinhard, W: Bekenntnis und Geschichte, bl. 11.

26. Vgl. Deut. 29:29; Joh. 20:30-31.

27. NGB art. 2; vgl. ook art. 5.

28. 'n Goeie voorbeeld is die stryd tussen voorstanders van die kinderdoop of belydenisdoop, en dit (soos Bijlsma dit duidelik uitwys) terwyl die Bybel aan geen van die twee groepe voldoende duidelike bewysstukke aanbied nie. Vgl. Bijlsma, R: De doop, bl. 7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



29. Shepherd, Norman: Scripture and confession, in Skilton, John H: a.w., bl.20.

30. Idem.

31. Van Ruler, AA: Ik geloof, bls. 9-10.

32. 'n Goeie voorbeeld is die "*Quicunque vult salvus esse*" van die Geloofsbelydenis van Athanasius, asook die Reformatoriese belydenisse waarin sekere Roomse en Doperse leerstellings pertinent afgewys word.

33. Vgl. Shepherd, a.w., bl. 23.

34. Ibid.

35. Voorbeelde waar spanning rondom leerverskille besleg is met die aanvaarding van 'n belydenis, is onder meer die Ariaanse stryd met die Geloofsbelydenis van Nicea; verskille rondom die nagmaal wat besleg is met die Consensus Tigurinus; en die stryd tussen die Remonstrante en die Gomariste wat uitgeloop het op die aanvaarding van die Dordtse Leerreëls.

36. A.w., bl. 8.

37. Feenstra, JG: Onze Geloofsbelijdenis, bl. 8.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



38. Etimologies hou die begrip verband met die Griekse woorde *orthos*, reg, en *doksa*, leer: The Oxford Dictionary, t.p.

39. Polman, ADR: Onze Nederlansche Geloofsbelijdenis (verder aangehaal as ONG), deel 1, bls. 52-62.

40. Idem, bl. 53.

41. Bavinck, GD/4, bl. 399.

42. Polman gebruik in hierdie verband tereg die roerende voorwoord tot die NGB wat De Bres aan Filips II gerig het as voorbeeld: a.w., bl. 54 e.v.

43. Idem, bl. 58.

44. Modras, Ronald: The functions and limitations of credal statements, artikel in Küng, Hans en Jürgen Moltmann: An ecumenical confession of faith?, bl. 40.

45. Augustijn, C: Kerk en Belijdenis, bl. 39.

46. Augustijn wys daarop dat die Arminiane hierdie beskuldiging met heelwat reg teen die Kontraremonstrante ingebring het. Die Kontraremonstrante het naamlik die Woord en belydenisskrifte gelykgestel solank as wat die teendeel nie bewys is nie: a.w., bl. 64.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



47. Vgl. Barth, Karl: Die Kirchliche Dogmatik (verder aangehaal as KD), deel I/1, bl. 170.

48. KD II/1, bl. 14.

49. Idem, bl. 15.

50. Idem, bl. 112.

51. "*Gottes geschehende Offenbarung.*" Idem, bl. 114.

52. Idem, bl. 115.

53. Sy eie uiteensetting is te vind in KD I/1, paragrawe 4-6. 'n Goeie opsomming is te vind by Weber, D Otto: Karl Barths Kirchliche Dogmatik, bls. 40-52.

54. KD I/1, bls. 13, 289.

55. KD I/2, bls. 694/5. Sy definisie van in belydenis, en sy kommentaar daarop, is te kry in KD I/2, bls. 693-740.

56. ONG/1, bl. 29.

57. Die verdeeldheid het in die algemeen gegaan om 'n ontevredenheid oor die modernisme wat in die kerk posgevat het, maar verskille rondom die belydenis en kerkorde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die verskille op die spits gedryf. Vgl. Honders, HJ, in Van Itterzon, GP en D Nauta: Geschiedenis van de Kerk, deel VIII, bl.35.

58. Nauta, D: De Verbindende Kracht van de Belijdenisschriften, bls. 9-10.

59. Idem, bls. 10-11.

60. Idem, bl. 17.

61. Du Toit, S: Kerkgeskiedenis, bl. 114.

62. Hierdie naam is in 1869 aanvaar: Du Toit: a.w., bl. 116.

63. Vgl. Polman: ONG/1, bls. 31-36. Polman wys daarop dat Groen se groot vriend en medestryder, Isaac da Costa, tog sekere standpunte gestel het waarin hy die gesag van die belydenisskrifte gerelativeer het. Sy beswaar was veral dat, sou die belydenis tot formulier word wat *quia* onderteken moet word, daar 'n groot gevaar van leweloosheid is. Gevolglik dring hy daarop aan dat die Bybel telkens as't ware van nuuts af ondersoek moet word: a.w., bls. 20-23.

64. 'n Baie goeie uiteensetting is te kry in Nauta, a.w., wat dit vanuit die oorspronklike bronne aanhaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



65. Idem, bl. 96.

66. Vgl. Polman, a.w., bl. 17.

67. Vgl. Augustijn: a.w., bls. 54-55. Augustijn wys daarop dat Ursinus se eintlike beswaar was teen die lutherse leiers wat die lutherse simbole as enigste normatiewe leergeskrif op alle kerke wou afdwing: bl. 57.

68. Vgl. Polman, a.w., bls. 30-31.

69. Nauta toon egter aan dat "*die formulering in sy bewoording nie in duidelikheid uitgemunt het nie*", en die deur geopen het vir die formulierkwessie in die 19de eeu in Nederland: a.w., bl. 9, waar ook die ter sake dele van die formulier gevind kan word.

70. Polman, a.w., bl. 63.

71. Idem, bl. 65.

72. Idem, bl. 67.

73. Da Costa het die terme as negatiewe kritiek teen die belydenis ingevoer: vgl. Polman, a.w., bl. 21. Groen van Prinsterer het bogenoemde positiewe betekenis aan die begrippe gegee: idem, bl. 36.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



74. Küng, Hans: The Church, bl. 4.

75. Ibid.

75. Ons sal later sien dat die NGB wel deur 'n enkeling, Guido de Bres, opgestel is, maar dat hy die sienings van 'n spesifieke groep, naamlik die Gereformeerdes in Nederland, verwoord het: vgl. par. 2.1 en 3.3.1.

77. Moltmann, Jürgen: Kirche in der Kraft des Geistes, bl. 15.

78. Horst, Ulrich: Umstrittene Frage der Ekklesiologie, bl. 9.

79. Heyns, JA: Die Kerk, bl. 1.

80. Runia, Klaas: Reformation Today, bl. 30.

81. Idem, bl. 8.

82. Die uitdrukking is van Heinrich Fries in Bärenz, Reinhold (red.): Die Kirche und die Zukunft des Christentums, bl. 44.

83. Kaufmann, Frans-Xavier: Soziologische Überlegungen zur Zukunft des Christentums; in Bärenz, a.w., bl. 71.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



84. Vgl. Runia, a.w., bl. 28.

85. Küng, Hans: Was ist Kirche?, bl. 7.

86. Küng, Hans: The church, bl. ix.

87. Küng, Hans: Die Kirche, bl. iv.

88. Berkhof, Louis: The History of Christian Doctrines, bl. 227.

89. Vgl. Seeberg, Reinhold: The History of Doctrines (verder aangehaal as Seeberg), deel I, bl. 185.

90. Seeberg II, bl. 431.

91. Minnear, Paul S: Images of the Church in the New Testament, bls. 24 e.v.

92. Die oorsigtelike indeling is van Heyns, a.w., bls. 42-65. Daar is ook nog ander beskrywings, soos die kerk as uitverkorenes (Ef. 1:4; 1 Petr. 1:1), as heiliges (1 Kor. 1:2), of as gelowiges (Ef. 1:1). Aangesien dit tans nie in die sentrum van oorweging staan nie, gaan ons nie verder daarop in nie.

93. Schnackenburg, R: Zukunft der Kirche - Perspektiven aus dem Neuen Testament, in Bärenz, a.w.,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bls. 15-42. Vgl. ook Schnackenburg,R: Die Kirche im Neuen Testament, hfst. 2, bls. 52-106.

94. 'n Volledige uiteensetting van verskillende sienings van die kerk word nie gegee nie. Slegs enkeles word aangestip, hoofsaaklik op voetspoor van Berkhof, Louis: a.w., bls. 227-240.

95. Vgl. Seeberg II, bls. 291-292.

96. Die Lutherse kerkbegrip kry later heelwat aandag, onder meer in hfste. 3.1.1 en 3.1.2, 4.2 en 6.2.1.

97. Die kerkbegrip van die Anabaptiste kry deurlopende aandag verderaan, aangesien polemiek teenoor die Anabaptiste so 'n belangrike rol speel in die NGB.

98. Berkhof sê tereg dat "*hoewel die stroom van boeke oor die kerk in ons eeu onoorsigtelik is, is omvattende ekklesiologiese ontwerpe heel seldsaam*": Berkhof, H: Christelijk Geloof, bl. 361. Naas die werke wat hy ter plaatse aandui, kan ook die werke van Jürgen Moltmann: Kirche in der Kraft des Geistes, asook van JA Heyns: Die kerk, genoem word. 'n Oorsigtelike beeld van belangrike werke op die terrein van die ekklesiologie word in laasgenoemde werk gegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 2.0 HISTORIESE MILIEU

## 2.1 'n GESKRIF VIR SY TYD

Die geskrif wat ons as die Nederlandse Geloofsbelydenis ken, is die nag van 1 op 2 November 1561 te Doornik (Tournai) aan die wêreld bekendgestel. Bakhuizen van den Brink vertel die gebeure so:

*"In die vroeë môre van 2 November 1561, toe die poort oopgemaak is, is 'n verseëlde pakkie gevind wat in die nag oor die buitenste muur om die fort van Doornik gegooi is. Die brief was namens die burgers en inwoners van Doornik aan die kommissarisse van die landvoog, Margaretha van Parma, gerig. Sy het die kommissarisse aangestel om ondersoek in te stel na die oproere wat sedert die middel van September van die betrokke jaar die openbare vrede in die stad ernstig versteur het, en om maatreëls te tref om dit te beëindig. Volgens die verslag wat die kommissarisse na 'n latere fonds opgestel het, was die titel van die boekie 'Confession de foy, faicte d'un commun accord par les fideles qui conuersant ès pays bas, lesquels desirent viure selon la pureté de l'Evangille de nostre Seigneur Iesus Christ'."* [1]

Hierdie "*Confession de Foy*" sou later ook bekend word as "*Die Nederlandse Geloofsbelydenis*" of die "*Confessio Belgica*". Dit is volgens die onderskrif opgestel "*d'un*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*commun accord par les fideles,"* maar was in werklikheid nie die resultaat van 'n groep se werksaamheid nie. Alhoewel dit die wesenstrekke van die geloof van die gereformeerde protestante in Nederland weergegee het, was dit die werk van 'n enkele persoon, naamlik die voormalige glasskilder en sedert 1559 predikant te Doornik, Guy de Bres. [2]

In die begeleidende brief sê De Bres waarom die stuk opgestel is. Die brief is gerig "*au Roy Philippe leur souverain seigneur,*" en is geskryf namens "*les fideles qui sont es Pays Bas, qui desirent viure selon la vraye reformation de l'Euangile de nostre Seigneur Iesus Christ.*" [3] Daar is soveel valse aanklagte en verslae voor die koning gebring, skryf De Bres, dat dit vir die gelowiges nie moontlik is om voor die koning te verskyn nie. Hy pleit dan by die koning "*pour le moins, Sire, ottroyez-nous au nom de Dieu ce que nul homme ne peut denier aux bestes: c'est d'entendre comme de bien loing nostre clameur: afin que si, nous ayant entendus, vostre Maiestê nous iuge coulpables, les feux soyent augmentez en vostre royaume, les gehennes et tormens multipliez: et ou contraire, si nostre innocence vous est manifeste, qu'elle vous ait pour appuy et refuge a l'encontre de la violence de nos ennemis.*" [4] Hy stel dit duidelik dat hulle niks meer begeer nie "*que sous l'obbeissance des Magistrats viure en puretê de conscience, seruir a Dieu, et nous reformer selon sa Parolle et ses saincts*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*commandemens*." [5] Hy weet dat daar "*preperatif à mutinerie*" is, maar die mense namens wie hy skryf – waarvan daar meer as honderdduisend in die Nederlande is – het geen deel aan hierdie oproere nie. As hulle dan vervolg word en as vyande van die kroon beskou word, is dit 'n fout. Die oproere en ergernisse moet toegeskryf word aan "*l'ennemy irreconcilliable de Dieu et des hommes, le Diable, qui pour ne perdre son regne qui consiste en idolatrie, faux seruices, paillardises et autres infinis vices qui sont retranchez par l'Euangelie, s'esmeut et tempeste pour en empescher le cours*." [6]

Dit is interessant om die "*Epître au Roy*" van De Bres te vergelyk met die brief wat Calvyn aan koning Frans I van Frankryk as voorwoord tot sy Institusie geskryf het. Beide is apologeties van aard, maar die dringende toon van De Bres se brief, teenoor die beredeneerde trant van Calvyn se brief, maak 'n roerende indruk. Van der Linde wys daarop dat De Bres se brief korter en praktieser as Calvyn s'n is, maar dat onthou moet word dat 'n geskrif met "*minder allure*" inlei. [7] In albei briewe word verwys na verskille met die Roomse kerk, [8] en in albei briewe word met groot besorgdheid gepraat van diegene wat hervormings in die kerk op so 'n oordrewe manier doen dat hulle onsteltenis, beroeringe en oproere voortbring. Sonder dat mense by naam genoem word, is dit duidelik dat sowel Calvyn as De Bres verwys na die Anabaptiste. Dit was inderdaad 'n belangrike motief vir De Bres se hele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aksie: hy het die Confession de Foy geskryf, en aan die koning voorgelê, om daarmee "*die regering te oortuig dat nog hy, nog diegene wat met hom in die geloof saamstem, enigsins met die Anabaptiste vergelyk kan word.*" [9]

Die direkte aanleiding tot die gebeure van 1/2 November was die "chanteries" van 29 en 30 September 1561. Teen die middel van September 1561 was Doornik vol vreemdelinge, onder wie ook hervormers van elders, wat gekom het om deel te neem aan die ker(k)mis. [10] Tussen agtuur en tienuur die aand van 29 September het die "psalmoptog" deur die strate van Doornik beweeg en die Franse psalms van Marot en Beza gesing. De Bres en sy belangrike medewerker, Jean de Lannoy, het dit afgekeur weens die uitdagende aard daarvan. Die bestuur van die stad het hard probeer om 'n herhaling te voorkom, maar die volgende aand het die groep weer gaan sing. Die groep was selfs twee keer so groot as die vorige aand, en hulle het swart mantels en selfs maskers gedra sodat hulle nie herken sou word nie. Daarby het hulle die ligte wat die owerheid laat brand het, uitgeblaas. [11]

Die gevolge waarvoor De Bres gevrees het, het spoedig plaasgevind. Die goewerneur van Doornik (= die bevelvoerder van die kasteel van die stad), Floris de Montigny, die heer van Montmorency, het alles moontlik gedoen om dergelike troebelhede te voorkom en om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



landvoog Margarethe van Parma, nie by die saak te betrek nie. Hy het grotendeels in sy doel geslaag, maar die landvoog was nie tevrede nie. Sy het naamlik 'n kommissie van drie lede aangestel om die saak te ondersoek. Die drie lede was De Montigny self, asook Christophe d'Assonleville en Jean de Blasere. Hulle het op 8 Oktober in Doornik aangekom, en kon reeds teen 12 Oktober, en weer teen 18 Oktober, redelik volledige verslae na die landvoog deurstuur. [12] Dit was die landvoog se wens dat die kommissarisse hard moes optree. Hulle het dan ook voortdurend verdagte persone aangehou en ondervra. Die straf was streng. Jean de Lannoy, wat ironies genoeg die een was wat saam met De Bres die psalmoptogte afgekeur het, is gevange geneem en veroordeel om op 17 November die vuurdood te ondergaan.

De Bres self het gevlug, maar nie voordat hy op versoek van een van die gearresteerdes, Espringalles, 'n brief aan die owerheid gerig het nie. Die brief is saam met die pakkie oor die muur van die kasteel gegooi, en is tans verlore. [13] Uit die verslag van die kommissarisse [14] blyk dat die brief wesenlik ooreenstem met die Epître au Roy in die Confessieboekie. Daar is egter een belangrike afwyking: in die tweede brief is ook 'n waarskuwing ingesluit dat die geweld tot 'n groot opstand onder die volk kan lei en die owerheid dit later sal berou. [15]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die bogenoemde gegewens kan ons die volgende noem oor die ontstaan en doel van die NGB:

1. Die NGB is in die eerste plek deur De Bres opgestel as 'n apologetiese geskrif, en nie as 'n "belydenis" nie.

2. Dit het ontstaan uit die dwang van die tyd. Die Rooms-Katolieke heerser was nie alleen gekant teen die Protestante in die algemeen nie, maar het veral geen oproerigheid geduld nie.

3. Doperse groepe was al dikwels vir oproer verantwoordelik - in Nederland en in groot dele van Europa. Hulle het soveel weersin teen al wat protestant is by die owerheid gewek dat De Bres die NGB opgestel en aan die koning voorgelê het om aan te toon dat hy en sy (calvinistiese) geesgenote nie met hulle vereenselwig moet word nie.

Die NGB is dus in die eerste plek 'n geskrif van sy tyd en vir sy tyd. Dit is gevolglik nodig om eers die algemene historiese omstandighede van die tyd rondom 1561 na te gaan, met spesifieke verwysing na die omstandighede waaruit die Belydenis gegroei het.

## 2.2 EUROPA RONDOM 1561

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.2.1 'n TYD VAN VERANDERINGS

Nederland was in 1561 nog deel van Spaanse Ryk van Filips II. Die Tagtigjarige Oorlog tussen die Nederlande en Spanje wat effektief in 1648 geëindig het met die Vrede van Wesfale, en waarmee Nederland die Spaanse juk afgegooi het, het eers in 1568 uitgebreek toe Willem van Oranje met klein huurleërs Nederland binnegeval het. [16] Teen 1561 was daar egter al baie onrus en kwade gevoelens, en vervolgings soos die waarvan ons al hirbo gehoor het, het meegehelp om die situasie te vererger.

Filips II het die Nederlande van sy vader, Karel V, geërf. Tydens 'n roerende seremonie op 25 Oktober 1555 in die grootsaal van die paleis in Brussels het Karel V, die keiser van die Heilige Romeinse Ryk, die Nederlandse deel van die Habsburgse Ryk aan Filips oorgedra. [17] Drie maande later (Januarie 1556) het hy ook die Spaanse en Italiaanse koninkryke aan Filips gegee, terwyl die kroon van die Heilige Romeinse Ryk, tesame met die oorspronklike Habsburgse besittings in Duitsland, na Karel se broer Ferdinand oorgegaan het. [18] Van die twee Habsburgse ryke wat so ontstaan het, was die een van Filips ongetwyfeld die grootste en magtigste, want dit het naas Spanje (met sy uitgestrekte kolonies) en die Nederlande ook die feitelike oppergesag oor die hele Italië gehad. Ferdinand se ryk het wel nog as die Heilige Romeinse Ryk bekend gestaan, maar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sowel sy mag as sy gebied was veel kleiner as die van Filips. Filips het inderdaad sy vader se opvolger as die dominerende vors van Europa geword. [19]

Die hele Europa was in 'n buitengewone oorgangsfase. Soos Dickens dit stel: "*Kerkhistorici beskou die sestiende eeu as 'n tyd van onbestendigheid, van verdeling en ontbinding, die tyd waarin Europa die einde van 'n verenigde christendom gesien het.*" [20] Die Hervorming was die belangrikste gebeurtenis in hierdie proses. In werklikheid was dit selfs meer: dit was die gebeurtenis wat die Europa van die sestiende eeu die diepste beïnvloed het. [21] Dit was egter nie die enigste invloed op die nuwe samelewing wat ontstaan het nie. Op politieke gebied het groot veranderings begin kom, veral deurdat die Duitse vorste hulle al meer losgemaak het van oorheersing deur die pous. Die Heilige Romeinse Ryk van Karel V (verreweg die belangrikste politieke figuur in die sestiende eeu) is in werklikheid slegs deur sy persoon aanmekaar gehou, maar het voor sy dood in 1558 al begin verbrokkel. [22] Teen 1554, skryf Elton, "*het dit gelyk of baie van die sake wat hy nagestreef het in skerwe was - Duitsland was verdeel, en die Algemene Konsilie van die Kerk het kragteloos geword, blykbaar vir altyd,*" [23]

Dit lê buite die veld van hierdie studie om breedvoerig in te gaan op die politieke veranderings van die ses-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tiende eeu. Dit is genoeg om daarop te wys dat die politieke mag (en in werklikheid die hele beskawingsentrum) vanaf Suid- en Midde-Europa na die drie lande langs die Noordsee (Frankryk, Engeland en Nederland) begin verskuif het. [24]

Veral drie sake het die middeleeuse samelewingspatroon in die sestiende eeu radikaal laat verander: die Renaissance, die ontdekkingsreise, en die Hervorming. Die invloed van die ontdekkingsreise is vir ons doel van minder belang, behalwe om daarop te wys dat dit meegehelp het om veral van Spanje 'n groot moondheid te maak. Die Renaissance het wel in Italië ontstaan en daar tot bloei gekom, maar het ook na ander Europese lande versprei. Die Noordelike Renaissance het 'n meer christelik-godsdienstige karakter vertoon wat reeds vanaf die veertiende eeuse Devotia Moderna te bespeur was. [25] 'n Opvallende kenmerk van die Moderne Devosie (wat onder meer 'n figuur soos Gerard Groote, 1340-1384, en sy Orde van die Broers van die Gewone Lewe tot gevolg gehad het) was die waardering wat hulle gehad het vir die werk van die Italiaanse Humaniste. Desiderius Erasmus, wat so 'n groot rol gespeel het in die godsdienstige denke van die sestiende eeu, het uit hierdie ontwikkeling voortgekom, en veral via Erasmus het die Renaissance en die Humanisme ook die Hervormers se godsdienstige denke beïnvloed. [26] Dit was wel nie 'n bepalende invloed nie, maar vir ons doel is dit belangrik om daarop te let dat daar reeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die Humanisme bedenkings uitgespreek is oor die gesag en strukture van die Roomse kerk - 'n onderwerp wat vir die Hervormers hoogs relevant was.

Die Hervorming het nie net die kerklike lewe beïnvloed nie, maar die rimpels het gesprei tot in elke faset van die lewe van die sestiende eeu. Dit is nie moontlik om nou op al die sake in te gaan nie, maar dit is tog nuttig om 'n oorsig te kry van die ontwikkelings (veral op kerklike gebied) in Europa rondom 1561, en dan veral in Nederland en die besonder sterk ryk van Filips.

## 2.2.2 DUITSLAND

Na meer as drie dekades se ernstige stryd is 'n vergelyk op godsdienstige gebied bereik met die Vrede van Augsburg (25 September 1555). Daarvolgens is die Lutheraanse vorste toegelaat om by hulle Lutherse beginsels te hou, terwyl die vorste wat aan die "ou godsdiens", dit wil sê die Rooms-Katolisisme vasgehou het, daarmee kon voortgaan. Die twee groepe sou mekaar nie steur nie. Elke vors kon dus self besluit watter vorm van godsdiens in sy gebied sou oorheers, alhoewel slegs een vorm van Protestantisme, naamlik die Lutheranisme, toegelaat sou word. Hierdie beginsel van "*cujus regio, ejus religio*" sou die "godsdienstige kaart" vir die volgende drie-en-sestig jaar, tot by die uitbreek van die Dertigjarige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oorlog, bepaal. [27]

Territoriaal gesproke het die Protestantisme teen 1566 sy hoogtepunt bereik, maar het daarna weer veld begin verloor teen die "ou godsdiens". 'n Belangrike bydraende faktor was die ernstige verdeeldheid wat onder die Lutherane geheers het. Reeds voor Luther se dood in 1546 was daar al bittere dogmatiese twiste. Teen 1561 was die antinomistiese stryd (1527-1540) al lankal verby, en ook die drie ander "stryde", naamlik die adiaforistiese stryd (1548-1552), die majoristiese stryd (1552-1558) en die sinergistiese stryd (1556-1560) was reeds besleg. Slegs die osiandriese stryd (1549-1566) sou nog vir vyf jaar voortduur. Hierdie "stryde" was helaas lank nie die enigste twispunte nie. Daar is ook nog hewig en bitter gedebatteer oor sake soos die nagmaal, die uitverkiesing en die alomteenwoordigheid van die liggaam van Christus in die sogenaamde "kripto-calvinistiese stryd". [28]

Melanchton is in 1560 oorlede, maar soos Locher dit stel: "*Hy het die rus ingegaan, maar in die Lutherse Kerk het dit nie rustig gebly nie. Die Lutherse vorste sou die een dag die meer Flaciusgesinde predikante uit amp, brood en land verdryf, en die volgende dag sou die lot weer die Melanchtongesinde predikante tref. 'n Nasionale sinode soos die van Dordrecht sou weens die veelheid van vorste wat elk oor sy eie landjie die laaste sê gehad het, kwalik saamgeroep kon word om ineens 'n einde aan die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*twiste te maak.*" [29] Die Roomse vorste het hoe langer hoe meer onder die invloed van die Jesuïete gekom. Diè het die vorste voorgehou dat dit 'n baie verdienstelike werk sou wees as hulle die ketters uit die land sou verdryf. Die Gereformeerde Protestantisme het ook begin veld wen (veral in die suidelike gebiede), [30] en die bekende Heidelbergse Kategismus is twee jaar na die NGB, in 1563, in die Paltz bekendgestel. Eers met die Formula Concordiae van 1580 is 'n mate van dogmatiese eenheid onder die Lutherane bereik. [31]

Wat vir ons doel belangrik is, is om op te merk dat die posisie in Duitsland grootliks verskil het van diè waarin die NGB in Nederland ontstaan het. Die hele Nederland was onder die bewind van een heerser, Filips II, wat as Rooms-Katoliek die Protestante en Anabaptiste sonder veel onderskeid verdruk en vervolg het. In Nederland was daar min onderlinge twis tussen die Protestante, terwyl die Protestante in Duitsland (veral die Lutherane onder mekaar) nog heftig verskil het. 'n Goeie voorbeeld van die verskillende posisies van die twee lande is die verskil in oorsprong tussen die HK en die NGB: wanneer Ursinus en Olevianus in min of meer dieselfde tyd aan 'n belydenisskrif werk, doen hulle dit om 'n heel ander rede. De Bres stel sy geskrif op as 'n *apologia pro vita*, maar Ursinus en Olevianus stel die HK in die eerste plek op omdat daar 'n behoefte aan 'n handleiding by die katkisasie ontstaan het. [32] Daarmee saam het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Frederik III probeer om bo die verdeeldheid van die Hervorming uit te kom, en gevolglik is die HK "*'n geskrif van sintetiese karakter, wat nie by voorkeur nadruk lê op dit wat die Protestante verdeel nie, maar op dit wat hulle bind en behoort te bind.*" [33]

## 2.2.3 SWITSERLAND

Op politieke gebied was Switserland nog ingedeel volgens die bepalings van die Vrede van Kappel (1531) wat die land in Gereformeerde en Katolieke dele verdeel het. [34] Die dominante invloed in die land het egter van Geneve uitgegaan waar Calvyn (Jean Calvin, 1509-1564) die leidende figuur was. Hierin is hy bygestaan deur veral Theodore Beza (1519-1605) en Heinrich Bullinger (1504-1575). Die verskille tussen die Gereformeerdes was teen 1561 in 'n groot mate bygelê, veral nadat Calvyn en Beza in 1549 met die Ooreenkoms van Zürich (Consensus Tigurinus) kon saamstem oor die leer van die uitverkiesing. [35] Die ooreenkoms, saam met die tweede Helvetiese Belydenis (1566), het die karakter bepaal van die Switserse Gereformeerde kerke sedertdien. [36]

Switserland se Gereformeerde teologie, en veral Calvyn, het 'n bepalende invloed gehad op die Gereformeerde kerke in Duitsland, Frankryk, Engeland, Skotland, en ook die Nederlande. [37] Geneve veral het ook 'n heenkome

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied aan baie vlugtelinge wat weens hulle godsdienstige oortuigings in hulle lande vervolg is. [38] "*Daar is manne opgelei wat na hulle eie lande teruggegaan het om die Hervorming te bevorder. Al het hulle nie altyd alles wat hulle daar gesien het slaafs probeer weergee nie, het Calvyn deur sy persoon en geskrifte die sterkste enkele faktor geword in die bepaling van die kenmerkende eienskappe van die Gereformeerde kerke.*" [39] Bekende persone soos Sebastiaan Castello (Savoy), John Knox (Skotland), Jean Crespin (Artois, en later Parys) en ook Guy de Bres (Nederland) het in die een of ander stadium in Geneve vertoef. [40]

## 2.2.4 FRANKRYK

Die Frankryk van 1561 was, anders as Duitsland, 'n eenheidstaat. Onderling was daar egter ernstige verdeeldheid tussen Rooms-Katolieke en Protestante. Die Protestante in Frankryk het met die Edik van Poissy van 17 Januarie 1562 vir die eerste keer wetlike erkenning gekry, maar die bepalings was van so 'n aard dat dit die Protestante nie tevrede gestel het nie. [41] Hulle het dan ook die bepalings van die Edik nie behoorlik nagekom nie, en opstande het dikwels uitgebreek. Die gevolg was 'n situasie wat onvermydelik op 'n burgeroorlog uitgeloop het in die godsdiensoorloë (1562-1598) wat begin het met die sogenaamde Bloedbad van Vassy (1 Maart 1562).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



[42] Die leidende figuur in Frankryk teen 1561 was Catharina de Medici, die dame wat in Augustus 1572 verantwoordelik was vir die bloedbad van die Bartolomeus-nag. Teen 1561 het sy egter 'n versoenende rol probeer speel. "*Sy was 'n kind van die Renaissance, en as sodanig aan die kant van vrye denke.*" [43]

Koning Frans I (1515-1547) het wel nie 'n keuse vir die Hervorming gemaak nie, maar in sy stryd teen keiser Karel V het hy aanvanklik nie te streng teen hulle opgetree nie. [44] Selfs die vervolgings van 1528 [45] en 1534 [46] was sporadies, maar teen die einde van sy bewind het die vervolgings erger geword. Die gevolg was dat die Protestantisme (teen hierdie tyd al meer Calvinisties as Lutheraans) ondergronds gedryf is. [47] Sy seun, Hendrik II (1547-1559), het egter van die begin af probeer om die Protestantisme uit te roei. Ten spyte van heftige vervolgings, veral na die Edik van Chateau-briand (1551), het die Protestantisme bly groei. [48] Teen 1555 het daar in Parys 'n Gereformeerde gemeente tot stand gekom, en ander het spoedig gevolg. [49] Die Protestante was egter ook nog onderling verdeeld, en as direkte uitvloeisel van dogmatiese verskille in die gemeente van Poitiers in 1558, het die eerste nasionale sinode van die Franse Gereformeerde Kerk op 25 Mei 1559 in Parys bymekaargekom. By hierdie sinode is twee stukke aanvaar: 'n Boek van Orde ("*Discipline ecclesiastique des eglises reformees de France*") waarin die organisasie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en dissipline van die gemeentes bepaal is, en 'n geloofsbelydenis ("*Confession de Foy, faicte d'un commun accord par les Francois qui desirent vivre selon la puretè de l'Evangile de nostre Seigneur Iesus-Christ*"), die bekende Confessio Gallicana (CG). [50]

In Februarie 1559 het die vrede van Cateau-Cambresis 'n einde gemaak aan die oorloë tussen Frankryk, Engeland, Spanje en Savoy, en dit het gelyk asof Hendrik sy hande losgekry het om die Prostestante heeltemal uit te roei. [51] Dit sou egter nie gebeur nie. Hendrik is op 10 Julie 1559 dood aan 'n spieswond, en al het die Guises [52] die vervolging voortgesit, was daar in diè tyd al minstens 300 000 Protestante in Frankryk.

In hierdie tyd het die aard van die Protestante se weerstand begin verander. Waar hulle vantevore sonder verset hulle lot aanvaar het, het hulle onder die Guises 'n opstand begin beplan. In die daaropvolgende gebeure het die Catharina de Medici, die koninginmoeder, 'n rigtinggewende rol begin speel. Frans het in 1560 skielik siek geword en gesterf, en sy het regentes geword in die plek van haar seun Karel IX, toe tien jaar oud. Aanvanklik het sy probeer om 'n vergelyk tussen Katolieke en Protestante te bewerkstellig, en sy het van die Gereformeerde predikante uitgenooi om die sinode van biskoppe te Poissy by te woon. Met hoë verwagtings het sy die eerste sitting op 7 September 1561 bygewoon, en met aandag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geluister na die briljante toespraak van Theodore Beza. [53] Toe hy egter die leer van die transsubstansiasie skerp kritiseer, was dit duidelik dat die verskille onoorbrugbaar is. Ten spyte van Catharina se verdere pogings wat uieindelik op die Edik van Poissy van 17 Januarie 1562 uitgeloop het, is die toneel daargestel vir die bloedige godsdiensoorloë wat spoedig sou uitbreek, en waarna Catharina self (veral na die Bartolomeusnag van 24 Augustus 1572) as bloedige vervolger van die Hugenote [54] berug sou word.

Dit is in hierdie stadium interessant om op te merk dat die twee belydenisse wat soveel met mekaar gemeen het, te wete die CG en die NGB, in 'n soortgelyke politieke agtergrond ontstaan het, maar met verskillende doelstellings. Waar die NGB die resultaat was van 'n enkele persoon se poging om die regering te oortuig dat die Gereformeerdes anders as die Anabaptiste beoordeel moet word, was die CG die resultaat van 'n sinode se poging om dogmatiese eensgesindheid tussen Gereformeerdes te bewerkstellig.

### 2.2.5 ANDER EUROPESE LANDE

Die posisie in die ander Europese lande is vir ons doel nie so belangrik nie. Om egter die historiese oriëntasie te voltooi, noem ons net die volgende:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. In <u>Engeland</u> het Hendrik VIII (1509-1547) die band met die pous verbreek omdat hy (pous Clemens VII) nie sy egskeiding met Catharina van Aragon wou toestaan nie, en in 1534 het hy homself as die hoof van die kerk in Engeland aangestel. Na sy dood is die Gereformeerde Protestantisme ingevoer deur die hertoë van Somerset en Northumberland wat namens die minderjarige Eduard VI (1547-1553) opgetree het. In die tyd is die Common Prayer Book en die 42 Artikels van Cranmer (albei 1542) ingestel.

Na Eduard se dood het sy oudste suster, Maria (1553-1558), die koningin geword. [55] Sy was 'n oortuigde Rooms-Katoliek, en die pous is weer as hoof van die kerk erken (1554). Haar vurige vervolgings van die Protestante het aan haar die bynaam "Bloody Mary" besorg. Sy is opgevolg deur haar halfsuster Elizabeth (1558-1603). Elizabeth het die Protestantisme algou weer in ere herstel, en sowel die Common Prayer Book as die 42 Artikels is grondig hersien. Die resultaat was die hersiene "*The Book of Common Prayer and Ministration of the Sacraments*", asook die bekende "*Thirty-nine Articles*". Laasgenoemde stuk, wat in 1571 erken is as die leerstellige grondslag van die Kerk in Engeland, het 'n sterk Calvinistiese inslag.

2. <u>Skotland</u> het in 1561 die terugkeer van Maria Stuart (Mary, Queen of Scots) beleef. Die vorige jaar het die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



parlement die Gereformeerde Kerk van Skotland as staatskerk erken. As belydenisskrif is die Skotse Geloofsbelydenis aanvaar, [56] en die Boek van Orde sou dien as bepaling van organisasie. Maria het die Roomse Kerk probeer herstel, maar Knox se invloed het oorheersend gebly.

3. Boheme en Hongarye was hoofsaaklik gereformeerd. Politieke toestande, asook onderlinge verdeeldheid by die Protestante, het egter veroorsaak dat die Roomse Kerk in die hele Sentraal-Europa (Pole ingesluit) die dominante godsdiens gebly het.

4. Italië, Portugal en Spanje was nog steeds byna uitsluitlik Rooms-Katoliek. Spanje, en veral die regering van FIlips II, is vir ons doel belangrik, en moet meer aandag kry. Eers kyk ons net na drie belangrike sake wat 'n groot invloed op die gordsdienstige klimaat van 1561 gehad het. Die eerste twee, naamlik *die Konsilie van Trente* en die ontstaan van *die Jesuïete,* was deel van die sogenaamde *Teenhervorming,* dit wil sê die reaksie van Rome op die Hervorming; en die derde is die opkoms van die *Anabaptisme.*

## 2.3 BELANGRIKE GODSDIENSTIGE ONTWIKKELINGS

### 2.3.1 VERWIKKELINGS IN DIE ROOMSE KERK

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.3.1.1 Die Teenhervorming

Streng gesproke is dit nie korrek om van die hervormings-aksies in die Roomse Kerk as die Teenhervorming te praat nie. Weliswaar het die Hervorming 'n groot reaksie in die Roomse Kerk veroorsaak, maar selfs sonder die Protestantse Hervorming was daar baie ontwikkelings in die Roomse Kerk. Latourette stel dit so: "*Dit is meer as toeval dat die Protestantse en Roomse Hervormings terselfdertyd plaasgevind het. Hulle was verskillende uitdrukkings van 'n gemeenskaplike vars oplewing in die Christendom. Dit is verder beduidend dat hulle parallel geloop het met die verbasende lewenskrag in ander aspekte van die Wes-Europese kultuur: in geografiese ontdekkings, handel, kolonisasie, kuns, letterkunde, staatsfilosofie en opvoedkunde. Hierdie bewegings het op mekaar ingewerk, maar - soos ons onsself weer en weer moet herinner - ons kan nie seker wees in watter mate die 'uitnemende grootsheid van krag' wat inherent in die Christendom is dalk die onderliggende faktor was nie.*" [57]

Selfs die Konsilie van Trente het nie tot enigste doel die repudiëring van die Protestante gehad nie. Dit was wel 'n direkte uitvloeisel van die Hervorming, maar "*dit het saamgekom met die dubbele doel om die dogmatiese verskille wat toe die Westerse Christendom verdeel het te besleg, en om dissipline te hervorm - iets waarna die meer ernstige Katolieke self, en selfs 'n uitstekende*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*pous (Hadrianus VI) as 'n dringende noodsaaklikheid verlang het."* [58]

Dit is op 13 Desember 1545 deur pous Paulus III geopen in die Oostenrykse stad Trente (sedert 1917 deel van Italië), en het, met lang onderbrekings, tot 4 Desember 1563 geduur. [59] Daar is altesaam 25 openbare sittings gehou, waarvan 12 gewy is aan die bespreking van dogmas. Die res van die besprekings is gewy aan interne orde. [60]

Die Konsilie het beslis bygedra tot die godsdienstige oplewing in die Roomse Kerk. Dit kon nie 'n eenheid van geloof onder christene herstel nie - daarvoor was dit te laat en te eensydig. Maar "*dit het die godsdienstige posisie opgeklaar,*" en daar "*kon geen twyfel meer wees oor wat Katoliek is en wat nie insover die geloof en praktyk van die Kerk geraak is.*" [61] Wat besonder opvallend is, is dat die Konsilie nooit 'n formele uitspraak gemaak het oor die kerkbegrip, of oor die struktuur van die kerk nie. [62] Wat wel in die besprekings (en in die praktyk! [63]) gebeur het, was dat die pous se gesag bevestig is. [64]

Schaff vat die betekenis van die konsilie so saam: "*The Council of Trente, far from being truly oecumenical, as it claimed to be, is simply a Roman Synod, where neither the Protestant nor the Greek Church was represented; the*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Greeks were never invited, and the Protestants were condemned without a hearing. But in the history of the Latin Church, it is by far the most important clerical assembly, unless the unfinished Vatican Council should dispute that with honour, as it far exceeded it in numbers. It completed, with the exception of a few controverted articles, the doctrinal system of medieval Catholicism, and stamped upon it the character of exclusive Romanism. It settled its relation to Protestantism by thrusting it out of its bosom with the terrible solemnities of an anathema. Papal diplomacy and intrigue outmanaged all the more liberal elements. At the same time the Council abolished various crying abuses, and introduced wholesome disclipinary reforms, as regards the sale of indulgences, the education and morals of the clergy, the monastic orders, etc. Thus the Protestant Reformation, after all, had indirectly a wholesome effect upon the Church which condemned it."* [65]

Vir die doel van ons studie is die volgende belangrik:

1. Die <u>Roomse Kerk van 1561</u>, en veral na 1563, <u>was veel sterker en meer eensgesind as aan die beginjare van die Hervorming.</u> Die konsilie van Trente het 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van die "nuwe" kerk. O'Connel skets die posisie teen die einde van die sestiende eeu so: "*Die algehele verandering in die Katolisisme was verbasend. Rome het sy selfrespek*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*en identiteit herwin, en die monargiese papisme was sterker as ooit. Die pous se godsdienstige leierskap is deur vriend en vyand sonder meer aanvaar. Kortom, deur hulle leiding in die egte herlewing van vroomheid en kerklike geleerdheid, in hulle eerlike en bekwame administrasie, en moontlik veral deur hulle geloof in hulleself en in die goddelike instelling van hulle amp, het die pouse aan die vaders van Trente getrou gebly."* [66]

2. Die gesprek tussen Protestante en Katolieke is vanuit fundamenteel verskillende uitgangspunte gevoer. Die Protestante het steeds die Skrif as enigste uitgangspunt en norm aanvaar, [67] terwyl die konsilie van Trente die Skrif en die tradisies van die kerk "*pari pietatis affectu*" aanvaar het. [68]

3. Wat nie uit die oog verloor kan word nie, is dat die Protestante glad nie die Roomse Kerk se aanspraak dat hy alleen die ware kerk is, kon aanvaar nie. Inteendeel, die verskille wat tevore bestaan het, en die verskille wat uitgewys is, is met Trente finaal bevestig.

#### 2.3.1.2 Die Jesuïete

'n Tweede belangrike ontwikkeling in die Teenhervorming was die opkoms van die verskillende ordes. Van hulle is die orde van die Jesuïete die belangrikste. Onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leiding van Ignatius van Loyola (1491(?)-1556) het 'n orde van "soldate vir Christus" ontstaan wat 'n besondere betekenis vir die Roomse Kerk sou hê - nie alleen in die sestiende eeu nie, maar tot vandag. Loyola, 'n spaanse edelman, het in 1521 tot bekering gekom terwyl hy besig was om van 'n oorlogswond te herstel. Daarop is hy in 1528 na die Sorbonne waar hy sy *Exercitia spiritualia* (Geestelike Oefeninge) met 'n intieme vriendekring gedeel het. [69] Saam met nege volgelinge, versigtig deur Loyola self uitgekies, het hulle op 15 Augustus 1534 belowe om saam na Palestina te gaan om vir die welsyn van die mensdom te werk. [70] Indien dit onmoontlik sou wees, sou hulle die pous vra om hulle van hulle monnikeed te ontslaan, en om dan te gaan waarheen hy hulle ook al sou stuur en met watter opdrag hy ook al aan hulle sou gee. [71]

Die *Societas Jesu* het amptelik tot stand gekom op 27 September 1540 toe pous Paulus III die bul "*Regimini militantis ecclesiae*" uitgereik het. Die orde het baie vinnig gegroei en wye invloed uitgeoefen. Latourette vat dit so saam: "*Die Genootskap van Jesus het fenomenaal gegroei. Teen die tyd van sy dood, slegs sestien jaar na die pouslike bul wat die stigting bekragtig het, kon Ignatius die Genootskap sien groei het tot omtrent 'n duisend lede. Hulle was in Italië, Portugal, Spanje en Frankryk, besig om te werk vir geestelike en morele hervorming in die nomineel Rooms-Katolieke bevolkings.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Hulle was in Duitsland, besig om die Rooms-Katolieke Kerk te probeer versterk. Hulle het die ruggraat van die hervormende Konsilie van Trente versterk in sy onbuigsaamheid teenoor Protestante en sy voorkeur vir pouslike leiding. Francis Xavier het dit in Indië, Malakka, Oos-Indië en Japan geplant, en het gesterf terwyl hy toegang tot Sjina gesoek het. Die Genootskap van Jesus, in die besonder toegewy aan die sending deur die Rooms-Katolieke Kerk in hierdie eeue, het sy fenomenale groei voortgesit selfs nadat die dood sy stigter weggeneem het. Dit het van die bekwaamste jongmense van die dag aangetrek, en het die belangrikste speerpunt geword van die Katolieke Hervorming."* [72]

Wat vir ons doel van wesenlike belang is, is die invloed wat die Jesuïete op Spanje en Nederland gehad het. Al was Loyola self 'n Spanjaard, het die orde maar stadig daar posgevat. Die Dominikane, wie se invloed veral tydens die Inkwisisie baie sterk geword het, was nie gretig om 'n ander orde binne hulle invloedsgebied toe te laat nie. Heelwat hervormings het ook al plaasgevind, met die gevolg dat die land nie meer so braak was vir die aktiwiteite van 'n nuwe orde nie. Voeg daarby die bedenkings wat op politieke gebied teenoor die Jesuïete voorbehou is, en die stadige groei in Loyola se tuisland is verstaanbaar. [73] Die orde het nogtans gegroei, veral onder die volk, en kort na sy bewindsaanvaarding het Filips II gekwalifiseerde verdraagsaamheid aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jesuïete toegestaan. [74] In 1564 het hy hulle as bondgenote erken - interessant genoeg via Nederland. Sy halfsuster, Margarethe van Parma, die landvoog van Nederland, het naamlik Jesuïete as biegvaders gehad, [75] en sy het hulle waar moontlik ondersteun. Haar genadelose optrede teen die Protestante kan ook beter verstaan word as haar verbintenis met die Jesuïete in gedagte gehou word.

Die Roomse Kerk waarmee De Bres teen 1560 in Nederland te doen gekry het, het anders gelyk as die Kerk van 1517. As gevolg van die Konsilie van Trente was die pous se posisie in die kerk sterker, en die front teen enige teenstand meer verenig as ooit tevore. Ondubbelsinnige anatemas is by Trente uitgespreek teenoor die "ketters", en die Jesuïete het die verskillende vorste, Margarethe ingesluit, oortuig dat hulle 'n diens aan Christus bewys as hulle die Protestantisme kon uitwis. Dit, saam met die oplewing in die Inkwisisie, [76] het 'n klimaat geskep waarin die Gereformeerdes genadeloos vervolg is. De Bres se smekende beroep op die koning kan dus goed verstaan word, maar ook sy waarskuwing in sy tweede brief. [77]

### 2.3.2 <u>DIE ANABAPTISME</u>

Ebeling wys daarop dat die Christelike Kerk vanaf die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hervormingstyd 'n duidelike drieledige verdeling toon. [78] Naas die Roomse Kerk, en die Gereformeerde kerke, is daar ook die "Entoesiastiese" kerke. Hierdie groepe het geglo in gemeentes wat bestaan slegs uit mense wat die ervaring van wedergeboorte gehad het, en die doop is slegs bedien aan belydende gelowiges. Hulle is gevolglik algou Anabaptiste (= "weer-dopers"), genoem. Hulle het al die Hervormers gepla: Zwingli het hulle in Switserland laat vervolg; [79] Luther het Müntzer beskryf as "*die satan van Alstedt*"; [80] Calvyn sê dat hulle in hulle onverdraagsaamheid maak asof hulle "*reeds die ware geeste in die lug*" geword het, [81] en De Bres, wat in 1565 'n boek teen die Anabaptiste geskryf het (*La racine, fondament des anabaptistes*), "*haatte hen met een grooten haat.*" [82]

Van Itterzon vat die vernaamste verskille tussen die Wederdopers en die Protestante so saam: "*Hulle het gestel: 1. die sekte teenoor die kerk; 2. die inwendige lig teenoor die Skrif; 3. volkome heiligheid teenoor regverdiging deur die geloof alleen; 4. die bejaardedoop na belydenis teenoor die kinderdoop as teken van God se genadeverbond; 5. 'n wettiese sedeleer op grond van die bergrede teenoor 'n lewe uit die geloof alleen; 6. 'n weerlose dulding van onregverdige owerheidsmaatreëls en 'n wantroue ten opsigte van die staat teenoor die belydenis van 'n owerheid wat moet regeer volgens die Woord van God.*" [83] Hy wys daarop dat hierdie insigte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie by al die groepe in hierdie beweging ewe veel beklemtoon is nie, maar "*die uitgangspunt by almal was tog dieself- de: 'n vermyding van die gewone, aardse, kerklike en staatkundige lewe, en 'n selfopsluiting in 'n kring van volmaakte vromes wat reeds die hemel op aarde gevind het, 'n gemeente sonder vlek of rimpel.*" [84]

In werklikheid was die verskynsel van die Anabaptisme nie iets nuuts in die kerk nie. "*Anabaptiste was manifesta- sies van 'n voortgaande tendens wat van heel van die be- gin af aanwesig was en wat voor en na die Hervorming in baie vorms tot uitdrukking gekom het. Dit is in die Christene van die eerste eeu gesien wat, onder die indruk van die slegtheid van die wêreld, sover moontlik probeer het om hulle daarvan te onttrek, en om in die wêreld as aparte kolonies te woon sonder om daarvan deel te wees. Montaniste, Marcioniete en Novatiane was deel van hierdie tradisie. Montastisisme in sy verskil- lende vorms het uit soortgelyke oortuigings ontstaan. Die Pauliciane blyk oorspronklik die gevolg van 'n soort- gelyke prikkel te wees. Die Waldense, die Lollards, en baie ander bewegings van die dertiende, veertiende en vyftiende eeue sowel binne as buite die Katolieke Kerk was van dieselfde aard. Daar is iets in die Christelike evangelie wat die gewetes van mense so aanraak dat hulle ontevrede is met enigiets minder as die volle uitlewing van die morele standaarde wat in Jesus se leer uiteen- gesit is, en wat die hoop en geloof wek dat - hoe onbe-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*reikbaar hulle ook lyk - vooruitgang daarheen gemaak kan word, en dat dit gesoek moet word in gemeenskappe van diegene wat hulleself volkome aan die Christelike ideaal toegewy het."* [85]

Die Anabaptiste was nie'n enkele groep met 'n enkele leier nie. *"Hulle is hoofsaaklik uit die laer groepe van die samelewing getrek, maar daar was ook manne met geleerdheid onder hulle. Hulle was hoofsaaklik in die dorpe en stede, maar hulle was nie om enige sentrum of leier gesentreer nie."* [86] Dit is wel moontlik, volgens Williams, om drie hoofgroepe by hierdie "*Radical Reformers*" te onderskei, te wete "*the Anabaptists proper, the Spiritualists, and the Evangelical Rationalists*". [87]

Maar waarom het hulle die Hervormers so gepla? Verduin beweer dat dit te doen het met die dilemma waarin Luther en die ander Hervormers geplaas is rondom "*twee onversoenbare en wedersyds uitsluitende voorstellings van die vergestalting van die Kerk van Christus.*" Dit is "*die dilemma van 'n poging om terselfdertyd 'n belydende kerk, op persoonlike geloof gebaseer, en 'n streekskerk, waarby almal in 'n spesifieke gebied ingesluit is, te hê.*" Die "*stiefkinders*" het volgehou "*dat die kerk van Christus uit die gelowige deel van die gemeenskap bestaan, en uit hulle alleen,*" maar die Hervormers "*is tussen die twee alternatiewe geskeur. Een en almal van hulle het*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*op twee gedagtes gehink. Almal het op die draad probeer sit."* [88]

Verduin se stelling klink kras, maar bevat tog 'n element van waarheid. Hy toon self aan dat die Hervormers 'n balans moes vind tussen twee lojaliteite: aan die een kant 'n lojaliteit aan die Nuwe Testament, wat van geen ander kerk weet as die kerk van gelowiges nie, en aan die ander kant "*het historisch gewordene*", die ontwikkelingsgang waarin die kerk so saamgestel is dat dit almal binne 'n gegewe gebied ingesluit het. Anders as die Radikales was die Hervormers nie bereid om die geskiedenis te repudieer nie, en het gevolglik oplossings gesoek wat grootliks van die "steifkinders" se radikale standpunte verskil het. [89]

Die rede vir die polemiek tussen die Hervormers en die Radikales lê egter nie bloot opgesluit in 'n verskil van mening, of in die irritasie wat voortspruit uit ernstige kritiek nie. In sy polemiese betoog teen Gottfried Arnold se standpunte dat die Radikales as "ketters" beskou word bloot omdat hulle "buitekerklike vromes" was, noem Lindeboom 'n aantal kenmerke wat in meerdere of mindere mate by die radikale groepe aanwesig was (en nog is!), en wat ernstige kritiek van die Hervormers ontlok het:

1. 'n gemeenskaplike kenmerk van antikerklikheid;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. 'n beklemtoning van die individualistiese, wat op teologiese vlak tot uiting kom in

3. die besef dat die persoonlike leiding van die Heilige Gees minstens net soveel te vertrou is, en net soveel gehoorsaamheid verg, as enige openbaringsmiddel waarop die kerk hom beroep; en gekoppel met

4. die trekke van eiesinnigheid en heerssug, wat saam met outonome godsdienstigheid lei tot

5. blinde gehoorsaamheid en slaafse verering binne die sektariese groep, of ook: herhaalde splitsings en seperatistiese drywing by hulle wat as gebore sektariërs eintlik slegs kon heers of alleen staan.

6. Bogenoemde subjektiwisme lei, wanneer daar genoeg fanatisisme by is, tot

7. òf 'n entoesiasme van persoonlike ervarings wat uitloop op die asketiese, of op apokaliptiese profesie;

8. òf op 'n sedelike antinomisme wat ontaard in libertinisme en ongebondenheid. [90]

Van't Spijker noem vier fundamentele verskille tussen die teologie van die Hervormers en die Radikales: [91]

1. Die beroep op die Skrif: Hier gaan dit veral om twee sake, naamlik die hermeneutiek, dit wil sê die beginsels waarvolgens die Skrif verklaar moet word, en dan ook spesifiek die gebruik van die Ou Testament. Sowel die Reformasie as die Dopers het hulle op die Skrif beroep, maar by die Reformasie het die Skrifbeskouing op 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ander manier gefunksioneer. Die Reformatoriese visie, en by name die Gereformeerde Skrifbeskouing, laat in beroep op die Skrif die Ou en Nuwe Testament saampraat. Vir die Dopers is die Ou Testament beswaarlik meer as 'n verouderde fase van openbaring, wat maar figuurlik opgeneem kan word. Dit kan wel sekere voorbeelde oplewer, maar in die breë gesien is die Ou Testament se rol verby. Die Hervormers het hierdie biblisistiese standpunt sterk afgewys, en steeds klem gelê op die *analogia fidei*, dit wil sê die permanente bereidheid om dinge nie uit verband te ruk nie.

2. Die karakter van die heil: Dit gaan hier om die verbond. Waar die nuwe verbond in die plek van die oue kom, is die vraag wat wesenlik nuut is. Volgens die Dopers elimineer die nuwe verbond die oue heeltemal. Die Hervormers, daarenteen, sien eerder in die nuwe verbond die vervulling van die oue. Dit gaan hier, volgens Van't Spijker, om sake wat aan die wortel raak van die verskil tussen die Reformasie en die Doperdom. "*Hulle vorm saam 'n baie komplekse of saamgestelde reeks faktore wat almal te doen het met die vraag: waarin bestaan die wese van die heil? En ook hier word deur die Dopers sake uit verband geruk: die herskepping kom los te staan van die skepping; die genade los van die natuur; die heil dryf as 'n olievlek op die water, maar gaan nie wesenlik daarin op nie.*" [92]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Die gestalte van die gemeente: Die vraag is hier hoe die nuwe gemeente tot stand kom: is die nuwe volk 'n optelsom van los indiwidue, of is die gemeente van God 'n geheel waarby oud en jonk as een volk van God betrek word? Word by die institueëring van 'n Christelike gemeente die natuurlike verband verbreek, of word volgens Bybelse gedagte die bloedband gestel onder die vraag na die bloed van Christus in sy heiligende krag? [93]

4. Die toeëeiening van die heil: Hier is by die Dopers nie heeltemal eenstemmigheid nie, maar die Dopers is byna almal teenstanders van die uitverkiesing. Dit gaan by hulle nie om God se verbond met ons nie, maar ons verbond met God, en die doop word dan 'n teken van gehoorsaamheid. Die aksent verskuif van God na die mens, en die vraag na die sekerheid van saligheid word uiteindelik 'n vraag wat berus op die subjektiewe grondslag van ons belewing.

Van't Spijker sluit sy oorsig af deur te verklaar dat dinge steeds uit verband geruk word, maar dat die indiwidualiserende biblisisme homself behoorlik wreek: "*die nuwe is van die oue losgemaak, die genade van die natuur, die kerk van die volk, die wedergeboorte van die geboorte, en wat die ergste is: die genade van God is losgemaak van die ewig-blywende barmhartigheid van God, en is gelê in die hande van 'n mens wie se geloofsvisie versmal tot èèn sektor van die heil.*" [94]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit bogenoemde samevattings, en veral diè van Van Itterzon en Van't Spijker, blyk dit dat die groot verskil tussen die Hervormers en die Doperse groepe teologies van aard was. Vir die Hervormers wat so hard probeer het om die Skrif as enigste openbaringsnorm te laat spreek, was dit uiteraard onaanvaarbaar dat daar hermeneuties so onverantwoordelik met die Skrif omgegaan kan word, en dat God se openbaring en heil so individualisties-subjektief gerelativeer kon word.

Om egter weer die vraag te vra: waarom het die Anabaptiste die Hervormers so gepla? Aanvanklik, aan die heel begin van die Hervorming, het hulle immers 'n gemeenskaplike doel nagestreef, naamlik die herstel van die dwalings in die (Roomse) kerk, en daar was 'n sekere gemeenskaplike aanklank. Thomas Müntzer het byvoorbeeld teen 1520, as prediker in die Mariakerk in Zwickau, Luther se gedagtes gepropageer. [95] Die twee groepe se paaie het egter algou uiteengeloop, hoofsaaklik omdat die Hervormers volgens die Entoesiaste nie radikaal genoeg was nie. Hierdie verskil het veral na vore gekom in die ekklesiologie: Luther en die ander Hervormers het steeds probeer veg vir die eenheid van die kerk, en was begerig om voort te bou op, en te herstel aan, die kerk van die vorige eeue. Die Dopers daarenteen wou niks weet van hierdie sogenaamde "staatskerk" van die Hervormers nie, en hulle wou 'n radikaal nuwe gemeenskap daarstel. [96] Die gevolg was skerp onderlinge kritiek, [97] maar die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



breuk is finaal veroorsaak deur die Dopers se radikale politieke neigings. Vir Luther het die krisis plaasgevind rondom die Boere-opstand, maar die spanning het reeds vroeër opgelaai. Luther is in sy persoon en in sy hervormings deur die Duitse prinse (veral Frederik van Sakse) vir hulle eie politieke doeleindes ondersteun, en hy het in sy teologie probeer om 'n nuwe band te lê tussen kerk en staat. Vir hom behoort die landheer die beskermvader van die kerk te wees. [98] Die Dopers, aan die ander kant, wou met die regeerders niks te doen hê nie, en het hulle aan die kant van die opstandelinge geskaar. Bainton gaan selfs so ver om te verklaar dat daar in Sakse geen Boere-opstand sou gewees het nie as dit nie vir Thomas Müntzer se opsweping was nie, en dat Luther die boere nooit so skerp sou veroordeel het as dit nie hiervoor was nie. [99]

Luther het dit goedgekeur dat die prinse die gesag en orde handhaaf, en in die proses die Anabaptiste vervolg, maar in Zürich het Zwingli self die vervolgingswerk gedoen. 'n Groep uit sy eie kring het in 1525 die doop van gelowiges ingevoer as grondslag van die kerk, en het probeer om 'n heilige gemeente te vorm volgens model van die kerk in die apostoliese tyd. Waar hulle egter groot probleme met Zwingli gekry het, was met hulle pasifisme en afkeur van die burgerlike owerheid - en dit terwyl Zwingli (soos Luther) ter wille van die eenheid van die kerk die burgerlike owerheid nog 'n rol laat speel het. [100]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Dopers se houding teenoor die burgerlike owerheid het nie net vir Zwingli en Luther probleme geskep nie, maar ook vir die ander Hervormers. Die Hervormers het steeds probeer om op goeie voet met die owerheid te leef, en Calvyn (later gevolg deur die NGB, artikel 36) het die goddelike roeping van die owerheid gehandhaaf. [101] Vir hom was die Anabaptiste se leer dat die christen nie 'n burger van 'n aardse staat is nie, en gevolglik niks met 'n aardse owerheid te doen kan hê nie, 'n gevaarlike kettery. In sy leer oor die owerheid reageer hy dan ook skerp teen die Anabaptisme - veral as gevolg van die bedreigde posisie van die Franse Protestante. [102] In sy bekende brief aan Frans I (1536) distansieer hy hom openlik van die Dopers en hulle radikale metodes. Hy pleit by die koning om die hervormingsgesindes nie op een lyn met die Dopers te stel nie: laasgenoemde is rewolusionêr, en verdien straf; die hervormingsgesindes daarenteen wil gehoorsame onderdane wees. Hulle wil ook nie (anders as die Dopers) skismas in die kerk veroorsaak nie, maar hou vas aan die *una sancta ecclesia*. [103]

Ook in Nederland het die Protestante gely onder die oordrewenheid van die Anabaptiste en Spiritualiste. Ons het al gesien dat 'n belangrike ontstaansrede van die NGB juis was om as apologetiese geskrif te dien om die Gereformeerde Protestantisme duidelik van die Anabaptisme te onderskei, en om by koning Filips II te pleit dat hy tog moet raaksien dat dit die radikale Dopers is, en nie die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vredeliewende Gereformeerdes nie, wat vir die onrus en opstande in die land verantwoordelik is. [104]

Uit die voorafgaande word dit duidelik waarom die Anabaptiste die Hervormers so geïrriteer het. 'n Mens moet onthou dat die Protestante nog gewikkel was in 'n stryd om oorlewing - letterlik en figuurlik. Die leer moes nog gevestig word (beide dogmaties met die vasstelling van die leerinhoud, as fisies deurdat mense en gebiede tot die Protestantse leer oorgehaal moes word), en dit het nie maklik gebeur nie. Die Roomse Kerk sou nie maklik gaan lê nie, en waar enigsins moontlik het hulle die Hervormers teengestaan. Hulle het nie geaarsel om die Hervormers te laat vervolg nie, en enige burgerlike onrus was 'n nuttige verskoning om die owerheid te oortuig dat die Hervormers, en daarmee saam die hervormings, uitgeroei moes word. Baie van die regeerders, byvoorbeeld in Frankryk en Nederland, het die nie-katolieke dan ook sonder veel onderskeid vervolg. Die Anabaptiste se leer dat 'n christen 'n burger is van 'n hoër koninkryk en dus geensins onder die gesag van 'n aardse regeerder staan nie, was dus vir die Hervormers nie net 'n teoretiese dwaling nie, maar 'n saak van fisiese lewensbelang. Voeg daarby die Anabaptiste se rigorisme, eksklusiwisme, onverdraagsaamheid en geestelike hoogmoed, en 'n mens kan verstaan waarom die Hervormers so venynig gereageer het.

Om saam te vat: die Anabaptiste het die Hervormers veral

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om twee redes gepla: hulle leerstellings was onaanvaarbaar, [105] en hulle onverantwoordelike optrede het 'n fisiese gevaar vir die hervormingsgesindes geskep. As 'n mens egter alles in ag neem, word dit duidelik dat daar wedersydse vooroordele bestaan het wat nie net aan rasioneel-bepaalbare oorsake toegeskryf kon word nie. 'n Belangrike faktor in die verhouding tussen die Hervormers en die Anabaptiste was dat hulle "sommer net mekaar nie kon verdra nie". Daar was wedersydse wantroue en onverdraagsaamheid, moontlik veroorsaak deur botsende persoonlikhede, [106] of spesifieke houdings, [107] of moontlik het die verskil tussen die kognitiewe en affektiewe in die godsdiens 'n rol gespeel. [108] Dit is nie so maklik om altyd te verklaar waarom mense nie van mekaar hou nie, maar wat ons in hierdie geval wel met sekerheid kan sê, is dat die Hervormers en die Anabaptiste nie van mekaar gehou het nie!

Tot nou toe het ons net klem gelê op die negatiewe aspekte van die leer en optrede van die Anabaptiste, maar dit was om te bepaal waarin hulle vir hulle die toorn van die Hervormers op die hals gehaal het. Wie egter wyer na die kerkgeskiedenis van die sestiende eeu kyk, vind dat die Radikales 'n baie belangrike rol gespeel het. Hulle was as groep net so kenmerkend as die Lutheranisme, Calvinisme of Anglikanisme, en moontlik net so beduidend in die ontwikkeling van die moderne Christendom. [109] Hulle was vir die Hervormers net so 'n belangrike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gespreksvennoot as wat Rome was, en die voortdurende apologetiek teenoor beide groepe het sekerlik 'n groot bydrae gelewer tot die duidelike verstaan en formulering van die skrifwaarhede. [110] Balke verwys in hierdie verband na Van Ruler se uitspraak dat hulle 'n geheel eie interpretasie van die evangelie gegee het wat nog Reformatories, nog Rooms was, en dat hulle so enorm breed en diep deurgewerk het in so baie strome en kerkformasies van die Protestantisme dat dit in die algemene bewussyn van die westerse wêreld lyk asof hulle die oorwinning behaal het. [111] Baie van die sake waarop hulle klem gelê het, soos byvoorbeeld die klem op egte geloof en 'n hoogstaande sedelike lewe, verdien beslis waardering; en selfs in sekere sake waarin hulle van die Hervormers verskil het, is besliste waarhede opgesluit. 'n Goeie voorbeeld is die kerngeskilpunt rondom die ekklesiologie: die Radikales se breuk met die Katolieke of Protestantse *corpus christianum* ten gunste van 'n *corpus christi* van toegewyde gelowiges was wel baie radikaal en onverdraagsaam, maar die beginsel van die saak moet beslis nie verwerp word nie. [112]

Ons het in hierdie oorsig klem gelê op die verskynsel van die "Entoesiastiese Christendom" van die sestiende eeu. Dit is natuurlik 'n verskynsel wat byna so oud is as die Christendom self, en wat in baie vorms steeds voortgaan. Die dialoog, apologetiek en polemiek tussen protestante en entoesiaste is dus veel meer as net 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



historiese interessantheid, maar is van voortgaande aktuele belang.

## 2.4 NEDERLAND TEEN 1561

Om die historiese oorsig af te sluit, fokus ons op die gebied wat vir ons die belangrikste is, naamlik Nederland.

### 2.4.1 POLITIEKE AGTERGROND

Nederland was teen 1561 nog onder Spaanse bewind. [113] Die suid-westelike deel was tot in 1513, anders as die res van die Nederlande, nie deel van die Heilige Romeinse Ryk nie, maar onder die bewind van die koning van Frankryk - 'n reëling wat teruggaan na die verdelingslyn wat in 870 tussen die Wes- en Oos-Frankiese Ryke getrek is. [114] Vlaandere, die provinsie waarin Doornik geleë is, was vanaf 1513 onder Engelse bewind, maar is in 1526 deur Karel V verower en by sy Heilige Romeinse Ryk gevoeg. [115] Ons het reeds gesien dat hy die gebied in 1555 aan sy seun, Filips II, oorgedra het. [116]

Filips II, "*el Rey Prudente*", [117] was nie altyd so 'n verstandige koning soos sy bynaam voorgee nie - in elk geval nie in die oë van sy Nederlandse onderdane nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy was "*godsdienstig vroom ... opreg toegewy, beide in sy persoonlike en openbare lewe, aan die uitlewing van sy geloof op 'n manier en in 'n mate wat deur geeneen van sy mede-koninklikes geëwenaar is nie. Hy het gevoel dat hy direk aan God verantwoordelik was: vir die welsyn van sy mense net so veel as vir die redding van sy eie siel.*" [118] Hy was 'n oortuigde Rooms-Katoliek, so lojaal dat hy selfs die Inkwisisie waar moontlik ondersteun het, maar beslis nie 'n pousgesinde nie. Hy het die bepalings van die Konsilie van Trente in sy koninkryk laat toepas, [119] maar dit was 'n optrede teenoor die Protestante en nie 'n erkenning van die pous se gesag nie. "*Geen heerser het die kerk in sy gebied in so 'n sterk greep gehou as juis Filips nie; nêrens was die kerklikes meer skeppings van die staat as in Spanje nie. Geen regeerder, Katoliek of Protestant, het hewiger en meer dikwels met die pous van Rome getwis as Filips nie; hy was inderdaad - as hy tot 'n besluit gekom het - net so minagtend teenoor die pous as wat Willem van Oranje (wanneer hy dit gewaag het) minagtend was teenoor die Calvinistiese predikers.*" [120]

Stofsyns, byna asketies, in sy denke en gewoontes, het hy hom hoe langer hoe meer in sy kamertjie in die Escorial teruggetrek waar hy hom dag en nag besig gehou het met die administrasie van sy ryk. Hy sou wel luister na adviese, maar die finale besluite in sy ryk is deur homself geneem, en omdat hy homself beskou het as gebind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur God alleen, was dit moeilik om sy besluite te beïnvloed. De Bres se smekende versoek in sy brief aan die koning was gedoem voordat hy dit nog geskryf het!

Vier jaar nadat sy pa, Karel V, die koningskap van die Nederlande aan hom oorgedra het, het Filips op 26 Augustus 1559 Nederland verlaat en nooit weer teruggekeer nie. Hy het Margarethe van Parma, sy halfsuster, as regent (landvoog) aangestel. Teoreties het sy groot gesag gehad, maar in die praktyk is sy gedwing om Filips se voorskrifte onvoorwaardelik uit te voer. Die voorskrifte is aan haar oorgedra deur die Consulta, 'n raad van vertroulike adviseurs, wat bestaan het uit drie rade [121] wat Filips aangestel het om die landvoog met die administrasie te help. Van die drie persone in die Consulta was die voorsitter van die staatsraad, die biskop van Arras (kardinaal De Granvelle), die belangrikste. Prakties het Filips die regering van die land in sy hande gelaat, aangesien Margarethe gehandel het volgens die voorskrifte van die Consulta. Op sy beurt het De Granvelle weer sy voorskrifte in besonderhede van Filips self gekry, oorskrifte wat hy dikwels teen sy sin moes uitvoer. [122]

Die groot opstand teen die Spaanse oorheersing het teen 1566 in alle erns begin, maar teen 1561 het sake al goed gebroei. Een van die faktore wat die Nederlanders kwaad gemaak het, is in die volgende jaar uit die weg geruim

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toe Margarethe en De Granvelle op eie gesag die Spaanse garnisoene na Spanje teruggestuur het, maar die ander twee irritasies het gebly. Die eerste was die bloedige inkwisisie, en die ander die vestiging van nuwe bisdomme. Laasgenoemde was veelal 'n politieke aksie van Filips se kant in 'n poging om beheer oor die (Roomse) kerk te behou, maar in die proses het hy die Nederlandse vorste (soos Willem van Nassau) verbygegaan. Die vorste was nooit juis lief vir die koning wat nie eers hulle taal - nog Frans, nog Hollands - geken het nie, en toe hulle besef dat hy doelbewus 'n nuwe gesagstruktuur begin skep met De Granvelle as aartsbiskop, het die roeringe in opstand begin verander. [123]

Die gehate en gevreesde Inkwisisie was nog in volle swang. Dit het al bestaan onder Karel I, en toe is daarin geslaag om beide die Lutheranisme en Anabaptisme in Nederland feitlik uit te wis. Met die Calvinisme was dit anders gesteld. Nie alleen het dit 'n groter persentasie van die volk betrek nie, maar "*dit het die meer lewenskragtige en produktiewe elemente van die bevolking gelok: vakmanne, landbesitters en die hoër middelklas.*" [124] Dit was oral beter georganiseer, en meer militant - wel nog nie teen 1561 nie, alhoewel De Brès se tweede brief al daarop sinspeel.

Filips het nie aan die besware gehoor gegee nie. Die uiteinde was 'n bloedige opstand wat oorgegaan het in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tagtigjarige Oorlog, en teen die tyd van Filips se dood in 1598 was Nederland al goed op pad om 'n onafhanklike staat te word, met die Calvinistiese Protestantisme (ten spyte van die pogings van die Inkwisisie, en van die bloedige vervolgings van Alva waarin minstens 100 000 Protestante tussen 1567 en 1573 gedood is) as die oorheersende godsdiens.

## 2.4.2 GODSDIENSTIGE AGTERGROND

'n Interessante kenmerk van die Hervorming is dat dit nie oral ewe drasties was nie, en dat die owerheid se optrede 'n groot verskil gemaak het. Waar die owerhede die Hervorming toegelaat of ondersteun het, was die hervormings relatief konserwatief. Dit was in gebiede soos die Noord-Duitse streke, Denemarke, Swede en Engeland. Die hervormings was drastieser waar die owerheid met geweld gereageer het, en die godsdiensige rewolusie ook 'n politieke rewolusie nodig gehad het - soos in Frankryk, Skotland, en die Nederlande. [125] Die Hervorming in Nederland was inderdaad intiem verbind met die stryd om politieke onafhanklikheid, en die Calviniste het vanaf ongeveer 1555 'n groot rol hierin gespeel. [126]

Die Calvinisme het in werklikheid redelik laat op die Nederlandse toneel verskyn. Dit sê egter nie dat daar nie al vroeër roerings was teenoor die "ou" teologie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Van die belangrikste voorbereidingswerk vir die Hervorming is in Nederland gedoen. Reeds in die laat veertiende eeu het die *Moderne Devosie* groot klem gelê op die persoonlike toewyding, maar ook op sosiale betrokkenheid. [127] Hulle aanslag was baie vroom en vol mistiek, 'n eienskap wat veral na vore gekom het in die gemeenskappe van *die Broers en susters van die Gemene Lewe* - uit wie se midde die skrywer van die bekende Imitatio Christi, naamlik Thomas Hemerken van Kempen (±1380-1471), voortgekom het. [128] Hierdie geskrif vat die gees van die Moderne Devosie goed saam: die sistematiese opbou van die geestelike lewe; die groot klem op pligsuitoefening wat belangriker is as die persoon; en die poging om, deur 'n voortdurende sondebesef gedryf, tot 'n volmaakte deugdebeoefening te kom. [129] In die Moderne Devosie is daar heelwat gedoen om die lewe in die kerk, en veral in die kloosterlewe, te korrigeer, maar Weiler wys tereg op die gevaar van semipelagianisme en nominalisme in hulle denkstelsels. [130] Nogtans het die Moderne Devosie baie gedoen om die mense in Noord-Europa te kondisioneer en gereed te maak vir Luther se leer, veral deur die klem op die persoonlike betrokkenheid in die godsdiens.

Naas die mistisisme van die Moderne Devosie en die Broers van die Gemene Lewe, het ook die *Humanisme* 'n groot rol gespeel in die voorbereiding vir die leer van die Hervorming. Twee van die hooffigure hier was Wessel Gansfoort

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(1420-1489) en Desiderius Erasmus (1469- 1536). Eersgenoemde kan goedskiks ook by die Moderne Devosie genoem word aangesien hy eerder teoloog as filosoof was, en omdat hy inderdaad uit daardie kring gekom het. [131] Gansfoort se teologie verskil wesenlik van diè van die Protestante, maar hy het tog sekere sake gepropageer waarop die Hervormers gestaan het. Hy ontken byvoorbeeld die hiërargie in die amp, en die onfeilbaarheid van die pous. [132] Die ander figuur, Erasmus, 'n Rotterdammer van geboorte, was die erkende hoof van die Humaniste, en sy invloed op die denke van sy tyd is onmeetlik. [133] Waar hy veral 'n groot rol gespeel het in die voorbereiding vir die Hervorming, was in sy klem op die terugkeer na die oorspronklike bronne, en dus ook na die Bybel. Deur sy uitgawe van die Griekse Nuwe Testament het hy dan ook groot klem op die Bybel gevestig. [134]

Nederland het nie 'n eie Hervormer soos Luther of Zwingli gehad nie, maar Luther se gedagtes het algou groot indruk gemaak. Enkele maande nadat Luther sy stellings teen die aflaat bekendgestel het, was sy geskrifte reeds in Antwerpen beskikbaar. [135] Van die Humaniste het hom van die begin af ondersteun. [136] Die owerheid het egter teen die Lutheranisme begin optree, en veral na die teregstelling van Jan de Bakker (1525) en Wendelmoet Claesdochter (1527) was die Lutherse invloed baie beperk. [137]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende belangrike invloed het van *die Dopers* gekom. [138] Vervolgings deur Zwingli in 1525 het van hierdie groepe noordwaarts gedryf. Een van hierdie groepe het onder Melchior Hoffmann teen 1530 in Emden opgetree. Hoffmann het homself as die voorloper van die duisendjarige vrederyk beskou, en het met sy prediking veral in Friesland en Holland mense opgesweep. Onder hulle was die Haarlemse bakker, Jan Matthijsz. [139] Saam met Jan Beukelszoon het hy vanaf 1534 begin om van Münster 'n "heilige Sion" te maak, 'n stad waar poligamie en gemeenskap van goedere geheers het. Die stad het op 25 Junie 1535 geval.

Van die invloede het in Nederland neerslag gevind, maar die uitspattighede is deur die sogenaamde Stille Dopers afgekeur. Hulle leier was vanaf 1540 die bekende Menno Simons, wat die groep tot 'n lewe van teruggetrokke piëtistiese vroomheid gelei het. [140] Die vervolgings het nogtans voortgeduur, en was so erg dat De Jong kan verklaar: "*Nog nooit is die heiligheid van die kerk so uitsluitend gepreek en nagestreef as deur die Dopers nie; en daar is nog nooit soveel daarvoor gely as deur hulle nie.*" [141]

Die Calvinisme het veral in die suide begin posvat. Die Suid-Nederlanders het vanaf 1538 te Straatsburg of 1541 te Geneve met Calvyn in aanraking gekom, en het in sy gees begin preek. [142] Op versoek van die Doornikse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hervormingsgesindes het die Luxemburger Pierre Bruly in 1544 uit Straatsburg gekom om in die grensgebied van Frankryk en Suid-Nederland te preek. Hy is gevang, en op 15 Februarie 1545 te Doornik verbrand. [143] Sy werktyd was te kort om 'n indruk te maak, maar die Calvinisme het algou gegroei totdat dit in die vyftigerjare die oorheersende godsdiens was - veral in Noord-Nederland. [144] Dit het natuurlik nog nie beteken dat die Calviniste ongehinderd kon aanbid nie. Die vervolgings het steeds voortgegaan, en het in werklikheid eers teen 1572 opgehou as uitvloeisel van die werk van Willem van Oranje. [145] Teen daardie tyd was die Calvinisme al sterk gevestig as die belangrikste godsdiens in Nederland, en kon daar ook begin word met 'n program vir die institusionele opbou van die Gereformeerde Kerk. [146] In hierdie proses sou ook die NGB 'n rol speel - soos ons in die volgende hoofstuk sal sien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 2

1. Bakhuizen van den Brink, JN: De Nederlandse Belijdenisgeschriften, bl. 1; vgl. Van Langeraad, LA: Guido de Bray. Zijn leven en werken, bls. 32-35.

2. Daar is onsekerheid of die van weergegee moet word as De Bres / De Brès of De Bray. Van Langeraad e.a. reken dat dit *De Bray* is, terwyl ander soos Dankbaar en Ollier *De Bres* as die korrekte vorm beskou: Braekman, EM: Guy de Bres, Sa vie, bls. 10-19. Braekman gee 'n mooi uiteensetting van die verskillende vorms van die naam, asook die argumente wat deur die verskillende skrywers gebruik word om hulle keuse te regverdig. Hy wys daarop dat beide vorms 'n transskribering is van dieselfde naam (wat waarskynlik verband hou met die dorpie Bray, sowat 12 kilometer vanaf Mons). Guy se familie het steeds hulle van as *De Bray* gespel, en die vorm is ook gebruik in amptelike prosesstukke van die tyd. Guy self het egter sy naam *De Bres* geskryf. Braekman konkludeer: "*Ainsi, taut la volontè du Rèformateur, qu'une coutume de plus de trois siecles, nous montrent que la seule graphie adèquate est celle en 'Bres'*: a.w., bl. 19. In hierdie studie word gevolglik die naam gebruik wat die opsteller van die NGB self gebruik het, naamlik Guy de Bres.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Vir die teks wat gebruik word, vgl. hieronder, par. 3.3.2; en Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 62.

4. *"Ten minste , heer, verleen aan ons in die Naam van God wat geen mens selfs aan die beeste kan weier nie: naamlik om ons klaende geroep asof van ver aan te hoor. Dan, as u majesteit ons aangehoor en ons skuldig bevind het, vermeerder dan ons pyniging en marteling in u koninkryk. Andersins, as ons onskuld aan u bewys is, kan u vir ons 'n ondersteuning en toevlug wees teen die geweld van ons vyande."*

5. *"... as om in gehoorsaamheid aan die owerhede te lewe in suiwerheid van gewete, om God te dien, en om ons volgens sy Woord en sy heilige geboole te hervorm."*

6. *"... die onversoenbare vyand van God en die mense, die duiwel, wat, om sy ryk (wat uit afgodery, valse godsdienste, prostitusie en ontelbare ondeugde bestaan) nie te verloor nie, hulle wat van die evangelie afgesny is opstook en verhinder om (die goeie orde) sy loop te laat neem."*

7. Van der Linde, S: Opgang en Voortgang der Reformatie, bl. 82. Hy beweer ook dat De Bres se brief *"in 'n nugterder, minder onderworpe toon"* gestel is. Dit is 'n baie subjektiewe stelling (veral aangesien De Bres die gehoorsaamheid aan die koning so beklemtoon),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar die realisme wat uit albei briewe spruit (en wat veral by De Bres opvallend is), is merkwaardig.

8. Hier is Calvyn se taal baie skerper as De Bres s'n. Laasgenoemde verwys bloot na "*nos ennemis*", maar Calvyn maak stellings soos: "*... wie van hulle die meeste oor sy maag bekommerd is, blyk die kragtigste stryder vir sy geloof te wees!*": Calvyn, Johannes: Institusie (vertaal deur A. Sizoo) (verder aangehaal as Inst.), deel I, bl.xvii.

9. Van Langeraad, a.w., bl. 117.

10. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 2.

11. Idem, bl.3; vgl. Van Langeraad, a.w., bls. 29-30.

12. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 4; vgl. Van Langeraad, a.w., bl. 30.

13. 'n Ander afskrif, tans verlore, is in die huis van Jean de Mortier gevind. Vgl. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 5, en die kommissieverslag.

14. Volledig weergegee deur Van Langeraad, a.w., bls. 32-35.

15. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. De Klerk, P: Die opkoms van Europa, bl. 161, 170.

17. 'n Mooi weergawe van die seremonie is te kry by Lindsay, Thomas M: A History of the Reformation, deel II, bl. 240. Dit is interessant om te weet dat die vertroueling wat die verswakte Karel by die geleentheid ondersteun het, niemand anders was nie as Willem van Oranje, die man wat 13 jaar later die leier van die opstand teen Filips sou word: Lindsay, a.w., bl. 240.

18. Elton, GR: Reformation Europe, bl. 267; De Klerk, a.w., bl. 147.

19. De Klerk, a.w., bl. 147. Nog 'n stukkie ironie van die geskiedenis is dat die rolle uiteindelik omgekeer is: waar Spanje geleidelik verswak het, het die later magtige Oostenryk-Hongarye uit Ferdinand se gebied ontstaan.

20. Dickens, AG: Reformation and society in sixteenth-century Europe, bl. 9.

21. Schaff, P: The creeds of Christendom (verder aangehaal as Schaff), deel I, bl. 204, stel dit selfs wyer: "*Die Hervorming van die sestiende eeu is, naas die ontstaan van die christendom, die grootste gebeurtenis in die geskiedenis*".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



22. Elton, a.w., bl. 303.

23. A.w., bl. 267.

24. Vgl. De Klerk, a.w., bl. 137.

25. Idem, bl. 61.

26. Erasmus se invloed op die denke van sy tyd, en in die besonder sy invloed op die hervormers, word goed ontleed deur Augustijn, C: Erasmus en de Reformatie. Vgl. veral bls. 289-303.

27. Latourette, KS: A history of Christianity, bl. 279. Vgl. Elton, a.w., bl.265.

28. Van Itterzon, GP: De Reformatie, in Van Itterzon, GP en D Nauta: Geschiedenis van de Kerk, deel V, bl. 152. Vir bogenoemde "stryde", vgl. ook Latourette, a.w., bl. 731.

29. Locher, JS: De Lutherse Kerken na de Reformatie, in Van Itterzon/Nauta, a.w., bl. 175.

30. Latourette, a.w., bl. 730.

31. 'n Baie mooi uiteensetting van die kontroverse vanaf die dood van Luther tot by die aanname van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Formula Concordiae is te kry by Seeberg: Textbook of the history of doctrines, bls. 362-378; en van die inhoud van die Formula op bls. 378-390.

32. Van der Linde, a.w., bl. 92.

33. Idem, bl. 93.

34. Elton, a.w., bl. 74.

35. Latourette, a.w., bl. 761. Verskille oor die nagmaal is ook bygelê: vgl. Dickens, a.w., bl. 124.

36. Elton, a.w., bl. 74.

37. 'n Goeie uiteensetting van Calvyn se invloed is te kry by Walker, W: John Calvin, bls. 376-408 (= hfst. 6: Calvin's influence outside Geneva).

38. Vgl. Monter, EW: Calvin's Geneva, bls. 165 e.v.

39. Latourette, a.w., bl. 758.

40. Van De Bres is net seker dat hy wel in Geneve was: Van Langeraad, a.w., bl. 22.

41. Lindsay, a.w., bl. 188.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



42. Idem, bl. 189 e.v.. Vgl. ook De Klerk, a.w., bls. 176-181.

43. Lindsay, a.w., bl. 189.

44. Vgl. Van Itterzon, a.w., bl. 108.

45. Van die Protestante het 'n standbeeld van die Heilige Maagd geskend, en die koning het toestemming gegee tot vervolgings: Lindsay, bl. 145.

46. Die "placards" het 'n nuwe reeks vervolgings tot gevolg gehad - veral nadat een van die protestante astrant genoeg was om 'n plakkaat teen die koning se slaapkamerdeur te plak! Vgl. Lindsay, bls. 145-146.

47. Lindsay, bl. 151.

48. Idem, bl. 161 e.v..

49. Idem, bl. 166.

50. Hierdie belydenis is vir ons huidige studie van groot belang, veral omdat De Bres dit gebruik het as model vir die NGB. Vgl. hieronder, par. 3.2.5.

51. Elton, a.w., bls. 271-272; vgl. Van Itterzon, a.w., bl. 109.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



52. Hendrik se seun, Frans I, was 15 jaar oud, en kon volgens Franse wet al self regeer. Onder invloed van sy vrou, Maria, die Koningin van die Skotte, het hy die regering van die land egter oorgedra aan haar ooms Karel (die kardinaal van Lorraine) en Frans, die hertog van Guise.

53. Die verrigtinge, en die effek van die toespraak, word mooi beskryf deur O'Connell, MR: The Counter Reformation, bl. 119 e.v..

54. Soos die Franse Protestante sedert 1560 bekend gestaan het, vgl. Lindsay, bl. 177.

55. Maria was getroud met Filips II van Spanje, maar hy het haar verwaarloos.

56. Deur John Knox geskryf, en sterk anti-Rooms.

57. A.w., bl. 841.

58. Schaff I, bl. 92.

59. Een van die sterkste pleidooie vir so 'n konsilie het uitgegaan van keiser Karel V. Hy wou daarmee vrede in Duitsland bereik. Die rigting waarin die konsilie gestuur is, naamlik om die pous se mag te konsolideer, het Karel diep teleurgestel. Vgl. O'Connell, a.w., bl.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



87-88; Elton, a.w., bls. 247-248.

60. Kidd, a.w., bls. 53-113 en Lindsay, a.w., bls. 564-600 gee goeie oorsigte oor die agtergrond van, en gebeure tydens die Konsilie, terwyl Seeberg, a.w., bls. 427-449, die dogmatiese resultate goed uiteensit.

61. Lindsay, bl. 112.

62. Vgl. Seeberg, bl. 446: "*Al het die verdedigers van die ou kerk die definisie van die kerk tereg in die middelpunt van die gesprek geplaas (vgl. bv. Eck se Loci) is dit tog by Trente as verstandig beskou om liewer nie 'n volle diskussie van hierdie onderwerp te hou nie.*"

63. Nie alleen het die pouslike afgevaardigdes die sittings oorheers nie, maar verslae is weekliks aan die pous voorgelê vir goedkeuring. Die pous se pakkie het gewoonlik op 'n Vrydag aangekom, en as dit vertraag is, is ook die besprekings vertraag. In 1562 het daar dan ook 'n ligsinnige gesegde ontstaan, naamlik dat die Heilige Gees in die tassie waarin Hy gepak is, al weer laat is. Vgl. Van den Bosch, JW, in Van Itterzon/Nauta, a.w., bls. 165-166.

64. Vgl. Latourette, a.w., bl. 871.

65. A.w., bl. 95.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



66. A.w., bl. 118.

67. Vgl. bv. artikels 2, 5 en 7 van die NGB.

68. Tydens sessie 4: Seeberg, bl. 431.

69. Latourette, a.w., bl. 845, wys op die interessante feit dat Calvyn se bekende Institusie in dieselfde tyd, en in dieselfde agtergrond begin groei het. Hoewel die twee boeke van mekaar verskil - die een is 'n teologiese werk, en die ander 'n gids vir die persoonlike geloofslewe - is daar baie ooreenkomste ten opsigte van doelstelling. Albei stel die heerskappy van God voorop; albei lê groot klem op die versoeningswerk van Christus; en albei beklemtoon dat 'n mens slegs volheid van lewe kan vind deur Christus, en deur 'n volkome toewyding aan sy wil. Latourette sluit sy oorsig so af: "*Al was hulle intens teenoor mekaar gestel, was Calvyn en Loyola in hulle diepste oortuigings baie dieselfde.*"

70. Kidd, a.w., bl. 26, gee die name van die nege.

71. Idem, bl. 28.

72. A.w., bl.848.

73. Vgl. Kidd, a.w., bls. 30-31.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



74. Idem, bl. 33.

75. Van den Bosch, a.w., bl. 149.

76. Die Inkwisisie het in verskillende vorms reeds vanaf die 14de eeu sporadies bestaan. In Spanje in die 15de eeu het dit egter gefloreer. Onder invloed van die Spanjaard Carlos Caraffa het pous Paulus III op 21 Julie 1542 met die bul "*Licet ab initio*" die beginsels van die Inkwisisie as beleid aanvaar. Onder Paulus III (1534-1549) en Julius III (1550-1555), albei gematigde pouse, was die Inkwisisie beperk. Caraffa self het Paulus IV (1555-1559) geword (volgens selfs die nugterste beskrywings was hy geestelik versteurd tydens sy bewindstyd), en onder hom was die vervolgings verskriklik. Gelukkig is hy opgevolg deur Pius IV (1559-1565), 'n gematigde mens. Vgl. Kidd, a.w., bls. 39-52.

77. Vgl. hierbo, par. 2.1.

78. <u>The Word of God and tradition,</u> bl. 22.

79. Elton, a.w., bls. 94-95.

80. <u>Bainton, R: Here I stand,</u> bls. 262-263.

81. Inst., IV/1/13.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



82. Van Langeraad, a.w., bl. 16.

83. A.w., bl. 124.

84. Idem. 'n Mooi en bondige oorsig van die sewe belangrikste Doperse radikale groepe, met hulle belangrikste kenmerke, is te kry by Balke, W: Calvijn en de Doperse Radikalen, bls. 2-3.

85. Latourette, a.w., bl. 786.

86. Idem, bl. 782.

87. Williams, GH en AM Mergal: Spiritual and Anabaptist writers, bl. 20. Williams onderskei die eerste twee groepe nog verder, naamlik die evangeliese, rewolusionêre en peinsende ("*contemplative*") Anabaptiste, en die evangeliese, rewolusionêre en rasionele Spiritualiste: bls. 28-34.

88. Verduin, Leonard: The Reformers and their stepchildren, bls. 16-17.

89. Vgl. idem, bl. 19.

90. Vgl. Lindeboom, J: Stiefkinderen van het Christendom, bls. 5-6. Lindeboom beskryf die Wederdopers by name as 'n klassieke voorbeeld van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ongebonde uitbarstings van geestelike anargie wat deur die wêreld beleef word waar die fanatieke entoesiasme en die libertinisme saamval: bl. 6.

91. Van't Spijker, W: Doop in plaats van besnijdenis, bls. 22-26.

92. Idem, bl. 24.

93. Idem.

94. Idem, bl. 25.

95. Lindeboom, a.w., bl. 232.

96. Balke, a.w., bl. 4, toon aan dat daar 'n sterk groep geleerdes is, veral die Amerikaanse skool van Harold S. Bender, wat bogenoemde verskil in die ekklesiologiese opvattings sien as die hoofrede vir die verdeling tussen die groepe.

97. Reeds voor 1524 het Storch en Stübner te Wittenberg verklaar dat "*ein Mann höheren Geistes als Luther*" nodig was: Lindeboom, a.w., bl. 233.

98. Bainton, a.w., bl. 243. Bainton wys daarop dat Luther se uitsprake die weg geopen het na *caeseropapisme* - al was dit nie sy doel nie. Hieronder, par. 6.1.2.1,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word in meer besonderhede ingegaan op Luther se siening oor die regering van die kerk.

99. Idem, bl. 277.

100. Balke, a.w., bl. 2; vgl. De Jong, Otto J: in Weiler, De Jong, Rogier en Mönnich: Geschiedenis van de kerk in Nederland, bl. 92.

101. Reeds in die Institusie van 1536, en konsekwent in sy latere geskrifte. Vgl. Balke, a.w., bl. 59.

102. Idem.

103. Vgl. idem, bls. 41-42.

104. Vgl. hierbo, par. 2.1.

105. Onder die leerstellings was die verskil in die siening van die kerk die belangrikste, en in die praktyk het dit die meeste probleme geskep. Die ander verskille, bv. oor die sakramente en openbaringsnorme, is almal in die praktyk gefokus in die verskil oor die ekklesiologie.

106. Lindeboom beskryf bv. hoedat Luther en Müntzer nie kon klaarkom nie, en dat laasgenoemde "*'n kwaaijong-agtigheid sonder veel beminliks*" gehad het, en ook klein-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lik en egosentries was: a.w., bls. 232-233.

107. Calvyn, bv., het die Anabaptiste as intellektueel minderwaardig beskou: vgl. Nijenhuis, W: Calvinus Oecumenicus, bls. 253-258.

108. Durnbaugh toon aan dat daar met reg onderskei kan word tussen 'n "kerktipe" en 'n "sektetipe". Eersgenoemde hou vas aan tradisies en neig na die rasionele en institutionele, terwyl die "sekte-tipe" vashou aan die Heilige Gees alleen, en geneig is tot indiwidualisme en mistisisme. Die ideaal is 'n gesonde balans, maar volgens Durnbaugh neig die klassieke Protestantisme meer na die institusionele, terwyl die Radikales meer na die indiwiduele oorhel: Durnbaugh, Donald F: The believer's church, bl. 31.

109. Vgl. Williams, GH: a.w., bl. 19.

110. 'n Klassieke voorbeeld van die Hervormers se reaksie teenoor die twee groepe is die NGB waar De Bres voortdurend (soos ook Calvyn in sy Institusie) polemies teen sowel Doperse as Roomse standpunte stelling inneem.

111. A.w., bl. 9.

112. Vgl. Williams, a.w., bl. 25.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



113. Eintlik sou dit beter wees om konsekwent te praat van "*die Nederlande*", die naam wat sedert die begin van die sestiende eeu gebruik is vir die versameling van hertogdomme, graafskappe en bisdomme wat in die noord-westelike hoek van die Heilige Romeinse Ryk geleë was. Vgl. De Klerk, P: a.w., bl. 155.

114. Idem.

115. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl.2. Doornik self het 'n eie parlement, en dus 'n aansienlike mate van outonomie, behou. Die goewerneur, deur die koning benoem, het gewoonlik tot die Nederlandse adel behoort, en was sowel die militêre, siviele en juridiese hoof van die stad en die omringende gebied.

116. Par. 2.2.1.

117. Die bynaam is deur die Spaanse volk aan hom gegee omdat hy baie regverdig was in juridiese aangeleenthede: vgl. O'Connell, a.w., bl. 58.

118. O'Connell, bl. 56.

119. Onder meer in Nederland: vgl. sy brief aan die landvoog in 1566 waarin hy vereis dat die bepalings gepubliseer en sonder versuim toegepas moet word: aangehaal deur Lindsay, a.w., bl. 247.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



120. O'Connell, a.w., bl. 57.

121. Die staatsraad vir buitelandse en binnelandse aangeleenthede, die raad vir finansies, en die geheime raad vir juridiese sake: vgl. Lindsay, a.w., bl. 243.

122. Lindsay, bl. 244, toon uit De Granvelle se korrespondensie aan hoedat hy 'n onderdrukkende beleid moes uitvoer waarmee hy nie kon saamstem nie.

123. Vgl. O'Connell, a.w., bl. 66.

124. Idem.

125. <u>Chadwick, Owen: The Reformation,</u> bl. 136. Chadwick wys verder op die opvallende feit dat, hoe vyandiger die staat was, hoe groter was die waarskynlikheid dat die Protestante Calviniste was, aangesien die Calvinisme 'n ampstruktuur kon daarstel wat los van die staatsgesag kan funksioneer.

126. Vgl. Latourette, a.w., bls. 762-763.

127. Vgl. <u>Post, RR: Handboek van de Kerkgeschiedenis, III,</u> bls. 76-78.

128. Idem, bls. 78, 83.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



129. Weiler, AG, in Weiler, De Jong, Rogier en Mönnich: Geschiedenis van de Kerk in Nederland, bls. 73-74.

130. Idem, bl. 74.

131. Post, a.w., bl. 84, vgl. bl. 128.

132. Idem, bl. 85.

133 Idem, bl. 133.

134. Van Itterzon, a.w., bl. 120.

135. De Jong, OJ, in Weiler e.a.: a.w., bl. 86.

136. Idem, bl. 87.

137. Idem, bls. 91-92.

138. Vgl. De Vries, OH: Leer en praxis van de vroege Dopers, wat 'n goeie oorsig gee van die sewe belangrikste leiers van die tydperk 1524-35.

139. Post, a.w., bl. 203.

140. Idem, bls. 204-205.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



141. A.w., bl. 96.

142. Idem, bl. 101.

143. Idem, bl. 100.

144. Post, a.w., bl. 208.

145. De Jong, a.w., bl. 108.

146. Idem, bl. 111 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 3.0 DIE REFORMATORIESE BELYDENISSE VAN DIE SESTIENDE EEU

De Bres het, soos ons gesien het, nie in 'n historiese lugleegte gewerk nie. Hy is in 'n meerdere of mindere mate deur die bogenoemde historiese omstandighede beïnvloed. Teologies gesproke het hy ook nie in 'n lugleegte gewerk nie, maar is beïnvloed deur die teologiese denke van sy tyd. Sy teologiese besinning het neerslag gevind in 'n belydenis, en in die opsig was hy nie 'n unieke figuur nie. Sy belydenis was een van baie wat in die sestiende eeu ontstaan het. Na sommige is reeds verwys, maar om die prent volledig te kry, volg nou 'n lys van die belangrikste belydenisskrifte van die sestiende eeu. [1] In die proses gaan ons probeer bepaal in hoeverre De Bres se gedagtes verteenwoordigend is van die reformatoriese denke in die algemeen, en dan spesifiek in verband met die denke oor die kerk.

## 3.1 LUTHERSE BELYDENISSKRIFTE

### 3.1.1 Luther se Kategismusse (1529)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens sy besoeke aan die kerke in Sakse (1527-29) het Luther diep onder die indruk gekom van die swak geestelike toestand en gebrekkige godskennis van die Duitse volk. [2] Hy het daarop sy *Groot Kategismus* geskryf, maar die opset was te breed vir algemene gebruik. Hy het dit toe gereduseer tot die *Klein Kategismus*. Laasgenoemde werk, ook bekend as die *Enchyridion*, word tot vandag toe gebruik, terwyl die Groot Kategismus feitlik bloot historiese waarde het. [3]

Die Klein Kategismus bestaan uit vyf dele: die Tien Gebooie, die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Ons Vadergebed, die Doop, en die Nagmaal. [4] Oor die kerk word slegs gesê (in deel 2): "*Ek glo dat ek nie uit eie vernuf of krag aan Jesus Christus my Here glo of tot Hom kan kom nie, maar die Heilige Gees het my deur die Evangelie geroep ... net soos Hy die ganse Christendom op aarde roep, versamel, verlig, heilig en by Jesus Christus hou in die regte, enigste geloof, in watter Christenheid Hy my ryklik vergewe.*" [5]

### 3.1.2 Die Confessio Augustana (1530) [6]

Met hierdie werk, ook bekend as die Augsburgse Belydenis, begin die tradisie van Reformatoriese belydenisse in werklikheid. Dit is opgestel deur Philip Melanchton, en met volle goedkeuring deur Luther. Ook bekend is die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Apologie van die Augsburgse Belydenis*, die sogenaamde *Apologia*, die stuk waarmee Melanchton die Roomse teoloë se *Confutatio* geantwoord het.

Die CA het 'n voorwoord en 'n epiloog, [7] en bestaan uit twee dele: in die eerste deel, wat uit 21 artikels bestaan, word aandag gegee aan leerstellige sake; en die tweede deel, waarin seremonies en instellings in 7 artikels behandel word, is meer apologeties. [8] Die gees is besonder gematig, en die CA is uiteindelik deur al die Hervormers, ook Calvyn, aanvaar en onderteken. [9]

Die kerk word behandel in deel 1, artikels 7 en 8. In artikel 7 word die ware kerk omskryf: "*Die kerk is die vergadering van die heiliges (versameling van al die gelowiges), waarin die Evangelie reg (suiwer) gepreek word, en die sakramente reg (volgens die Evangelie) bedien word.*" Vervolgens word gemeld dat die eenheid van die kerk nie afhang van menslike tradisies of seremonies nie, maar dat dit "*Voldoende is om saam te stem oor die leer van die Evanelie en die bediening van die sakramente.*" [10]

In artikel 8 ("*Wat die kerk is*") word erken dat in die ware gemeenskap van heiliges "*baie skynheiliges en baie vermenging is*". Teenoor die "*Donatiste en soortgelykes*" word gestel dat "*die sakramente en die Woord effektief is as gevolg van die instelling en bevel van Christus, al*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*sou hulle deur slegte mense uitgedeel word.".* [11]

In artikel 14 (" *Oor die kerklike orde*") word sonder kommentaar genoem dat die tradisionele kerk leer dat niemand openlik in die kerk mag leer "*tensy hy behoorlik daartoe geroep is nie*", en in artikel 11 ("*Oor die kerklike rites*") word sekere feesdae as menslike instellings verklaar, en word genoem dat dit nie aangebied moet word as sou dit vir die saligheid noodsaaklik wees nie. [12]

In deel twee van die CA word spesifieke gebruike in die Roomse Kerk behandel in die lig van die unieke gesag van die Woord en die voorwaardes soos in artikel 7 van deel 1 bepaal. Veral in artikel 7 van deel 2 ("*Oor die bevoegdheid van die kerk*") word beklemtoon dat die biskoppe hulle gesag oorskry het - veral deurdat hulle "*die mag van die kerk en die mag van die swaard vermeng het.*" [13] 'n Uiteensetting van 'n korrekte institutêre orde word nêrens in die CA gegee nie.

### 3.1.3 Ander Lutherse belydenisskrifte

Hieronder kan genoem word

1. Die *Articuli Schmalcaldici* (1537), deur Luther opgestel. Die gees is onbeskaamd antipapisties, en adem 'n totaal ander gees as die ireniese CA. [14] Dit het nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besondere uitsprake oor die kerk nie.

2. Die *Formula Concordia* (1576, gepubliseer in 1580) is vir ons doel van minder belang aangesien dit na die NGB ontstaan het, en 'n poging was om eensgesindheid te kry onder die Lutherane na die dogmatiese stryde. [15]

3. Die *Articuli Visitarii* (1592), beter bekend as die *Saksiese Visitasieartikels*, is slegs van belang "*as 'n gekondenseerde en gesaghebbende verklaring van die verskille tussen ortodokse Lutheranisme en Calvinisme in verband met die leerstellings van die sakramente, die persoon van Christus, en die uitverkiesing.*" [16]

## 3.2 GEREFORMEERDE BELYDENISSKRIFTE

### 3.2.1 Vroeë Belydenisskrifte

Hieronder kan genoem word:

1. Vier geskrifte wat deur Zwingli opgestel is en wat as "belydenisskrifte" beskryf kan word, naamlik Die *67 Artikels* (1523), die *Theses Bernenses* (1528), die *Fidei Ratio* (1530, ook bekend as die Belydenis aan Karel V), en die *Fidei Expositio* (ook bekend as die Belydenis aan Frans I). [17]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Die *Confessio Tetrapolitana* (1530), opgestel deur Bucer. Dit kom in hooftrekke ooreen met die CA. [18]

3. Die *Confessio Fidei Basiliensis Prior* (1534), ontwerp deur Oecolampadius en bygewerk deur Myconius. Dit is in die gees van Zwingli opgestel. [19]

### 3.2.2 Die Confessio Helvetica Prior (1536)

Dit is opgestel deur Bullinger, Myconius en ander, en is die eerste Gereformeerde belydenis wat nasionale gesag in Switserland verkry het. [20] Dit bestaan uit 27 artikels, [21] en is wesenlik Zwingliaans, alhoewel artikel 23 (oor die nagmaal) tekens toon van 'n versoenende gees teenoor die Lutherane. [22]

Die kerk word behandel in artikel 15. Tipies Zwingliaans word die hoofklem gelê op die kerk as "*versameling van Christus*" wat "*slegs vir oë van God oop en bekend is*", maar wat nogtans herken kan word aan sekere "*uiterlike tekens, gebruike en verordeninge wat deur Christus self ingestel en verorden is.*" Die tekens word nie by name genoem nie, maar dit word genoem dat hulle in Gods Woord te vind is, en deur legitieme tug toegepas moet word. [23]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.2.3 Belydenisskrifte van Calvyn

Calvyn het drie stukke opgestel wat as belydenisskrifte beskou kan word, naamlik

1. Die *Catechismus Genevensis* (1536, meer bekend in sy bygewerkte vorm van 1542), 'n uitgebreide werk met die kategese as uitgangspunt. Dit is gebou om die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Tien Gebooie en die Ons Vadergebed. Dit was die grondslag vir latere kategismusse, waarvan die Heidelbergse Kategismus en die Westminister Confession die belangrikste is, en wat die Genevensis prakties vervang het. [24]

2. Die *Consensus Tigurinus* (1549), ook bekend as die *Züricher Consensus*, het ontstaan na onderhandelinge tussen Calvyn en Bullinger na aanleiding van 'n hernieude skerp aanval deur Luther op die nagmaalsleer van die Zwingliane in 1546. Dit het gelei tot finale versoening tussen die twee partye onder die Switserse Gereformeerdes. [25]

3. Die *Consensus Genevensis* (1552), wat alleen handel oor die predestinasie.

### 3.2.4 Die Confessio Helvetica Posterior (1566)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is opgestel deur Bullinger, wat ook die vernaamste opsteller van die Confessio Helvetica Prior was. Dit is "*van al die kontinentale Gereformeerde simbole, met die uitsondering van die Heidelbergse Kategismus, die een wat die wydste aanvaar en gevolglik die gesaghebbendste is.*" [26] Dit is 'n teologiese geskrif eerder as 'n populêre geloofsbelydenis, en die Calvinistiese gees oorheers. [27] Dit bestaan uit 30 hoofstukke. [28]

Die kerk word in artikel 17 behandel ("*Oor die algemene en heilige kerk van God, en die enigste Hoof van die kerk*"), en die ampte in artikel 18 ("*Oor die dienste van die kerk, asook die institusies en ampte*"). Daar word pertinent verwys na artikels 7, 8 en 14 van die CA.

Die bestaan van die kerk word gefundeer in die wil van God wat van die begin af wou hê dat mense gered moes word. Daarom bestaan die kerk "*nou, en tot die einde van die wêreld*" as "*'n versameling van gelowiges wat uit die wêreld uitgeroep is, heiliges, dit wil sê die gemeenskap van almal wat die ware God opreg in Christus die Verlosser deur die Woord en die Heilige Gees ken en dien, en wat deur die geloof deel aan al die goeie dinge wat vryelik deur Christus gebied word*" (artikel 17.1). Daar is slegs een God, een Middelaar, een Gees, een redding, een geloof; en daarom is daar net een kerk "*wat universeel is, en wat versprei is deur alle dele van die wêreld, en uitgebrei tot alle tye, en wat nie beperk is*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*tot enige tye of plekke nie.*" Die Roomse kerk se aanspraak om die enigste ware kerk te wees, word gevolglik by name verwerp (17.2). Onderskeid word gemaak tussen die *ecclesia militans* en die *ecclesia triumphans*, maar dit bly een kerk (17.3). Hierdie kerk is die huis van God, en kan nie fouteer nie solank dit "*op die rots Christus rus, en op die fondament van die profete en apostels.*" Dit fouteer egter wanneer dit daarvan afwyk (17.5).

Die kerk het slegs een Hoof, Jesus Christus (17.6). Gevolglik word die Roomse kerk se aanspraak van die pous as hoof van die kerk, verwerp (17.7). Deur hierdie aanspraak te verwerp, word nie gepleit vir ordeloosheid nie. God se oproep om orde in sy kerk (1 Kor. 14:33) word pertinent onderskryf (17.8-10).

Die gemeenskap met die ware kerk word vereis, en dit word gestel dat daar buite die kerk geen saligheid is nie (17.13). Die "*ware aanbidding van God*" kan, soos in die tyd van Elia, soms verberg wees, maar God ken nog sy kerk. In diè sin kan gepraat word van 'n onsigbare kerk (17.15). Dit word erken dat daar in die kerk baie skynheiliges is, en hulle sal uiteindelik uitgewys en afgesny word. Hierdie feit tas egter nie die wese van die kerk aan nie (17.16).

Artikel 17 sluit af met die beklemtoning dat die waarheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en eenheid van die kerk nie in die aanvaarding van seremonies en uiterlike rites te vind is nie, maar in die goddelike Woord, saamgevat in die Apostoliese Geloofsbelydenis (17.17).

In artikel 18 word gereageer op die Roomse ampsbegrip, en die gelyke gesag en opdrag van alle ampsdraers word duidelik gestel. Vier ampte word gestel: "*opsieners, ouderlinge, herders en doktore*" (18.5).

Opvallende kenmerke van die artikels oor die kerk in die Helvetica is die ooreenkoms met die kerkbegrip van Calvyn, en die apologie teenoor die Roomse kerk en die Anabaptiste (soms bedektelik Donatiste genoem). [29]

### 3.2.5 Die Heidelbergse Kategismus (1563)

In opdrag van keurvors Frederik III van die Paltz het Zacharias Ursinus, bygestaan deur Caspar Olevianus, die Kategismus opgestel. Die direkte oorsaak was weer eens 'n stryd oor die *praesentia realis* in die nagmaal. Tilemann Heshusius, een van Melanchton se latere groot teenstanders, het as *Generalsuperintendent* [30] 'n diaken wat die Zwingliaanse standpunt gehuldig het, geëkskommunikeer en uiteindelik selfs met die nagmaalsbeker by die altaar getakel. [31] Die keurvors se opdrag was 'n poging om duidelikheid te kry oor die ware

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



evangeliese leer, en om gevolglik eensgesindheid tussen verskillende Protestantse strominge te probeer bereik.

Daar is reeds gewys op die Kategismus se verbintenis met Calvyn se *Catechismus Genevensis*, maar die indeling en opset kom van Ursinus self. In drie dele, naamlik oor sonde, verlossing en dankbaarheid, word leerstellige sake in 'n eenvoudige vraag-antwoordskema behandel. [32] Soos by ander kategismusse kom die Tien Gebooie, die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Ons Vadergebed en die sakramente aan die orde, maar by die Heidelberger is dit ingevleg in 'n organiese sisteem en staan nie meganies gekoördineerd langs mekaar nie.

Die kerk word behandel in vrae 54 en 55. [33] In vraag 54 word die kerk gekoppel aan die werk van die Seun van God, wat "*deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou ...*" Tiperend van die HK is die daaropvolgende woorde, naamlik "*... en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.*" [34]

In vraag 55 word oor die gemeenskap van die gelowiges gestel dat elke gelowige deel het aan Christus se gawes, en elkeen moet sy gawes gebruik tot voordeel van die ander.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.2.6 Die Confessio Fidei Gallicana (1559)

Ons het reeds aandag gegee aan die omstandighede rondom die ontstaan van die belydenis, en gaan dus nie weer daarop in nie. [35] Dit is genoeg om net daarop te wys dat die direkte aanleiding die leerstellige verskille was wat in 1558 in Poitiers ontstaan het. Daar is in Poitiers gevoel dat 'n algemene geloofsbelydenis opgestel moet word, en Calvyn is genader om so 'n stuk op te stel. Hy wou eers nie, veral omdat hy teen die gedagte van 'n belydenis vir die hele kerk gekant was, maar het uiteindelik tog drie afgevaardigdes met 'n konsep gestuur. [36] Hierdie konsep was die grondslag van die *29 articles politiques* van Poitiers van 1558, en ook die grondslag van die CG. Die leraar van Parys, Antoine de Chandieu, het dit vir die Paryse sinode voorberei, en daar is dit tot 40 artikels uitgebrei. [37] Dit is in 1560 saam met 'n treffende begeleidende brief aan koning Frans II voorgelê. [38] By die sewende nasionale sinode van La Rochelle (1571) is dit hersien en herbevestig, en is gevolglik ook bekend as die *Belydenis van La Rochelle.* [39]

Guy de Bres het die CG gebruik as model vir die NGB. Die artikels wat oor die kerk handel (25-33) vertoon opvallende ooreenkomste met die NGB, maar daar is ook verskille. Nege van die CG se 40 artkels handel oor die kerk, terwyl dit by die NGB gekondenseer is tot 6 uit die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



37. Die CG se aanslag is meer polemies, en die "*fantastiques*" word "verfoei" (XXV). Al die belangrike temas wat in die CG behandel word, kom in die NGB voor, maar die NGB se behandeling van die kerk as een, algemene, ewige kerk, deur God gewil en gedra, is opvallend afwesig in die CG waar bloot klem gelê word op die feit dat Christus slegs deur die Woord geken kan word, en dat daar gevolglik leraars in die kerk moet wees (XXV). In die geheel staan die NGB se uiteensetting van die kerk op 'n hoër peil as die van die CG. In die ontleding van die NGB se artikels oor die kerk sal die ooreenkomste en verskille telkens aandag kry, en word gevolglik nie hier volledig weergegee nie. [40]

3.2.7 <u>Die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561)</u>

Die belydenis word hier volledigheidshalwe genoem. Dit kry later meer volledige aandag. [41]

3.2.8 <u>Die Skotse belydenisse</u>

1. Die *Confessio Scotiana Prior* (1560) is deur John Knox, bygestaan deur ander Protestantse predikante, opgestel op versoek van die Skotse parlement wat so 'n stuk wou hê. [42] Dit bestaan uit 25 artikels met 'n kort voorwoord. "*Dit vertoon 'n helder, vars en kragtige*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*samevatting van die ortodokse Gereformeerde leer soos dit toe algemeen aanvaar is deur die Protestante in Engeland, Switserland, Frankryk en Holland."* [43]

Die kerk word behandel in artikel 16. Sake wat beklemtoon word, is die eenheid, ewigheid en onsigbaarheid van die kerk, bestaande uit mense wat deur God gekies is en wat Hom "*opreg aanbid en omhels deur ware geloof in Christus Jesus.*" Jesus is die enigste Hoof van die kerk, en almal moet deelneem aan die kerk. In artikel 18 word ware evangelie- en sakramentsbediening, asook kerklike dissipline, aangedui as merktekens waarmee die ware kerk herken kan word. In artikel 20 word die "*general Council*" as hoogste gesag van die kerk bely, egter steeds onder gesag van die Woord, maar daar is verder geen voorskrif ten opsigte van 'n spesifieke vorm van kerkregering nie.

2. Die *Confessio Scotiana Posterior* (1581) is opgestel deur John Craig. Dit is 'n byvoegsel by die *Prior* waarin die "*Roomse antichris*" in sterk taal veroordeel word.

3.2.9 <u>Die "39 Articles of the Church of England" (1563 en 1571)</u>

Die omstandighede waarin hierdie stuk ontstaan het, is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reeds behandel. [44]

Die kerk word behandel in artikel 19. Daar word slegs gepraat van die sigbare kerk as versameling van gelowiges waarin die suiwer Woord van God gepreek en die sakramente reg bedien word, en dat die kerke van Jerusalem, Alexandrië, Antiochië en Rome gedwaal het in seremonies en geloofsake. In artikel 20 word gestel dat die kerk gesag het om rites en seremonies voor te skryf, en om op te tree in kontroverse oor geloofsake. Sy gesag is egter altyd ondergeskik aan die Woord. In artikel 21 [45] word bepaal dat die konsilies slegs met toestemming van die prinse byeengeroep kan word. Die konsilies het slegs bevoegdheid om op te tree volgens die Heilige Skrif. In artikel 23 word bepaal dat slegs manne wat deur diegene wat algemene bevoegdheid in die gemeente ontvang het, daartoe gestuur of geroep is, mag preek of die sakramente bedien. 'n Spesifieke ampstruktuur word nërens in die *39 Articles* gegee nie.

### 3.2.10 <u>Ander Reformatoriese belydenisse</u>

Bogenoemde is die belangrikste Reformatoriese belydenisse van die sestiende eeu. Hulle was lank nie die enigste nie, maar omdat die ander nie groot inslag gehad het nie, bespreek ons hulle nie hier nie. [46]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.2.11 Die Dordtse Leerreëls (1618/1619)

Hierdie belydenisskrif, ook bekend as "*Die Vyf Artikels teen die Remonstrante*" verdien ook nog aandag. [47] Dit is opgestel en goedgekeur by die nasionale sinode van Dordrecht, 1618-19. Die sinode is deur die State-Generaal saamgeroep met die doel om 'n einde te maak aan die stryd in die Gereformeerde kerke, veral in Nederland, tussen die Arminiane en die Gomariste. [48] Die *Canones* of *Iudicium* van die sinode bestaan uit vyf artikels waarin telkens eers die standpunt van die "regsinnige leer" gegee word, en dan die "dwaling" van die Remonstrante wat verwerp word. Elkeen van die artikels is op 23 April 1619 deur elkeen van die afgevaardigdes onderteken. Dit is in drie tale opgestel: Latyn, Hollands en Frans, en is in al drie vorms opgeneem in die acta van die sinode. [49]

Die artikels handel uitsluitlik oor die leerstuk van die uitverkiesing, maar in hoofstuk 2, artikel 9, word 'n baie belangrike verklaring in sake die kerk gemaak. Nadat beklemtoon is dat die gelowiges in Christus 'n onherroeplike verlossing verkry het (artikel 8), word gesê:

"*Ten slotte dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar, en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem.*

*9. Hierdie raadsbesluit is die gevolg van God se ewige*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*liefde vir die uitverkorenes. Die besluit word van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragdadig uit-gevoer ondanks die vergeefse verset van die magte van die doderyk. Hierdie besluit sal steeds uitgevoer word, sodat die uitverkorenes op die regte tyd in een liggaam vergader sal word. Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet sy Verlosser, wat sy lewe aan die kruis vir die kerk gegee het - soos 'n bruidegom sy lewe vir sy bruid sal gee - standvastig liefhê en Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid liefhê."*

Dit is belangrik om daarop te let dat daar by die sinode nie net afgevaardigdes uit Nederland was nie, maar afge-vaardigdes of verteenwoordigers uit al die Gereformeerde kerke van die tyd. Wat dus in DL 2/9 van die kerk gesê word, was die heersende mening van die Gereformeerde Kerk van die tyd. Die sentrale insig is dat die kerk die resultaat is van die uitverkiesing. Die kerk se bestaan is nie afhanklik van die geloof al dan nie van mense nie. "*Daar sal altyd 'n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus,*" en "*die uitverkorenes (sal) op die regte tyd in een liggaam vergader word.*" Die volg-orde is dus: God se raadsplan - uitverkiesing/kerk - gelowiges. [50]

## 3.3 DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.1 Rondom 1561

Ons het reeds gesien dat die NGB opgestel is deur Guido de Bres, en op 1/2 November 1561 aan die wêreld bekendgestel is. [51] De Bres het dit opgestel as 'n verweerskrif om aan koning Filips II te laat sien dat die godsdiens wat deur die Calviniste bely word, geen aanleiding kon gee tot die misdade waarvan hulle deur hulle vyande beskuldig is nie. [52] Hy het egter nie in sy doel geslaag nie. Self moes hy uit Doornik vlug, en die kommissarisse het uitgevind waar hy gebly het. Die tuinhuisie in St. Brixe waar hy gebly het, het op 10 Januarie 1562 op die een of ander manier aan die brand geraak. Nadat die brand geblus is, het die amptenare sowat tweehonderd eksemplare van die Belydenis in die huis gevind, en verder baie boeke, onder meer van Calvyn en ander Hervormers, preke, notules, briewe (onder meer een van Calvyn) en baie ander geskrifte. [53] Met hierdie ontdekking is alle twyfel uit die weg geruim oor die identiteit van die opsteller van die stukke wat oor die kasteelmuur gegooi is. Op bevel van die landvoog is die stukke verbrand. [54]

De Bres het uit Doornik na Frankryk gevlug. [55] Daar het hy in Amiens, Dieppe en Mondenier gewerk tot Julie 1566, maar het in die tyd dikwels gemeentes in Nederland besoek. Hy het veral 'n besondere verantwoordelikheid teenoor Antwerpen gevoel, [56] die stad waarheen hy in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Julie 1566 teruggekeer het. In 1566 het hy via Doornik na Valenciennes vertrek waar hy saam met twee ander predikante, Peregrin de la Grange en Jehan Cateaux, aan die hoof gestaan het van die Calvinistiese groep in die stad. Die Gereformeerdes het teen die landvoog in opstand gekom. Op 24 Augustus was daar 'n groot beeldestorm, en verdere verset het daarna gevolg, [57] en Margarethe se leërs het die stad vanaf die middel van Desember begin beleër. Die stad het oorgegee op 23 Maart 1567, en die landvoog het opdrag gegee dat De Bres en De la Grange opgehang moes word. Hulle het egter ontvlug, maar is in St. Amand gevang en geboeid na die kasteel in Doornik gebring - dieselfde kasteel waar De Bres sy Belydenis aan die wêreld bekendgestel het. Op 16 April is hulle na Valenciennes oorgeplaas waar hulle verhoor, veroordeel en om sesuur die oggend van 31 Mei 1567 opgehang is. [58]

### 3.3.2 <u>Die NGB 1561-1619</u> [59]

Die NGB het op vier maniere bekend geword: [60]

1. Die bekendste is die rapport deur die kommissarisse aan die landvoog oor die vonds van die pakkie waarin die gedrukte *Confession de Foy* op die oggend van 2 November 1561 by die kasteelpoort gekry is; [61]
2. In dieselfde rapport noem die kommissarisse dat hulle dieselfde boekie reeds op 15 Oktober in die huis van Jean du Mortier gevind het; [62]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Tydens die *chanteries* van 29 en 30 September 1561 is die boekie op straat onder lede van die Gereformeerde gemeente versprei; [63]
4. Op 10 Januarie 1562 is 200 kopieë in De Bres se woning gekry. [64]

Slegs twee kopieë van die oorspronklike druk van die *Confession de Foy* is tans bekend. Een is in die Koninklike Biblioteek van Den Haag, en die ander in die Beierse Staatsbiblioteek te München. [65] Dit is reeds in 1562 in Nederlands vertaal, en is verskeie kere herdruk en hersien. [66] Dit is nie by die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerk in Mei 1566 nie, maar by die een van Julie/Augustus 1566 te Antwerpen aangeneem as geloofsuitdrukking van die Kerk - met dien verstande egter dat daar nie aan gedink moet word as 'n "*canon fidei*" nie. [67] Eers by die sinode van Emden van 1571 is dit (saam met die Confessio Gallicana) as geloofsbelydenis onderskryf "*om die eendragtigheid in die leer tussen die Nederlandse kerke te bewys.*" [83] Klein aanpassings is deur die sinodes van Antwerpen van 1566 en 1580 aan die teks aangebring, maar die weergawe wat in 1618/1619 voor die sinode van Dordrecht gedien het, was weinig meer as net 'n herdruk van die uitgawe van 1562.

Die sinode van Dordrecht het in sy 144ste tot 146ste sessies oor die Geloofsbelydenis gehandel. Die algemene

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oordeel was dat "*in hierdie konfessie geen leerstuk inbegrepe is wat met die waarheid wat in die Heilige Skrif uigedruk word, in stryd is nie; maar inteendeel dat alles met die genoemde waarheid, en met die konfessies van ander Gereformeerde Kerke wel saamstem.*" [69] By die 173ste sitting, 24 Mei 1619, is die Nederlandse en Franse teks (op voordrag van die kommissie wat tydens die 155ste sitting aangewys is) met geringe wysigings as outentieke teks aanvaar. Aan Festus Hommius is die opdrag gegee om 'n nuwe Latynse vertaling te maak wat deur die hersieners goedgekeur moes word. [70] Bakhuizen van den Brink wys tereg daarop dat die Latynse teks nie die oorspronklike was nie, en dat dit selfs nie by die sinode van Dordrecht self goedgekeur is nie, en dat dit gevolglik streng gesproke verkeerd is om te praat van die "*Confessio Belgica*". Slegs "*Confession de Foy*" of "*Belydenis van die Geloof*" is die egte titels. [71]

Dit is belangrik om daarop te let dat die outentisiteit van die NGB nie afhang van die mate waarin dit ooreenstem met die oorspronklike geskrif van De Bres nie. Deurdat dit deur die kerk (in diè geval = die Nederlandse Gereformeerde Kerk) as belydenisskrif aanvaar is, en gebruik word as belydenisskrif van die kerk, is die teks soos deur die kerk aanvaar die outentieke teks waarmee gewerk moet word. [72]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

### 3.3.3 Inhoud

Die NGB bestaan uit 37 artikels. Dit word voorafgegaan deur 'n brief aan koning Filips II van Spanje (nie 'n deel van die Belydenis nie). Dit kom in breë trekke ooreen met die volgorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Die vertrekpunt is teosentries: dit begin by God en hoe Hy geken kan word (artikels 1-11): wat insluit God en sy openbaring (1-2); die Heilige Skrif (3-7); die Drie-eenheid (8-9); Jesus as God (10) en die Heilige Gees (11). Dan volg artikels oor die skepping, voorsienigheid, val en verlossing (12-17); die verwerping en toeëiening van die heil (18-26); die kerk (27-32); die sakramente (33-35); die owerheid (36) en die laaste oordeel (37).

Besondere kenmerke van die NGB is die ryke mate waarin die Skrif betrek word; die identifisering van die kanon (artikel 4); die uitspraak dat daar twee bronne vir die kennis van God is, naamlik die skepping, ens., en die Bybel; die sistematisering van Wet en Evangelie tussen pneumatologie en ekklesiologie (soos in die CG); die belangstelling in die "twee nature"-leer; die verweefdheid van soteriologie en christologie; die stelling dat kerklike tug 'n wesenskenmerk van die ware kerk is; en die slotartikel oor die ekklesiologie. [73]

Bybelsitate word in die outentieke teks nie in die teks

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

self aangedui nie, maar in voetnote. Die enigste uitsondering is in artikel 2 waar Rom. 1:20 direk aangedui word. As "voorwoord" word ook vyf tekste aangehaal as *"sommige passasies van die Nuwe Testament, waardeur alle gelowiges vermaan word om belydenis van hulle geloof voor die mense te doen."* [74] In die Afrikaanse teks word die Skrifverwysings wat in die outentieke tekste in voetnote gegee word, nie almal aangehaal nie. Waar dit wel gedoen word (hoofsaaklik om direkte Skrifaanhalings te plaas), word dit as deel van die teks aangedui.

### 3.3.4 Die algemene aard van die NGB

JD Barth merk op dat die NGB anders is as die HK. Laasgenoemde "*is 'n meer praktiese leerboek, maar in ons konfessie word die leer van die Waarheid meer volledig bely. Nee, nie los van die praktyk nie. Dit is nie 'n dorre opsomming van die verskillende leerstukke nie, maar die openbaring van die geloof wat in die harte van ons vaders geleef het. Deur die geloof het hulle geleef uit die Woord van God, en kon daarmee die vyand weerstaan. Deur die geloof, wat rus op 'n onwankelbare grond, naamlik die getuienis van God.*" [75]

Die aanslag in Barth se formulering is wel oordrewe vroom, maar hy het nogtans daarmee geslaag om die aard van die NGB goed weer te gee. As apologetiese geskrif

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is dit nie in die eerste plek 'n praktiese leerboek soos die HK nie, en dit is 'n redelik volledige samevatting van die "leer van die Waarheid". Wie die NGB deurlees, kom ook gou agter dat dit beslis nie 'n dorre opsomming van leerstukke is nie, maar 'n polsende uiting van sake wat diep deurleef weergegee word - al is dit op 'n toon wat vir die twintigste eeuse leser ietwat formeel en plegtig klink. Dit is 'n apologetiese geskrif waarin veral teenoor die Roomse kerk en die Doperse groepe standpunt ingeneem word, maar is nie uitgesproke polemies soos byvoorbeeld die Gallicana of die Scotiana Posterior nie. Die oorsig van die geloofsake is heel volledig, die formulering is helder en deurleef, en is 'n goeie samevatting van die Calvinistiese leer. [76] Dit is inderdaad, soos Schaff beweer, *"die beste belydenis van die Calvinistiese leerstelsel, met die uitsondering van die Westminister Confession."* [77]

### 3.3.5 Die belydenis aangaande die kerk

Wat oor die kerk bely word, is primêr saamgevat in artikels 27-32. Artikels 27-29 is teties-leerstellig van aard, en 30-32 kan as regulerend beskryf word.

Artikels 27-29 is die belangrikste gedeelte vir die verstaan van die kerkbegrip van die NGB, alhoewel die beginsels wat in 30-32 vasgelê word, ook deeglike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aandag moet kry. Verder word in die loop van die betoog van sekere ander sake ook stellings gemaak wat verheldérend is vir die kerkbegrip van die NGB. In artikel 5 ("Oor die gesag van die heilige Skrif") word duidelik gestel dat die Skrif sy gesag nie ontleen van die uitsprake van die kerk nie, maar van die inspraak van die Heilige Gees. In artikel 7 ("Oor die volkomendheid van die heilige Skrif") word gewoontes en verordeninge van mense en kerkvergaderings pertinent aan die Skrif ondergestel. In artikel 12 ("Die skepping van alle dinge, veral diè van die engele") word verwys na die duiwels en bose geeste wat "*soos moordenaars loer op die kerk*". Hulle veroordeling word bevestig, maar daar word nie verder oor die kerk gepraat, bv. oor 'n *ecclesia militans/triumphans*-gedagte nie. [78]

In die artikels wat oor die sakramente handel, word ook belangrike stellings gemaak. Van die doop word onder meer bely (artikel 34): "*Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees.*" In artikel 35 ("Die heilige nagmaal") word wedergeboorte en inlywing by die kerk met mekaar verbind: "*Ons glo en bely dat ons Verlosser Jesus Christus die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het."*

Artikel 36 ("Die burgerlike owerheid") noem die kerk nie by name nie, maar implisiet word tog gehandel oor die verhouding tussen kerk en staat. Daar word bely dat die burgerlike owerheid se taak nie alleen is "*om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel."*

Vervolgens beskou ons artikels 27-32 van nader. 'n Kritiese beoordeling word in hierdie stadium nie gedoen nie - daar word slegs gepoog om aan te dui watter temas almal behandel word.

### 3.3.5.1 <u>Artikel 27: Die algemene Christelike kerk</u>

'n Enige, katolieke of algemene kerk word geglo en bely.

Verder word geglo en bely

1. dat hierdie kerk 'n heilige vergadering is van almal wat in Christus glo, hulle saligheid van Hom verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. dat hierdie kerk daar was van die begin af, en tot die einde daar sal wees, omdat Christus 'n ewige koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie;

3. dat hierdie heilige kerk deur God bewaar word teen die woede van hierdie wêreld, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en in die oë van mense lyk asof dit tot niet gegaan het (vgl. die 7 000 in die tyd van Agab);

4. dat hierdie heilige kerk nie geleë is in, gebonde aan, of bepaal tot 'n sekere plek of persone nie. Dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi, maar

5. dit is nogtans met hart en wil, in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof verenig.

Die volgende Skrifverwysings word genoem: Ps. 46:6; Jer. 31:35; Ps. 102:14; Mat. 28:20; 2 Sam. 7:16; Luk. 1:32; Ps.89:37; 110:4; Gen. 22; Rom.11; 1 Kon. 19:18; 2 Tim. 2:19; Luk. 17:21; Mat. 11: 25; Hand. 4:32; Ef. 4:4; 1 Petr. 3:20; Gen. 22:18; Mat. 16:18; Jes. 1:9; Rom. 9:29; Joël 2:32; Hand. 2:21. [79]

Die outentieke Franse en Nederlandse tekste het nie opskrifte bo die artikels nie. Hommius se Latynse teks het as opskrif "*De Ecclesia Catholica S*". [80] Die Afrikaanse teks se opskrif is "*Die algemene Christelike kerk*". [81] Beide is goeie opskrifte omdat dit in die artikel inderdaad om die algemene kerk gaan. Aangesien die eenheid van die kerk ook pertinent bely en omskryf word, sou dit egter beter wees om as opskrif te hê:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"*Die een, algemene kerk.*" Die opskrif sou goedskiks uitgebrei kon word tot "*Die een, heilige, algemene, Christelike kerk*", aangesien ook die attribute van Christelikheid (pertinent) en heiligheid (minder pertinent) aandag kry.

Die artikel kan tematies so gesistematiseer word:

1. Slegs een kerk
2. 'n Katolieke kerk, met
   2.1 voortgaande katolisiteit (kerk van alle tye);
   2.2 ekstensiewe katolisiteit (kerk van alle plekke); en
   2.3 kwalitatiewe katolisiteit (die kerk is waar die Gees saamvoeg). [82]

Onderliggende temas is:

1. Die kerk is objek van geloof ("*Ons glo en bely ... 'n kerk*").
2. Die kerk is die resultaat van God se raadsplan ("*Hierdie kerk was van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie*").
3. Die kerk is gefundeer in God drie-enig:
   1. as oorsaak (Christus as ewige Koning; God bewaar vir Hom)
   2. en gevolg (almal wat in Christus glo; verseël deur die Heilige Gees).
4. Die kerk is heilig (onderdane van Christus, deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



God bewaar).

5. Die kerk voor Pinkster ("*... was daar van die begin van die wêreld af*").

6. Die kerk as versameling/vergadering van gelowiges.

7. Die vereistes vir lidmaatskap ("*... almal wat waarlik in Christus glo ...*").

8. Die sigbare/onsigbare kerk. [83]

### 3.3.5.2 Artikel 28: Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit

Uitgaande van die standpunt dat die kerk 'n versameling van verlostes is waarbuite geen saligheid is nie, word bely dat niemand hom van hierdie vergadering afsydig mag hou nie.

Daaruit volg eerstens dat almal verplig is om daarby aan te sluit en sy eenheid te bewaar deur sy leer en tug te aanvaar, die nek onder die juk van Christus te buig, en mekaar onderling te dien. Verder is dit die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie. Hulle moet by die vergadering aansluit, al sou die regering dit ook verbied.

Die artikel eindig met die bevestiging dat almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God handel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die volgende Skrifverwysings word genoem: Ps. 5:6; 22:23; Ef. 4:12; Hebr. 2:12; Mat. 24:28; Jes. 49:22; 52:11,12; Hand. 4:17,19; Hebr. 10:25; Openb. 17:2; Hand. 17:7 en 18:13.

Tematies kan die artikel so gesistematiseer word:

1. Elkeen is verplig om
    1. hom nie van die ware kerk afsydig te hou nie, en
    2. hom by die ware kerk aan te sluit.
2. Dit moet gedoen word
    1. omdat Gods Woord dit beveel;
    2. omdat daar buite die kerk geen saligheid is nie;
    3. om die eenheid van die kerk te bewaar;
    4. om onder die juk van Christus te buig; [84]
    5. om die broers in die opbou van die geloof te dien
    6. selfs al sou regerings dit verbied.
3. Verder moet elkeen hom afskei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie.

Onderliggende temas is

1. Soos in artikel 27 word die kerk beskou as 'n heilige vergadering. In 27 word meer klem gelê op die geloof van die lede ("... *assemblèe des vrais fideles Chrestiens*" / "*eene Heylige vergaderinge der ware Christgeloovigen*") terwyl hulle verloste status in 28 beklemtoon word ("*l'assemblèe des sauvez*" / "*een versamelinghe der genen, die salig werden*" / "*'n versameling van*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*hulle wat verlos word*"). God se aksie in verkiesing en regverdiging as bepalende inisiëring van die bestaan van die kerk as heilige vergadering, word hiermee bevestig.

2. Die beginsel van *extra ecclesiam nulla salus* word bely.

3. Selftevredenheid word gestel as rede waarom iemand hom van die kerk afsydig hou.

4. Die bewaring van die eenheid van die kerk word hoog geag. Lidmate is immers lede van die een liggaam van Christus.

5. Die gesag van die kerk ten opsigte van leer en tug word beklemtoon. Ter wille van die eenheid van die kerk moet dit aanvaar word.

6. Die gemeenskap van die gelowiges (*lede van die een liggaam, onderlinge opbou*) word beklemtoon.

7. Die kerk as heilige kerk kry aandag (*by die heilige vergadering aansluit, afskei van die wat nie aan die kerk behoort nie*).

8. Die houding in die aangesig van vervolgings word duidelik bely: inskakeling by, en ondersteuning van die kerk, kry prioriteit bo regeringsafkeur.

### 3.3.5.3 Artikel 29: Die kenmerke van die ware en valse kerk

Hierdie artikel is verreweg die langste van die ses wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spesifiek oor die kerk handel. Die volgende word bely:

1. Aangesien "*al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toeëien*" kan en moet uit die Woord van God onderskei word watter kerk die ware kerk is.

2. Dit is nie primêr 'n poging om te onderskei wie in die kerk ware gelowige en wie huigelaar is nie, maar watter vergadering van gelowiges ware kerk, of sekte, is.

3. Die ware kerk kan uitgeken word aan drie kenmerke: wanneer die kerk 1. die evangelie suiwer preek; 2. die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het; en 3. die kerklike tug gebruik om die sondes te straf.

4. Dit word verder omskryf dat die kerk as ware kerk uitgeken kan word wanneer "*almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.*" Niemand het die reg om hom van hierdie kerk af te skei nie.

5. Die lidmate van die kerk kan uitgeken word aan "*die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.*" Hulle is nie sonder swakheid nie, maar stry deur die Gees daarteen, en neem hulle toevlug altyd weer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"tot die bloed, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het."*

6. Die artikel sluit af met 'n beskrywing van die valse kerk: *"dit skryf aan homself en sy besluite meer gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord bepaal het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf."*

Die volgende Skrifverwysings word genoem: Mat. 13; 2 Tim. 2:18,19,20; Rom. 9:6; Ef. 2:20; Joh. 10:4,14; Mat. 28:20; Gal. 1:8; 1 Kor. 11:20; Kol. 1:23; Hand. 17:11; Joh. 18:37; Ef. 1; Joh. 8: 47; 17:20; 1 Joh. 4:2; 3:9; Rom. 6:2; Gal. 5:24, 17; Rom. 7:5; Kol. 1:12; 2:18,19; Ps. 2:3; Openb. 2:9; 17:3; Joh. 16:2.

Die primêre tema wat in hierdie artikel behandel word, is die kenmerke van die ware en valse kerk. Die fokuspunt is die drie kenmerke van die ware kerk, naamlik

1. die evangelie word suiwer verkondig;
2. die sakramente word suiwer bedien soos Christus dit ingestel het; en
3. die kerklike tug word gebruik om die sondaars te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



straf.

Die sekondêre tema is die kenmerke van die ware Christene in die kerk, met ander woorde hoe gesien kan word wie die ware Christene is, en wie huigelaars.

Onderliggende temas is:

1. Die onbevraagtekenbare onderhorigheid van die kerk en sy lidmate aan God en sy Woord; en
2. Die verhouding tussen die heilige lewe van die lidmate en die heiligheid van die kerk.
3. Dit is duidelik dat in hierdie artikel gedink word aan die kerk in sy institutêre gedaante.

### 3.3.5.4 <u>Artikel 30: Die regering van die kerk</u>

In die artikel word bely dat die ware kerk op 'n spesifieke (geestelike) wyse geregeer moet word. Hierdie regeringswyse word deur die Woord van God bepaal.

Eerstens word drie ampte genoem: die dienaars of herders (*Ministres ou Pasteurs*) wat die Woord moet verkondig en die sakramente moet bedien; die ouderlinge en die diakens. Gesamentlik moet hulle die kerkraad vorm. Deur hierdie middel (dit wil sê deur die ampte/kerkraad) moet hulle sorg dat

1. die ware godsdiens onderhou,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. die ware leer oral versprei,
3. die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou, en
4. dat die armes en beproefdes volgens hulle nood gehelp en vertroos word.

Op hierdie manier sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied. Daar is 'n voorwaarde: betroubare manne moet gekies word (vgl. 1 Tim. 3).

Skrifverwysings is: 1 Kor. 4:1,2; 2 Kor. 5:19; Joh. 20: 23; Hand. 26:18; 1 Kor. 15:10; Mat. 5:14; Luk. 10:16; Gal. 2:8; Tit. 1:5; 1 Tim. 3.

Die hooftemas is:

1. Die aard van die kerklike regering (geestelik; deur betroubare persone; gekies volgens Bybelse voorskrif).
2. Die regeringstelsel ('n kerkraad; drie ampte: dienaars, ouderlinge en diakens).
3. Die taak van die regeerders (ware godsdiens onderhou, ware leer versprei, kerklike tug toepas, diens van barmhartigheid).

Onderliggende temas is:

1. Die missionêre taak van die kerk.
2. Die aard van die kerklike tug.
3. Die barmhartigheidstaak van die kerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.5.5 Artikel 31: Die ampsdraers van die kerk

In die artikel word bely dat ampsdraers wettig verkies moet word, deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God, en in goeie orde. 'n Persoon mag homself nie opdring nie, maar moet wag totdat hy deur God geroep word. Dan kan hy seker wees dat sy roeping van God kom. Verder word bely dat al die bedienaars van die Woord gelyke mag en gesag het omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, "*die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk.*" Elkeen moet ook, in gehoorsaamheid aan die Woord, "*vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting hê ter wille van die werk wat hulle doen, en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag met hulle saamleef.*"

Skrifverwysings is: Hand. 6:3,4; 1 Tim. 4:13; Hand. 1:23; 13:2; 1 Tim. 5:22; 1 Kor. 12:28; Rom. 12:8; 1 Tim. 4:14; Mat. 8:26; 1 Kor. 3:8; Rom. 12:7,8; 2 Kor. 5:19; Hand. 26:18; Jes. 61:1; Ef. 1:22; Kol. 1:28; 1 Tes. 5:12,13; Hebr. 13:17.

Drie temas kry aandag in artikel 31:

1. Die wettige verkiesing tot die amp.
2. Die gelyke gesag van die bedienaars van die Woord.
3. Die agting vir die ampsdraers ter wille van hulle amp.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onderliggende temas is:

1. Die houding van "*die Heilige Gees en ons het besluit*" (Hand. 15:28) by kerklike besluitneming.

2. Die verhouding van inwendige en uitwendige roeping by die verkiesing van ampsdraers.

3. Weer eens: die oppergesag van die Woord by die bepaling van kerklike gebruike.

4. Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk.

5. Die toesig en gesag oor kerklike ampsdraers.

### 3.3.5.6 Artikel 32: Die orde en tug van die kerk

'n Duidelike beperking word geplaas op die gesag van die regeerders van die kerk: 'n bepaalde orde tot die instandhouding van die liggaam van die kerk is nuttig, maar dit mag nie afwyk van "*van wat Christus, ons enigste Meester vir ons ingestel het nie.*" Gevolglik word alle "*menslike uitdinksels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien*" en waardeur die gewetens gebind word, verwerp. Slegs wat kan dien om eenheid en eendrag te bewaar en te bevorder, en "*om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou*" word aanvaar. Daarvoor is nodig "*die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God.*"

Skrifverwysings is: 1 Kor. 7:57; Kol. 2:6,7; Mat. 15:9; Jes. 29:13; Gal. 5:1; Rom. 16:17,18; Mat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



18:17; 1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20.

Die tema van die artikel is die noodsaaklikheid dat enige bepalings in sake kerklike orde ondergeskik moet wees aan die instellings van Christus, die enigste Meester van die kerk.

Onderliggende temas is:

1. Die motief vir kerklike ordereëlings.
2. Die trefwydte van kerklike dissipline: wie word daardeur gebind.
3. Die trefwydte van kerklike dissipline: watter onderwerpe word daardeur geraak.
4. Die afdwingbaarheid van kerklike dissipline.

### 3.3.6 Metode van ontleding

Aangesien die artikels van die NGB goed gestruktureer is, is dit moontlik om die tematiese strukturering van artikels 27-33 te volg. Omdat dit in ons bespreking nie in die eerste plek gaan om 'n "eksegese" van die artikels nie, maar om die bepaling van die beskouings in sake die kerk, word die artikels nie streng van voor tot agter behandel nie, maar onder drie hoofde: 1. een, algemene kerk (hier word veral gekyk na artikels 27 en 28: hoofstuk 4 hieronder); 2. die ware en valse kerk (veral artikel 29: hoofstuk 5); en 3. die regering van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk (veral artikels 30-32: hoofstuk 6). Waar van toepassing, word sekere kritiese opmerkings in die loop van die ontleding gemaak, maar in hoofstuk 7 word 'n meer uitgebreide kritiese waardering gegee.

## 3.4 SAMEVATTEND

"*Die belydenisskrifte,*" verklaar Jacobs, "*is 'n tipiese verskynsel van die Hervorming. Die Reformatoriese geloof het hulle voortgebring, en net in die Reformatoriese geloof word hulle ten regte waardeer.*" [85] Verder verklaar hy ook: "*Die Katolieke kerk is by al sy dogmatiese bindinge nie 'n kerk van belydenisskrifte nie - hy was dit nie, en wil dit nie wees nie*"; en ook "*wat tydsaanduiding betref, is die belydenisskrifte 'n verskynsel van die tyd waarin die ortodoksie na die aanbreek van die Hervormingsepog gevestig is.*" [86]

Die oorsig hierbo van die geloofsbelydenisse van die sestiende eeu bevestig Jacobs se uitsprake. Die menigte belydenisse uit hierdie tyd was die gevolg van 'n nuwe stimulus in denke oor geloofsake, maar daar moes ook verantwoording gegee word van prinsipiële standpunte. In hierdie opsig het ook die uitsprake oor die kerk 'n belangrike deel uitgemaak van die belydenisskrifte van die sestiende eeu. In byna elke belydenisgeskrif is prominente aandag gegee aan die geloof in sake die kerk,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat 'n aanduiding is van die intensiteit waarmee die Protestante duidelikheid moes gee van hulle sienings. Hierdie sienings is dikwels antiteties teenoor Roomse en Doperse standpunte gestel, maar selfs al is dit nie altyd eksplisiet genoem nie, het apologetiese en polemiese motiewe 'n groot rol gespeel in die kerkbegrip.

Die NGB lê histories èn tematies redelik "in die middel" as dit teenoor die ander belydenisse van die sestiende eeu gesien word. Dit kom uit 'n periode waarin dit al sterk kan bou op ander soortgelyke stukke, en dit is gematigd van aard sonder enige radikale uitsprake. Die oorsig hierbo het dit ook duidelik getoon dat daar in die verskillende belydenisskrifte groot ooreenstemming is ten opsigte van die kerkbegrip. Temas soos die kerk as resultaat van God se verkiesing, Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk, die kerk as een en algemeen (en hoe dit verstaan dit moet word), die kerkregering en die ampte - almal temas wat duidelik behandel word in die NGB - kry gelykluidende aandag in byna al die Reformatoriese belydenisskrifte. Die oorsig hierbo het dan ook weer bevestig dat die NGB nie in 'n vakuum ontstaan het nie, maar die neerslag is van die manier waarin daar in die betrokke tyd in Gereformeerde kringe gedink is. Wanneer daar dan in die besonder gekyk kan word na die kerkbegrip van die NGB, moet daar deeglik rekening gehou word met die tydsomstandighede waaruit die formulerings gegroei het. Daarmee saam kan ook gestel word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die NGB in 'n groot mate verteenwoordigend is van die Protestantse - en meer spesifiek die Gereformeerde - denke oor die kerk in die sestiende eeu.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 3

1. 'n Oorsigtelike beeld is te kry by De Klerk, PJS: Gereformeerde Simboliek, Afdeling B; en Schaff, a.w., I, hfste, 6 en 7. Die tekste is in die oorspronklike tale opgeneem in Schaff, a.w., III. 'n Goeie Engelse vertaling van die belangrikste Gereformeerde belydenisse is te kry by Cochrane, Arthur C: Reformed Confessions of the 16th Century.

2. Bainton, a.w., bl. 336.

3. Schaff, I, bl. 247.

4. Schaff, I, bl. 248. Die volledige teks is in Schaff, III, bls. 74-92.

5. Idem, III, bl. 80.

6. Verder aangehaal as "CA".

7. Beide nie deur Melanchton geskryf nie, maar deur dr. Christian Baier, vise-kanselier van die keurvors van Sakse: Schaff, I, bl. 226, 233.

8. Die teks is in Schaff, III, bls. 3-73.

9. Weliswaar eers nadat artikel 10, oor die nagmaal,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in 1540 aangepas is. Na 1560 het besware deur eng Lutherane soos Flacius daartoe gelei dat die Lutherane teruggekeer het na die "*Invariata*", dit wil sê die teks van 1530. Vgl. Schaff, I, bls. 241-242.

10. Schaff, III, bls. 11-12. Seeberg, a.w. I, bls. 340-1 wys op die verskil in uitgangspunt by Luther en Melanchton ten opsigte van die kerkbegrip. Luther het begin by die gedagte dat die teenwoordigheid van die Woord die geloof deur, en gevolglik die bestaan van die ware gelowiges, waarborg. Hy begin dus by die gedagte van 'n "onsigbare" kerk, terwyl Melanchton begin by die "sigbare kerk" as ware kerk, al kan dt nooit bestaan sonder dat daar ook in die praktyk baie skynheiliges in vermeng is nie.

11. Schaff, III, bls. 12-13.

12. Idem, bls. 15-16.

13. Schaff, III, bl. 59.

14. Volgens Schaff (I, bl. 256), "*verskil die Artikels net soveel van die Augsburgse Belydenis as wat Luther van Melanchton verskil.*"

15. Vgl. hierbo, par. 2.2.2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. Schaff, III, bl. 181.

17. Vgl. De Klerk, a.w., bls. 58-60; Schaff, I, bls. 360-369.

18. De Klerk, a.w., bl. 61.

19. Schaff, I, bl. 387.

20. Schaff, I, bls. 388-389, gee meer besonderhede.

21. Die teks is in Schaff, II, bls. 211-231 en Cochrane, a.w., bls. 97-111.

22. Luther het self 'n kopie van die Confessio ontvang en sy instemming daarmee betuig: vgl. Schaff, I, bl. 389.

23. Schaff, III, bls. 218-219.

24. Vgl. Schaff, I, bls. 467-471; De Klerk, bls. 63-64. 'n Goeie Nederlandse vertaling van die die teks is te kry by Bakhuizen van den Brink: De belijdenisgeschriften volgens artikel X van de kerkorde van de Nederlandsche Hervormde Kerk, bls. 157-243.

25. Schaff, I, bls. 471-473; De Klerk, bls. 64-65.

26. Schaff, I, bl. 394.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27. Idem, III, bl. 233; De Klerk, bls. 62-63.

28. Schaff, I, bls. 396-420 gee 'n opsomming, en ook die volledige teks in Latyn: III, bls. 233-306. Vgl. ook Cochrane, a.w., bls. 220-301.

29. Die inhoud van die belydenis is redelik uitvoerig weergegee, hoofsaaklik omdat dit so opvallend ooreenstem met die artikels van die NGB wat oor die kerk handel, en aandui in watter mate die NGB 'n uitnemende samevatting is van die kerkbegrip van die Calvinistiese Gereformeerdes.

30. 'n Pos wat hy, ironies genoeg te danke gehad het aan Melanchton wat hom in 1558 aanbeveel het vir 'n teologiese pos in Heidelberg.

31. Schaff, I, bl. 531.

32. Die teks is by Schaff, II, bls. 307-355, en in Afrikaans in Ons glo ..., a.w., bls. 32-65.

33. Schaff, II, bls. 324-325.

34. Die logiese gang van die uitspraak is opvallend. Die gelowige *is* 'n lid van die kerk en sal dit bly. Die kerk bestaan dus, en die gelowige word daarby gevoeg; die kerk ontstaan nie eers wanneer persone begin glo nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie siening kom ooreen met diè van Melanchton en Calvyn, en verskil van diè van Luther en die Anabaptiste.

35. Hfst. 2, par. 2.2.4.

36. Lindsay, a.w., bls. 167-168.

37. 'n Ander weergawe, met 35 artikels, is ook goedgekeur: vgl. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 53.

38. Idem; vgl. Schaff, I, bl. 494. Die teks, ook van die CG, is by Schaff, III, bls. 356-382; in Duits by <u>Steubing, H: Bekenntnisse der Kirche,</u> bls. 124-133; en in Engels by Cochrane, a.w., bls. 141-158.

39. Schaff, I, bl. 495.

40. De Bres het reeds in 1559 aan sy geloofsbelydenis begin werk, en die NGB is nie 'n blote navolging nie. Dit was nogtans vir hom 'n voorbeeld: vgl. Van Langeraad, a.w., bls. 98-99. In Bakhuizen van den Brink, bls. 120-130, kan die tekste van artikels 25-30 van die CG met artikels 27-32 van die NGB vergelyk word.

41. In par. 3.3.

42. Schaff, I, bl. 681. Die teks is in Schaff, III,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bls.

43. Schaff, I, bl. 683.

44. Hfst. 2, par. 2.2.5. Die teks van beide weergawes, asook die "*American Revision*" van 1801, is in Schaff, III, bls. 486-516.

45. Artikel 21 ontbreek by die American Revision.

46. Dit is hoofsaaklik belydenisse in Engeland, Boheme, Pole en Hongarye. Dit word behandel in Schaff, I, hfste. 3 en 4; en De Klerk, afd. B, hfst. 6.

47. Die volledige titel is: "*Iudicium Synodi Nationalis, Reformatorum Ecclesiarum Belgicarum, habitae Dordrechti, Anno 1618. & 1619. Cui etiam interfuerunt plurimi insignes Theologi Reformatarum Ecclesiarum Magnae Britanniae, Palatinatus Electoralis, Hessiae, Helvetiae, Correspondentiae Wedderaviciae, Genevensis, Bremensis, & Emdanae, de Quinque Doctrinae Capitibus in Ecclesiis Belgicis Controversis. Promulgatum VI. Mai, cI . I C. xix. Cum privilegio.*" Vgl. die titelblad van die outentieke uitgawe: Bakhuizen van den Brink, bl. 226.

48. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die leerstryd, en die verloop van die gebeure, word uiteengesit in onder meer De Klerk, a.w., bls. 54-56.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



49. Vgl. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 42. Die teks (in Latyn en Nederlands) is te vind in Bakhuizen van den Brink, bls. 225-293, en (in Afrikaans) in "Ons glo ...", bls. 66-98.

50. Oor hierdie onderwerp meer in par. 4.2.

51. In par. 2.1.

52. Van Langeraad, a.w., bl. 93. Volgens Schaff is De Bres gehelp deur Adrien de Sarayia (professor in teologie in Leiden, en later Cambridge, waar hy in 1613 dood is), H Modetus ('n tyd lank kapelaan van Willem van Oranje), en G Wingren: Schaff II, bl. 504.

53. 'n Volledige lys is te kry in die verslag van die kommissarisse aan die landvoog: aangehaal deur Van Langeraad, a.w., bls. 45-48.

54. Van Langeraad, bl. 48.

55. Idem, bl. 44.

56. Idem, bl. 58-59.

57. Die verloop van die gebeure te Valenciennes word weergegee in Van Langeraad, bls. 66 e.v. Die invloed en aandeel van Willem van Oranje en ander adellui as pri-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mêre aanstigters van die opstand blyk uit die ondersoekverslae van De Bres, De la Grange en Cateux: àangehaal deur Van Langeraad, bl. 71.

58. Van Langeraad beskryf hoedat De Bres wou bid net voordat hy die leer vir sy teregstelling bestyg het, maar verhinder is. Toe hy op die leer was, het hy die volk vermaan dat hulle eerbied aan die owerheid moes bewys. Terwyl hy nog besig was om te verklaar dat hy niks anders as die suiwer waarheid van God verkondig het nie, is die straf voltrek: a.w., bls. 85-86.

59. 'n Opsomming, gegrond op deeglike navorsing van die oorspronklike bronne, waarin die rede vir die ontstaan, die outeur, vertaling in Nederlands, eerste en latere drukke, steeds toenemende gesag, en aanneming tot Formulier van Enigheid van die Nederlandse Gereformeerde Kerk, is te kry by Van Langeraad, bls. 149-153.

60. Vgl. Bakhuizen van den Brink, a.w., bls. 6-7.

61. Vgl. Van Langeraad, bls. 32-35.

62. Bakhuizen van den Brink, bl. 6.

63. Idem, bl. 7.

64. Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



65. Idem, bl. 11. Vir die verskillende uitgawes van die Franse teks, vgl. idem, bls. 21-24.

66. Van Langeraad, bl. 153; vgl. Bakhuizen van den Brink, bls. 21-24.

67. Van Langeraad, bl. 152.

68. Bakhuizen van den Brink, bl. 20.

69. Handelinge, aangehaal deur Bakhuizen van den Brink, bl. 27.

70. Bakhuizen van den Brink, bl. 27.

71. Ibid. In hierdie studie word die deurgaans die naam "die Nederlandse Geloofsbelydenis" (afkorting NGB) gebruik.

72. Die teks wat vir hierdie studie gebruik word, is die hersiene teks deur benoemdes uit die drie Afrikaanse kerke, te vind in "Ek glo ...". Nederlandse, Franse of Latynse aanhalings verwys na die teks soos weergegee deur Bakhuizen van den Brink, a.w., bls. 60-146, waar ook die outentieke teks van die Confessio Gallicana te vind is. In enkele gevalle sal ook verwys word na die nuwe hersiening en vertaling van die Nederlandsche Hervormde Kerk, in Bakhuizen van den Brink: De Belijdenisschriften

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgens artikel X, bls. 24-59.

73. Jacobs, Paul: Theologie reformierter Bekenntnisschriften, bl. 48.

74. Bakhuizen van den Brink, bl. 68. Die gedeeltes is Mat. 10:32-33; Mark. 8:38/Luk. 9:26; 1 Petr. 3:15; Rom. 10:10; en 2 Tim. 2:12.

75. A.w., bl. 79.

76. In die latere bespreking sal ons dikwels sien hoedat die invloed van Calvyn byvoorbeeld in die kerkleer neerslag gekry het in die NGB.

77. Schaff, I, bl. 506.

78. Anders as in die Tweede Helvetiese Belydenis.

79. Bakhuizen van den Brink, bl. 122.

80. Idem, bl. 121.

81. "Ek glo...", bl. 22.

82. Op voetspoor van Polman, ADR: Woord en Belijdenis (verder aangehaal as WenB), bls. 153-154. Polman toon aan hoedat die verband tussen katolisiteit en apostolisi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teit gehandhaaf word in die slotwoorde van die artikel. Dit bevestig dat die uitsprake van die geloofsbelydenis van Nicea ernstig opgeneem is by die formulering van die artikel.

83. Anders as in sekere ander Reformatoriese belydenisse (soos die Skotse Belydenis, artikel 16, en die 39 Articles, artikel 19) word in die NGB nie pertinent onderskei tussen "sigbare-" en "onsigbare kerk" nie. Nogtans is dit duidelik dat hier hoofsaaklik aan die "onsigbare kerk" (in die sin van die kerk wat ten opsigte van tyd en ruimte nie ineen aanskou kan word nie) gedink word, terwyl die volgende artikels meer handel oor die kerk in sy institutêre gedaante.

84. Dit wil sê, om by die kerk in te skakel is 'n erkenning van sy heerskappy oor die lewe van 'n lidmaat.

85. Jacobs, a.w., bl. 9.

86. Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 4.0 EEN, ALGEMENE KERK

## 4.1 DIE KERK AS OBJEK VAN GELOOF

Die kerk glo aan die kerk. Dit klink na 'n paradoks, dalk selfs na pretensie, [1] maar dit is nogtans opgeneem in byna al die geloofsbelydenisse van die kerk. Saam met die belydenis dat geglo word in God, in Jesus Christus, in die Heilige Gees (met die verskillende uitbreidings binne die belydenisse) en in sake soos die vergewing van sonde en die wederkoms, stel die kerk dit telkens ook dat hy glo aan die kerk. Dit word ook in die NGB gedoen, en hier nogal met 'n duidelike beklemtoning van glo en bely ("*Nous croyons et confessons une seule Eglise Catholique*"). [2]

Waarom is die kerk so eksplisiet met hierdie belydenis? Is dit bloot pretensie, 'n soort selfverheffing waarby die kerk homself aanbied as 'n instansie wat op 'n vlak van 'n soort goddelike openbaring erken en eerbiedig moet word? Daarteenoor: bedoel die NGB en ander belydenisse wel om "die kerk" te bely, of is die doel bloot om 'n siening van die aard van die kerk te omskryf? Sê die kerk werklik "ons glo aan die kerk", of sê hy net "ons glo dat die kerk so-en-so behoort te wees"? Of sê die kerk dalk net dat hy binne-in die kerk glo?

Om met die laaste vraag eerste te begin: dit is opval-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lend dat daar in die Apostoliese Geloofsbelydenis nie gesê word "*credo in ecclesiam*" nie, maar bloot "*credo ecclesiam*". Ook in die NGB is daar geen "in" tussen sinsonderwerp en -voorwerp nie. [3] Calvyn, met beroep op Augustinus en (pseudo-?) Cyprianus, noem "*dat dit 'n nie-tipiese spreekwyse sou wees wanneer die voorsetsel toegevoeg sou word*". [4] Want, sê hy verder, ons glo wel in God omdat ons gemoed op Hom steun as die Waaragtige en omdat ons vertroue op Hom rus. Die kerk kan dus nie op dieselfde wyse van hom bely dat hy "in die kerk" glo nie, soos dit ook op 'n ander vlak is as die belydenis van geloof in die vergewing van sondes of die wederopstanding van die liggaam. Daarom verkies hy die weliswaar eienaardige wyse van spreke, omdat dit duideliker die bedoeling weergee. Die bedoeling is naamlik "*dat ons moet weet dat, hoewel die duiwel sy uiterste bes doen om die genade van Christus te vernietig, en die vyande van God hulle met dolle drif op dieselfde toelê, die kerk tog nie uitgeblus kan word nie, en die bloed van Christus nie onvrugbaar gemaak kan word nie, maar altyd vrug voortbring*". [5]

Vir die kerk om te sê dat hy aan die kerk glo (*credo ecclesiam*) is 'n wesenlik verskillende belydenis as wanneer hy sê dat hy in God glo, of as hy sê dat hy glo aan die vergewing van sondes. Wat hy wel doen, is om te glo aan die *dat* van die kerk. Die kerk *is*; hy is werklik soos God self en iets soos die vergewing van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sondes werklik is. Dit is nie pretensie of selfverheffing nie. Dit is die erkenning van 'n feit.

Maar verder - en dit is 'n wesenlike insig vir enige besinning oor die kerkbegrip van die NGB - wanneer die NGB sê dat hy aan die kerk glo, is dit 'n *geloofs*-erkenning. Die kerk is die objek van geloof en nie van empiriese waarneming nie. In die woorde van Polman: "*Ons glo en bely 'n katolieke kerk - so begin die belydenis. Van meetaf aan word die standpunt van geloof ingeneem. Die kerk is 'n geestelike werklikheid, alleen vir en deur die geloof waarneembaar. Deur die geloof verstaan en bely ons, dat daar een enige katolieke kerk is*". [6] Met hierdie erkenning vat die NGB nie alleen 'n kernelement van die Hervormers se besinning oor die kerk vas nie, maar word enige besinning oor die kerk onmiddelik normatief bepaal: die kerk bestaan vanuit God, en moet as sodanig beoordeel word. [7] Nie hoe die kerk oor homself dink nie, maar hoe Gòd oor die kerk dink, is die norm van besinning. Voortdurende selfondersoek van die kerk is dus noodsaaklik, maar dan nie as "'*n selfgerigte selfbehae nie, maar as 'n kritiese, toetsende selfondersoek in die lig van die evangelie na aanleiding van die vraag of hy waarlik* is *wat* hy behoort te wees, *naamlik dit wat in sy swaarbelaaide woorde - uit die Skrif geput - geïmpliseer word: die volk van God, dissipels van die Heer, kudde van die enigste Herder, stad op die berg, sout van die aarde, lig van die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*wêreld*". [8]

Uit bogenoemde blyk ook dat die NGB nie daarop aanspraak maak of kan maak dat dit die laaste woord gespreek het oor wat en hoe die kerk is nie. Die kerk is die objek van geloof, maar ook van geloofs*insig*. Insigte kan soms anders geformuleer word, en in ander tye en omstandighede selfs verskillend geïnterpreteer word. Die hoofsaak is dit: daar word bely dat die kerk homself moet sien as onderworpe aan die norm van die Woord. In voortdurende onderworpenheid aan die gesag van die Skrif as enigste openbaringsnorm moet die kerk voortdurend bly vra wie en wat hy eintlik is, maar ook in hoeverre hy is wat God wil hê hoe hy moet wees. [9]

Ons moet verder onderskei wat bedoel word met die kerk as objek van geloof. Om te sê dat die kerk slegs in die geloof waarneembaar is, is in wese korrek, maar moet gekwalifiseer word. Is die kerk waarin geglo word, die kerk soos hy is (dit wil sê die empiries-waarneembare kerk), of is hy die kerk soos hy behoort te wees? [10] Die NGB sny in hierdie opsig die wortel af van enige platoniese dualisme in die denke oor die kerk. Daar word nie gedink aan 'n "voorlopige" kerk, of dan 'n kerk wat bloot in beginsel bestaan nie. Daar word gesê: "*ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, ...*". [11] Daar word nie aan die kerk as 'n soort

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ideaalbeeld gedink nie, maar aan die kerk as 'n vergadering, 'n vergadering van reële mense wat in 'n reële vergadering bymekaargebring is. Dit is 'n vergadering wat soms in die oë van mense wel klein lyk, [12] maar wat nogtans bestaan en empiries raakgesien kan word.

Hierdie uitgangspunt van die NGB is prinsipieël korrek. Daar kan inderdaad nie aan die kerk gedink word asof sy wese gevind word in 'n soort platoniese hemel van gedagtes nie. *"Daar is geen 'dogma' van die kerk in die sin van 'n onveranderbare metafisiese en ontologiese stelsel nie, maar slegs een wat histories gekondisioneer is binne die raamwerk van die geskiedenis van die kerk, sy dogmas en sy teologie,"* verlaar Küng. [13] Berkouwer sê dat iemand wat oor die kerk praat as 'n ideaalbeeld en nie as geloofsrealiteit nie, *"die 'credo ecclesiam' in die belydenis tot 'n 'Fremdkörper' maak"*. [14] Die kerk wat bely word, is die waarneembare vergadering van gelowiges.

Met hierdie uitgangspunt van die NGB word 'n basiese standpunt ingeneem wat bepalend is vir die verdere besinning oor die kerk. Omdat die kerk die objek van geloof is, kan daar nie bloot op rasionele of empiries-sosiologiese wyse daaroor besin word nie. Die kerk as feit moet in die geloof aanvaar word, maar dan moet ook in geloofsgehoorsaamheid gevra word hoe die kerk oor homself moet dink en homself moet gedra. Juis omdat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk deur die geloof gesien kan word, moet die kerk deur die geloof funksioneer: die kerk kan nie maar net sekere sake oor homself bely en dan maar optree soos hy wil nie. Belydenis word dus ook opdrag en uitdaging.

## 4.2 <u>DIE KERK AS VERGADERING VAN GELOWIGES</u>

Die kerk word in artikel 27 omskryf as "*'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo*". In die Afrikaanse en Nederlandse vertalings gaan iets belangriks verlore. [15] In die Frans word naamlik twee woorde gebruik om die begrip "vergadering" te omskryf: "*nous croyons ... une seule Eglise ... laquelle est une saincte congregation et assemblée des vrais fideles Chrestiens*". In die Latynse vertaling word *congregation* en *assemblée* met *congregatio* en *coetus* respektiewelik weergegee. Van Bruggen wys daarop dat *congregatio* etimologies verband hou met *grex*=kudde, en *coetus* met *co-ire* =saamkom. [16] Feenstra verduidelik die verskil tussen die twee begrippe so: "*Vir* versameling *word gebruik 'congregatio'. Daarin sit die naam grex,kudde. Congregatio beteken dat die kudde versamel word. Vir* vergadering *word die Latynse woord 'coetus' gebruik. Coetus is aktief. Diegene wat tot een kudde versamel word, kom bymekaar. Hulle vorm 'n eenheid en kom in 'n vergadering byeen.*" [17]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is duidelik dat die NGB beide begrippe insluit in sy omskrywing van die kerk. Aan die een kant word die werk van God beklemtoon wat die kerk versamel as onderdane vir Christus, en aan die ander kant word ook beklemtoon dat die kerk bestaan uit diegene wat hulle in die ware geloof in Christus vergader. [18]

Dit is belangrik om te bepaal of die NGB meer gewig gee aan die een, of aan die ander begrip. Sou die groot klem lê op die *congregatio*-gedagte, is daar 'n gevaar dat die kerk bloot gesien word as die versameling van uitverkorenes en dat die geloofsverantwoordelikheid van die mense op die agtergrond geskuif kan word. Die wesenlike van die kerk kan dan gesoek word in 'n misterieuse abstraksie, 'n kerk wat slegs in God se oë bestaan. Val die groot klem op die *coetus*-gedagte, word die aksie van die mens verabsoluteer. Die bestaan van die kerk word dan afhanklik gestel van die geloof van die mense.

Laasgenoemde standpunt is gehuldig deur die Anabaptisme, en in 'n mate ook deur Luther. Die Dopers het van die kerkbegrip 'n karikatuur gemaak met hulle klem op die kerk as "*geen statiese gegewe, geen voortgaande besit, waaroor 'n apparaat van ampsdraers kan beskik nie, maar 'n pistiese werklikheid ... Die kerk met haar ampte en bedieninge word kortweg as die hoer uit Openbaring uitgeskel en as 'n demoniese gevaar vermy. Alleen in die vrome kring van die heiliges is 'n mens veilig.*"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



[19] Luther het ook groot klem gelê op die geloof as die bepalende faktor van die kerk, [20] maar sy uitgangspunt was anders as dié van die Dopers. Hy het gereageer teenoor die Roomse Kerk wat die wese van die kerk in die amp en sakrament gesien het, en sy beklemtoning van die geloof was 'n poging om te beklemtoon dat die wese van die kerk nie te vind is in 'n toevallige historiese instituut nie, maar in Christus. [21] Hy ontken nie dat die kerk 'n uitwendige, sigbare vergadering is nie, maar dit is nie die ware kerk wat geglo word nie. Dié is onsigbaar, want die kerk is 'n objek van geloof, en dit wat geglo word, is nie liggaamlik of sigbaar nie. [22] Woord en sakrament is egter vir die kerk onontbeerlik, en die teenwoordigheid van die Woord waarborg dat mense sal glo en dat die kerk tot stand sal kom. [23]

Melanchton het in uitgangspunt van Luther verskil, en die neerslag daarvan is te vind in artikel 7 van die Augsburgse Konfessie waar die kerk beskryf word as die "*congregatio sanctorum in qua Evangelium recte docetur, et recte administrantur Sacramenta*". By Luther is dit eers geloof, dan vergadering; by Melanchton eers vergadering, dan geloof. Dit stem in 'n mate ooreen met die standpunt van die Gereformeerdes waar die werksaamheid van God in die uitverkiesing so 'n groot rol speel. Calvyn beklemtoon dat die gemeenskap van die gelowiges die resultaat is van die saligheid wat in die eerste plek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vasstaan in God se verkiesing. [24] Hy het die kerk daargestel, met ampte en sakramente, met die skat van die prediking en die evangelie daarin in bewaring, as hulpmiddel vir die gelowiges. [25] Die fondament van die kerk is "*sy verborge verkiesing,*", maar "*dit is nie genoeg dat ons in ons gedagte vashou aan 'n skare van uitverkorenes nie, ... want indien ons nie onder Christus, ons Hoof, met al die ander lidmate verenig is nie, wag daar op ons geen hoop in die komende oordeel nie.*" [26] By Calvyn is die logiese orde dus uitverkiesing - kerk - vergader.

Hierdie uitgangspunt is ook te vind in die NGB. Beide begrippe - *congrego* en *coeo* - word in gedagte gehou, maar dit is duidelik dat die *coetus,* die samekoms van die gelowiges, verstaan en bespreek word vanuit die *congregatio,* die byeenbring van gelowiges deur God. Die lidmate van die kerk word beskryf as onderdane van Christus, en die feit dat daar altyd 'n kerk sal wees, word gegrond daarin dat Christus 'n ewige Koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie. Daarom bewaar God die kerk teen die woede van die wêreld, byvoorbeeld "*soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab seweduisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie*". [27] Die *raison d'etre* van die kerk word gesoek in die aksie van God, en ook die voortbestaan van die kerk staan en val by sý werk, en nie by die geloof van mense nie. Die verantwoordelikheid van mense word egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoegenaamd nie uitgesluit nie. Net soos in die artikels wat handel oor die regverdiging voor God (veral art. 22) - waar Christus se versoeningswerk sentraal staan, maar geloof en gevolglike heiligmaking beklemtoon word - word ook in die artikels oor die kerk beklemtoon dat die mens 'n verantwoordelikheid het vir die bestaan van die kerk. Weliswaar gaan die primêre aksie uit van God in Christus, maar die mense moet reageer deur in Hom te glo en hulle by die kerk te voeg (art. 28). Die samekoms van gelowiges in die kerk is dus gehoorsame reaksie wat volg op God se aksie in Christus.

Hierdie beginseluitgangspunt is tot vandag toe van wesenlike belang vir die kerk: nie alleen vir die teorie in die ekklesiologie nie, maar ook vir sy praktyk. Wie God se uitverkiesende en vergaderende aksie as uitgangspunt neem, sal noodwendig ook voortdurend nie alleen onder sy gesag buig en poog om die sigbare versameling van gelowiges, die kerk, volgens sy voorskrif te heilig en te handhaaf nie, maar sal ook die uitbreiding van die kerk in die eerste plek soek in sy versamelende genadeaksie. In laasgenoemde opsig (te wete die uitbreiding van die kerk) is dit nie so maklik om altyd die balans volledig te handhaaf nie. Wanneer die klem te veel op die menslike aandeel aan die uitbreiding van die kerk gelê word, bestaan die gevaar van "bekeringsdwang"; val die klem te veel op God se versamelingsaksie, is dit weer moontlik om die sterk evangeliserende opdragte van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Christus in die praktyk te min te beklemtoon. [28] Hierdie gevaar bestaan ook in die NGB: alhoewel besef word dat dit in die Belydenis hoofsaaklik gaan om 'n afgrensing van wat die kerk waarlik is, of wat die ware kerk is, en hoe hy bestuur moet word, is dit opmerklik dat die missiologiese dimensie feitlik geheel en al ontbreek. [29] Slegs in artikel 30 is daar enigsins sprake van die verspreiding van die evangelie, en selfs dan is dit eerder 'n apologetiese stelling (naamlik dat die ampte onder meer die verspreiding van die evanglie as taak het) as 'n evangelies-missiologiese belydenis.

Bogenoemde leemte moet natuurlik gesien word teen die historiese omstandighede van die sestiende eeu. Avis wys tereg daarop dat "*die teologie van die Hervorming deur twee vrae gedomineer is: 'Hoe vind ek 'n genadige God?' en 'Waar vind ek die ware kerk?'*", en verwys na die sleutelrol van Luther. Hy vervolg: "*Die hele bestaan van die Hervormingsbeweging en van die Evangeliese Kerke wat van Rome weggebreek het, het afgehang van hulle vermoë om die vraag 'Watter kerk is die ware kerk?' te beantwoord op 'n manier wat so bevredigend en oortuigend is dat dit nie alleen hulle afskeiding van die historiese Westerse Kerk wat in Rome gesentreer was, kon regverdig nie, maar ook die geldigheid van hulle sakramente as draers van genade en as waarborge van verlossing. Die ekklesiologie van die Hervorming keer obsessief terug na die probleem van onderskeid tussen die ware en valse*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*kerk: die een vervolgend, voorspoedig en seëvierend; die ander swak, vertrap, gekruisig en selfs van die naam kerk ontneem."* [30]

Avis oordryf in 'n mate as hy die probleem van onderskeiding tussen ware en valse kerk as 'n obsessie beskryf (as daar sprake is van 'n obsessie, is dit 'n obsessie om met die Skrif as enigste norm te onderskei tussen ware en valse leer ten opsigte van àl die leerstellings), maar hy is korrek dat hierdie apologetiese motief sentraal is in die ekklesiologie van die Hervormers. [31] Die tema in al die Protestantse belydenisse is een van: "Dit is wat òns sê van die kerk, en ons is reg, want die Woord sê so." Met so 'n uitgangspunt volg logies dat in die ekklesiologie probeer sal word om die grense te bepaal van wat ware kerk is en wat nie, en om te konsentreer op dit wat bìnne die grense lê. Dit het onvermydelik 'n apologetiese, selfs statiese formulering tot gevolg waarin een kerkbegrip teenoor 'n ander kerkbegrip gestel word, en die posisie van die kerk in die wêreld heeltemal buite fokus val.

Dat daar in die twintigste eeu anders geformuleer sou word, word bewys deur twee formulerings van kerkbegrip van heel uiteenlopende aard, naamlik die *Barmenverklaring* (Mei 1934) en die *Lumen Gentium*-uitspraak van die Tweede Vatikaanse Konsilie (21 November 1964). In die Barmenverklaring, paragraaf 3, word die kerk soos volg beskryf:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"Die Christelike Kerk is die gemeenskap van broers waarin Jesus Christus tans in die wêreld werk in Woord en sakramente deur die Heilige Gees. Met sy geloof sowel as sy gehoorsaamheid, met sy boodskap sowel as sy verordeninge, moet hy in die sondige wêreld as die kerk van vrygespreekte sondaars getuig dat hy net Syne is, dat hy leef en wens om te leef slegs deur sy troos en sy raad in afwagting van sy verskyning."* [32] In die Lumen Gentium, I/1, word verklaar: *"Christus is die lig van die mensdom; en gevolglik is dit die diepgevoelde begeerte van hierdie heilige vergadering, deur die Heilige Gees saamgebring, om - deur sy boodskap aan elke skepsel te verkondig (vgl. Mark. 16:15) - aan alle mense daardie lig van Christus te bring wat sigbaar uit die kerk straal. Aangesien die kerk, in Christus, in die aard van 'n sakrament is - 'n teken en instrument, wil dit sê, van gemeenskap met God en van eenheid tussen alle mense - het hy tot doel om, tot voordeel van die getroues en van die hele wêreld, om so duidelik as moontlik, en in die tradisie wat deur vorige konsilies neergelê is, sy eie natuur en universele sending weer te gee. Die toestand van die moderne wêreld verleen groter dringendheid aan die plig die kerk, want terwyl die mens van vandag steeds meer na mekaar aangetrek word deur sosiale, tegniese en kulturele bande, is dit nog steeds vir hulle nodig om volle eenheid in Christus te bereik."* [33] Hier, en in I/8, val die klem (soos in die Barmenverklaring) op die kerk as baken, as vergadering van gelowiges

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat in die wêreld vir Christus moet uitstaan. Dit is egter nog 'n statiese formulering. In hoofstuk 2, veral in paragraaf 17, word die missiologiese taak van die kerk selfs skerper geformuleer, onder meer met die volgende uitspraak: "*Want die kerk word deur die Heilige Gees gedryf om sy deel te doen in die volle verwerkliking van die plan van God, wat die kerk daargestel het as die bron van redding vir die hele wêreld. Deur sy verkondiging van die evangelie trek hy sy hoorders om die geloof te ontvang en aan te neem, berei hy hulle voor vir die doop, gryp hulle vanuit die slawerny van foute, en maak hulle een met Christus sodat hulle in liefde vir Hom kan groei tot volle volwassenheid.*" [34]

Hoe belangrik die dinamiese aspek in die begrip vergadering/versameling is, word gesien as gekyk word na die woord wat in die Nuwe Testament vir "kerk" gebruik word, naamlik *ekklesia*. Etimologies hou *ekklesia* verband met *kaleo* (roep), en dan ook met *ekkaleo* (uitroep). [35] Aan die een kant word die uitverkiesing van God beklemtoon (Hand. 2:47; 20:28; [36] Rom. 16:15; 1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:1; Ef. 1:22; 1 Tes. 1:1), maar aan die ander kant word die proses van saamkom ook duidelik gestel (Hand. 2:47; 8:31; 16:5; en veral 1 Kor. 11:16,18,20; 14:19,23, 26,33,34; 16:19). Küng wus tereg daarop dat die Nuwe Testamentiese woord *ekklesia* gelees moet word teen die agtergrond van die Ou Testamentiese woord *kahal*, dit wil sê die samekoms van die volk wat byme-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kaar geroep is. [37] Dit is egter nie 'n toevallige samekoms nie, maar 'n *ekklesia tou theou*: *"Die ekklesia van God is meer as 'n arbitrêre vergadering van arbitrêre persone, en meer as die proses of gebeurtenis van so 'n vergadering. Die ekklesia is die vergadering van daardie mense wat vantevore deur God gekies is, wat om God as hulle middelpunt bymekaargebring is."* [38]

Samevattend dan: die NGB is volkome korrek en op sterk Bybelse grondslag as hy die kerk beskryf as die "*vergadering van almal wat waarlik in Christus glo*", maar dan moet onder vergadering sowel die samevoeging as die samekoms verstaan word. [39] Die vergadering is die resultaat van God se uitverkiesing, maar die verantwoordelikheid van die kerk om naas die interne opbou van die gemeente ook mee te werk aan die inbring van nuwe gelowiges, moet steeds beklemtoon word.

## 4.3 'n ENIGE, KATOLIEKE OF ALGEMENE KERK

Die NGB bely "*'n enige, katolieke of algemene kerk*". Hiermee word aangesluit by die Apostoliese- en Niceense geloofsbelydenisse. [40] Anders as in die Confessio Helvetico Posterior waar by die behandeling van die algemene kerk die Roomse Kerk se aanspraak om die enigste ware kerk te wees by name verwerp word, [41] staan die apologetiese element nie so op die voorgrond nie. Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is egter nie afwesig nie, veral deurdat die eenheid en algemeenheid van die kerk nader bepaal word as "'*n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo*". Anders as in die Roomse Kerk waar die eenheid en algemeenheid verbind word aan 'n spesifieke instituut, beklemtoon die NGB (en die Hervormers in die algemeen [42]) dat die wese van die kerk lê "*in die vergadering van gekwalifiseerde persone. Hulle is die volk van God, die gemeente van ware Christusgelowiges, waar ook in die wêreld versprei, die gemeenskap van die heiliges.*" [43]

Op grond van die geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel (381) het dit gebruiklik geword om van die kerk te praat rondom vier attribute of eienskappe, naamlik die eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit. [44] In die NGB word die eienskapppe nie metodologies onderskei nie, maar is (uitgesonderd die apostolisiteit) tog onderliggend teenwoordig. Die eenheid en katolisiteit kry veral in artikel 27 aandag, terwyl die heiligheid voorop staan in artikels 28 en 29. [45]

Dit is nie die doel van die NGB om 'n ekklesiologie te bou rondom die eienskappe van die kerk nie. Die doel is om die beginsels wat uit die Bybel geput word, saam te vat en uit te druk, en ook om te sê hoe die begrippe heilig, christelik, algemeen, apostolies, een, onfeilbaar, waarbuite geen saligheid is nie, deur die Gereformeerdes (in onderskeiding met die Roomse) opgevat en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verklaar word. [46]

4.3.1 EEN KERK

Anders as by Rome word die eenheid van die kerk nie gefundeer in 'n spesifieke instituut nie, maar in die werk van die èèn Gees (Ef.4:3-5). Daar word pertinent bely: *"Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan, of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig."* [47] Dit is dus nie moontlik om die volledige kerk ineens te sien nie, omdat die kerk in wese bestaan uit God se uitverkorenes.

Dit beteken egter nie dat die ware kerk onsigbaar is nie. Die Gereformeerdes het steeds gewaak teen so 'n eensydigheid. Calvyn beklemtoon dat die belydenis van die kerk te maak het met beide die sigbare kerk èn met die totaal van die uitverkorenes, waaronder ook "*die wat al dood is*". [48] Hy beklemtoon verder dat dit nie net genoeg is om in die gees vas te hou aan 'n skare van uitverkorenes nie, "*want as ons nie onder Christus, ons Hoof, met alle ander ledemate verenig is nie, wag daar op ons geen hoop op die toekomstige erfdeel nie ... ja, die uitverkorenes van God is almal in Christus so verbind dat*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*hulle, net soos hulle aan èèn Hoof hang, so ook as't ware tot èèn liggaam saamgroei, deur so 'n verbintenis met mekaar saamhang as die lede van dieselfde liggaam; in waarheid èèn geword omdat hulle deur èèn geloof, hoop en liefde, en deur dieselfde Gees saamleef, geroep nie alleen tot dieselfde erfenis van die ewige lewe nie, maar ook tot die gemeenskap aan die èèn God en Christus."* [49]

Hoe moeilik dit egter is om die regte balans te hou tussen die (onsigbare) eenheid in Christus en die (sigbare) eenheid in gemeenskap, word deur die geskiedenis bewys. Bavinck wys daarop dat die wysiging wat die Reformasie in die Roomse kerkbegrip aangebring het tot gevolg gehad het dat die uniformiteit vir goed plek gemaak het vir die pluriformiteit. [50] Bavinck gebruik die begrip pluriformiteit slegs in historiese sin, en hy betreur dit, maar dit is anders gesteld by Abraham Kuyper wat in hierdie pluriformiteit 'n positiewe ontwikkeling "*van die veelvuldige wysheid van God*" sien. [51]

Ons gaan hier nie verder op Kuyper se pluriformiteitsleer in nie. [52] Wat wel belangrik is, is dat hy dit onomwonde stel dat sy standpunt anders is as die van die NGB. [53] Ander weer, soos HH Kuyper en V Hepp, kon in die NGB 'n positiewe pluriformiteit inlees - veral na die gravamen van dr. Buizer. [54] Hierdie siening het steeds aanhangers, [55] en word selfs amptelik onder-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skryf in die beleidstuk "Ras, Volk en Nasie" van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Stelling 35 lui: "*Verskeurdheid van die Kerk tree dáár in waar die eenheid van die Kerk deur sondige verdeeldheid bedreig word terwyl pluriformiteit as skriftuurlike ontwikkeling reg van bestaan het.*" [56]

Dit was beslis nie die doel van die NGB om die grondslag daar te stel vir so 'n leer nie. Die belydenis werk nie vanuit 'n poging om die Bybelse imperatief van die eenheid van die kerk (Joh. 10:21-23; 1 Kor. 1:10; vgl. 1 Kor. 12:13; Gal. 3:26-29) met die *de facto*-situasie van verdeeldheid tussen denominasies te probeer rym nie. Dit stel bloot die premise dat daar slegs een kerk is, en dat hierdie kerk die algemene kerk is, dit wil sê die kerk wat realiseer vanuit God se uitverkiesing - waar ook al in die wêreld - wanneer almal wat waarlik in Christus glo in een vergadering bymekaarkom. Daar kan hoogstens in lokatiewe sin van verskillende vergaderings gepraat word (dit wil sê vergaderings op verskillende plekke), en beslis nie in kwalitatiewe sin (vergaderings van verskillende denominasies) nie. Daar is net *een* kerk! Wie ook al verdeeldheid in die kerk - van watter aard ook al - probeer goedpraat, kan hom nie op die NGB beroep nie. Inteendeel - soos duidelik gestel word in artikel 28 - "*almal is verplig om daarby* (= hierdie heilige versameling van hulle wat verlos word) *aan te sluit en hulle daarmee te verening om die eenheid van die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*kerk te bewaar*".

Dit is belangrik om op te merk dat die NGB oor die eenheid van die kerk handel in die indikatief en nie in die imperatief nie. Die historiese omstandighede moet hiervoor in ag geneem word: dit het vir De Bres en die Gereformeerdes eerder daarom gegaan om te sê hoe die ware kerk lyk, en om daarmee te sê dat hulle aan die vereistes voldoen in teenstelling met beide die Roomse en die Radikales. Dit is nie 'n eksklusiwistiese standpunt nie, maar die apologetiese stellinginname is tog so sterk dat dit nie die weg open tot 'n kerkhereniging (met Rome) of kerkvereniging (met watter groep ook al) nie. Dit vereis nie in die eerste plek die sigbare eenheid binne een struktuur nie, maar beklemtoon die (nie-sigbare) eenheid in die drie-enige God. Alhoewel die klem in wese korrek is, word daarmee ongelukkig ook die moontlikheid oopgelaat dat die nie-sigbare eenheid so verabsoluteer kan word dat daar nie in die praktyk genoeg rekening gehou word met die imperatief van kerkeenheid nie. [57]

4.3.2 <u>ALGEMENE KERK</u>

In die NGB val die klem nie op die eenheid nie, maar op die algemeenheid. [58] Dit word egter nie gedoen op 'n manier asof die twee attribute teenoor mekaar of selfs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

langs mekaar staan nie, maar in die uitgangspunt dat daar in wese slegs een kerk is, en hierdie kerk is die algemene kerk. Wat Weber in die algemeen van die twee attribute sê, is ook op die NGB van toepassing: "*Die eenheid van die kerk bestaan in die intensiewe katolisiteit: die gemeente van Jesus Christus is wesenlik universeel. Omgekeerd beteken die katolisiteit die ekstensiewe eenheid van die kerk: die gemeente van Jesus Christus is nie aan grense van ruimte of tyd gebonde nie, nie afhanklik van daardie omstandighede wat sy plek beïnvloed nie, maar die trefwydte, waaraan hy dink en waarmee hy werk, is die wêreld.*" [59] Wanneer in die NGB dan hoofsaaklik gepraat word oor die algemeenheid van die kerk, moet dit gelees word teen die agtergrond van die eenheid van die kerk. [60]

Polman onderskei in artikel 27 'n deurlopende-, 'n ekstensiewe-, en 'n kwalitatiewe katolisiteit. [61] Onder die deurlopende katolisiteit verstaan hy die algemeenheid ten opsigte van tyd; [62] die ekstensiewe katolisiteit dui op die onbegrensbare uitreik van die kerk na alle mense van alle wêrelddele; [63] terwyl die kwalitatiewe katolisiteit dui op die werk van die Gees as saambindende faktor. [64] Op voetspoor van hierdie indeling gaan ons nou nader in op die belydenis ten opsigte van die algemene kerk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

### 4.3.2.1 Deurlopende katolisiteit

Die deurlopende katolisiteit word op drie vlakke bely: eerstens feitelik (*"Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees"*); tweedens fundamenteel (waarin die algemeenheid van die kerk ten opsigte van tyd gefundeer word in die ewige koningskap van Christus); en derdens bemoedigend (die kerk was altyd van die begin van die wêreld af daar en sal tot die einde toe daar wees - omdat God dit bewaar).

Deur te sê dat die kerk van die begin van die wêreld af daar was, sluit die NGB die Ou Testamentiese volk van God sonder meer by die kerk in. [65] Hiermee word nie gesê dat die NGB die volk Israel gelykstel met die kerk soos ons dit vanuit Nuwe Testamentiese perspektief ken nie. [66] Die verhouding Israel/ kerk word inderwaarheid glad nie in die NGB bespreek nie. Wat wel hier beklemtoon word, is dat die oorsprong van die kerk veel verder terug gesoek moet word as net by Pinkster of selfs die werk van Jesus Christus tydens sy aardse optrede. [67] Die belydenis spruit uit die deeglike besef van die Gereformeerdes dat die Nuwe Verbond nie in 'n vakuum ontstaan het nie, maar wesenlik in die Ou Verbond gegrond is. [68] Die kerngedagte van die belydenis is egter nie bloot in die historiese skakeling te vind nie. Die klem val nie soseer op die voor-historiese grondslag van die (Nuwe Testamentiese-) kerk nie, maar op die buite-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



historiese fundering in die raad van God, met die "kerk" in Ou en Nuwe Verbond as resultaat. Wat hier in die NGB bely word, is dus wesenlik dieselfde as die omskrywing in die Confessio Helvetica Posterior (artikel 17.1): "*Omdat God van die begin af wou hê dat mense gered moes word, en tot die ware kennis moes kom, was dit nodig dat daar altyd sou wees, en nou moet wees, en tot die einde van die wêreld sal wees, ('n) kerk: dit is die vergadering van gelowiges wat uit die wêreld uitgeroep of versamel is.*" [69]

Die NGB se belydenis dat die kerk van ewigheid af bestaan, berus op sterk Bybelse grondslag. Die kerk as resultaat van God se uitverkiesing in die ewigheid word baie duidelik in die Skrif gestel (Joh.17:2-6; 1 Kor. 1:2; en veral Ef. 1:4,11). Die kerk, as volk van God (1 Petr. 2:9), bestaan uit almal wat aan God behoort - en dit sluit gelowiges in Ou- en Nuwe Verbond in.

Dieselfde gedagte word - uit 'n ietwat ander hoek beskou - beklemtoon wanneer verder bely word dat die algemeenheid van die kerk gefundeer is in die ewige koningskap van Christus. Vroeër in die belydenis is reeds met groot klem bely dat Jesus van ewigheid af is: "*Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die persoon van die die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid (Hebr. 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Fil. 2:6). Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*sedert Hy ons natuur aangeneem het nie."* [70] As ewige God deel Hy dan ook van ewigheid tot ewigheid in die heerskappy en heerlikheid van die Vader (Ps. 2:2, 7-9, vgl. Hand. 4:24-28; Ps. 110:1-2, vgl. Mat. 20:43-45; 26:64; 28:19; Joh. 1:1-2, 14; 5:23,27; 8:54-55, 58; 10:38; 17:5; Hand. 2:33-36; Fil. 2:6-11; Kol. 1: 15-18; Hebr. 1:2-4; 2:9; Judas v.25; Openb. 1:4-6; 5:13). Omdat Hy 'n ewige Koning is, kan Hy ook nooit sonder onderdane wees nie - so sê die Belydenis.

Met die belydenis van die ewige koningskap word nie soseer klem gelê op die historiese *vanaf* van die kerk nie, maar op die *vir altyd*. Omdat die kerk in God se raadsplan gefundeer is, en omdat Christus 'n ewige Koning is, kan daar nooit 'n tyd wees waarin Hy sonder onderdane kan wees nie. Dit is 'n belydenis wat die kerk bemoedig soos geen ander nie. In geloofsvertroue kan die kerk weet dat hy in God se raad en in Christus se heerskappy gewortel en gegrond is, en dat die Almagtige self sy kerk in stand sal hou: tot in ewigheid, soos Hy dit van die begin van die wêreld af gedoen het. [71] Die beloftes van die Here Jesus aan sy kerk (Mat.16:18; 28:20; Openb. 1:12-13) word reeds in die Ou Testament bewys - onder meer deur die voorbeeld wat in art. 27 aangehaal word: die kerk "*word deur God bewaar teen die woede van die wêreld alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom in die tyd van Agab*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*sewedui sendmense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie*". Reeds vanaf die tyd van Enos (Gen. 4:26), in die tyd van die "*snelle en verskriklike afval van die linie van Kain*", [72] deur die ark van Noag en die verdrukking in Egipte heen, het Hy sy kerk bewaar, en Hy sal dit doen tot die einde toe (Mat. 16:18) - al is die verleiding en aanvalle van die Satan ook hoè groot (Openb. 20:9). Vervolging, hoe fel ook al, sal nooit die kerk van Christus kan beëindig nie, want Hy is 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie. [73]

JD Barth wys tereg daarop dat die bewaring nie alleen teen vervolging is nie, maar ook teen verval. [74] Calvyn het dit ook so verstaan. Al oordeel hy dat die Roomse kerk so ver van die Woord van God gedwaal het dat "*halfbegrawe verberg, die evangelie daarin verduister, die vroomheid verdryf, en die diens van God byna vernietig is - in èèn woord, dat alles so verwar is dat daarin veel eerder die gedaante van Babilon as van God se heilige stad gesien kan word*", ontken hy nie dat daar nog van kerk sprake kan wees nie. [75] Weliswaar noem hy dit slegs "*spore*" [76] en verbind dit aan die mate waarin die Woord nog suiwer uitgedra en uitgeleef word, [77] maar hy beklemtoon dat (soos met Israel in die Ou Verbond) ook ten opsigte van die Roomse Kerk die voortgang van die verbond nie in die eerste plek afhang van die volk/kerk se stryd teen die goddeloosheid nie, maar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"*die verbond van die Here bly bestaan deur die sekerheid en standvastigheid van God se goedheid, en sy trou kan nie deur troueloosheid uitgewis word nie*". [78] God self het gesorg dat in die kerk, ten spyte van die tirannie van die antichris (sic!) "*sy verbond onskendbaar sou bly, dat eerstens sy doop daar bewaar word: die getuienis van die verbond, wat - deur sy mond geheilig, ten spyte van die goddeloosheid van die mense - sy krag behou; en verder het Hy deur sy voorsienigheid bewerk dat ook ander oorblyfsels bly bestaan sodat die kerk nie heeltemal sou ondergaan nie*". [79]

Die belydenis dat die voortgang van die kerk teen vervolging en selfs verval in nie in die eerste plek by die mense berus nie, maar by God, dien nie tot 'n ontduiking van verantwoordelikheid nie. Daarvoor is die klem op die heiligheid van die kerk en die gehoorsaamheid aan God se Woord verderaan in die Belydenis te groot. Wat wel duidelik gestel word, en met eerbied bely word, is dat die kerk God se eiendom is, en deur Hom bewaar sal word van begin tot einde.

In die Belydenis kry die perspektief van die kerk as "*kerk-vir-God*" primêre aandag. Hoe lofwaardig en korrek dit ook al is, is dit tog jammer dat die Bybelse waarheid dat die kerk ook "*kerk-vir-die-mense*" is, geen aandag kry nie. In die werk van Jesus Christus - wat immers histories en fundamenteel die ontstaan van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk tot gevolg gehad het, [80] word albei dimensies duidelik gestel. Aan die een kant was sy werk tot eer en verheerliking van God en sy Seun (Joh. 17:4; Ef. 1:22; Kol. 1:18), maar Hy het ook gekom en gewerk vir die mense (Hebr. 2:10; vgl. ook Joh. 1:11-12; 10:16; 17:6; Gal. 1:4; Ef. 1:13; 2:12-13; 1 Petr. 2:9-10). Die kerk bestaan nie slegs tot eer van God nie, maar ook tot voordeel van die mense - veral in die sin dat mense deur die kerk gebring word tot verlossing (Mat. 28:19; Joh. 17:18-20; Hand. 1:8 en 2:38-39; 2 Kor. 3:4, 7-10; 5:20; Ef. 3:10) en in die kerk ondersteun word in geloofsgroei (Ef. 4:11- 13; Hebr. 10:24-25). Anders gestel: God het die kerk daargestel, nie alleen tot sy eer nie, maar ook tot voordeel van die mense daarin dat hulle deur die werk van die kerk gebring word uit die duisternis na sy wonderbare lig (1 Petr. 2:9) en in die kerk geleer word om te lewe as "*mense van die lig*" (Ef. 4:8).

Alles in ag genome, kan ons tog sê dat dat ons hier in die NGB se belydenis aangaande die deurlopende katolisiteit van die kerk 'n pragtige, Bybels-verantwoorde stelling het. Om die kerk te sien as gefundeer in God se raadsplan en in Christus se koningskap, laat nie alleen reg geskied aan die gees en letter van die Skrif nie, maar is ook bepalend vir enige verdere denke oor die kerk. Dit sluit nie alleen die reeds genoemde bemoediging in tye van vervolging en/of verval in nie, maar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



erken ook die imperatief van onderhorigheid aan Christus as enigste Hoof van die kerk. Soos Moltmann dit stel: "*Die heerskappy van Christus is die enigste en daarom omvattende bestemming van die kerk. Dit* (= die heerskappy) *laat hom nóg deel, nóg begrens. Daarom is ook die gehoorsaamheid van die Christendom onder hierdie bevrydende heerskappy omvattend en ongedeel. Ook dit laat hom nie begrens nie, nog van die kant van die kerk, nog van die kant van die staat. 'n Konsekwent teologiese leer van die kerk is reeds as sodanig 'n eminent politiese en sosiale leer van die kerk.*" [81]

4.3.2.2 <u>Ekstensiewe katolisiteit</u>

In hierdie verband vra drie uitsprake aandag. Eerstens word bely wie aan die kerk behoort: "*Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, <u>'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees</u>*". [82] Tweedens word gesê waar hierdie kerk gevind kan word: "*Tog is hierdie heilige kerk <u>nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.</u>*" [83] Verder word die kerk beskryf as die heilige vergadering wat 'n versameling is van hulle wat verlos word, en waarbuite geen saligheid is nie. [84] Die grense van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk word duidelik gestel: aan die een kant ekstensief in die volle sin van die woord: àlle ware gelowiges, waar ook al in die wêreld, word by die een kerk ingesluit; maar aan die ander kant word ook die logiese imperatief gestel: omdat daar net een heilige vergadering is wat uit gelowiges bestaan, moet alle gelowiges daarby inskakel.

4.3.2.2.1 Ekstensief ten opsigte van mense

Van bogenoemde drie uitsprake is die eerste een moontlik prinsipieël die belangrikste wanneer verklaar word dat die algemene kerk die vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo. Agter hierdie formulering lê die histories-polemiese perspektief van die vehouding tussen Roomse- en Gereformeerde Kerke. Schilder beskryf die dilemma, en die oplossing, so: "*(Die kerk) is 'n vergadering van gelowiges. Die een kom saam onder die pous van Rome, en die ander een kom saam met boertjies en kantoorbediendes wat 'n kerkraad vorm. Hulle sê albei: kom na my toe. Watter een is nou die ware vergadering? ... Wat is die wettige reël daarvoor? Die debat is al skeefgetrek by die eksegese van Christus se woord: kom almal na* My *toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.*" [85]

Dit strek tot die eer van die Hervormers dat hulle die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wese van die kerk nie aan die een of ander instituut probeer koppel het nie, maar dat die kerk gesien word as die resultaat van God se verkiesing, wat in die wêreld realiseer waar ook al mense wat waarlik in Christus glo en in die Heilige Gees geheilig en verseël word, in 'n vergadering bymekaarkom. Die uitgangspunt vir die belydenis is teologies, [86] en is 'n poging om nie alleen die breedte nie, maar ook die diepte [87] van die egte katolisiteit te soek.

Die algemene kerk word beskryf as "*'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo ...*". Uit hierdie belydenis spruit voort dat nie gesê kan word: "waar die ware *geloof* is, daar is die kerk" nie, maar wel: "waar die ware *gelowiges* is, daar is die kerk". Al is die geloof as bepalende faktor 'n onsigbare entiteit, is die vergadering van gelowiges wel deeglik sigbaar. Die wese van die algemene kerk word nie gesoek in 'n soort mistieke gemene faktor van geloof nie, maar in die organiese geheel van gelowiges as die een liggaam van Christus. [88] As lewende stene word hulle opgebou tot die een geestelike tempel van God (1 Petr. 2:5); en as lede van die een liggaam, van die een organiese geheel met Christus as die Hoof, funksioneer die kerk deur die krag van die Gees (1 Kor. 12). Dit is 'n geheel waarin daar verskeidenheid is: 'n verskeidenheid van genadegawes (1 Kor. 12:4, 7-11); 'n verskeidenheid van bedieninge (1 Kor. 12:5, 28-30); 'n verskeidenheid van kragtige wer-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinge (1 Kor. 12:6); maar almal - met watter gawe of werking ook toegerus, en in watter amp ook al - is aan mekaar toegewys as lede van die een liggaam van Christus, saamverbind deur die een Gees. Dit is 'n eenheid waarin die verskeidenheid nie verdeeldheid mag veroorsaak nie, maar waarin "*die lede gelyke sorg vir mekaar dra*" (1 Kor. 12:25). Die lede is so aan mekaar verbind dat "*as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly*" (1 Kor. 12:26). Dit is - en dit is belangrik - 'n eenheid van *mense*. "*Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen lid daarvan,*" skryf Paulus in 1 Kor. 12:27. Hierdie mense het nie alleen verskillende genadegawes of ampte nie, maar kom ook uit verskillende agtergronde. Beroepe verskil: daar is onder meer vissermanne (soos Simon en Andreas, Mark. 1:16); tollenaars (Matteus, Mat. 9:9); dokters (Lukas, Kol. 4:14); handelaars (Lidia, Hand. 16:14); staatsamptenare (die hofdienaar van die kandake van Ethiopië, Hand. 4:27,38); soldate (Kornelius, Hand. 10:1, 48); en selfs tronkbewaarders (Hand. 16:33). Nasies en tale verskil: daar is Jode en Grieke (1 Kor. 12:13; Gal. 3:28), Romeine en Ethiopiërs, inderdaad mense "*uit elke nasie, stam, volk en taal*" (Openb. 7:9). Daar is rykes (soos die offisier van Kapernaum, Luk. 7:5; Saggeus, Luk. 19:2; vgl. Hand. 4:34; 1 Joh. 3:17) en armes, vrymanne en slawe (soos Filemon en Onesimus), mans en vrouens (1 Kor. 12:13, Gal. 3:28), oues en jonges (1 Petr. 5:5). Almal saam - hoe verskillend ook al vanuit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

menslike uitgangspunte beoordeel - konstitueer egter die een liggaam van Christus (1 Kor. 12:12). Almal is met die een Gees gedoop en van die een Gees deurdrenk (1 Kor. 12:13). Daar is net *een* liggaam en *een* Gees, net *een* hoop, *een* Here, *een* geloof, *een* doop, *een* God en Vader van almal (Ef. 4:4-5). Met Jesus Christus as enigste hoeksteen (Ef. 2:20-22; 1 Kor. 3:11) word die lewende stene saam opgebou tot die *een geestelike huis waarin God woon*" (Ef. 2:22; 1 Petr. 2:5).

Hierdie perspektief lê diep ingebed in die NGB se belydenis aangaande die algemene kerk as "*'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.*" Die vergadering het nie ontstaan vanweë 'n willekeurige samekoms van mense nie, maar het as inisiërende gemene faktor die gemeenskaplike geloof in Jesus Christus. En dit is die *enigste* ware gemene faktor! Geen ander kwalifisering van die kerk word in die Skrif of Belydenis gegee vir 'n vergadering wat as die kerk bekend kan staan nie. Die kerk wat God vir Hom bymekaargemaak het, bestaan uit die uitverkorenes (1 Petr. 2:9) wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag. Alle ander onderskeidings verdwyn. Dit was selfs al waar in die Ou Verbond: in die *qehal Jahwe* is selfs etniese oorwegings in die agtergrond geskuif. [89] Die Nuwe Testament is hieroor selfs meer eksplisiet. In die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"*een nuwe mensheid*" (Ef. 2:15) is daar nie burgers en bywoners nie, maar almal wat deur die bloed van Christus gewas is en met Hom een geword het is nou "*medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God*" (Ef. 2:19). "*Die enigste voorwaarde vir die lidmaatskap van die kerk wat gestel mag word, is diè van geloof in Jesus Christus.*" [90] Die algemene kerk is te vind daar (en slegs daar!) waar 'n vergadering van mense wat waarlik in Christus glo, bymekaarkom.

In bogenoemde sin is katolisiteit dus gelyk aan universaliteit: die kerk is uitgestrek oor alle begrensinge heen. Almal wat waarlik in Christus glo, is deel van die liggaam van Christus, van die kerk. Berkouwer wys daarop dat met sekere begrensings die katolisiteit aangetas word (selfs al word vasgehou aan die belydenis *credo ecclesiam catholicam*). "*Daar tree allerlei onderskeidings op, wat van bepaalde maatstawwe uitgaan en wat 'n diskriminerende betekenis kry, waardeur die betekenis van die evangelie vereng word.*" [91] Hy wys op Christus self wat teenoor partikularisme 'n algemene aanbidding stel (Joh. 4:20,23). Weliswaar "*dring die evangelie die wèreld binne in die gestalte van die begrensing (Israel), maar dit is 'n misverstand om te dink dat dit daarin sy einddoel vind.*" Sommiges wou vashou aan 'n partikularistiese verenging (vgl. Petrus in Hand. 10), maar dit is pertinent deur God self deurbreek. Berkouwer konkludeer: "*Vanweë die goddelike, onpartydige*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*handeling word dit ook vir die gelowiges illegitiem om 'an Christus zu glauben und gleichzeitig parteiische Rücksichtsnahme zu üben'."* [92]

4.3.2.2.2 Ekstensief ten opsigte van plek

'n Opvallende formulering in artikel 27 is dat die algemene kerk omskryf word as "*une saincte congregation*" en nie as "*la saincte congregation*" nie. Dit stem ooreen met die formulering in die HK, vraag 54, en die Dordtse Leerreëls, II/9. [93] Dit hang saam met die besef dat die kerk nie as een empiries-waarneembare grootheid besien kan word nie. Na die organiese sy beoordeel is die kerk as vergadering van uitverkorenes [94] net in en deur die geloof waarneembaar, maar ook in institutêre sin kan die kerk nie ineen waargeneem word nie. [95] Die kerk is nie net op een plek waarneembaar nie, maar is oor die hele wêreld versprei. Dit word beklemtoon wanneer bely word: "*Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere person nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.*"

Ook in hierdie belydenis lê 'n polemiese element opgesluit. "*Teenoor die Rooms-Katolisisme, Spiritualisme en Anabaptisme word kragtig stelling ingeneem.*" [96] Die klem val in die Belydenis op die saambindende krag van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Heilige Gees en die geloof, en daarom is die kerk steeds een, algemene kerk. "*Al is hulle ook liggaamlik 'n duisend myl van mekaar verwyder, heet hulle nogtans een vergadering in die Gees, omdat elkeen preek, glo, hoop, liefhet en leef soos die ander;*" en "*Ons wil daardie (kerk) as die regte bruid van Christus erken wat by die suiwer Woord van Christus bly en geen ander troos in hulle harte het as hierdie Heiland nie. Dit is die regte kerk, nie alleen aan een plek verbind, soos onder die pous bepaal word nie, maar waar hulle ook al is, so wyd as wat die wêreld is. Dit is die regte catholica, algemene, christelike kerk. Hierdie Christenheid is nie alleen onder die Roomse Kerk of die pous te vind nie, maar is oral in die wêreld. Die profete het dit so verkondig, naamlik dat Christus se evangelie in die hele wêreld moes kom (Ps. 2;19:15), sodat die Christenheid liggaamlik onder die pous, die Turke, die Perse, die Tartare, oral verstrooi is, maar geestelik vergader is in een evangelie en geloof, onder een Hoof, wat Jesus Christus is.*" [97] Die algemene kerk is nie gefundeer in die pous, of in die biskoplike suksessie nie, maar in die drie-enige God wat in een geloof aanbid word. Enige eksklusiwiteit waarop aanspraak gemaak word, hetsy deur Rome, Spiritualiste of Anabaptiste, word verwerp. [98]

In die Nuwe Testament word die begrip *ekklesia* in tweërlei sin [99] gebruik: soms dui dit op die hele liggaam van gelowiges, of dan die kerk in algemene sin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(bv. Mat 16:18; Hand. 8:3; 9:31; 1 Kor. 12:28; Ef. 1:22; 3:10, 21; 5:23 e.v.; Fil. 3:6; Kol. 1:18,24). Ander kere dui dit op 'n spesifieke gemeente (bv. Hand. 11:22; 13:1; 15:2,4; 20:17 [100]; Rom. 16:1,5,16; 1 Kor. 1:2; 11:20; 14:23; 16:1; Gal. 2:6, 9; Fil. 4:15; Kol. 4:16; 1 Tes. 1:1; Filemon v. 2; Hebr. 10:25; Openb. 1:3; 2:1 e.v.). In vertalings word die twee begrippe gewoonlik weergegee met "kerk" en "gemeente". Schmidt wys daarop dat dit baie moeilik is om altyd te weet watter term om te gebruik, en die onderskeid berus dikwels eerder op oorwegings van denominasie of skool eerder as op leksikologiese of teologiese oorwegings. [101] Hy oorweeg die moontlikheid dat daar net een woord in vertalings gebruik moet word, veral omdat die Nuwe Testament altyd dieselfde woord gebruik - nie alleen vir "kerk" en "gemeente" nie, maar ook in kerklike en sekulêre sin. Hy wys op probleme (bv.: Is die oergemeenskap in Jerusalem "kerk" of "gemeente"? Was die vertalers van die Septuagint reg om al die Ou Testamentiese weergawes van vergadering met net een woord, naamlik ekklesia, te vertaal?) maar konkludeer tog dat dit goed sou wees as slegs een woord gebruik kon word, verkieslik 'n nie-gelade woord soos "vergadering". [102]

Alhoewel sekere groepe slegs een term handhaaf, is die twee terme by ander groepe al so ingeburger in algemene- en teologiese taalgebruik dat dit onmoontlik is om nog oor te slaan na slegs een term. Dit hoef ook nie as 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



probleem beskou te word nie. Die begrippe "vergadering", "kerk" en "gemeente" hoef nie teen mekaar afgespeel te word asof hulle mekaar uitsluit nie. "*Die onbetwisbare feit dat die Nuwe Testament self altyd dieselfde woord, 'ekklesia', gebruik waar ons sou kies vir 'vergadering', 'gemeente' of 'kerk', behoort ons te waarsku om te probeer om kontraste hier te vind. Die drie woorde is nie in kompetisie nie, maar komplementeer mekaar in die weergee van die baie ryk en veelvoudige 'ekklesia'.*" [103] In algemene woordgebruik is dit wel waar "*dat 'vergadering' 'n konkrete gebeurtenis beklemtoon, 'gemeente' 'n konstante plaaslike groep, en 'kerk' 'n supralokale gemeenskap*", [104] maar hulle kan ook dikwels as sinonieme uitgeruil word. Waarteen wel gewaak moet word, is om die een aan die ander ondergeskik te stel. Soos Küng dit stel: "*Elke individuele ekklesia (elke individuele vergadering, gemeente of kerk) is nie <u>die</u> ekklesia (die hele kerk, gemeente of vergadering) nie; maar verteenwoordig dit nogtans volledig.*" [105] Die gemeente mag nooit gesien word as net 'n stukkie van die kerk nie - want dan sou die kerk in breër verband gesien word as die hele of ware kerk en gevolglik as belangriker. Die plaaslike kerk, of dan geeente, *behoort* nie net aan die kerk nie, maar *is* die kerk.

Polman wys daarop dat De Bres in sy "*Le Bastion de la foy Chrestienne*" tot dieselfde gevolgtrekking gekom het. Hy het naamlik opgemerk dat daar net een kerk is (en verwys

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarvoor na Hoogl. 6:8; Joh. 10:16; Rom. 12:4,5; Ef. 2:14-18; Gal. 3:28; Kol. 3:11), maar Paulus skryf aan die kerke in Galasië, en in 1 Kor. 16:19 praat hy van die kerke van Klein-Asië. Is daar dan meer as een kerk? Nee, sê De Bres, daar is net een kerk, maar "*die naam van die kerk word soms aan 'n gedeelte van die kerk gegee, en selfs aan 'n huis, om aan te toon dat dit die ware vorm van die kerk het en dat hulle ware lede van die kerk is, en nie om daarvan 'n kerk verskillend en onderskeie van die ander te maak nie.*" [106] Die onderskeiding kerk/kerke het dus te doen met uitwendige omstandighede soos plek of tyd, en nie met wesenlike sake, naamlik die gehoorsaamheid aan die evangelie en die wettige gebruik van die sakramente nie. Daarom kan in die belydenis gesê word: "ek glo in die universele kerk", want daardeur "*is almal sodanig aan Christus verbind dat hulle, net soos hulle van een Hoof afhanklik is, ook ingelyf is in een liggaam*". [107] Waar gelowiges ook al in 'n vergadering of gemeente bymekaarkom, is hulle gemeente volledig kerk. Enige onderskeid as sou so 'n plaaslike gemeente 'n mindere deel van die kerk wees, of van mindere belangrikheid as die totale kerk, is (soos Küng tereg opmerk [108]) die gevolg van 'n abstrakte en idealiserende konsep van die kerk.

Daar moet egter ook teen 'n ander uiterste gewaak word. Die plaaslike kerk is wel komplete kerk, maar is tog nie die hele of universele kerk nie. [109] Geen plaaslike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gemeente staan op sy eie, sonder verband met die res van die liggaam van Christus nie. Paulus stuur byvoorbeeld dikwels groete van een gemeente aan ander gemeentes (Rom. 16:16; 1 Kor. 16:19), en soms nie eens namens 'n gemeente nie, maar bloot namens "*almal wat aan die Here behoort*" (2 Kor. 13:12; vgl. Fil. 4:21). Die briewe in Die Openbaring is soms aan een gemeente gerig, bv. aan Efese of Smirna, maar is bedoel vir àl sewe (Openb. 1:4). En toe in een gemeente (Antiochië) onduidelikheid ontstaan het rondom die leer van die besnydenis, is met 'n ander gemeente (Jerusalem) geskakel om gesamentlik duidelikheid te kry (Hand. 15:2). Die onderlinge gemeenskap het ook praktiese gestalte gekry: toe daar behoeftes in een gemeente (Jerusalem) ontstaan het, is daar in die gemeentes in Klein-Asië en Griekeland vir hulle geld bymekaargemaak (1 Kor. 16:1-4).

Daar kan nie aan een gemeente gedink word los van die gehele liggaam van Christus nie. Immers, al is die gelowiges of kerke oor die hele wêreld verstrooi, is hulle nog "*met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig*", soos die NGB bely. [110] 'n Gemeente kan dus selfstandig optree en het eie outonomie, maar hy kan nooit so outonomisties optree as sou die res van die kerk nie 'n sê het oor sy optrede nie. [111] Wat waar is van die individuele lede van die liggaam van Christus, is ook korporatief waar van die groepe wat op verskillende plekke vergader -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as lede van die een liggaam van Christus, deur een en dieselfde Gees, in een geloof en doop verenig, moet hulle mekaar opbou in liefde (Ef. 4:15-16).

In hierdie verband is dit opmerklik dat daar in die NGB 'n imperatief geïmpliseer word. Die kerk is naamlik volgens artikel 27 nie bloot teoreties in die geloof en in die Gees verenig nie, maar is dit "*in hart en wil*" (*unie de coeur, et de volontè*). [112] Dit neem die NGB se belydenis sonder meer weg uit die kader van 'n bloot "onsigbare" kerk, en plaas dit in die praktyk van 'n kerk wat nie net in 'n gemeenskaplike geloof aan mekaar gebind is nie, maar ook in die praktyk. [113]

### 4.3.2.3 Kwalitatiewe katolisiteit

Die NGB sluit sy behandeling oor die algemene kerk af met die belydenis dat, ten spyte van enige skeiding ten opsigte van tyd, plek, of verskille van watter aard ook al, dit "*in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig*" is. Dit behoort 'n genoegsame samebindende faktor te wees - veral met die bykomende bepaling dat dit "*hart en wil*" is.

Hierdie slotsom van artikel 27 is meer as net 'n samevattende afsluiting. Dit is 'n besondere standpuntinname. "*In hierdie slotsin van die artikel*", skryf Polman, "*klop*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*die hart van die Gereformeerde oortuiging."* [114] Aan die een kant word die belydenis van deurlopende en ekstensiewe katolisiteit ernstig opgeneem, maar aan die ander kant word standpunt ingeneem teen eenheid bloot ter wille van eenheid. Ware eenheid in die kerk is immers die werk van die verenigende Heilige Gees, en word nie bereik bloot waar mense tot 'n eenheid van een of ander aard ooreenkom nie. Dit word nie eerstens bereik deur 'n formeel-organisatoriese eenheidstruktuur soos in die Roomse kerk nie, maar deur eensgesindheid van hart en wil, deur die Heilige Gees geïnisieer, en gebou op 'n gemeenskaplike geloof waarin die Woord van God tot sy reg kom. Alleen sò kan die kerk waarlik een algemene kerk wees en word. [115]

### 4.3.3 <u>DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES</u>

Hoe belangriker dit is dat daar met hart en wil gewerk moet word aan die verwesenliking van die katolisiteit van die kerk, word bevestig deur die belydenis in artikel 28. "*Almal is verplig,*" word onder meer bely, "*om hom daarby* (= die kerk) *aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar, deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*broers in die opbou van hulle geloof te dien.*"

Al word dit nie so gespesifiseer nie, volg die NGB hier die belydenis van die Apostoliese Geloofsbelydenis waarin verklaar word dat nie alleen geglo word aan "*sanctam ecclesiam catholicam*" nie, maar ook aan "*sanctorum communionem*". Met hierdie belydenis word pertinent wegbeweeg van 'n algemeen-prinsipiële siening van die kerk, en oorgegaan tot die bepaling van die kerk in die praktyk. Daar word aan die kerk 'n adres gegee. Dit gaan hier om die kerk as "*heilige vergadering van hulle wat verlos word*", as *sanctorum communionem*.

Die kern van artikel 28 is die beklemtoning dat elkeen verplig is om hom by die ware kerk aan te sluit, en die motivering hiervoor word gevind in die feit dat die kerk die versameling is van almal wat verlos word. Hierdie waarheid is in artikel 27 reeds beklemtoon. Daarmee saam word ook 'n tweede motivering gegee wat aandag verdien. Dit is naamlik dat verklaar word dat daar buite hierdie heilige vergadering geen saligheid is nie.

#### 4.3.3.1 Extra ecclesiam nulla salus

Hierdie omstrede uitspraak, deur Polman tereg 'n Roomse èn Protestantse adagium genoem, [116] is vir baie misverstand vatbaar. Veral in die Roomse kerk het dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontwikkel tot so 'n verabsolutering van die institutêre (Roomse) kerk dat daar hoogs eksklusiwisties gedink is. Alhoewel die sterk eksklusiwistiese standpunt mettertyd versag is, [117] is daar in die tyd van die Hervorming nog beslis gewerk met die stelling van Fulgentius van Ruspe waarvolgens alle Jode, heidene, *schismatici* en *haeretici* sonder meer buite die kerk geplaas is. Hierdie standpunt is bevestig by die konsilie van Trente toe tydens die vyfde sitting verklaar is "*dat dit sonder die katolieke geloof onmoontlik is om God te behaag*". [118] Hierteen het die Hervormers uiteraard in opstand gekom - veral weens hulle verwerping van die leer van die unieke episkopaat van die pous. Nogtans het die bekendste Hervormers byna almal vasgehou aan die gedagte dat daar buite die kerk geen saligheid is nie. [119] Waar hulle wel fundamenteel van die Roomse siening verskil het, was ten opsigte van die kerkbegrip van watter kerk die een is waarbuite daar geen saligheid is nie. Reeds in die bespreking van die Hervormers se beskouing van die algemene kerk in die eerste plek as versameling van die uitverkorenes, is getoon dat hulle hier dink aan wat Calvyn die onsigbare kerk noem. [120] Hiermee word nie aan die kerk as 'n platoniese staat gedink nie, maar aan die kerk wat deur die geloof realiseer tot die "*moeder van die gelowiges*". [121] In hierdie verband is - soos in die Roomse kerk - dikwels verwys na die uitsprake van Cyprianus wat die kerk met die ark vergelyk het, en ook verklaar het "*habere non potest Deum patrem qui ecclesiam*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*non habet matrem*". [122] Berkouwer toon aan dat dit nie by Cyprianus gegaan het om "*'n vorm van hoogmoedige klerikalisme, van partikularisme of ongeestelike triomfalisme*" nie. Waarop hy klem gelê het was dat dit nie meer moontlik is om "*in abstracto oor God en oor die geloof te praat noudat God se heilsbedoeling in die konkrete ekklesia gestalte gekry het*" nie. Wat Cyprianus bedoel het, was "*nie 'n institusionalisering wat nouliks 'n oog het vir die essensiëel pneumatiese aspek van die kerk nie, maar die konkretisering van die ecclesia visibilis*". [123] Die Hervormers was dit hierin met Cyprianus eens deur die kerk te sien as die plek waar God sy volk versamel en sy weldade meedeel. [124]

In die gedagte van die Hervormers was dit belangrik om te bepaal dat die heil alleen in die kerk te vind is omdat dit die medium is waar God sy genadegawes meedeel. Die kerk waarbuite geen saligheid is nie, is in die eerste plek die algemene kerk, die vergadering van uitverkorenes. Hierdie kerk word nie vergeestelik nie, maar word direk in verband gebring met die "sigbare" kerk. Die kerk moet egter ware kerk wees. [125] En dan: buite hierdie kerk is daar geen saligheid nie; almal moet by hom inskakel; en niemand mag hom van hierdie kerk afskei nie.

Dit was nie die bedoeling van die Hervormers om lidmaatskap aan die sigbare kerk (as vergadering van die geroe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



penes) volstrek noodsaaklik vir die heil te stel nie. [126] Daarvoor was hulle maar te bewus daarvan dat die grense van die kerk in sy sigbare en onsigbare gestaltes nie altyd ooreenstem nie: binne die ware (sigbare) kerk is daar ook die huigelaars, [127] maar buite die ware kerk is daar ook gereddenes. Calvyn erken byvoorbeeld dat die Here selfs by die "pousgesindes" "*oorblyfsels van sy volk - hoe ellendig verstrooid en uiteengejaag dan ook - op wonderlike wyse bewaar*". [128] Waarop hulle wel klem gelê het (en dit is in wese waarom artikel 28 gaan) is - in die woorde van Calvyn: "*die Here heg aan die gemeenskap van sy kerk soveel waarde dat Hy iemand, wat hom van elke Christelike vergadering wat die ware bediening van die Woord en van die sakramente onderhou, hardnekkig vervreem, as 'n oorloper en verlater van elke Christelike godsdiens beskou*". [129]

4.3.3.2 <u>Die gemeenskapsbeoefening van die gelowiges</u>

Dit is 'n besondere kenmerk van die lewe in die kerk dat die gelowiges na mekaar moet omsien (Hebr. 10:24), mekaar se laste moet dra (Gal. 6:2), mekaar moet aanspoor tot liefde en goeie dade (Hebr. 10:24), mekaar moet teregwys (Mat. 18:15) en oor mekaar moet oordeel (1 Kor. 5:13), mekaar prakties moet liefhê (1 Joh. 3:16-17), mekaar opbou in die geloof (Ef. 4:16) en as lewende stene saam opgebou word tot 'n geestelike huis wat deur Jesus vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



God welgevallig is (1 Petr. 2:5). Die gelowige staan nie op 'n eiland nie. As kind van God word hy opgeneem in die huisgesin van God (Ef. 2:19); hy word deel van die kudde van die goeie Herder (Joh. 10:16), en hy word 'n lid van die liggaam van Christus (1 Kor. 12:27).

Soos ons al vroeër gesien het, sien die NGB nie die kerk as die resultaat van mense wat begin glo en daarop in 'n gemeenskaplike liggaam bymekaargekom het nie, maar as die resultaat van God se verkiesing. Dit word ook in artikel 28 bevestig waar die noodsaaklikheid van 'n gemeenskapsbeoefening gefundeer word in die wese van die kerk, naamlik dat dit die versameling is van hulle wat verlos word, en waarbuite geen saligheid is nie. Calvyn, in polemiek teen die spiritualiste, verduidelik dit so: "*Ek sê egter dat die kerk eers gebou moet word - nie omdat daar enige kerk kan wees sonder die vergewing van sondes nie - maar omdat die Here sy barmhartigheid slegs in die gemeenskap van die heiliges beloof het.*" [130] Die weldaad van die sleutelmag, en by name die prediking van die vergifnis van sonde, is "*soseer die eiendom van die kerk dat ons dit nie anders kan geniet nie as wanneer ons in sy gemeenskap bly*". [131]

Vanuit hierdie beginselstandpunt volg logies dat elke gelowige verplig is om deel te hê aan die opbou van die gemeenskap van die gelowiges. Polman stel dit as 'n vanselfsprekenheid: "*So is dan nou die onderhouding van*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*die eenheid van die kerk en die beoefening van die gemeenskap van die heiliges ewe vanselfsprekend as die saamgaan van son en dag, van smeltende sneeu en gepaardgaande ontdooiing."* [132] Op verskeie maniere word dit in die Skrif bevestig. Wanneer iemand die evangeliewoord aanneem, word hy by die getal van die gelowiges gevoeg om te deel aan die onderlinge verbondenheid (Hand. 2:41-42). As lewende stene moet hulle opgebou word tot 'n geestelike huis (1 Petr. 2:5), en as lede van die een liggaam moet hulle mekaar met hulle gawes dien (1 Kor. 12). Omdat hulle kan vashou aan die geregtigheid wat Christus verwerf het, moet hulle op mekaar ag gee en tot liefde en goeie werke aanspoor (Hebr. 10:19-25). Inderdaad, die hele gemeenskap van gelowiges in hemel en op aarde het sy bestaan aan God te danke, en om te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek, is 'n dankbaarheidsaktiwiteit wat "*saam met al die gelowiges*" beleef moet word (Ef. 3:14-18).

Die NGB werk in hierdie verband nie met 'n indikatief nie, maar met 'n imperatief. Eers word negatief gestel dat niemand hom van die gemeenskap van die gelowiges mag onttrek nie. Om dit te doen, sou blatante selftevredenheid wees en "*in stryd met die bevel van God*". Inteendeel, "*almal is verplig om daarby* (= die kerk) *aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar, deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien."* Hierdie belydenis, in indikatief en imperatief, is volkome in harmonie met die Skrif, en 'n logiese uitvloeisel van die belydenis van artikel 27. Hoe sterk hierdie belydenis staan, word beklemtoon in die daaropvolgende gedagte: *"En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by die vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê."*

Twee sake word hier genoem:

1. Die gelowiges moet hulle afskei van diè wat nie aan die kerk behoort nie. Hierdie formulering kan op meer as een manier geïnterpreteer word. In die eerste plek dui dit daarop dat die gelowige hom nie met die ongelowige moet assosieer nie, en dit is inderdaad direk in opdrag van die Woord van God (Ps. 1; 1 Kor. 6:15; 2 Kor. 6:14 e.v.; 1 Tim. 6:11). Dit kan egter ook gesien word as 'n afskeiding van diegene wat hulleself wel kerk noem, maar in werklikheid slegs 'n uiterlike skyn van godsdiens het (2 Tim. 3:5; vgl. 2 Joh. v.10-11). Hierdie siening was waarskynlik vir De Bres primêr in sy formulering, en moet gesien word binne die raamwerk van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Gereformeerde kerkgroepe wat naas die Roomse Kerk ontstaan het. [133] Volgens hierdie siening word afskeiding dan die regte diens aan die broers om die kerk waaraan geglo word weer opnuut sigbaar te maak, eerder as om saam te bly in die verwarring en dwaling en in die duisternis van goddelose magsmisbruik. [134] So 'n siening is natuurlik baie gevaarlik, omdat dit die weg open vir subjetiwiteit. Dit kan soms seker geregverdig wees (soos in die dae van die Hervorming toe daar werklike afwyking was van die Woord van God en die Roomse Kerk nie bereid was om aan die werklike probleme te verander nie), maar ander kere (bv. met die gebeure in die Hervormde Kerk in Nederland in 1944) is afskeiding nie noodwendig die regte manier van herstel nie. [135]

2. Die gelowiges moet hulle by die (ware) kerk aansluit, selfs al lei dit tot vervolging. Ook hierdie uitspraak moet teen sy historiese agtergrond gelees word: die NGB is immers aanvanklik teen 'n agtergrond van vervolgings opgestel. Die uitspraak is egter universeel-geldend. Te alle tye moet die opdrag van God hoër geag word as die eise van inkwisiteurs en vervolgers. Dat De Bres dit verstaan en bedoel het, blyk daaruit dat hy ten spyte van vervolgings op sy ingeslane weg volhard, aan sy oortuigings vasgehou, en uiteindelik met sy lewe daarvoor geboet het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## 4.4 SAMEVATTEND

Met sy belydenis van die een, algemene kerk, neem die NGB 'n spesifieke standpunt in oor die wese van die kerk. Die standpunte wat in hierdie gedeelte behandel is, moet dan ook gesien word as bepalend vir die verdere uitbouing van die kerkbegrip van die NGB. Aangesien daar in hoofstuk 7 volledig gekyk sal word na die beginsels wat aangetoon word, gaan ons nie nou verder daarop in nie. Dit is genoeg om te sê dat dit hierbo geblyk het dat die grondliggende standpuntinname van die NGB dat die kerk die resultaat is van God se uitverkiesing, die korrekte, Skrifbepaalde vertrekpunt is. So ook berus die ander standpunte wat ingeneem word, naamlik die siening ten opsigte van die mens se verantwoordelikheid in gehoorsaamheid, en die klem op slegs *een* kerk, wat die algemene kerk is, ook op sterk Bybelse grond. Daar bestaan egter ook leemtes, veral deurdat daar geen aandag gegee word aan die rol van die kerk binne die koninkryk van God nie, en deurdat daar so hard probeer word om die kerk as kerk te beskryf dat daar by 'n statiese, introspektiewe siening vasgesteek word waarin geen aandag gegee word aan die kerk se rolvervulling in die wêreld nie. In hierdie verband is veral die gebrek aan 'n missiologiese visie opvallend. Al moet die leemtes gesien word teenoor die historiese agtergrond, moet dit in gedagte gehou word by die beoordeling van die aktuele waarde van die kerkbegrip van die NGB.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 4

1. Die term is van Van Ruler, AA: De pretentie van de kerk: artikel in Wending, jaargang 13, 1958, bls. 567 e.v.

2. Artikel 27. Die enigste ander artikels wat so ingelei word, is artikels 11 (oor die godheid van die Heilige Gees), 34 (oor die doop) en 35 (oor die nagmaal).

3. Alles in ag geneem, het ons hier waarskynlik eerder te doen met 'n segswyse wat eie is aan die Latyn en Frans, eerder as met 'n diepsinnige teologiese formulering. Vgl. bv. die uitspraak in die Nicaeno-Constantinopolitanum van 381 wat in die Grieks lui: "*eis mian, hagian katholikyn kai apostilikyn ekklysian*", en wat in sy Latynse vorm (van Dionysius Exiguus) weergegee word met "*Et unam, sanctam, catholicam et apostolicam ecclesiam*": vgl. Schaff, II, bl. 58. In die Latyn en Frans is dit grammatikaal korrek dat die "in" ontbreek; in die Grieks, Nederlands, Afrikaans en Engels nie.

4. Inst. IV/2.

5. Idem.

6. Polman, ONG 3, bl. 270.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7. Vgl. idem.

8. Berkouwer, GC: De Kerk, I, bl.9

9. 'n Kerngedagte in die NGB. "*Soos die Woord van God leer*" is 'n refrein wat telkens opduik wanneer oor die kerk se gesag en orde gepraat word: vgl. artikels 7, 28, 29, 30, 31, 32.

10. Luther het groot klem gelê op die "onsigbaarheid" van die ware kerk. Hiermee het hy - teenoor Rome - die wese van die kerk gesoek in die geloof in Christus eerder as in 'n historiese instituut. Vir hom was die ware kerk dus die kerk wat slegs in die geloof waarneembaar is: vgl. Seeberg II, bl. 293.

11. NGB, artikel 27.

12. Idem.

13. Küng, Hans: The Church, bl. 13.

14. A.w., bl. 7.

15. In sowel die weergawe wat by Dordt goedgekeur is: Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 121; as in die onlangse vertaling: Bakhuizen van den Brink: De Belijdenisgeschriften volgens artikel X, bl. 46.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



16. Van Bruggen, a.w., bl. 131.

17. Feenstra, a.w., bl. 298.

18. In hierdie verband sou die woord "byeenkoms", of selfs eerder "samekoms", 'n beter keuse wees.

19. Polman, ONG III, bl. 272.

20. Vgl. sy traktaat <u>Von den Papsttum zu Rom (1520):</u> Seeberg II, bl. 291.

21. Ibid.

22. Ibid. Luther gebruik die term "onsigbaar" in verband met die kerk bloot om te sê dat die aard van die kerk geestelik is, en gevolglik onsigbaar en die objek van geloof. Hy het dit nie gebruik om tussen lede van die onsigbare kerk te onderskei nie: vgl. Seeberg, a.w. II, bl. 293.

23. Idem, bl. 340.

24. Inst. IV/3.

25. Inst. IV/1.

26. Inst. IV/2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27. Artikel 27.

28. 'n Interessante bewering word gemaak deur JC Krüger: Kerkvereniging in die lig van uitverkiesing en bekering. Hy wys op die Gereformeerde Kerk wat sterk staan op die uitverkiesing, op leersuiwerheid en die tug, maar wat bekering devalueer en nie eintlik weet hoe om dit te hanteer nie. Daarom gebeur daar in die Gereformeerde Kerk ook nie veel op die terrein van evangelisasie en die sending nie. Die Ned. Geref. Kerk weer is sterk op bekering ingestel, maar staan nie so sterk op die leer van die uitverkiesing nie. Daarom kom leerdwaling dikwels voor, maar omdat die kerk nie die evangelisasieywer wil demp nie, word daar nie al te gou met leertug opgetree nie. Vgl. bl. 104.

29. Vgl. J Hessels Mülder wat hierin die grootste leemte van die NGB se belydenis oor die kerk sien. Hy wys daarop dat alles te "*staties geformuleer*" is, en dan "*wie 1 Petr. 2:9 lees, sien die kerk, die uitverkore geslag, wat nagelaat word om uit te brei oor die kerk se verhouding, en met name sy dinamies evangeliserende opdrag, teenoor die wêreld*": a.w., bl. 167.

30. Avis, Paul DL: The church in the theology of the Reformers, bl. 1.

31. Ook by Rome was die teologie van die sestiende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eeu grootliks apologeties. Die uitsprake van die konsilie van Trente met sy baie "*anathema sit*"-verklarings toon dit duidelik.

32. Teks in Leith, a.w., bls. 520-521.

33. Flannery, Austin P (red.): Documents of Vatican II, bl. 350.

34. Terwyl ons by die Barmenverklaring en die Lumen Gentium is: beide dokumente noem 'n aspek van die kerkbegrip wat ook volkome in die NGB ontbreek, naamlik die toekomsperspektief. Vgl. daarvoor die bogenoemde aanhaling uit die Barmenverklaring, en hoofstuk 7 van die Lumen Gentium (in Flannery, a.w., bls. 407-413).

35. Schmidt, KL, in Gerhard Kittel: Theological Dictionary of the New Testament, vol. 3, bls. 496, 501 e.v.

36. 'n Belangrike vers waarin die *congregatio*-gedagte duidelik gestel word: "*Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God (ekklesia tou theo) versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.*"

37. The Church, bl. 82. Die woord *edah*, die verga-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dering van die volk as juridiese of kultiese gemeenskap, word in die Septuagint gewoonlik met *sunagoge* vertaal: ibid.

38. Ibid.

39. 'n Verdere belangrike oorweging, naamlik waar die vergadering bymekaarkom, kry later aandag: vgl. par. 4.3.2.2.2.

40. De Bres sluit hier nouer aan by Calvyn se Catechismus Genevensis as by die Confessio Gallicana waar die begrip "algemene kerk" glad nie voorkom nie, maar waar alleen gepraat word van "*tous ensemble doivent ... de Jesus Christ*" (art. 26).

41. Artikel 17.2; vgl. hfst. 3, par. 3.2.4.

42. Vgl. Polman, ONG III, bl. 270.

43. Ibid. Vir die apologetiese perspektief teenoor beide "Donatisme" en Rome, vgl. Polman, WenB II, bl. 151.

44. Vgl. Küng, a.w., bl. 263. Christelikheid word op grond van die Apostolicum soms ook bygevoeg: vgl. Van Bruggen, a.w., bl. 133.

45. Wat Polman sê van Luther se geskrifte oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ekklesiologie, is ook waar van die NGB, naamlik dat eintlik net die katolisiteit en heiligheid behandel word: vgl. ONG III, bl. 252. Hy vervolg: "*Die eenheid en enigheid van die kerk word steeds veronderstel, maar weinig bespreek.*"

46. Gispen, WH: De Geloofsbelijdenis der Nederlandsche Gereformeerde Kerk, bl. 161.

47. Artikel 27. Die Rooms-katolieke teoloog, Rudolf Boon, reageer teenoor Calvyn (Inst. IV/3/1,2) se uitleg van Ef. 4:4 e.v. deur klem te lê op die kollegialiteit van die diens in die kerk, maar dan die kollegialiteit van die apostoliese amp. Hy vervolg: "*Die apostoliese amp is dan ook die waarborg van Gods kant vir die eenheid van die kerk ... Aangesien die eenheid van Christus se liggaam in die lokale kerke beliggaam en gewaarborg word deur die persoon van die apostel, en in die universele kerk deur al die apostels tesame, is dit volkome vanselfsprekend dat in die post-apostoliese tyd die beliggaming en waarborg van die eenheid van die kerk nie deur 'n kollege van apostoliese ampsdraers nie, maar deur een van hulle, naamlik die biskop, tot uiting gebring word.*": Boon, R: Apostolisch ambt en reformatie, bl. 55. Boon se uitsprake toon die kernverskil tussen Roomse en Gereformeerde denke in hierdie verband: eersgenoemde soek die eenheid van die kerk in die eenheid van 'n menslike groep, terwyl laasgenoemde dit soek in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eenheid van die Gees.

48. Inst. IV/2. Vgl. ook Schilder, Christelike Religie, bl. 88, wat daarop wys dat die kerk nie bloot 'n "*optelsom is van alle uitverkorenes*" is nie. Wie so na die kerk kyk, beland by 'n wanbeeld van die kerk as 'n soort "*mistieke liggaam van Christus*".

49. Inst. IV/2.

50. Bavinck, GD IV, bl. 274. Hy gee ook 'n oorsigtelike beeld van die die klem wat deur die verskillende groepe en persone op òf die sigbare, òf die onsigbare element gelê is, en die praktiese gevolge daarvan: bls. 274-279.

51. Gemeene Gratie, III., bl. 228. Selfs Kuyper sien nie net die positiewe daarin nie. Hy verklaar onder meer: "*Pluriformiteit is na ons vaste oortuiging 'n fase van ontwikkeling waartoe ook die kerk van Christus in die sigbare moes kom, maar die pluriformiteit het histories op 'n manier gekom wat die eenheidsbesef beledig.*"

52. Vgl. hiervoor Gemeene Gratie, III, bls. 227-234; en vir 'n kritiese ontleding, Berkouwer, De Kerk, I, bls. 61-76.

53. Volgens Kuyper was die standpunt van "*die abso-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*lute eenheid van die sigbare kerk*" soos geleer deur "*al die Reformatore, sowel Luther as Zwingli, sowel Calvyn as Bullinger, sowel Wycliffe as Knox, en ook hier te lande Guido de Bres en Datheen*" 'n oortuiging "*wat op die gewoonte gestaan het*": Gemeene Gratie, III, bl. 229.

54. Vgl. Van Bruggen, a.w., bl. 135. Dr. CM Buizer het in 1917 'n gravamen teen artikels 27-29 van die NGB by die kerkraad van die Gereformeerde Kerk in Middelburg ingedien. Sy besware was veral daarteen gerig dat in artikel 27 gesê dat die kerk *enig* is; in artikel 28 dat daarbuite geen saligheid is nie; en in artikel 29 dat hy die ware kerk is. Dr. Buizer se groot beswaar is dat die NGB (met die historiese omstandighede in ag geneem) die Gereformeerde Kerk as die enigste ware kerk sien, en die ander as òf 'n valse kerk (Rome), òf as 'n sekte. Vir dr. Buizer se standpunte, en die daaropvolgende stryd, vgl. Polman, ONG III, bls. 229-238.

55. Bv. FJM Potgieter: Eenheid en veelvormigheid prinsipieël verantwoord: in Vorster, JD: Veelvormigheid en eenheid, bl. 31.

56. Ras, volk en nasie en volkereverhoudings in die lig van die Skrif, bl. 50. In die ondersteunende kommentaar by die stelling word onder meer verklaar: "*Die verskeurdheid van die kerk soos ons dit vandag op aarde ken, moet steeds bely word as sonde, want omdat daar een*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Here van die kerk is, kan daar net één kerk wees, die liggaam van Christus, sy volk op aarde"*: bl. 51. Geen verduideliking word gegee van die grondslag waarop beweer kan word dat pluriformiteit skriftuurlike bestaansreg het nie.

57. Soos byvoorbeeld in die Ned. Herv. Kerk van Afrika: vgl. Van Staden, AJ: Ons kerk, bls. 24-25.

58. Polman, WenB II, bl. 150.

59. Weber, Otto: Grundlagen der Dogmatik, deel II, bl. 619.

60. Dit is opmerklik dat die twee begrippe ook by Calvyn ineenvloei: vgl. Inst. IV/2.

61. WenB II, bls. 150-154. Polman se term "*continuele katolisiteit*" word hier met "*deurlopende katolisiteit*" vertaal.

62. "*Hierdie vergadering van ware Christusgelowiges omspan alle tye*": idem, bl. 150.

63. Idem, bls. 151-153.

64. "*Alleen waar 'n selfde Gees lei in die waarheid en die waaragtige geloof in Christus gevind word, is daar*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*ware saambinding en eenheid*": idem, bl. 154

65. Ander belydenisse wat pertinent die "*van-die-begin-van-die-wêreld-af*" -gedagte beklemtoon, is die HK (vraag 54); die Confessio Scotiana Posterior (artikel 16) en die Dordtse Leereëls (II/9).

66. Ritshl sê dat Calvyn in hierdie verband met 'n "*wyer en enger begrip van die uitverkiesing*" werk. Volgens Calvyn het God die nakomelinge van Israel as sy volk verkies, maar verder uit hulle net 'n paar individue, en net hierdie tweede verkiesing omvat die mense wat werklik deur God tot heil verkies is. Hy sê verder: "*In hierdie dubbele opvatting van die Goddelike uitverkiesing lê die wortels van Calvyn se kerkbegrip*", en beweer dan dat "*hierdie bybels-teologiese veronderstellings verklaar hoedat Calvyn Zwinli se beskouing van ecclesia invisibilis en visibilis wesenlik bloot kon oorneem.*" Ritschl, Otto: Die Reformierte Theologie, deel III, bl. 222.

67. Vgl. Heyns, JA: Die kerk, bl. 29.

68. Vgl. Ridderbos, J: Oud en Nieuw Verbond, in De Apostolische Kerk, bls. 7-38. Vgl. veral bls. 18-27 en 38.

69. Teks by Schaff III, bl. 271.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



70. Artikel 10. Ook in artikels 18 (*Die menswording van Jesus Christus*) en 19 (*Die twee nature van Christus*) word sy ewige godheid beklemtoon.

71. Die verwysing na die koningskap van Christus bring 'n saak aan die orde wat helaas geen aandag in die NGB kry nie, naamlik die verhouding kerk / koninkryk van God.

72. Van Bruggen, a.w., bl. 132.

73. Die voorbeeld van die vervolgings onder Agab beklemtoon 'n ander aspek van die algemene kerk: die kerk bestaan nie net uit 'n sigbare, volledige gemeenskap van gelowiges nie. Ook wanneer gelowiges verstrooid, in die kleinste groepies denkbaar bymekaarkom, is dit steeds volledig kerk (vgl. Mat. 18:20). Interessant genoeg beklemtoon dit juis weer die feit dat die kerk sigbaar is: dit bestaan steeds uit gelowiges, hoe min ook al.

74. A.w., bl. 314.

75. Inst. IV/12.

76. Inst. IV/11.

77. Inst. IV/4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



78. Inst. IV/11.

79. Ibid.

80. Moltmann sê tereg: "*As vir die kerk van Christus Christus die subjek van die kerk is, dan sal vir die leer van die kerk die christologie die beheersende tema van die ekklesiologie wees*": Die Kirche in der Kraft des Geistes, bl. 19.

81. Idem.

82. Artikel 27.

83. Artikel 27.

84. Artikel 28.

85. Schilder, K: a.w., bl. 90.

86. Soos ook in die HK, vraag 54. Die polemiese dimensie - wat maklik teenoor Rome en die Remonstrante beklemtoon sou kon word, word nie voorop gestel nie. Die doel is ook nie irenies in 'n poging om 'n omskrywing van die kerk te gee "*waaraan desnoods Remonstrante en Etieses, ja, desnoods iedereen hulle goedkeuring sou kon gee*" nie: PD Barth, a.w., bl. 308. Dit is ook nie 'n bloot filosofiese besinning nie; nog minder is dit bloot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



empiries-beskrywend: dan sou die katolisiteit van die kerk immers verbind kon word aan die bloot formele lidmaatskap en doop. EE van Rooyen wys tereg daarop dat die doop en lidmaatskap wel goed is, maar dat daar nog iets, naamlik die *fides salvifica*, moet bykom: Die Nederlandse Geloofsbelydenis, bl. 208.

87. Die terme is ontleen van Berkouwer, De Kerk I, bl. 133.

88. Vgl. FD Barth, a.w., bl. 308.

89. Vgl. Kritzinger, JDW: Qehal Jahwe, bl. 145: "*In die 'qehal Jahwe' het etniese oorwegings geen rol gespeel nie, daar was die 'ger' en die Israeliet gelykberegtigd ... Wie dus op etniese gronde mense reg van toegang tot een of ander 'kerk' ontsê, mag sig daarvoor in ieder geval nie op die Ou Testament beroep nie.*"

90. J Hessels Mulder, a.w., bl. 171. Vgl. ook die Barmenverklaring (1934), artikel 3.

91. De Kerk I, bl. 152.

92. Idem, bl. 153. Laasgenoemde stelling is 'n aanhaling uit Kittel, ThWB VI, bl. 780 e.v.

93. "*Was glaubst du von der heiligen, algemeinen,*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*christlichen Kirche? / Dass der Sohn Gottes aus dem ganzen menschlichen Geschlecht sich eine auserwählte Gemeinde zum ewigen Leben, durch seinen Geist und Wort, in Ewigkeit des wahren Glaubens von Anbeginn der Welt bis ans Ende versammle, schütze und erhälte ..."* Die DL is nie so duidelik nie, aangesien in die Latyn die afwesigheid van 'n lidwoord nie altyd veel sê na die een of die ander kant nie. In die Hollandse weergawe word daar egter duidelik gepraat van "*een Kerkcke der geloovigen*": teks by Bakhuizen van den Brink, a.w., bls. 246-247.

94. Schilder, a.w., bl. 88, wys tereg daarop dat die kerk nie bloot 'n optelsom van uitverkorenes is nie, want dan word verval in 'n perspektief van die kerk as mistieke liggaam van Christus. Die klem val steeds op die *vergadering* van gelowiges. Die term "vergadering van uitverkorenes" druk bloot uit dat die kerk die resultaat is van God se verkiesing.

95. Die begrippe *organies* en *institutêr* word hier nie gebruik volgens die gewone konnotasie wat in die Gereformeerde ekklesiologie daaraan geheg word nie. Die onderskeiding instituut/organisme word daar gebruik om aan te dui dat die kerk nie net deur middel van die instituut in die wêreld optree nie, maar dat hy ook organies, deur sy lede, in alle samelewingsverbande sy invloed laat geld: vgl. Bavinck, GD IV, bls. 288 e.v. Bavinck stel dit duidelik dat beide hierdie terme te doen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het met die regering van die kerk, en met die kerk na sy sigbare sy (bl. 290). Sy onderskeid van organies/ instituut as doel/middel (bl. 288) verduidelik die verskil goed.

96. Polman, ONG III, bl. 271.

97. Ibid. Vgl. Polman se opsomming van Luther se verweer teenoor Rome. Sy siening kom wesenlik ooreen met dié van Bullinger (ONG III, bls. 255-256), à Lasco (ONG III, bls. 259-260) en Calvyn (ONG III, bls. 267-268).

98. Die NGB se formulering is opvallend anders as dié van die Spiritualiste. Wanneer dit vergelyk word met *Dietrich Philips* se *Van de Ghemeynte Godts* (c. 1560; weergegee in Williams, GH en AM Mergal, a.w., bls. 228-260) val dit op dat laasgenoemde nie dink aan die kerk as gelowiges wat in die wêreld versprei is nie, maar as die "nuwe Jerusalem" waarin die gelowiges as eenheid saamwoon: vgl. bl. 255, par. 409.

99. In die sin van *ekklesia* as vergadering van gelowiges. Dit word soms ook in sekulêre sin gebruik, bv. Hand. 10:32,39,40: vgl. Schmidt, KL: in ThWB III, bl. 507.

100. Soos hier, praat Jakobus ook van die "*ouderlinge*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*van die gemeente*" (Jak. 5:14). By Jakobus word *ekklesia* nie in die sin van 'n spesifieke gemeente gebruik nie - sy brief is immers 'n algemene brief: vgl. Schmidt, idem, bl. 516.

101. Idem, bl. 504.

102. Idem, bl. 505.

103. Küng, H: The Church, bl. 84.

104. Idem, bl. 85.

105. Ibid.

106. Polman, ONG III, bl. 269.

107. Ibid.

108. Küng, The Church, bl. 85.

109. Vgl Heyns, Die Kerk, bls. 169-170.

110. Artikel 27.

111. Uiteraard is dit ook waar van denominsasies. Enige kerkgroep behoort ook aandag te gee aan die insigte en beklemtonings van ander kerkgroepe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



112. Hierdie belydenis het moontlik 'n polemiese ondertoon, veral gemik teen die Spiritualisme en Anabaptisme waarin eksklusiwistiese gemeenskappe gevorm is.

113. 'n Merkwaardige opmerking in hierdie verband is dié van FJM Potgieter, wanneer hy met Kuyper verklaar dat die (Roomse) "*denkbeeld van die eenvormigheid van die kerk so diep gewortel was dat ook hulle dit nie meteens oorwin het nie ... Ook Guido de Bres het die waarheid in hierdie opsig nog nie suiwer ingesien nie*": a.w., bl. 28.

114. Polman, WenB II, bl. 153.

115. Idem, bl. 154.

116. Idem, bl. 155.

117. Vgl. Berkouwer, De Kerk I, bl. 179.

118. Bavinck, GD IV, bl. 295. Goeie weergawes van die ontwikkeling van die Roomse standpunt oor die *extra ecclesiam* is te kry by Bavinck, idem, bls. 291-295, en Berkouwer, De Kerk II, bls. 177-182.

119. Polman gee die standpunte van Luther, Melanchton, Bullinger, Calvyn en De Bres uitvoerig weer: ONG III, bls. 279 e.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



120. Idem, bl. 291.

121. Inst. IV/1/1 en 4.

122. De ecclesiae catholicae unitate, par. 6. Sy klassieke uitspraak oor die kerk as ark lui so: "*Si potuit evadere quisque extra arcam Noe fuit, et qui extra ecclesiam foris fuerit evadet.*" Teks by Bèvenot, M: Cyprian: De Lapsis and De Catholicae Ecclesiae, bl. 65.

123. Berkouwer, De Kerk I, bl. 176.

124. Vgl. Inst. IV/1/3

125. Oor die kenmerke van die "ware" kerk, vgl. NGB art. 29: bespreek hieronder in hfst. 5.

126. Die enigste wat dit wel gedoen het, was Melanchton. Hy het dit egter nie gedoen in 'n oorskatting van die institutêre kerk nie, maar in reaksie teen standpunte van Zwingli, Frank en andere wat edele heidene, veral wysgere, tot die saliges wou reken. Vgl. Polman, ONG IV, bl. 290.

127. Vgl. artikel 29.

128. Inst. IV/2/12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



129. Inst. IV/1/10.

130. Inst. IV/1/20.

131. Inst. IV/1/22.

132. Polman, WenB II, bl. 160.

133. Polman, ONG III, bl. 303.

134. J Hessels Mulder, a.w., bl. 175.

135. Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 5.0 <u>DIE WARE EN VALSE KERK</u>

## 5.1 <u>'n POLEMIESE BELYDENIS</u>

Van die artikels in die NGB wat spesifiek oor die kerk handel, is artikel 29 die langste. [1] Dit is ook die enigste een wat eksplisiet polemies is. By die ander vyf kan die polemiese ondertone herken word, maar hier staan die polemiek voorop, en nogal in die imperatief. Dit handel naamlik in artikel 29 oor die onderskeiding tussen ware en valse kerk, en dit word nie bloot as 'n moontlikheid ("*ons <u>kan</u> onderskei*") nie, maar as 'n opdrag ("*ons <u>behoort</u> te onderskei*") gestel. Ons het dus duidelik in artikel 29 te make met 'n saak wat deur die Hervormers as besonder belangrik beskou word.

Die saak waaroor dit hier gaan, is die onderskeid tussen die ware en die valse kerk. Dit is 'n reaksie op die feit dat daar vele groepe is wat vir hulleself die naam "kerk" toeëien, terwyl hulle in werklikheid "sektes" is. Dit gaan hier nie meer om die "onsigbare kerk", die kerk as organisme nie, maar om die kerk in sy institutêre, sigbare gestalte. Dit is 'n poging om aan te toon watter groepe met reg kan beweer dat hulle waarlik kerk van Christus is, en watter nie. Dit is 'n polemiese artikel, maar dit is nie nèt polemies nie. Dit is ook 'n beperking ten opsigte van enige kerk se op-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trede: enige kerk kan dwaal, en moet homself voortdurend bly toets of hy nog waarlik kerk is. [2]

Die sektes waarteen gereageer word, word nie by name genoem nie. Nogtans is die bedoeling duidelik. De Bres was sekerlik deeglik bewus van verskille wat bestaan het tussen groepe binne Lutherse- en Gereformeerde kring, maar dit is nie wat hy hier onder die loep neem nie. Wanneer Calvyn skryf dat die Gereformeerdes deur twee sektes bestry word, rig hy hom teen die Roomse kerk en die Wederdopers, [3] en De Bres sluit hierby aan. In die verband van artikel 29 is dit duidelik dat hy pertinent teen die Roomse kerk polemiseer, veral in sy uiteensetting van die kenmerke van die valse kerk. Die valse kerk, sê hy onder meer, "*skryf aan homself en aan sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; ... dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; ... en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.*" Oor die Wederdopers het hy - selfs nog sterker - geoordeel dat hulle "*in so 'n onsalige sekte en godsdiens verval het*", en moet "*ophou met lieg deur te sê dat hulle die waaragtige gemeente van Christus is*". [4]

'n Verdere onderskeiding wat gemaak moet word, is dat dit in artikel 29 nie primêr gaan om die onderskeid tussen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit wat ware en valse kerk binne die kerk is nie; of dan, wie ware gelowiges en wie huigelaars is nie. Dit kry wel aandag, en daar word duidelik omskryf hoe die ware lidmate van die kerk herken kan word, maar die kern van die belydenis draai om die herkenning van "*die liggaam en gemeenskap van die ware kerk*" in teenstelling met die sektes.

## 5.2 DIE WARE KERK EN DIE VALSE KERK

Die Hervormers was nie die eerste wat besef het dat die kerk deur dwaalleer aangetas sou word nie. Die Here Jesus self waarsku al teen vals profete (Mat. 7:15) en selfs valse christusse (Mat. 24:24), en Paulus waarsku die ouderlinge van Efese dat hulle moet verwag dat daar "*wrede wolwe*" sal wees wat "*die kudde nie ontsien nie*" (Hand. 20:29). Hierdie "wolwe" sal uit die eie geledere van die gemeente na vore kom, en met leuens die gelowiges agter hulle aan probeer verlei (Hand. 20:30). Ook Petrus (2 Petr. 2:1) en Johannes (2 Joh. v.7) waarsku teen die misleiers, en in die gemeentes van Efese en Pergamum was daar selfs al afgrensbare groepe wat 'n dwaalleer aangehang het (Openb. 2:6, 14-15).

In die NGB word die valse kerk met die begrip "sekte" omskryf. In die Nuwe Testament, waar die woord *hairesis* in hierdie verband gebruik word, het dit nog nie heelte-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mal dieselfde betekenis as in die sestiende eeu nie. Schlier toon aan dat die begrip te doen het met 'n keuse wat gemaak word, en dat dit in die Septuagint en Judaïsme hoofsaaklik in hierdie neutrale verband gebruik word. In die Christelike kerk het die begrip egter van die begin af al 'n gelade betekenis gekry waarvolgens groepe buite die Christendom of die kerk aangedui is. Uit Gal. 5:20, waar *hairesis* tussen die werke van die vlees geplaas word, blyk dit dat *ekklesia* en *hairesis* in wese teenoor mekaar staan. Dit word bevestig in 1 Kor. 11:18 e.v. en 2 Petr. 2:1. Dit is nie 'n sinoniem van *schisma* nie, al is die gevolge min of meer dieselfde. *Hairesis* dui op 'n ernstiger probleem. Dit is 'n mening wat nie algemeen in die kerk aanvaar word nie, en wat die leer van die kerk so fundamenteel aantas dat daar 'n nuwe gemeenskap naas die ekklesia ontstaan. [5]

In die Nuwe Testament het die begrip *hairesis* nog soms 'n neutrale betekenis (bv. in Hand. 5:17; 15:5 en 26:5 waar dit telkens bloot gebruik word in die betekenis van "*'n party*"), maar vir die Hervormers het dit as tegniese term slegs een betekenis, en dit ongunstig. Polman gee 'n oorsig van die gebruik van die term deur Luther, Calvyn, à Lasco, Bullinger en De Bres, en konkludeer: "*Sektariërs is vir die Reformatore en ook vir ons Belydenis aanhangers van 'n valse leer, wat op hierdie manier geestelik die band met die ware kerk deurgesny het. Die begrip 'sekte' is dan ook volkome sinoniem met 'valse*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*kerk', oftewel 'namaakkerk'. Daar is dus, volgens ons Belydenis, baie kerke wat, al is hulle onderling ook hoe verskillend, ooreenstem deurdat hulle almal hulleself valslik met die naam 'kerk' dek. Al die sektes is manifestasies, verskyningsvorms, van 'die' valse kerk, die namaakkerk van Satan, waardeur hy die gelowiges in die vervulling van hulle roeping om hulle by die kerk te voeg, op die valse spoor wil lei en verstrik."* [6]

Teenoor hierdie "namaakkerk" probeer die NGB dan om die ware kerk te omskryf. Artikel 29 gaan uit van die standpunt dat dit moontlik is om dit te doen aangesien die Woord van God die riglyne met die oog op onderskeiding gee. In hierdie opsig is die belydenis in ooreenstemming met die opset van die hele NGB waar steeds gepoog word om die Woord tot sy reg te laat kom. Nie net die formulering van die kenmerke van die ware kerk nie, moor ook die noodsaaklikheid om te onderskei tussen ware en valse kerk, word aan die Skrif ontleen. Weliswaar is daar baie polemiek in die belydenis (die Hervormers was immers baie bewus van die voortdurende stryd tussen die ware en valse kerk [7] ), maar dit is inherent ook 'n poging om getrou te wees aan die voorskrifte van die Bybel.

## 5.3 <u>DIE KENMERKE VAN DIE WARE KERK</u>

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vasstelling van kenmerke van die ware, legitiem-Bybelse kerk, het eers tydens die Hervorming apologetiese gestalte gekry. Vantevore is daar wel al kenmerke van die ware kerk vasgestel, maar dit is primêr gebruik as normerende oriëntasiepunte en nie om 'n onderskeid tussen ware kerk en ketters te maak nie. [8] Weliswaar het spesifieke omstandighede reeds die kerkvaders daartoe gelei om op sekere kenmerke te wys wat bevestig dat die algemene kerk die ware kerk is, [9] maar in die algemeen is ketterye tot in die laat Middeleeue beveg deur op die spesifieke foute te wys. Eers met die nuwe konsep van die kerk wat deur Wyclif en Hus bekendgestel is, het die vraag na die legitimiteit van 'n individuele kerk opgeduik. Dit het daartoe gelei dat die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit) nie meer net as aanduidende eienskappe (*proprietatis*) nie, maar as onderskeidende kenmerke (*signa, criteria,* en vanaf die dae van Gregorius van Valencia, *notae*) gebruik is. [10]

Die Hervormers het die vier eienskappe van die kerk nie as genoegsaam beskou om hierdie - vir hulle lewensbelangrike - probleem bevredigend op te klaar nie. Hulle was immers in 'n stryd om oorlewing betrokke, en daarom moes hulle bewys - en uit die Woord bewys - dat hulle 'n bestaansreg het. Dit was nie net 'n teologiese handhawing nie, maar (soos byvoorbeeld in die geval van De Bres) 'n poging om vervolgings te voorkom. Hulle het dus naas

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die vier eienskappe (wat hulle aanvaar, maar volgens oortuiging anders geïnterpreteer het), probeer om die spesifieke, algemeengeldende kenmerke te formuleer wat normerend gebruik kon word as aanduiding van 'n ware kerk. [11] So maklik was dit egter ook nie. Die baanbreker in hierdie verband, Luther, onderskei in sy geskrif "*Von den Konzilies und Kirchen*" (1539) sewe kenmerke, [12] en in "*Wider Hans Worst*" (1541) selfs elf. [13] Soms, soos in sy strydgeskrif teen Catharinus, noem hy net drie: "*die doop, die brood en veral die Evangelie.*" [14] Hiermee sluit hy nie die ander kentekens uit nie, maar in. [15] Melanchton onderskei ook net twee, naamlik Woord en sakramente, [16] en hierin is hy deur die latere Lutherse teoloë nagevolg. [17] Bavinck wys daarop dat sommige Gereformeerdes slegs een kenmerk noem, naamlik die suiwer bediening van die Woord (bv. Beza, Alsted en Maresius; ander noem twee, naamlik die suiwer bediening van Woord en sakrament (Calvyn, Bullinger, e.a.); en ander weer voeg die regte bediening van die tug, of die heilige lewe, as derde kenmerk by (NGB, Confessio Gallicana, Ursinus, e.a.). Bavinck konkludeer dat dit "*meer 'n verskil in naam as in die saak was, en dat daar eintlik maar net één kenteken is, naamlik die een enkele Woord wat dan op verskillende maniere - in prediking, onderrig, belydenis, sakrament, lewe, ens. - bedien en bely word.*" [18]

De Bres gee in artikel 29 'n selfstandige verwerking van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Confessio Gallicana, en onderskei drie kenmerke: *"Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf."* Hierin verskil hy van Calvyn, wat slegs die eerste twee noem. [19]

Daar kan min twyfel bestaan dat die eerste, die suiwer bediening van die Woord, met reg as 'n onderskeidende en normerende kenmerk van die ware kerk beskou kan word. Al die Hervormers het dit metodologies en prinsipieël as eerste kenmerk gestel, en hulle daarvoor op die Skrif beroep. Die uitgangspunt is dat die gepredikte Evangelie immers die groot genademiddel is waardeur Christus sy kerk vergader (Mat. 28:19; Rom. 10:14; Ef. 3:8). Deur die gepredikte Woord word die geloof gewek (Rom. 10:14-17), en die kerk van Christus word gebou op die fondament van die apostels en profete (Ef. 2:20). Die ware kerk van Christus ontstaan, en bestaan voort, deur die suiwer bediening van die Woord. [20] Waar die Woord gerelativeer sou word, of sy evangelie nie wesenlik suiwer en in sy volle konsekwensies gepreek en gehoorsaam sou word nie, word die wese van die kerk se bestaan en funksie aangetas.

Ook oor die sakramente as kenmerk van die ware kerk is daar min verskil. Weliswaar staan die sakramente onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Woord, en gaan die Woord die sakramente chronologies en prinsipieël vooraf, maar die band wat in die Skrif tussen Woord en sakrament gelê word, is so sterk dat (in die funksionerende kerk altans) die een nie van die ander losgemaak kan word nie. [21] Die doel van die sakramente word in artikel 33 omskryf, naamlik dat dit deur God ingestel is as tekens van sy goedheid en genade teenoor ons en om ons geloof te voed en in stand te hou. Verder word bely: "*Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel.*" Die ondersteunende - maar tog noodsaaklike - funksie van die sakramente word word hierin duidelik gestel. Dit is ook opvallend dat daar nie in artikel 29 uitgebrei word oor die spesifieke sakramente wat aanvaar word nie. Dit word in artikel 33 gedoen. Waar dit gaan om die sakramente as *notae ecclesiae*, val die klem op die gehoorsaamheid aan die Woord. Die hoofsaak is dat die sakramente suiwer bedien moet word soos Christus dit ingestel het. Die bepaling van die spesifieke sakramente kan dan as't ware as 'n voetnota bygelees word.

Dit is nie heeltemal so maklik om 'n saak uit te maak dat die derde *nota*, naamlik die toepassing van die kerklike tug, werklik 'n wesenskenmerk is nie. Tug is wel noodsaaklik vir die kerk se ordelike funksionering, [22]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar kan nie sonder meer as wesenskenmerk, op gelyke voet met byvoorbeeld die suiwer Woordbediening, gestel word nie. Calvyn, wat (soos vroeër al gesien is) slegs Woord- en sakramentsbediening as *notae* aandui, stel dit so: "*Netsoos die saligmakende leer van Christus die siel van die kerk is, is die tug die senuwees.*" [23] Hiermee bevestig hy die noodsaaklikheid van die tug, maar stel dit ook in die regte perspektief. Die tug het naamlik meer te doen met die kerklike praktyk as met die leer in sake die kerk. Dit is noodsaaklik vir die *welwese* van die kerk, maar nie in die eerste plek vir sy *wese* nie.

Hierdie onderskeiding hoef egter nie as wesenlike kritiek teen die NGB se formulering beskou te word nie. Dit is naamlik beslis nie vir die kerk genoeg om net te *sê* hoe hy behoort te wees nie, maar om ook te *wees* en te *word* wat hy bely. Om net te sê dat suiwer Woordbediening wesenlik noodsaaklik is, en dan maar toe te laat dat dit nie in die praktyk verwesenlik word nie, sou 'n bespotting maak van die belydenis. Die wese van die Hervormers se belydenis met betrekking tot die *notae* is immers 'n poging om volledig gehoorsaam te wees aan God se wil en Woord, en vir volledige gehoorsaamheid is woord èn daad noodsaaklik. So gesien skep die NGB se formulering dan nie 'n probleem nie. Dit dien inteendeel tot versterking van die wesenlike saak waarom dit gaan, naamlik dat die kerk in leer en praktyk moet wees wat God van hom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verlang. Dit bevestig dat die kerk sy belydenis ernstig opneem en voortdurend beskerm.

Wat in artikel 29 op die omskrywing van die *notae* volg, versterk bogenoemde indruk. Nadat die kwalifisering gegee word dat die kerklike tug gebruik word "*om die sondes te straf*", word vervolg: "*Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.*" Die belangrikste saak by die *notae* is dus nie om te probeer hare kloof oor watter kenmerke ingesluit moet word en watter nie, maar om daarmee te beklemtoon dat alles in die kerk in woord en daad volgens God se Woord bedien, bely en beleef moet word, en dat ongehoorsaamheid nie geduld mag word nie. Hoe ernstig hierdie saak opgeneem moet word, word ook net daarna verder beklemtoon deurdat gestel word dat die ware kerk aan hierdie kenmerke uitgeken kan word, en "*niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie*". Gehoorsaamheid aan die Woord stel nie alleen grense aan die kerk nie, maar bind ook die individuele gelowiges om onder die bepalings van die Woord te buig.

## 5.4 DIE KENMERKE VAN DIE WARE CHRISTENE

Direk na die omskrywing van die ware kerk, en voordat oorgegaan word tot die aanduiding van die kenmerke van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die valse kerk, word ook bely dat die ware Christene binne die kerk herken kan word: "*Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.*"

Van Bruggen sê tereg dat die kenmerke van die ware Christene so duidelik in die artikel weergegee word dat 'n verklaring daarvan nie eers nodig is nie, maar dat die eintlike vraag is waarom dit wel, en hier in die artikel oor die kerk, genoem word. [24] Hy antwoord sy eie vraag deur te sê dat daar twee redes is: eerstens kan niemand tevrede wees bloot deur te sê dat hy lidmaat van 'n kerk is nie, want die kerk is altyd gemeng. Die Roomse ontken dit: almal wat hulle aan die pous onderwerp is ware lede. Teenoor die Roomse opvatting word die eis van selfbeproewing gestel. Tweedens word hier teenoor die Dopers bely dat die ware lede van die kerk nie sonder baie swakhede en gebreke is nie. Selfs in die allerheiligstes is daar nog groot swakheid, maar die oplossing is nie om telkens weer af te skei sodra opgemerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word dat medelidmate nie suiwer heiliges is nie, maar om teen die swakhede te stry.

Die polemiek in die artikel is opvallend en verdien verdere aandag, maar dit is belangrik om daarop te let dat De Bres prinsipieël reg is om die saak hier aan te haal. Die geloofslewe van die individu staan nie los van die liggaam van die kerk nie, en die kerk se taakvervulling word beïnvloed deur die geestelike lewe van elke individu. Daar is 'n besliste verband tussen die heilige lewe van die lidmate en die heiligheid van die kerk. Die mate waarin die lidmate aan die Woord van God gehoorsaam is en aan God toegewyd lewe, dien immers as 'n aanduiding in hoeverre die Woord suiwer verkondig en die tug behoorlik toegepas word. [25] Verder, as daar in 'n omskrywing van die ware kerk nie ook spesifiek aandag gegee word aan die posisie van die enkeling nie, sou daar verval word in 'n blote objektivering of versaakliking van die kenmerke van die kerk. Dit is byvoorbeeld nie voldoende om te sê dat die kerk "apostolies" is as dit nie ook subjektief en reëel waarde kry vir, en uitgevoer word deur die lidmate van die kerk nie. Dit gaan dus nie net om die vraag of die evangelie in die kerk suiwer gepreek word nie, maar eweveel daarom of dit deur elke lid van die kerk uitgeleef word. Soos Matter dit stel: *"Vir die Bybel is dit essensieël dat God se seëninge in Christus nie aan die enkeling nie, maar aan die kerk geadresseer is; maar omgekeerd is sy opdragte nie aan*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*die kerk nie, maar aan die enkeling geadresseer."* [26]

Matter sê verder tereg dat dit 'n pluspunt vir De Bres is dat hy die verhouding kerk/enkeling so kon insien in sy formulering van artikel 29. [27] Hy is hierin nie alleen nie, en selfs nie 'n baanbreker nie. Die Hervormers het steeds groot klem gelê op die heiligheid van lewe (vgl. bv. Calvyn se optrede in Geneve), en formulerings soortgelyk aan De Bres s'n het neerslag gevind in ander Reformatoriese belydenisse. [28] De Bres se formulering is egter die volledigste, en meer spesifiek as in enige van die ander belydenisse.

Feenstra onderskei vier elemente in die NGB se belydenis oor die ware Christene: die geloof (hulle het die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem); die vlug vir die sonde; die heiligmaking; en die najaag van die volmaaktheid. [29] Polman toon aan hoedat die belydenis reg laat geskied aan die Bybelse boodskap in verband met die lewe van die Christen. Hy verwys spesifiek na Gal. 5:17 waar Paulus praat van Gees en vlees wat teen mekaar stry, en na Rom. 7:21-23 waar Paulus worstel met die feit dat hy die goeie wil doen, maar telkens weer faal, en vat dan die hele saak so saam: "*Die prinsipiële breuk met die verlede is daar. Die volmaaktheid en heiligheid in Christus (Kol. 2:10) is deur die geloof die deel van God se kinders. Dit is die groot, beslissende, besielende werklikheid waaruit hulle mag dink en leef sodat die son-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*de nie meer oor hulle heers nie (Rom. 6:14). In Christus het hulle werklik nuwe skepsels geword (2 Kor. 5:17), maar hulle is nog geensins in die hemel nie, en daagliks is hulle in die stryd teen die vlees wat rebelleer teen die heerskappy van die Gees. Daar is nog groot swakheid in hulle, maar deur die krag van die Heilige Gees, wat die kruisverdienste in en aan hulle toepas en hulle uit volle vergewing van al hulle sonde laat lewe, bied hulle in hierdie geestelike stryd sterk teenstand."* [30]

Hoe mooi De Bres se formulering in sake die ware Christene ook is, het die kerugmatiese of pastorale motief nie voorop gestaan by die formulering daarvan nie. Soos ons al hierbo gesien het, het ons soos so dikwels in die NGB te doen met 'n polemiese standpuntinname. Teenoor Roomse beskuldigings, naamlik dat dat die Gereformeerde wesensbepaling van die kerk as die versameling van die ware uitverkorenes, van die kerk 'n totale verborgenheid maak, word duidelik gestel dat die kerk wel 'n adres het. Die gemeenskap van ware uitverkorenes bestaan nie net in die hemel nie, maar ook op die aarde. [31] Teenoor die Dopers, aan die ander kant, wat die ideaalbeeld van die kerk gehad het dat dit slegs uit suiwer heiliges bestaan, en dat hierdie ideaal reeds op aarde verwesenlik kan word, word duidelik gestel dat daar in die kerk ook nog die skynheiliges is.

Met hierdie belydenis word twee van die attribute van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerk aangeraak, naamlik die heiligheid en die katolisiteit. Ten opsigte van die heiligheid word hier standpunt ingeneem teen enige romantiserende en idealiserende beeld van die kerk, [32] en ten opsigte van die katolisiteit het ons te doen met "*die belangrike en interessante vraagstuk van die grense van die kerk*". [33] Daar is nog steeds geveinsdes, wat hulle voorstel as gelowiges, maar tog geen kinders van God is nie. Hulle is in die kerk, maar nie van die kerk nie. Hulle is, in die woorde van Feenstra, deel van die steierwerk van die kerk wat eenmaal afgebreek sal word; en soos galstene wat in die liggaam, maar nie deel van die liggaam is nie. [34]

Die heiligheid van die kerk word nie bepaal deur die heiligheid (in die sin van sondeloosheid) van sy lidmate nie. Indien dit so sou wees, "*sal ons saam met die Pelagiane moet beweer dat die regverdigheid van die gelowiges in hierdie lewe volmaak is, en met die Katare en Donatiste, dat ons geen swakheid in ons saamdra nie*". [35] Dit is ook nie te vind in die Roomse begrip van 'n "*liturgiese seremoniële heiligheid wat daarin bestaan dat die kerk as instituut die regmatige offerdiens en die heilsame gebruik van die sakramente besit, waardeur God asof deur kragtige werktuie van goddelike genade die ware heiligheid in die gelowiges bewerk*" nie. [36] Dit kan ook nie gesoek word in die uitsonderlikheid van sekere lidmate wat - soos volgens Roomse begrip - 'n aparte, heel besondere groep vorm nie. [37] Die heiligheid van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kerk moet in die eerste plek gesoek word in die werk van Christus, deur wie die kerk geheilig is, [38] en wat as resultaat van God se uitverkiesing en die versoenings-werk van Christus nou die volk van God en 'n heilige priesterdom is (1 Petr. 2:4-5, 9-10). In die Nuwe Testament word dikwels gepraat van die heiligheid van die gemeente. Die gelowiges word heiliges genoem (2 Kor. 1:1; Ef. 1:1; Kol.1:2); geheilig in Christus Jesus (1 Kor. 1:2; Fil. 1:1); geroepe heiliges (Rom. 1:7). Hulle lewe as 'n nuwe gemeenskap wat deur God uit die duisternis tot sy wonderbaarlike lig geneem is (1 Petr. 2:9). Hier is nie sprake van eie prestasie en kwaliteit nie, want die heiligheid staan in verband met verkiesing, roeping en ontferming (1 Petr. 2:10). Terselfdertyd is hier ook nie sprake van hoogmoed nie, aangesien "*van alle heiligmaking hier slegs die begin gesien word; die einde en die algehele vervulling sal egter kom wanneer die Heilige van die heiliges, Christus, die kerk met sy heiligheid waarlik en ten volle sal vervul*". [39] Dit maak egter nie van die heiligheid 'n verre en abstrakte saak nie, maar 'n werklikheid wat onlosmaaklik verbind is met wat gebeur het in 'n radikale oorgang van die vroeë wandel na 'n nuwe lewe. In hierdie radikale verband, wat ontstaan deur die roep uit die duisternis tot die wonderbare lig, word die kerk heilig genoem. [40]

Die Hervormers het ernstig probeer om reg te laat geskied aan die Nuwe Testamentiese gegewens wat aantoon dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heilige vergadering van ware Christusgelowiges in hierdie bedeling nooit suiwer en onvermeng kan optree nie. [41] Die Nuwe Testament is eerlik oor gevalle soos 'n Judas Iskariot binne die klein apostelkring; 'n Ananias en Saffira binne die eerste gemeente; van wolwe in skaapsklere (Mat. 7:15; vgl. Hand. 20:30), valse broers (2 Kor. 11:26; Gal. 2:4) en valse profete (Mat. 24:24; 2 Kor. 11:13-15; 2 Petr. 2; Judas:4 e.v.). In 'n gemeente wat aangespreek word as "*gemeente van God wat Hy vir Hom in Christus Jesus geheilig het*" (1 Kor. 1:2) is daar ernstige verdeeldheid (1 Kor. 3), en onsedelikheid wat so erg is dat selfs die heidene dit nie sou toelaat nie (1 Kor. 5:1). Daar is inderdaad in die gemeente, soos in die lewe van die individuele gelowiges, nog 'n stryd tussen dit wat die sondige natuur begeer, en wat die Gees wil (Gal. 5:17).

Die besef van die onvolmaaktheid van die kerk in hierdie bedeling, van huigelaars en sonde in die kerk, het die Hervormers nie tot 'n "laat-maar-gaan"-houding gebring nie. Daarvoor is die klem - soos byvoorbeeld duidelik in artikel 29 van die NGB gesien word - veels te sterk gelê op die persoonlike toewyding en gehoorsame lewe, en op die erns van die toepassing van die kerklike tug. Die objektiewe belydenis van die heiligheid van die kerk is nie gestel teenoor die subjektiewe toepassing van 'n heilige lewe deur die lidmate nie. Tussen die goeie graan groei ook die onkruid, en die skeiding sal eers in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die "oestyd" finaal plaasvind (Mat. 13:30). Dit beteken egter nie dat daar nie nou al gewerk moet word aan die verwydering van "*die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde*" nie (1 Kor. 5:6-8). Die kerk moet sy grense duidelik stel - nie alleen teenoor diè wat hulleself buite die kerk stel nie, maar ook teenoor diè wat wel in die kerk wil wees, maar nie waarlik daaraan deel het nie.

In die beklemtoning van die kenmerke van die ware Christene slaag die NGB nie alleen daarin om polemies standpunt in te neem teenoor Roomse en Doperse wanopvattings nie, maar ook in die formulering van 'n dinamiese imperatief. 'n Kerk wat waarlik kerk wil wees, hou aan die een kant vas aan die heiligheid in Christus, maar werk aan die ander kant met Woordbediening, sakramente en kerklike tug aan die opbou van die heilige lewe van elke lidmaat.

## 5.5 <u>DIE KENMERKE VAN DIE VALSE KERK</u>

Artikel 29 van die NGB sluit af met 'n omskrywing van die kenmerke van die valse kerk: "*Dit skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf."*

In die opsomming van die kenmerke van die valse kerk word die kontrasbeeld van die ware kerk geteken. [42] Anders as in die Confessio Gallicana, waar die Roomse kerk by name aangewys word, [43] word in die NGB geen konkrete aanduiding van enige bepaalde kerk gegee nie. De Bres het in sy gedagte heel waarskynlik wel aan die Roomse kerk as valse kerk gedink, "*maar in die belydenis ontbreek hierdie konkrete aanduiding, omdat die valse kerk van Kain af tot op die laaste dag bestaan.*" [44] Dit gaan immers in die belydenis nie bloot om 'n verweerskrif teenoor 'n spesifieke situasie van die dag nie, maar om 'n geloofsverklaring wat aan die Skrifgegewens ontleen word. [45] Dit is 'n waarskuwing aan enige kerk dat dit nooit mag gaan om die eer en gesag van die kerk nie, maar om die eer en gesag van die Koning van die kerk.

Vier kenmerke van die valse kerk word aangedui. In die eerste twee gaan dit om 1. die menslike instellings wat hoër geag word as diè van God, en 2. die weiering om onder Christus se juk te buig. Die wesensgrondslag van die kerk van God in Christus, alleen aan Hom onderdanig, word hiermee in die praktyk verwerp. Verder besluit die valse kerk 3. oor die bediening van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sakramente op 'n eiegeregtige wyse, en 4. hy vervolg diè wat hom bestraf. In hierdie formulering kan 'n teenbeeld van die kenmerke van die ware kerk teruggevind word: dit gaan nie meer in die valse kerk om 'n suiwer prediking van die evangelie nie (die evangelie se gesag is gerelativeer as gevolg van sy eie hooghartige posisie); in die sakramente speel eie oorwegings die grootste rol; en in plaas daarvan dat die kerk selftug toepas, vervolg hy diè wat hom bestraf, maar wat in werklikheid gehoorsaam is aan God se Woord.

Feenstra wys daarop dat die belydenis die kenmerke van die valse kerk noem, maar nie die kenmerke van diegene wat tot die valse kerk behoort nie. [46] By die ware kerk word dit wel gedoen om daarmee te beklemtoon dat daar in die ware kerk ook valse Christene kan wees. Omgekeerd kan daar dan ook gestel word dat daar in die valse kerk ook ware Christene is. Implisiet stel die NGB hom dus op die standpunt van al die Hervormers wat wel baie skerp was oor 'n kerk wat 'n anti-christelike karakter dra, maar nooit oor persone 'n uitspraak gelewer het nie. [47] Immers, die Hervormers het nooit sonder meer van 'n volledig valse kerk gepraat nie. Calvyn sluit byvoorbeeld sy hoofstuk in die Institusie oor die ware en valse kerk, waarin Hy striemende dinge oor die Roomse kerk sê, af met die kwalifisering dat daar selfs onder die pousgesindes nog sprake van kerk is. Christus is wel daar "*halfbegrawe verborge, die evangelie*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*verborge, die vroomheid verdryf en die diens van God byna vernietig; kortom, alles is so verward dat eerder die gedaante van Babilon as die stad van God vertoon word",* maar die Here bewaar op 'n wonderlike manier nog die oorblyfsels van sy volk. [48] Hieraan moet die kerk altyd vashou, maar hom dan ook altyd vergewis dat hy inderdaad ware kerk is, en nie net kerk met spore van waarheid nie.

## 5.5 SAMEVATTEND

In sy belydenis oor die kenmerke van die ware kerk lê die NGB groot klem daarop dat die Woord van God die enigste norm kan wees waarvolgens die kerk en sy lidmate moet leef. Dit mag egter nie net by woorde bly nie, maar so ernstig opgeneem word dat dit in volledige gehoorsaamheid oorgaan in praktyk. Met hierdie belydenis word nie alleen voldoen aan die eise van die Skrif nie, maar ook aan die kerk 'n imperatief gestel waarvolgens hy kan werk om God se koninkryk te laat kom. Daar word erns gemaak met die werklikheid van 'n sondige wêreld, maar ook met die praktiese moontlikheid dat die kerk en sy lidmate in Christus en sy Gees 'n lewe van oorwinning oor die sonde *kan* lei. Vanuit hierdie grondslag is dit nou vir die kerk nodig om van die imperatief 'n indikatief, en van die "kan" 'n "is" te maak. Vir 'n kerk wat hierdie belydenis wil saamsê, is woorde alleen nie genoeg nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wie wil sê hoe die ware kerk lyk, moet ook toesien dat hy nie alleen in beginsel ware kerk is nie, maar ook hoe langer hoe meer ware kerk word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 5

1. As die aantal reëls in die Franse teks van Bakhuizen van den Brink as maatstaf gebruik word, is daar sewe artikels wat meer as artikel 29 se 52 reëls het, naamlik artikels 35 (oor die nagmaal, 93 reëls), 34 (oor die doop, 83 reëls), 26 (Christus ons Voorspraak, 82 reëls), 9 (Drie-eenheid, 67 reëls), 37 (laaste oordeel, 64 reëls), 24 (heiligmaking, 56 reëls) en 14 (skepping en sondeval, 54 reëls).

2. Matter, HM, in Delleman, Th.: Altijd bereid tot verantwoording, bl 178. Hy sien in die feit dat De Bres in die artikel die Roomse kerk as valse kerk beskryf sonder om dit by name te noem "*'n stuk werklikheidsin: daar waar die Roomse Kerk nou staan, kan enige kerk beland*": ibid. Of dit De Bres se hoofmotief was, is egter te betwyfel. Nërens in die NGB word die Roomse Kerk by name genoem nie, en as die ontstaansomstandighede van die stuk in aanmerking geneem word, naamlik as 'n poging om die verhouding met die (Roomse) owerheid te herstel, is hierdie versigtigheid verstaanbaar.

3. Nijenhuis, W: Calvinus Oecumenicus, bl. 230.

4. In sy werk *La Racine/De Wortel*: aangehaal deur Polman, ONG III, bl. 313.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Schlier, Heinrich: Hairesis, artikel in Theological Dictionary of the New Testament, I, bl. 183. 'n Goeie voorbeeld van die betekenisinhoud van die begrip is Hand. 24:5 en 14 waar die Christene as *hairesis* teenoor die Jodendom gestel word.

6. Polman, ONG III, bl. 313.

7. Vgl. idem, bl. 323.

8. Vgl. Berkhof, H: Christelijk Geloof, bl. 429.

9. Augustinus, in polemiek met die Donatiste, wys bv. op die wêreldwye algemeenheid van die kerk as 'n kenmerk naas die heiligheid: vgl. Küng, The Church, bl. 266.

10. Ibid.

11. Vgl. Berkouwer, De Kerk I, bls. 12-13.

12. Die verkondiging van die Woord, die sakrament van die doop, die sakrament van die nagmaal, die sleutels (tug), die uitwendige kerk wat sy dienaars amptelik wy, die openbare gebed, en die heilige lewe van die volk. Vgl. Bavinck, GD IV, bl. 296.

13. Vgl. Polman, ONG III, bl. 324.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



14. Idem, bl. 324.

15. Idem, bl. 325.

16. In sy Loci (tweede uitgawe, ibid); vgl. CA, artikel 8.

17. Vgl. Bavinck, GD IV, bl. 296.

18. Ibid. 'n Besonder interessante ontleding is dié van die Hollandse Mennoniet, Dietrich Philips, in sy "belydenis": *Van de Ghemeynte Gods* (c.1560). Hy onderskei sewe kenmerke: die onvervalste Woord; die Skriftuurlike gebruik van die sakramente (doop en nagmaal); die voetwassing; evangeliese afskeiding (=tug); die liefde; onderhouding van die gebooie; en lyding en vervolging. Teks by Williams, GH, a.w., bls. 240-253.

19. Inst. IV/1/10. 'n Goeie uiteensetting van Calvyn se siening van die *notae* is te kry by Milner, BC: Calvin's Doctrine of the Church, hfst. 4.

20. Vgl. Polman, WenB II, bl. 180.

21. Vgl. Mat. 28:19-20; Hand. 2:37-42; 8:35-36; 16:14-15; 1 Kor. 10:14-17; 11:23-26; Ef. 5:26; Tit. 3:5; Hebr. 10:22; 1 Petr. 1:2; asook Ou Testamentiese gedeeltes soos Gen. 17:7-11 en Eks. 12:24-26 waar verkon-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



diging en sakramentsbediening naas mekaar staan.

22. Calvyn stel dit goed: "*As geen enkele gemeenskap, ja, geen enkele huisgesin - al het dit ook hoe min lede - sonder tug in die regte toestand gehou kan word nie, is die tug des te meer noodsaaklik vir die kerk wie se toestand so ordelik as moontlik moet wees*": Inst. IV/12/1.

23. Ibid.

24. A.w., bl. 147.

25. Vgl. Polman, WenB II, bl. 184.

26. Idem, bl. 181.

27. Ibid.

28. Vgl. Conf. Helv. Post., art. 17.1; HK vr. 54 en 55; Conf. Scot. Prior, art. 17 en DL 2/8. Die betrokke gedeeltes is ter plaatse weergegee in hoofstuk 3.

29. A.w., bl. 325.

30. Polman, WenB II, bls. 184-185.

31. Idem, bl. 183.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



32. Vgl. Berkouwer, De Kerk II, bl. 164, wat in hierdie verband spesifiek na Calvyn se standpunt verwys dat dit tog ongelooflik is om die kerk as alreeds heilig en onbevlek te beskou terwyl al sy lede bevlek en nog onrein is: Inst. IV/8/12.

33. Polman, WenB II, bl. 175.

34. A.w., bl. 322.

35. Inst. IV/8/12. Ritschl wys in hierdie verband op 'n interessante feit. Calvyn se kerkbegrip as sodanig is deur 'n spesifiek kerklike, nie-sektariese belang beheers, maar sy klem daarop dat slegs die ware uitverkorenes in die kerk die ware lede van die kerk is, het die deur geopen vir die geestelike hoogmoed wat dikwels later in die Gereformeerde kringe gevind is, bv. in die Puriteinse konventikels: a.w., bls. 225-226. Anders gestel: al was dit hoegenaamd nie wat Calvyn sou wou hê nie, het sy leer die saad bevat vir 'n gedagte van *ecclesiola in ecclesia.*

36. Bavinck, GD IV, bl. 305.

37. Berkouwer, De Kerk II, bl. 133.

38. Inst. IV/8/12.

39. Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



40. Berkouwer, De Kerk II, bl. 135. Bonhoeffer praat in hierdie verband van die "*Weltlichkeit und Christlichkeit der Kirche*" - as kerk in die wêreld, as kerk van gedooptes, en daarmee 'n gemeenskap van sondaars - het die kerk vanuit sy Christelikheid die ideaal om ook werklik *rein* kerk te word: Bonnhoeffer, Dietrich: Das Wesen der Kirche, bls. 70-73.

41. Polman, WenB II, bl. 175.

42. Van Bruggen, a.w., bl. 148.

43. Artikel 28.

44. Polman, ONG IV, bl. 334.

45. Ibid. Polman verwys verder na Luther wat in sy verweerskrif teen Ambrosius Catharinus 'n hele aantal elemente van die valse kerk in die Skrif vind, bv. 2 Tes. 2:4 (die Antichris wat in God se tempel gaan sit); 1 Tim. 4:1,3 (afval van die geloof deur die navolging van dwaalleraars); en Kol. 2:16 (die invoering van 'n eiewillige godsdiens).

46. Idem, bl. 325.

47. Idem, bl. 326.

48. Inst. IV/2/12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 6.0 DIE REGERING VAN DIE KERK

## 6.1 DIE REGERING EN DIE AMPSDRAERS

In die drie artikels wat oor die regering en orde van die kerk handel (artikels 30-32), word - kenmerkend van die NGB - teruggegryp na die Woord van God as die primêre en enigste bron waarvolgens kerklike praktyk georden moet word. Reeds in artikel 7 word die beginselstandpunt ten opsigte van die gesag van kerkvergaderings en verordenings al gestel: "*Aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of van persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want diè waarheid is bo alles.*"

In artikel 30 word bely dat die ware kerk regeer moet word "*ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het*". In artikel 31 word gesê dat die ampsdraers verkies moet word "*deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer*"; en in artikel 32 word gewaarsku dat in enige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bepaling van orde nie afgewyk mag word "*van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie*", en sluit dan af deur te sê dat "*die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas (moet word) ooreenkomstig die Woord van God*".

Naas hierdie eerste *a priori* wat ten opsigte van die belydenis oor kerklike regering en -orde gestel word, word ook 'n tweede onmiddellik gegee. Dit is naamlik dat die kerk volgens 'n geestelike bestuurswyse regeer moet word. "*Nie vleeslik of wêreldlik nie, maar geestelik: ons glo dat hierdie ware kerk geregeer moet word volgens geestelike beleid - sien Joh. 18:36: 'My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,' antwoord Jesus. 'As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.*" [1]

Bogenoemde twee stellings (die kerk moet op 'n geestelike wyse geregeer word, en die kerk moet geregeer word volgens die voorskrifte van die Woord van God) is die "wortelgedagte" [2] - nie alleen van artikel 30 nie, maar die bepalende vetrekpunt vir die NGB se hele belydenis oor die regering van die kerk, en moet dus in enige verdere besinning in gedagte gehou word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6.1.1 DIE AARD VAN DIE REGERING

### 6.1.1.1 Die reg tot regering

Die kerk - daaroor is die NGB baie eksplisiet - staan onder die oppergesag van Jesus Christus. Die kerk is die vergadering van onderdane van Christus, die ewige Koning (artikel 27), en die eenheid van die kerk word bewaar wanneer almal, as lede van een en dieselfde liggaam, hulle aan sy leer en tug onderwerp en die nek onder die juk van Christus buig (artikel 28). Hy is die enigste Hoof, en 'n kerk wat hom nie aan sy juk onderwerp nie, is 'n valse kerk (artikel 29). Al die ampsdraers is bloot dienaars van Jesus Christus, die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk (artikel 31), en Hy is ons enigste Meester, van wie se voorskrifte nie afgewyk mag word nie (artikel 32).

Omdat dit so is, volg dit logies dat alle gesag binne die kerk slegs afgeleide gesag kan wees: ondergeskik aan die oppergesag van die Heer van die kerk (Ef. 5:24); deur Hom ingestel (vgl. Mat. 18:15-20; Joh. 20:21-23); en waarvan steeds aan Hom verantwoording gedoen moet word (1 Kor. 5:3-4; 2 Kor. 2:17; 10:13). Die kerk beskik hoegenaamd nie oor 'n eie gesag nie, maar slegs oor 'n relatiewe gesag, dit wil sê gesag in verhouding tot sy opdrag deur sy Meester aan hom gegee. Enige gesag van die kerk, na buite of na binne, word hierdeur bepaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die NGB behandel nie <u>die kerk se gesag na buite,</u> dit wil sê 'n gesag of seggingsreg teenoor persone of instansies wat nie deel van die liggaam van die kerk is nie. Wel word pertinent gestel dat alles wat bestaan deur God vrymagtig geskep is en so deur Hom onderhou en regeer word dat sy hele skepping Hom kan dien (artikel 12), en dat niks in die wêreld sonder sy beskikking gebeur nie (artikel 13). As die almagtige God, die "*alleroorvloedigste bron van al wat goed is*" (artikel 1), die "*oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge*" (artikel 8), wat selfs "*die duiwels en al ons vyande in toom hou*" (artikel 13), is Hy die Een aan wie al die eer gebring moet word (artikel 23). Selfs die burgerlike owerhede bestaan slegs vanuit sy beskikking en tot sy doel, naamlik dat "*die losbandigheid van mense in toom gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop*", en om nie alleen aan die staatsbestuur aandag te gee nie, maar "*ook om die heilige Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word*" (artikel 36). [3] Christus word erken as die eniggebore Seun van God, van ewigheid af (artikel 10), één in wese en mag met die Vader (artikel 8), die Een wat "*aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op aarde het*" (artikel 26). Aan die kerk word egter geen besondere gesagsposisie toegeken

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. God drie-enig regeer wel oor die hele wêreld, maar Hy gebruik nie die kerk vir elke aspek van die uitvoering van sy beskikkingsmag nie. Die staatsbestuur en straf van oortreders, byvoorbeeld, lê op die terrein van die burgerlike owerheid en nie op die terrein van die kerk nie (artikel 36). Weliswaar word ten opsigte van die owerheid gesê dat hy 'n taak het wat ooreenstem met diè van die kerk, naamlik "*om die koninkryk van Jesus Christus te bevorder ... sodat God deur elkeen geëer en gedien kan word*", maar hierdeur word in wese slegs gesê dat die owerheid onder God se gesag staan en tot sy doel funksioneer. Daar word bely dat God gesag het oor die owerheid, en nie dat die kerk enige gesag oor die owerheid het nie. [4]

Implisiet stel die NGB ook 'n teenoorstaande beginsel ten opsigte van die kerkregering, naamlik dat die kerk kerklik geregeer moet word. Anders as in die Lutherse begrip waar daar 'n groot rol aan die burgerlike owerheid toegeken word, [5] en die Thirty-nine Articles waarin bepaal word dat 'n konsilie slegs met die toestemming van die prinse byeengeroep mag word, [6] word hier geen ruimte gelaat vir enige vorm van invloed deur die burgerlike owerheid binne die kerk nie. Hierdie beginsel, wat volgens Rutgers 'n belangrike gemeenskaplike faktor was wat die Gereformeerdes in Nederland aan die einde van die sestiende eeu gebring het tot eenheid in die denke oor die kerkregering, [7] bevestig ook die beginsel dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar 'n duidelike onderskeid is tussen kerk en burgerlike regering, elk met sy eie terrein, doel en funksie. Hierdie beginsel is duidelik gestel deur Calvyn wat praat van 'n tweevoudige regering: een wat geleë is in die siel of innerlike van die mens, en die ander wat slegs betrekking het op die inrigting van die burgerlike en uiterlike regverdigheid van sedes. [8] In die NGB word hierdie twee regerings naas mekaar erken, maar daar is nie sprake van ingrype in mekaar se terreine nie.

Die NGB gaan onomwonde van die standpunt uit dat daar 'n regering in die kerk moet wees, en dat daar 'n sekere regeringstruktuur moet wees waardeur "*alles in die kerk behoorlik en ordelik*" kan geskied (artikel 30), om "*eendrag en eenheid te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou*" (artikel 32). Daar word nie gevra *of* daar 'n vorm van regering in die kerk moet wees nie. Daar word ook nie probeer om 'n motivering te gee waarom daar regering in die kerk moet wees nie. [9] Daar word bloot beperkings gestel ten opsigte van die grondslag en aard van die regering, en genoem dat die regering, wanneer reg toegepas, goeie orde en eenheid tot gevolg het. [10]

Wanneer in die NGB dan van die regering van die kerk gepraat word, word nie regering *deur* die kerk (in die sin van gesagsuitoefening oor ander instansies) bedoel nie, maar die dissipline wat *binne* die kerk gehandhaaf moet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word. Dit is 'n regering wat uitgeoefen moet word volgens die voorskrif van die Here in sy Woord (artikel 30), en meer spesifiek, volgens die voorskrif van "*Christus, ons enigste Meester*" (artikel 32). Hy is deur God "*aangestel as Hoof van die kerk*" (Ef. 1: 22), [11] 'n bepaling wat voor die tyd al plaasgevind het (Ef. 1:10-11), en wat in die tyd uitgevoer is: in die eerste plek deur Christus se vestiging as Hoof van die hele wêreld (Mat. 28:18; 1 Kor. 15:25, 27; Ef. 1:10-11,22), en dan daarmee saam as Hoof van die kerk. [12] Hy is "*die Koning van die konings en die Here van die heersers*" (Openb. 19: 16), en ten opsigte van sy kerk is Hy "*'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie*" (NGB art. 27). Hy regeer sy kerk egter nie in eie fisiese persoon nie. Hy het immers opgevaar na die hemel en is wat sy menslike natuur betref nie meer op die aarde nie, al gaan Hy "*wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref ... nooit meer van ons af weg nie*" (HK, vraag 47). Voordat Hy egter "*opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul*" (Ef.1:10), het Hy "*gawes aan die mense gegee*": apostels, profete, evangeliste, herders en leraars; met die doel "*om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus*" (Ef. 1:7, 11-12). Hy het toegesien dat sy werk deur die apostels voortgesit word (Joh. 17:18; 20:21), en daarvoor het Hy hulle toegerus - nie alleen met die krag van die Heilige Gees nie (Hand. 1:6-8), maar ook met die gesag om in sy Naam oop te sluit en toe te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sluit (Mat. 16:19; 18:18-20) en selfs om onder die leiding en toerusting van die Gees sondes te vergewe (Joh. 20:23). Weliswaar het Hy nie tydens sy aardse omwandeling al 'n ampstruktuur daargestel nie, [13] maar die beginsel dat daar dissipline, toesig en regering in die kerk namens Hom toegepas moet word, staan vas. Die reg om in die kerk te regeer is nie 'n *ius humanum* nie, maar 'n *ius divinum positivum*. [14] Calvyn som die saak baie mooi op: "*Ofskoon Hy* (d.i. Christus) *self alleen in die kerk moet regeer en heers; dat Hy ook die leiding in die kerk moet hê, die hoogste gesag moet beklee, en die heerskappy deur sy Woord uitgeoefen moet word, het ons - omdat Hy nie met 'n sigbare teenwoordigheid onder ons woon om sy wil mondeling in eie persoon aan ons te verklaar nie - gesê dat Hy daartoe die diens van mense aanwend en as't ware 'n plaasvervangende werksaamheid gebruik. Hy doen dit nie om aan hulle sy reg en eer oor te dra nie, maar alleen om deur hulle mond sy eie eer te volbring, soos ook 'n vakman in die maak van sy produk gereedskap gebruik. Hy sou dit wel self kon doen sonder enige ander hulpmiddel of instrument, of ook deur engele, maar daar is verskeie redes waarom Hy dit liewer deur middel van mense wil doen.*" [15]

6.1.1.2 Die aard van die regering

Oor die aard van die regering in die kerk is die NGB baie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eksplisiet. Die kerk moet regeer word "*ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het*" (artikel 30).

Die kerk is in wese 'n geestelike gemeenskap, saamgestel uit mense wat deur die Gees saamgebind is, en wat waarlik in Christus glo (artikel 27). Dit beteken nie dat die wese van die kerk so opgaan in die geestelik-onsigbare dat daar nie 'n organisatories-institutêre struktuur bestaan nie. Die regering in hierdie empiriese struktuur is egter nie op dieselfde vlak as in 'n gewone menslike instelling nie. As geestelike gemeenskap is ook sy bestuurswyse geestelik van aard. Die kerk is wel "*'n sigbaar georganiseerde liggaam, maar nie 'n organisasie nie*". [16] "*Die kerk van Christus het niks met 'n vereniging te doen waarin die lede self die koers bepaal, die reglemente ontwerp en bestuursvorme aangee nie. Dit is tog 'n stigting van die Heilige Gees en daarom ook aan die goddelike ordeninge alleen onderwerp.*" [17] As sodanig het die kerk 'n eie doel en metode in sy regering, asook 'n eie manier van tug. Sy regering en tug is geestelik en nie bloot regulerend soos in 'n algemeen menslike vereniging of samelewing nie. Regulering moet daar wel wees sodat "*alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied*" (artikel 30), maar dit is eerder 'n geseënde gevolg as 'n primêre doel van die kerklike regering. Die primêre doel (volgens artikel 30) is om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien, [18]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en om deur middel van die kerkraad te sorg vir die onderhouding van die ware godsdiens, die verspreiding van die ware leer, die vermaning van oortreders op geestelike wyse, en die vertroosting van armes en beproefdes.

In die volgende paragraaf sal ons daarop let dat ook in hierdie uitsprake 'n element van polemiek is: nòg die hiërargies-Roomse stelsel waarin die gevaar bestaan dat die Skrifuitsprake ten gunste van papale verordeninge gerelativeer kan word, nòg die Spiritualisme se stelsel wat tot ongebonde pneumatiese anargisme kan lei, word aanvaar. Die uitsprake van die NGB is egter meer as net 'n apologetiese standpuntinname. Dit is in die eerste plek 'n belydenis van geloof. Dit is 'n erkenning van die oppergesag van Jesus Christus oor sy kerk, en 'n gelowige erkenning van die beperkings wat Hy in die Woord aan sy kerk gestel het. Dit is 'n belydenis wat sê dat die Skrif sò geïnterpreteer word dat die noodsaaklikheid van 'n regering in die kerk daaruit afgelei word, maar ook dat dit geestelik van aard is. dit wil sê nie gebou op die regulerende bepalings van mense nie, maar op die voorskrifte van God in sy Woord, en uitgevoer onder leiding van die Heilige Gees.

### 6.1.2 DIE REGERINGSTRUKTUUR

Dat die NGB met die begrip "geestelik" nie "mistiek" be-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



doel nie, word bevestig deur die bepaling van die uitvoering van die geestelike bestuurswyse. Nadat as formele beginsel die volstrekte gebondenheid aan Gods Woord gestel is, word die materiële uitgebou as bestaande uit mense - weliswaar binne 'n Christusmonargie - maar mènse wat in sekere ampte geplaas word en daardeur die kerk regeer.

Ook in hierdie bepalings neem die NGB polemies stelling in. Die regering van die kerk, en ook sy regeringstruktuur, word bepaal alleen deur dit wat die Heilige Gees daaroor in die Skrif geopenbaar het. "*Daarmee word skerp posisie ingeneem teenoor Rome en andersyds teenoor allerlei Spiritualistiese en sektariese rigtings.*" [19] By Rome "*word dit wat deur die pouslike hiërargie bepaal word, as goddelike reg aanvaar. Hier beslis nie die goddelike Woord nie, maar uiteindelik die pous - wat hoogstens met die Skrif en tradisie rekening hou ... Hier is geen gesagsinstansie waarteenoor die pous sy gesag moet legitimeer nie. Dit berus eenvoudig in die goddelike aanstelling.*" [20] Daarteenoor staan die Spiritualistiese groepe wat aan die uiterlike kerkregeringsvorme geen waarde heg nie. "*In die gemeente heers die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is 'n mens vry van alle uiterlike organisasie met bepaalde verordeninge en voorskrifte.*" [21]

In die NGB word pertinent standpunt ingeneem vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Woord van God as enigste normerende bron vir 'n kerkregeringstelsel; en daarmee saam word nie alleen bely dat so 'n stelsel volgens die Skrif nodig is nie, maar ook dat die Skrif bepaal hoe so 'n regering daar moet uitsien. "*Daar moet naamlik,*" word in artikel 30 bely, "*dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.*"

6.1.2.1 Drie ampte

Volgens die NGB is die regering in die kerk toegeken en opgedra aan 'n kerkraad, wat bestaan uit die drie ampte van dienaars/herders, ouderlinge en diakens. Daar word beweer dat dit nie alleen in ooreenstemming met die Skrif is nie, maar die woord "naamlik" in artikel 30 dui daarop dat verstaan is as 'n spesifieke opdrag van die Here Jesus self.

Hierdie uitspraak van die NGB moet ook teen sy historiese agtergrond gelees word. Soos met sovele ander leerstellings in die NGB het ons hier ook te doen met die praktiese verwoording van die teologiese insigte van Calvyn. Die presbiteriale kerkregeringstelsel moet na hom teruggevoer word. [22] Weliswaar is hy beïnvloed deur mense soos Oecolampadius en Bucer, [23] maar dit Calvyn wat die presbiteriale stelsel omskryf en in die kerk in-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevoer het.

Daar was nie onder die Hervormers eensgesindheid oor die vorm van kerkregering nie. Daar was wel ooreenstemming oor die algemene beginsel, maar die konkrete toepassing het baie verskil. "*Dit hoef ons nie te verbaas nie,*" verklaar Polman. [24] "*As gevolg van die totale deformasie wat in die Roomse Kerk ook in hierdie opsig gevind word, moes alles opnuut vanuit God se Woord opgebou word. Al tastend en aarselend het hulle verder gegaan, en langsamerhand is tot die juiste insigte gekom.*" Luther het, soos ons al vroeër gesien het, [25] die wese van die kerk in sy onsigbare sy gesoek. Hy "*het soveel teen die Roomse Kerk as inrigting geywer, en hy het soveel nadruk gelê op die kerk as vergadering van gelowiges, dat hy die institutêr-sigbare kerk wel ietwat uit die oog verloor het.*" [26] Sy hele denke en optrede is soteriologies georiënteerd, en vir hom is die hoofsaak dat die gekwelde, strydende gelowige deur die prediking tot volle geloofsekerheid kan kom. Daar moet dus niks in die weg gelê word wat die verkondiging van die evangelie kan hinder nie. Hierdie eensydigheid het daartoe gelei dat hy die selfstandigheid van die kerk in 'n groot mate aan die burgerlike owerheid prysgegee het. [27]

Ook in die Augsburgse Belydenis word die amp gestel as in diens van die verkondiging van die leer van die regverdigmaking (artikel 5). Geen uiteensetting van 'n kerk-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

regeringstelsel word gegee nie, [28] maar gehoorsaamheid aan die burgerlike owerheid word beklemtoon (artikel 16). Polman wys daarop dat Luther wel die nuttigheid van ouderlinge vir die kerklike tug ingesien en in sekere gevalle selfs aanbeveel het, maar hy het dit nie in die praktyk uitgevoer of laat uitvoer nie. [29]

Zwingli het 'n ander gedagtelyn gevolg. Volgens hom is die sleutelmag aan die (plaaslike) gemeentevergadering gegee. Hy verbind sleutelmag egter net aan die prediking van die evangelie, en wil hê dat tugtoepassing moet geskied in oorleg met die burgerlike owerheid. Anders as Luther gee hy egter nie die kerkregering oor aan die burgerlike regering nie. [30] Waarin Zwingli wel 'n voorloper van Calvyn was, was sy groot klem op die gemeente as vergadering van uitverkorenes, en dus in alles (dus ook in sy kerkregering) gebind deur die Woord van God. [31]

Calvyn het tot sy leer oor die ampstruktuur gekom vanuit 'n eerlike poging om die Woord van God in alle sake die laaste woord te laat spreek. Anders as Bucer, wat die ouderlinge aangestel het eerder in navolging van die Romeinse senaat as vanuit die Skrif, [32] het Calvyn sy ampsteologie in die Skrif probeer fundeer, en spesifiek met Ef. 4:11 as uitgangspunt. Ook by hom was daar 'n ontwikkelingsgang in sy denke, [33] maar teen 1559 was sy ampsomskrywing voltooi. [34] Die alleenheerskappy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Christus in sy kerk staan vir hom voorop, maar hy regeer die kerk deur die diens van mense, mense wat deur Hom in spesifieke ampte geplaas word. [35] Op grond van Ef. 4:11 onderskei hy tussen "*ten eerste apostels, dan profete, ten derde evangeliste, ten vierde herders, en ten slotte leraars.*" [36] Hy sien slegs die laaste twee as gewone en voortgaande ampte in die kerk. "*Die ander drie het die Here in die begin van sy ryk opgewek, en wek Hy ook nou en dan op na die eis van die tyd.*" Onder die apostelamp verstaan hy die opdrag wat Jesus in Mark. 16:15 aan spesifieke persone gegee het om die evangelie oral in die wêreld te verkondig en sy koninkryk op te rig. Hulle taak was om "*as die eerste boumeesters van die kerk sy fondamente in die hele wêreld te lê.*" Die profete is nie bloot alle uitleggers van Gods wil nie, maar hulle "*wat deur 'n besondere openbaring uitblink*", terwyl die evangeliste mense soos Lukas, Timoteus en Titus was wat naas die apostels moes help om die kerk te vestig waar dit tevore nog nie bestaan het nie. Wat die verskil tussen die twee voortgaande ampte betref: die herders moet leiding gee ten opsigte van tug, die bediening van die sakramente, vermanings en opwekkings, asook toesig oor die suiwerheid van die leer; terwyl die leraars slegs verantwoordelik is vir die uitlegging van die Skrif. [37]

In sy verdere betoog konsentreer hy op die herdersamp, wat uit twee hoofafdelings bestaan, naamlik om die evan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gelie te verkondig en om die sakramente te bedien. Die taak is "*om die kerk so te lei dat dit nie vir hulle daarom gaan om 'n waardigheid sonder arbeid te beklee nie, maar om die volk deur die leer van Christus tot die ware vroomheid te onderrig, om die sakramente te bedien en om die regte tug te onderhou en beoefen ... kortom, wat die apostels aan die hele wêreld gedoen het, dit moet elke herder doen aan sy eie kudde waarvoor hy bestem is.*" [38] Hy gebruik die name opsieners, ouderlinge, herders en dienaars sonder onderskeid, en beweer dat dit is "*volgens die gebruik van die Skrif wat die name deurmekaar gebruik*". [39]

Met verwysing na Rom. 12:7 en 1 Kor. 12:28 beweer hy dat daar in wese twee ampte is wat in die kerk voortgaan, naamlik die regering en die versorging van die armes. "*Regeerders was, na my mening, oueres wat uit die volk gekies is om saam met die opsieners toesig te hou oor die handel en wandel en om die tug uit te oefen.*" [40] Op grond van Rom. 12:8 onderskei hy tussen twee soorte diakens: die wat uitdeel, en die wat barmhartigheid doen. Onder eersgenoemde verstaan hy die diakens "*wat die aalmoese beheer het*", en onder laasgenoemde "*die wat hulle gewy het aan die versorging van die armes en siekes*". Anders gestel, volgens Calvyn se interpretasie van die Skrif is diakens aan die een kant diegene wat "*die kerk dien in die bestuur van die sake van die armes*", en aan die ander kant diegene wat sorg vir "*die versorging van*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

*die armes self*". [41]

Wanneer Calvyn verderaan die kerkregering van die Roomse Kerk kritiseer, merk hy nogtans op dat die beginsels van die Woord basies gevolg is. Ook in die ou kerk is drie groepe te onderskei: uit die "*orde van die ouderlinge is deels die herders en leraars gekies; die oorblywende deel het toesig gehad oor die handel en wandel en die straf*", en "*aan die diakens is die versorging van die armes en die uitdeel van die aalmoese toevertrou*". [42] Wat wel later gebeur het, is dat die biskoppe oor provinsies aangestel is, en dit het (veral toe die kerk ryker begin word het) aanleiding gegee tot verwording - veral in die diakensamp. [42] In die tyd van Calvyn het die biskopamp so vervreem geraak van sy Bybelse opdrag dat hy (Calvyn) homself moet vermaan dat sy woorde nie buite perke moet gaan nie! [44]

Uit bogenoemde blyk dat Calvyn, op grond van die Skrif, en bevestig deur die praktyk in die vroeë kerk, drie ampte uitspel, naamlik diè van herders, leraars en diakens [45]. Hierin is hy nagevolg deur die Confessio Gallicana (artikel 29) en die NGB.

Of dit korrek is om die regering in die kerk juis aan hierdie drie ampte toe te ken, kan die beste beoordeel word binne die regeringsreg van die kerkraad in die algemeen. Hieraan word gevolglik eers aandag gegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 6.1.2.2 Die kerkraad

Met die verwysing na 'n kerkraad volg die NGB 'n algemene gedagtelyn van die Hervormers en die belydenisskrifte, naamlik om, "*wanneer hulle van die kerk praat, by voorkeur van die gemeente*" te praat. [46] Die amp word naamlik in die eerste plek gesien as tot diens van die mondige, plaaslike gemeente, en nie soos in die Roomse Kerk, as die gevolg van 'n hiërargiese gedagtegang nie. In geen stadium is beweer dat die amp uit die gemeente voortkom nie - daarvoor is die klem op die aanstelling deur Christus te groot - maar die klem val op die plaaslike gemeente eerder as op die kerk in die algemeen. Hierin is ook gepoog om aan die Skrif reg te laat geskied. Gedeeltes soos Hand. 13:1-3; Rom. 16:26; 1 Kor. 5; 2 Kor. 8:23; en veral die voorskrifte van 1 Tim. en Titus toon dat die afsonderlike gemeentes op eie gesag kan optree, en verantwoordelik is vir die goeie orde in hulle midde. Luther het reeds in 1520 die mondigheid van die plaaslike gemeente of kerk beklemtoon as 'n koninklike priesterskap, [47] maar hy het, soos ons reeds gesien het, die priesterskap so beklemtoon dat die algemene regering onderskat is. Dit was eers later in die Reformasie, en in die besonder in die Gereformeerde Protestantisme, dat "*die amp in die gemeente, en die mondigheid en medeverantwoordelikheid van die gemeente, en daardeur die visie op die gemeente as gemeente wat geheilig word deur en tot die diens van die Woord van*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*God, 'n nog meer konkrete uitdrukking gekry het".* [48]

Ook in hierdie opsig was Calvyn die baanbreker. Hy het erns probeer maak met die meervoud van ampte wat in die Skrif aangetoon word. Dit het vir hom nie gegaan om die ontwerp van 'n stelsel van ampte en 'n biblisistiese aangryping van 'n aantal tekste om sy skema te verdedig nie, maar om die besef dat Christus as Hoof van die kerk die gawes van die Heilige Gees so in sy kerk verdeel dat meerdere dienste ontstaan het waardeur die eenheid en opbou van die gemeente bevorder moes word. [49] Hy lê dan ook groot klem op die onderlinge verband tussen die ampte, en hoewel hy besondere waarde heg aan die uitnemendheid van die preekamp, [50] verabsoluteer hy dit nie ten koste van die ander ampte nie. Inteendeel, hy beklemtoon die besondere aard van die algemene herdersamp in die regering van die gemeente, en met beroep op Rom. 12:8 sê hy dat van die begin af "*elke kerk sy eie raad gehad het, wat gekies is uit vrome, ernstige en heilige manne, by wie die regspraak ter verbetering van gebreke berus het*". [51] Onder sy leiding het daar dan ook 'n "kerkraad" in Geneve ontstaan waarin al vier sy ampte verteenwoordig was, maar waarin veral die ouderlinge verantwoordelik was vir die regering. [52]

In die NGB (artikel 30) word sonder meer bepaal dat die regering in die gemeente moet geskied deur die kerkraad wat bestaan uit dienaars, ouderlinge en diakens. Polman

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wys op die haarklowery van iemand soos Doedes wat in die formulering "... *estre comme le Senat* ..."/ "... *te zijn als den Raedt der Kercke* ..." 'n verwysing vind dat die enigste ware raad van die kerk Jesus Christus self is. Dit wys Polman egter onmiddelik af met 'n verwysing na die historiese agtergrond van die begrip. [53] Die klem val op die feit dat di kerk nie deur enkelinge geregeer word nie, maar deur 'n groep.

'n Groter probleem is om te bepaal uit wie die kerkraad bestaan. Die NGB sê dat dit die herders, ouderlinge en diakens is, maar die Dordtse Kerkorde (wat goedgekeur is by dieselfde vergadering waarby die NGB as belydenis-skrif aanvaar is!) praat telkens van die kerkraad en die diakens (artikels 4, 5, 10, 22, 25, 38, en 40). Polman toon aan dat daar in die vroeë tyd van die Gereformeer-de Protestantisme dikwels 'n sodanige verskil was, [54] maar dat die verskil nie te veel beklemtoon moet word nie. Volgens hom het die Gereformeerde vaders nie 'n prinsipiële teenstelling gesien nie, maar het die dia-kens gereeld ingesluit wanneer prinsipieël gepraat word van die regering. Sowel Calvyn as die Franse kerk het die ampte van herder, ouderling èn diaken op die rege-ring van die kerk van toepassing gemaak. [55] Waaroor daar wel verskil van mening was, was of die diakens deel van die kerkraad moes wees, en in hierdie verband toon Polman aan dat die Dordtse kerkorde hierin afwyk van die vorige sinodes van Dordt (1574) en Emden (1571). Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het nie plaasgevind uit bloot praktiese oorwegings (naamlik dat die diakens slegs teenwoordig hoef te wees by sake waarin hulle persoonlike belang gehad het - soos dit in die Engelse vlugtelinggemeente die geval was) nie. Dit was in ooreenstemming met die gebruik wat oorgeneem is van die Franse kerk waarvolgens slegs die predikante en ouderlinge met die tug belas is, terwyl die diakens tog as "hulp-ouderlinge" in die konsistorie opgeneem is. Wat by Dordt (1618) gebeur het, was dus nie 'n afwyking van vorige bepalings nie, maar eerder 'n verdere verduideliking. [56] Die Gereformeerde vaders het nie geleer dat die diakens, kragtens die eenheid van die ampte, in alle kerklike sake betrokke moes wees nie, maar daar is geen rede waarom hulle van sekere sake uitgesluit moet word nie, aangesien die ampte nie so streng geskei is is nie. [57] Gesien binne die raamwerk van die Gereformeerde denke oor die verhouding tussen die ampte is die NGB se uitspraak dat die diakens deel van die kerkraad moet wees, dus heeltemal in orde.

Of dit so in orde is in die lig van Skrifuitsprake, is nie so maklik te bepaal nie. Aan die "sewe" van Hand. 6 word geen regeermag toegeken nie, al het sekere van hulle prominensie geniet (bv. Stefanus, Hand. 6:8, en Filippus, Hand. 8:4). [58] Nèrens in die Nuwe Testament word 'n spesifieke regeeropdrag aan die diakens gegee nie. Wel het hulle as 'n afsonderlike groep in die gemeente bestaan, en hulle word telkens in noue verband met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ouderlinge genoem (Fil. 1:1; 1 Tim. 3:1-13). Hierdie noue verband maak dit moontlik om aan die NGB die voordeel van die twyfel te gee en die diakens te eskou as deel van die regeerliggaam van die gemeente. [59]

'n Nog moeiliker probleem is om te bepaal of Calvyn en die Gereformeerdes reg geoordeel het om die regering van die kerk aan 'n kerkraad toe te vertrou. Ons het reeds gesien dat Luther die kerkregering in die hande van die burgerlike owerheid laat oorgaan het, en dat Erastus, om heel ander redes, dieselfde gedoen het. [60] In die episkopaalse stelsel is die biskop die setel van kerklike regering, 'n konsep wat in die Roomse kerk tot die verste punt gevoer is met 'n enkel persoon, die pous, as hoof van die kerk namens Christus. Daarteenoor staan die Independentisme of Kongregasionalisme waarin elke plaaslike groep gelowiges outonoom kan optree, terwyl 'n verdere uiterste gevind word by die Spiritualiste wat geen regeringsvorm wil aanvaar nie, maar die Gees vrymagtig wil laat heers.

Die Gereformeerdes het 'n kerkregeringstelsel êrens in die middel van bogenoemde uiterstes gekies, en dit lyk op die oog af na 'n goeie kompromie en na 'n stelsel wat in die praktyk goed werk. Wie egter in sy denke deur sodanige oorwegings gelei word, redeneer kollegialisties. Vir hom is die kerk niks anders as 'n *collegium* of 'n vergadering nie, en die ampte bestaan slegs uit praktiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorwegings omdat dit goed is dat daar 'n amp is. [61] Die Gereformeerdes het kollegialisme ernstig probeer vermy deurdat hulle steeds die kerk gesien het as bepaling van God, en die ampte en ampstruktuur as deur Christus self ingestel. Die vraag is egter: het hulle die Skrif reg geïnterpreteer toe hulle vanuit die Skrif 'n presbiteriale stelsel, met 'n kerkraad bestaande uit ouderlinge, predikante en diakens as stelsel van kerklike regering afgelei het?

Hierdie vraag is besonder moeilik om te beantwoord. Nèrens in die Ou of Nuwe Testament kan 'n klinkklare prototipe van so 'n kerkraad verkry word nie. Selfs Calvyn, wie se argumente gewoonlik deeglik met Skrifverwysings gestaaf word, gebruik min verwysings wanneer hy hieroor skryf, en sy verwysings stel wel besondere ampte, maar nie duidelik die beginsel van 'n kerkraad nie. [62] Verder word in al die stelsels van kerkregering 'n beroep op sekere Skrifuitsprake gedoen as bewys dat juis hùlle stelsel die (enigste) korrekte, Bybels-genormeerde stelsel is. Wie is dan reg, en wat is die stelsel wat in die Nuwe Testament voorgeskryf word?

Wie vanuit die Nuwe Testament 'n kerkregeringstelsel probeer rekonstrueer, vind baie gou uit dat Schweizer reg is wanneer hy verklaar: "*Die neutestamentliche Gemeindeordnung gibt es nicht.*" [63] Daar word geen "kerkorde" gegee wat geld vir beide byvoorbeeld die gemeentes in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jerusalem en Korinthe nie. Omstandighede verskil, die klem wat deur onderskeie skrywers gelê word verskil, en daar is ook duidelik sprake van 'n historiese ontwikkelingsgang reeds binne die Nuwe Testamentiese tydvak. Al die Nuwe Testamentiese verwysings moet dus binne konteks geraadpleeg word voordat 'n slotsom bereik kan word. [64] Dit is nie moontlik om dit in hierdie studie volledig te doen nie, [65] maar daar word slegs gepoog om die beginsels waaroor dit tans gaan, aan die Skrif te toets.

Die eerste beginsel waaroor ons duidelikheid moet kry, is of die regering van die kerk toegeken is aan 'n individu of aan 'n groep. In hierdie verband moet gevra word wat bedoel word met die "rots" van Mat. 16:18; en daarna dan die posisie van die spesifieke ampte.

1. <u>Die "rots": Mat. 16:18-19</u>

Het Jesus vir Petrus as persoon aangestel as *vicarius Christi*, en was dit 'n voortgaande amp? In die Roomse Kerk word dit as sodanig beskou, en die uitnemendheid van Petrus word afgelei uit Mat. 16:17-19; Luk. 22:32 en Joh. 21:15-19. [66] Laasgenoemde twee gedeeltes, in die konteks gelees, toon egter niks van 'n voortgaande amp nie, maar eerder van nuwe verantwoordelikhede wat deur Jesus aan Petrus gegee word binne die veld van sy persoonlike geloofsontwikkeling. Alles draai dus om die interpretasie van Mat. 16:18-19.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dat Mat 16:18-19 sê dat die kerk op Petrus as persoon gebou word, word deurgaans deur Protestante betwis. Versigtige eksegese toon ook dat die Roomse standpunt tereg bevraagteken kan word, veral omdat Jesus die enigste rots is waarop die kerk gebou is (1 Kor. 3:11; 1 Petrus 2:4). Dat Jesus wel 'n besondere plek aan Petrus toeken, word bewys deur sy woordspeling met Simon Barjona se nuwe naam, en rots (Petros, petra, Mat. 16:18). Dit laat egter nog geen ruimte vir 'n afleiding dat hier 'n voortgaande amp geskep is nie. Die verwysing hier is waarskynlik gemik op Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is (Mat. 16:16): "*die feit van die Here se Messiasskap sou die onbeweegbare rotsbank wees waarop sy 'ekklesia' sou vasstaan.*" [67] Hoe waar dit is, word ook in Petrus se verdere verhaal ontplooi: slegs wanneer hy sy geloof kon bly bely, kon hy vir Christus en sy medegelowiges tot diens wees (Luk. 22:32; Joh. 21: 15-19). En sy geloof het slegs bestaan omdat Christus dit bevestig het (Luk. 22:32)!

Op die meeste kan uit die uitspraak van Jesus in Mat. 16:18-19 afgelei word dat Jesus aan Petrus 'n besondere rol in sy kerk wil laat speel. Dit draai egter om sy persoon, en is nie 'n opdrag tot 'n voortgaande "Petrus-amp" nie. [68] Slegs twee hoofstukke later, in Mat. 18:18, gee Jesus dieselfde gesagsopdrag wat Hy aan Petrus gegee het (naamlik om te bind en te ontbind) - maar hierdie keer gee hy dit aan die hele gemeente. As daar dan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gepraat kan word van opvolgers van Petrus, antwoord Mat. 18:18 volgens Schweizer duidelik: "*Die apostels het inderdaad navolgers: die hele gemeente.*" [69] Wat Petrus se eie posisie in die kerk betref: Jesus self beklemtoon dat daar onder die twaalf nie meerderes en minderes is nie, maar dat sy koninkryk aan al twaalf gegee word met die voorreg om oor die twaalf stamme van Israel te regeer (Luk. 22:29). Onder die twaalf moet die belangrikste soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos een wat dien (Luk. 22:26; vgl. Mat. 20:23-28; Mat. 10:39-44). Petrus het wel soms as leier opgetree, veral kort na Pinkster (Hand. 2:14; 3:12; 4:8; 5:3), maar hy het nie ongebreidelde gesag gehad nie (vgl. Hand. 11:2; Gal. 2:14), en dit lyk asof Jakobus, die broer van Jesus, uiteindelik die leiding in die vroeë gemeente in Jerusalem oorgeneem het (vgl. Hand. 15:13; 21:18; Gal. 2:9). [70]

## 2. <u>Ander ampte</u>

Uit die voorafgaande blyk dat daar in die vroeë kerk geen individu was wat in sy eie persoon die gesag gehad het om 'n laaste woord te spreek nie. Maar wat van 'n amp? Kon bv. 'n apostel of 'n opsiener uit hoofde van sy amp binne die gemeente die leiding gee? Dit is duidelik dat 'n apostel in sekere omstandighede besondere gehoorsaamheid kon verwag omdat hy as apostel as openbaringsorgaan praat - maar waar sodanige aanduidings voor-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom, gaan dit oor sy boodskap, en nie oor 'n algemene regeeramp nie (vgl. 1 Kor. 5:3-4; 7:6,12,17 met Gal. 2:6-8). Selfs dan was sy boodskap beperk tot die evangelie wat hy van sy Meester ontvang het (Gal. 1:1,8; 1 Kor. 15:3; 7:25). Die apostels was volgens Paulus wel bestuurders, maar dan "*bestuurders aan wie die geheimenisse van God toegeken is*" (1 Kor. 4:1), en as sodanig mense wat nie verering verwag nie, maar om as dienaars op te tree (1 Kor. 4:1). Hulle grootste uitnemendheid is 'n uitnemendheid in spot en vervolging (1 Kor. 4:9)!

Waar die apostels wel in regerende hoedanigheid optree, veral in sake wat die hele kerk raak, doen hulle dit nie een-een nie, maar kollektief (Hand. 6:2, 6; 11:1; 15: 2,6). Soms is dit net die apostels wat oor 'n saak besluit (Hand. 6:2), en ander kere is dit die apostels en die ouderlinge (Hand. 15:2,6), of ook die apostels, ouderlinge en die hele gemeente (Hand. 15: 22). In hierdie verband is dit belangrik om te besef dat die "ons" in Hand. 15:28 slaan op die "*apostels en ouderlinge*". [71] Dit werp besondere lig op die wyse waarop gesaghebbend opgetree is in die vroeë gemeente. Toe die onduidelikheid in Antiochië oor die besnydenis aan bekeerlinge uit die heidendom ontstaan het, is besluit om die "*apostels en ouderlinge*" in Jerusalem te nader om uitsluitsel. Die finale uitspraak, aangebied as op gesag van die Heilige Gees, word gegee nie deur 'n individu, of selfs net deur die apostels nie. Die gemeente, aan die ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kant, is eers betrek nadat die finale besluit geneem is (15: 22). Die besondere gesag wat die ouderlinge as groep gedra het, word hiermee getoon. [72]

Die apostelamp was enig aan die vroeë kerk en gekoppel aan spesifieke persone [73] wat deur Jesus persoonlik aangestel is en Hom deur sy hele aardse bediening geken het (Mark. 3:14; Hand. 1:21-22; Gal. 1:12; 2:8). [74] Hulle was "*hoofsaaklik pionierpredikers van die evangelie, en die oorspronklike en gesagvolle getuies van Christus wat deur die Joodse en heidense wêreld gereis het om gemeentes van nuwe bekeerlinge te stig.*" [75] Voordat die apostelamp uit die kerk verdwyn het, is ander ampte onder hulle leiding gevestig. In Hand. 6:1-6 lees ons dat die diakenamp deur hulle inisiatief ontstaan het. Geen melding word êrens gemaak van 'n ander amp wat as amp deur hulle ingestel is nie. Wel lees ons van hulle besondere verhouding met die ouderlinge (Hand. 15), asook van die besondere regeeropdrag wat deur Paulus aan die ouderlinge in Efese gegee is waarin hy pertinent verklaar dat die hele gemeente deur die Heilige Gees onder hulle sorg geplaas is (Hand. 20:28). [76] Paulus gee dan ook aan sy helpers opdrag om ouderlinge in elke dorp aan te stel (Tit. 1:5), terwyl hy hulle ook erken as regeerders van die gemeente (1 Tim. 4:17). In Fil. 1:1 noem hy naas die gemeente die ouderlinge en diakens by name - 'n aanduiding van besondere diens in die gemeente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voordat ons terugkeer tot ons aanvanklike vraag, naamlik of die Gereformeerde vaders reg geoordeel het toe hulle die regering aan 'n kerkraad toevertrou het, moet ons net eers duidelikheid kry of die ouderlinge in die gemeente leiding gegee het as groep, en of daar Bybelse grond is vir die ontwikkeling later in die Roomse kerk waarvolgens die episkopos as individu die gemeente regeer. Die getuienis is oorweldigend - in werklikheid uitsluitend - vir 'n gesamentlike regeringsuitoefening, beide in die terme presbiter (Hand. 15:22; 16:4; 20:17; 21:18; Jak. 5:14; 1 Petr. 5:2; vgl. Openb. 4:4) en episkopos (Hand. 20:28; Fil. 1:1) waar telkens in die meervoud kollektief gepraat word. Die enigste waar die enkelvoud gebruik word, is wanneer van die kenmerke van 'n ouderling (1 Tim. 3:1 e.v.; Tit. 1:6 e.v.) of van afsonderlike ouderlinge (1 Tim. 5:19) gepraat word. Daarteenoor word spesifiek verwys na 'n raad van ouderlinge: eksplisiet in 1 Tim. 4:14, en implisiet in Hand. 15 en Hand. 21:18.

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat die Gereformeerdes (en dus ook die NGB) op baie sterk grond staan wanneer hulle as kern van die kerkregering 'n kerkraad stel. Die gemeenteregering is nie bloot aan die gemeente in die geheel opgedra nie. Dit is ook nie aan 'n individu opgedra nie. Op voetspoor van die sinagoge is dit gesentreer in die ouderlinge. [77] Hierdie groepgedagte figureer ook in artikel 30 van die NGB. Dit is egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jammer dat daar nie duideliker onderskei word tussen die ampsfunksies van die drie ampte nie. Waar dit in artikel 30 spesifiek om die regering van die kerk gaan, sou 'n duideliker bepaling van die spesifieke taak van die ouderlinge as regeerders welkom gewees het. [78]

6.1.2.3 <u>Dienaars, ouderlinge en diakens</u>

Binne die regeerliggaam van die kerkraad onderskei die NGB tussen die dienaars/herders, ouderlinge en diakens. Hierbo het ons gesien dat die Nuwe Testamentiese gegewens nie sonder meer hierop neerkom nie, maar dat die apostoliese kerk slegs twee amptelike bedieningsordes gehad het, naamlik diè van ouderlinge (presbiter-episkopos) en diakens. Wat in die Gereformeerde Protestantisme gebeur het, was om binne die twee ordes te onderskei tussen drie bedieningsvorme, naamlik leer, regeer en diens, en op grond hiervan is drie ampte onderskei. Daar kan min twyfel bestaan dat die Gereformeerdes reg geoordeel het om die diens en die diakens te skakel, maar of hulle reg was om binne die ouderlingamp te onderskei tussen 'n leer- en 'n regeertaak, en dit dan onderskeidelik aan 'n leraar en 'n ouderling te koppel, moet eers nagegaan word.

Ook in hierdie opsig is 'n historiese ontwikkeligsgang binne die Nuwe Testament te bespeur. In 1 Kor. 12:28 is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar 'n ampsaanduiding van apostels/profete/leraars aan die een kant, en daarmee saam dié wat spesifieke genadegawes ontvang het. Hier is die skeiding tussen amp en charisma nog nie groot nie, en uit die lysie van 1 Kor. 12:28 kan slegs die leraars beskou word as 'n voortgaande amp. Die belangrikste wat ons hieruit kan aflei, is dat daar mense was wat deur God aangestel en deur die Heilige Gees toegerus is om leraars (*didaskaloi*) te wees.

Ook in Rom 12:6-8 word van spesifieke dienste gepraat. Hier gaan dit ook meer om gawes as om ampte, maar dit is opvallend dat die drie terreine van lering, regering en diens duidelik in die gawes teruggevind kan word. [79] In Gal. 6:6 is sprake van spesifieke leermeesters - wat daarvoor onderhou moes word. Paulus vertel aan die Efesiërs (Ef. 4:11) dat Christus gawes aan die gemeente gegee het waardeur hulle opgebou moet word, naamlik apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Soos reeds gesien, kan slegs die laaste twee beskou word as voortgaande ampte. Hulle was aan 'n bepaalde gemeente verbind, met 'n spesifieke taak. Die term "herder" word net hier in die Nuwe Testament as "ampstitel" gebruik. Die werkwoord *poimanein* word as taakaanduiding gebruik in 1 Petr. 5:1 en Hand. 20:17 (saam met *presbuteroi*) en in Hand. 20:28 (saam met *episkopoi*): 'n duidelike aanduiding dat "*biskop en pastor een en dieselfde diens is*". [80] Die titel "leraars" kom ook in dieselfde sin voor in Hand. 13:1, 1 Kor. 12:28 en Jak. 3:1, en veral die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tekste in Handelinge en 1 Korintiërs toon dat die leraars as afsonderlike groep naas die profete bestaan het.

Naas die spesifiek-Bybelse ampte van apostels, profete en evangeliste, was daar onderskeid tussen die drie groepe van herders/ ouderlinge, leraars en diakens. Die verband tussen die eerste twee groepe word duideliker belig in 1 Tes. 5:12 waar eerbied vereis word vir "*die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys*", en veral in 1 Tim. 5:17: "*Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee*". "*In die ouderlingekollege (die presbiterium van 1 Tim. 4:14) is daar dus 'n sekere onderskeiding. Die regering is aan hulle opgedra, maar onder hulle was daar blykbaar diegene wat in die besonder gewerk het in die prediking en onderwysing van die gemeente. 'n Begin word hier dus gemaak met die onderskeiding tussen leer- en regeerouderlinge.*" [81] Tit. 1:5-9 bewys dat die ouderlinge tot 'n bepaalde gemeente toegewys is, en dat hulle moes optree as "*bestuurder van die huishouding van God*" (1:7) en "*om ander met die gesonde leer aan te moedig n die argumente van teenstanders te weerlê*" (1:9).

Uit bogenoemde oorsig blyk dit dat die Gereformeerdes 'n Bybels-fundeerbare keuse gemaak het toe hulle die rege-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ring in die kerk toegeken het aan 'n kerkraad, en binne die kerkraad onderskei het tussen leraars (met veral die taak van prediking en onderwysing), ouderlinge (met as taak om as "*bestuurders van die huishouding van God" Tit. 1:7*, op te tree "*en soos herders 'n kudde versorg ... die gemeente van God te versorg", Hand. 20:28* - met ander woorde die regeertaak), en diakens (met as taak die versorging van die armes). [82] Daar moet egter nie te hard probeer word om 'n waterdigte skeiding tussen die funksies van die ampte daar te stel nie. Dit is immers 'n besondere kenmerk van die Nuwe Testamentiese ampsbegrip dat die ampswerk, as gawe van die Gees, uitgedeel word soos die Gees wil. Dit doen Hy "*funksioneel, regulerend, dienend, en nie reglementerend nie*", [83] en die mense wat Hy gebruik, kan enigeen uit die gemeente wees. [84] Wanneer 'n taak verrig moet word, kan die Heilige Gees dit aan enigeen opdra.

Wat die drie spesifieke ampte betref, moet nog twee sake genoem word:

1. Streng gesproke is die NGB verkeerd om te onderskei tussen dienaars/herders en ouderlinge. Ons het hierbo gesien dat dit beter is om die herders en ouderlinge as een amp te beskou, met die leraars as 'n ander. Dit sou dus beter wees om te onderskei tussen leraars en herders/ouderlinge. In die NGB is (op voetspoor van Calvyn) die herders en leraars van Ef 4:11 gesien as funksioneel een

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groep naas die ouderlinge. Dit laat nie reg geskied aan die verbinding herder/presbiter (1 Petr. 5:1 en Hand. 20:17) en herder/episkopos (Hand. 20:28) nie, maar gesien binne die raamwerk van die ouderlingamp in die geheel, veral soos ons dit in die pastorale briewe vind, is dit nie so belangrik nie. Die hoofsaak is dat daar binne die ouderlinggroep 'n spesifieke groep is wat 'n leeropdrag het - en hulle moet besondere erkenning kry (1 Tes. 5:12). In die Gereformeerde praktyk dui dit op die predikant, en die NGB is dus in wese korrek as hy 'n amp identifiseer wat as besondere opdrag die bediening van die Woord het. Met die bediening van die Woord as sentrale aksie in die gemeente word hulle dan ook eerste genoem. Dit dui egter nie op 'n hiërargie in amp nie, maar bloot op 'n prioriteit in funksie.

2. Die NGB onderskei binne die amp van die dienaar tussen twee dele: die verkondiging van die Woord van God en die bediening van die sakramente. Die eerste taak is duidelik Bybels gefundeerd, maar waar kom die NGB aan die bediening van die sakramente as inherente deel van die werk van die leraar? Calvyn koppel dit aan die opdrag van Jesus aan die apostels "*dat hulle die evangelie moes preek en die gelowiges moes doop tot vergewing van sondes. En vantevore het Hy beveel dat hulle die heilige tekens van sy liggaam en bloed volgens sy voorbeeld moes uitdeel.*" [85] Dan vervolg hy: "*Hier is dan 'n heilige, onskendbare en ewige wet, opgelê aan hulle wat in*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*die plek van die apostels gevolg het, waardeur hulle 'n bevel ontvang aangaande die prediking van die evangelie en die bediening van die sakramente."* Hy is reg om die sakramentsbediening aan die Woordbediening te koppel (vgl. Mat. 28:19; Hand. 2:41,42; 8:35-38; 20:7; 1 Kor. 11:17 e.v.), en in hierdie sin is dit sekerlik reg om Woord- en sakramentsbediening aan die opvolgers van die apostels te verbind. Maar is die sakramentsbediening 'n eksklusiewe voorreg van die dienaars? Daar is immers in die Nuwe Testament sprake van sakramentsbediening deur gelowiges wat nie apostels was nie (Hand. 8:38; 9:18; 1 Kor. 11:17 e.v.). Die apostels het inderdaad nie altyd self die doop bedien nie (Hand. 10:48; vgl. 1 Kor. 1:17). Dit is dus nie moontlik om soos Calvyn die sakramentsbediening net aan die apostels (en hulle opvolgers) te koppel nie. Om die sakramentsbediening uitsluitlik aan die dienaars (predikante) op te dra, mis spesifieke Bybelse fundering. Binne die raamwerk van die orde in die gemeente (1 Kor. 14:33), en die noue verband tussen Woord- en sakramentsbediening, is dit egter 'n goeie praktiese reëling.

6.1.2.4 <u>Geen hiërargie</u>

Ten opsigte van die bedienaars van die Woord word in artikel 31 'n belangrike kwalifisering gemaak: "*Hulle het, op watter plek hulle ook mag wees, een en dieselfde*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is - die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die Kerk."*

Hierdie belydenis is nie eie aan die Gereformeerde Protestantisme nie - Luther het dit reeds in sy 95 stellings beklemtoon. [86] Die beginsel staan so sterk op Bybelse grond dat kommentaar beswaarlik nodig is. Artikel 31 praat slegs oor die hiërargie van bedienaars van die Woord, en is in die eerste plek 'n polemiese uitspraak teenoor die hiërargiese struktuur binne die Roomse kerk waarin aan die biskoppe van sekere stede of gebiede groter gesag toegeken is as aan ander, en met die uiteindelike kulminasie in 'n enkele oppergesagsdraer, die pous. [87] Die Gereformeerdes het die lyn egter van vroeg af verder deurgetrek. Die "*Discipline Ecclesiastique*" (1559) begin so: "*Premierement que nulle Eglise ne pourra pretendre principauté ou domination sur l'autre.*" [88] Hier word dit toegepas op hele gemeentes, maar later is dit uitgebrei sodat dit in die Dordtse kerkorde (art. 85) lui: "*Geen Kerk sal oor ander kerke, geen dienaar oor ander dienaars, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens enige heerskappy voer nie.*" [89] Uiteindelik moet geld, in beginsel sowel as in gesindheid, wat Jesus in Mat. 23:10-11 sê: "*Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een is julle leier: die Christus. Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.*" Jesus is die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



enigste Hoof van sy kerk (1 Kor. 12:27; Ef. 1:22; 4:15; 5:23; Kol. 1:18), en alle gesag in sy kerk staan in verhouding tot die opdrag van Christus self (Mat. 28:19; Joh. 20:21; Hand. 1:8; 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11). Ons het al gesien dat daar nie 'n hiërargie onder die apostels was nie, [90] en by die ampsdraers in die vroeë kerk word nederigheid en onderlinge diens ingeskerp (Mark. 9:35; 1 Kor. 4:5; 1 Tim. 3:6; Tit. 1:7; en veral 1 Petr. 5:1-3). Waar hierdie beginsels en gesindheid heers, sal Christus se unieke heerskappy tot sy reg kom, en die gemeente sal gestig word (Fil. 2:2-4).

### 6.1.3 TAAK VAN DIE REGEERDERS

Baie van die gegewens in hierdie verband het in die vorige gedeelte reeds aandag gekry, en ons gaan nie weer in besonderhede daarop in nie. Wat hier van belang is, is om daarop te let dat die NGB in die funksionering van die kerkraad onderskei tussen 'n opdrag, 'n taak en 'n doel.

#### 6.1.3.1 Die opdrag

Feenstra, wanneer hy hierdie gedeelte van die NGB behandel, vat die saak mooi saam in sy opskrif: "*Christus regeer deur die ampsdraers sy kerk.*" [91] Dit gaan hier om die werk van Christus, die werk wat Hy in opdrag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van sy Vader begin en nou aan sy kerk oorgdra het (Joh. 17:18; 20:21). Sy volgelinge moet nie bloot passief wag op die oprigting van die koninkryk van Israel nie, maar aktief besig wees, bekragtig deur die Gees, om sy koninkryk te laat kom in die hele wêreld (Hand. 1:6-8). In die Naam van Jesus Christus, verseker van sy ondersteunende teenwoordigheid, moet hulle sy kerk regeer (Mat. 18:18-20; 1 Kor. 5:3-5) en mekaar met hulle gawes dien en opbou in die geloof (1 Kor. 12:7; Ef. 4:16). Hy het die kerk aan God gewy en dit met die water en die woord gereinig (Ef. 4:26), maar die dag van sy koms moet met 'n toegewyde en heilige lewe "*verwag en verhaas*" word (2 Petr. 3:12, 1933-vertaling). Gefundeer in sy opstanding (Kol. 1:18) werk die kerk mee aan die onderwerping van alles aan Hom wat op die laaste dag alles aan sy Vader sal oorhandig (1 Kor. 15:27-28). Wanneer daar dan gepraat word van die opdrag van die kerk, en spesifiek van sy regeerders, is dit in die raamwerk van die arbeiders wat in die oes ingestuur is (Mat. 9:38) om as medewerkers van God in sy saailand te werk (1 Kor. 3:9). Christus is die groot Ampsdraer in sy kerk, en alle ampswerk word in sy opdrag, en namens Hom, en tot sy eer gedoen.

6.1.3.2 Die taak

Die NGB onderskei in artikel 30 vier fasette in die taak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die kerkraad:

Daar moet sorg gedra word

1. dat die ware godsdiens onderhou word;
2. dat die ware leer oral versprei word;
3. dat die oortreders op geestelike wyse vermaan word; en
4. dat die armes en beproefdes volgens hulle nood gehelp en vertroos word.

Op die oog af lyk dit asof hierin 'n verband is met die vier ampte soos deur Calvyn onderskei, maar ons het reeds gesien dat die NGB nie vir Calvyn ten volle navolg in sy ampsverdeling nie. In die Confessio Gallicana ontbreek die eerste faset (dat die ware godsdiens onderhou moet word). Daar word slegs genoem dat die suiwerheid van die leer bewaar moet word, die oortreders gekorrigeer moet word, en die behoeftiges versorg moet word. Dan volg, samevattend: "*... en sodat die vergaderings hulle kan hou aan die naam van God, sodat groot en klein opgebou kan word.*" [92] Die Nederlandse weergawe van die NGB toon duidelik dat die gedagte hier ooreenkom met die CG, maar dat in die ampswerk van die bedienaars van die Woord 'n tweërlei onderskeid gemaak word. [93] Hier word dus in werklikheid slegs tussen drie funksies onderskei, naamlik 'n lerende, regerende en dienende funksie, 'n onderskeid wat verband hou met 'n onderskeid tussen drie ampte van Christus. Hiervolgens word onderskei

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tussen 'n profetiese, 'n koninklike en priesterlike amp, 'n onderskeid wat reeds van vroeg af in die kerklike teologie gemaak is, [94] en waaraan Calvyn heelwat prominensie verleen het. [95] Wat Bavinck skryf oor regeerampte gee wesenlik weer wat in die NGB bely word: "*Oor die kerk is Christus alleen Koning ... Vanuit die hemel regeer Hy sy gemeente op aarde deur sy Woord en sy Gees, deur sy profetiese en koninklike werksaamheid ... Deur die leraarsamp onderwys Hy, deur die ouderlingamp lei Hy, deur die diakenamp versorg Hy sy kudde; en deur al drie bewys Hy Homself as ons hoogste profeet, ons ewige Koning en ons barmhartige Hoëpriester.*" [96]

Die taak wat aan die dienaars/herders opgedra word, is eerstens om te sorg dat die ware godsdiens onderhou word, en tweedens dat die ware leer oral versprei word. Eersgenoemde dui op die algemene leiding in die gemeente, en veral in die eredienste, [97] en die tweede gaan meer spesifiek om die prediking en lering. Wat in hierdie taakomskrywing opval, is die klem wat gelê word op die "*ware godsdiens*" en die "*ware leer*". Hierdie dubbele beklemtoning hou waarskynlik verband met die bepalings in sake die suiwer bediening van Woord en sakramente in artikel 29. Die verantwoordelikheid om toe te sien dat die kerk in hierdie opsig steeds aan sy kenmerke bly beantwoord, word dus spesifiek aan die herders opgedra. Die opdrag is egter nie net na binne nie, maar ook na buite: dit is die herders se taak om toe te sien dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leer oral verkondig word.

Die derde van die *notae ecclesiae*, die kerklike tug, is primêr die verantwoordelikheid van die ouderlinge. Hulle taak is, soos vroeër al aangetoon is, om "*'n bestuurder in die huishouding van God*" te wees (Tit. 1:7). Hier in artikel 30 word slegs na een faset daarvan verwys, naamlik die handhawing van dissipline. Die kerklike tug kry later meer aandag (artikel 32). In hierdie stadium is dit genoeg om net te let op die klem wat daarop gelê word dat die vermaning en dissipline "*op geestelike wyse*" moet wees. Die ware aard van die kerkregering mag nooit vergeet word nie.

Die werk van die diakens is deur die Gereformeerde vaders - op voetspoor van die taakomskrywing in Hand. 6 - in verband gebring met die versorging van die armes. Dat hulle dit in 'n breër sin as blote fisiese versorging verstaan het, word gesien in die invoeging van die woorde "*beproefdes*" en "*troos*" in artikel 30. [98] In die *Discipline Ecclesiastique* (1559) word as verdere taak bygevoeg "*et d'aller par les maisons catechiser*". [99] Op die sinode van Orleans (1562) is hierdie frase verwyder: die onderrigtaak is nie deur die Gereformeerdes as 'n taak van die diakens beskou nie. [100]

6.1.3.3 Die doel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Indien die regeerders hulle taak reg uitvoer, sal alles in die kerk "*behoorlik en ordelik*" geskied (artikel 30). Alles moet dien "*om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou*" (artikel 32). Die doel van die kerklike regering is nie bloot orde met die oog op orde nie, maar om in die kerk 'n atmosfeer te skep waarin opbouend gewerk kan word tot die eer van die Here.

Die NGB stel 'n belangrike voorwaarde: die leiding moet gegee word deur betroubare persone, en hulle moet volgens die voorskrif van Paulus aan Timoteüs gekies word. Op hierdie belangrike saak, naamlik die verkiesing van die ampsdraers, gaan ons nou verder in.

### 6.1.4 DIE VERKIESING VAN AMPSDRAERS

Ook in die belydenis aangaande die verkiesing van die ampsdraers word polemies stelling ingeneem. Aan die een kant word die stelsel van die Roomse Kerk - waarby die gemeente heeltemaal verbygegaan word by die aanwysing van ampsdraers (en veral van die biskoppe), en wat in die praktyk tot aansienlike wanpraktyke gelei het, afgewys. [101] Aan die ander kant staan die Doperse rigtings waarin enigeen homself as leraar kon aanbied en 'n groter of kleiner groep om hom kon vergader. [102] Dit val egter nogmaals op dat die klem nie op die polemiek val

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie, maar dat die insigte oor die verkiesing van ampsdraers in die indikatief geformuleer word en pertinent ingelei word met 'n *"ons glo"*.

### 6.1.4.1 Betroubare persone

Die eerste voorwaarde wat gestel word, word direk aan die Skrif ontleen. Met verwysing na Paulus se voorskrifte aan Timoteüs (1 Tim. 3) word bepaal dat slegs betroubare persone verkies mag word (artikel 30). Wanneer Paulus se voorskrifte (in 1 Tim. 3:1-12, saamgelees met Tit. 1:6-9) nagegaan word, [103] blyk dit dat 'n baie hoë peil van geestelike en sedelike lewe vereis word. Calvyn vat dit so saam: *"Die hoofsaak kom hierop neer dat slegs sodaniges gekies moet word wat van gesonde leer en 'n heilige lewenswandel is, en wat nie bekend is vir enige gebrek wat hulle gesag sou ontneem en smaad vir die diens sou meebring nie. 'n Mens moet altyd toesien dat hulle nie ongeskik of onbekwaam is om die las wat aan hulle opgelê word, te dra nie; dit wil sê, dat hulle toegerus moet wees met die vermoëns wat noodsaaklik is vir die vervulling van hulle taak."* [104]

### 6.1.4.2 'n Wettige verkiesing

Die NGB sit nie in besonderhede uiteen hoe 'n ampsdraer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gekies moet word nie: dit is immers 'n belydenisskrif en nie 'n kerkorde nie. Nogtans word die volgende beginsels duidelik uitgespel:

1. "Soos die Woord van God leer"

Die primêre beginsel is dat alle regeringshandelinge nie alleen aan die Woord van God gemeet moet word nie, maar direk uit die Skrif moet voortspruit. [105] Dit geld ook vir die aanwysing van ampsdraers. Die kerk is immers die kerk van Christus, en Hy moet aanwys wie in watter hoedanigheid moet dien. Die beginsel wat die Hervormers afgelei het is dat nie tradisie of praktiese reëlings, of subjektiewe interpretasies van die wil van God moet voorskryf hoe die ampsdraers aangewys moet word nie. Met die bepaling dat alles moet gebeur "*soos die Woord van God leer*" word sowel die Roomse tradisionalisme as die Doperse subjektiwisme afgewys.

2. 'n Inwendige èn uitwendige roeping

'n Tweede belangrike beginsel is dat dit nie genoeg is dat iemand graag in 'n amp wil dien, of selfs glo dat God hom tot die amp geroep het nie. Hy moet ook amptelik deur die kerk geroep word. In hierdie verband onderskei Calvyn tussen die verborge roeping, en die uiterlike en offisiële roeping. Eersgenoemde is "*die goeie getuienis van die hart dat ons die aangebode amp aanneem, nie*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*uit eersug of hebsug of uit enige ander begeerte nie, maar uit 'n opregte eerbied vir God en uit die lus om die kerk op te bou."* Hierdie getuienis is "*vir elkeen van ons noodsaaklik wanneer ons ons diens vir God aangenaam wil maak."* [106] Die kerk kan nie werklik daaroor oordeel nie, maar kan 'n oordeel fel of die persoon vir die betrokke amp geskik en bekwaam is, en hom dan amptelik daarvoor roep. [107]

Daar word veral skerp afwysend geoordeel oor enigeen wat hom met onbehoorlike middele wil indring. [108] As iemand in 'n amp wil dien, moet hy wettig daartoe geroep word. [109] Slegs indien die inwendige roeping deur die uitwendige vergesel word, kan hy seker weet dat die roeping waarlik van God is (artikel 31).

3. <u>'n Verkiesing deur die kerk</u>

Hier word nie uiteengesit of die verkiesing moet geskied deur 'n kerkraad alleen, 'n kerkraad plus gemeente, of deur 'n hele gemeente nie. Die klem val op twee sake: die verkiesing moet wettig wees, en die verkiesing is deur die kerk - sy dit dan deur die hele gemeente, of sy gevolmagtigde verteenwoordigers. [110]

4. <u>"Onder aanroeping van die Naam van God"</u>

Bybelse voorbeelde hiervoor is die verkiesing van Mattias

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(Hand. 1:24) en die sewe (Hand. 6:6), en die afsondering van Barnabas en Saulus (Hand. 13:2) waar die verband tussen gebed en die aanwysing in die amp telkens beklemtoon word. Die kern van die saak is dat daar biddend erken word dat dit Christus is wat sy kerk regeer en sy ampsdraers in die kerk aanstel. Die taak van die verkiesende liggaam is dus in wese 'n poging om te interpreteer wat Christus se wil is ten opsigte van wie Hy in die amp wil hê.

5. "In goeie orde"

Indien bogenoemde beginsels met erns benader en versigtig uitgevoer sou word, sal verhoed word dat onbekwame of onbevoegde persone die leiding in die kerk oorneem. Die doel van kerklike regering is om die kerk as kerk van Christus te laat funksioneer, en daar die regeerders hierin 'n bepalende rol speel, is dit noodsaaklik dat daar in die verkiesing van die ampsdraers nie onordelikheid, onoordeelkundigheid of ongehoorsaamheid aan die Woord van God mag wees nie. [111]

### 6.1.5 AGTING VIR DIE AMPSDRAERS

Die laaste bepaling in sake die ampsdraers is dat hulle besondere agting verdien ter wille van die werk wat hulle doen. Polman wys daarop dat hierdie bepaling ontbreek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die Confessio Gallicana, en dat De Bres dit waarskynlik ingevoeg het in reaksie teenoor die Doperse pogings om die Gereformeerde predikante te diskrediteer. [112]

Mulder wys daarop dat dit "*goed Reformatories*" is om "*alles wat van die kansel kom, te toets aan die Woord.*" [113] Dit is waar, en in die Skrif (en in die NGB) word beslis nie aan die ampdraers enige outokrasie of outoritisme toegeken nie. Nogtans stel die Skrif dit duidelik dat daar aan die ampsdraers besondere agting verleen moet word. "*Die ampsdraers word deur God self geëer as sy gesante (2 Kor. 5:20), as die uitdelers van sy genade (1 Kor. 4:1), as engele van God (Openb. 2:3), en Christus verklaar van hulle: 'Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het (Luk. 10:16).' Daarom word die gemeente opgeroep om hulle as sodanig te eer.*" [114] In 1 Tes. 5:12-13 word die gemeente opgeroep om "*die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys*" te erken, en in liefde die hoogste agting aan hulle te betoon ter wille van hulle werk. Die gemeente moet gehoorsaam en onderdanig wees aan hulle voorgangers (Hebr. 13:17) en hulle voorbeeld navolg (Hebr. 13:7). Iemand soos Epafroditus, wat baie vir Christus opoffer, moet met besondere agting bejeën word (Fil. 2:29). Veral wanneer iemand hard gewerk, goed gedien en goeie leiding gegee het, behoort hy 'n eervolle plek in die gemeente te kry met "*dubbele*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*erkenning*" (1 Tim. 3:13; 5:17).

Die agting vir die ampsdraers draai nie om hulle persoon of uitnemende prestasies nie, maar om hulle amp (1 Tes. 5:13). Dit het tot gevolg dat die eerbied van beide kante moet kom: die gemeente moet die ampsdraers eer ter wille van hulle werk, maar die ampsdraers self moet besef dat hulle in die amp is ter wille van Christus en sy gemeente, en dit behoort hulle te dwing tot nederigheid en voortdurende afhanklikheid aan die Here (1 Kor. 1:31; 4:1,9; 2 Kor. 3:5-6; 4:5,7; Ef. 4:15-16; Kol. 4:17; Jak. 3:1; 1 Petr. 5:1-4).

## 6.2 <u>DIE ORDE EN DIE TUG IN DIE KERK</u>

Nadat die NGB uitvoerig bepaal het deur wie en volgens watter algemene beginsels die kerk regeer moet word (artikels 30 en 31), word in artikel 32 die nodigheid - en kwalifiserings - van die orde en tug van die kerk aan die orde gestel. Ook in hierdie artikel kan 'n afgrensing teenoor beide Rome en Dopers duidelik herken word: teenoor die Dopers, wat niks van 'n kerkorde wou weet nie word die goeie bestaansreg van 'n kerkorde gehandhaaf; en teenoor Rome, waar baie van die sogenaamde kerklike ordereëls niks anders was nie as "*menslike uitdinksels*" waardeur "*gewetens gebind en gedwing*" moes word, word bepaal dat kerklike regeerders "*tog noukeurig moet oppas*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie."* [115] In die belydenis oor die orde van die kerk vind ons ook 'n duidelike bepaling van absolute gehoorsaamheid aan God as die een wat die laaste woord te spreek het oor die kerk: 'n tema wat ons al so dikwels in die NGB teengekom het.

### 6.2.1 DIE DOEL VAN 'n KERKORDE

Dit is geen verrassing dat daar in die NGB positief geoordeel word oor 'n kerkorde nie. In die gang van die voorafgaande betoog is immers reeds duidelik gestel dat kerklike tug deeglik toegepas moet word (artikel 29), en dat "*die oortreders .. vermaan en in toom gehou moet word*" (artikel 30). Dit is egter opvallend dat daar toelatend, en nie bepalend nie, van 'n bepaalde orde gepraat word. In die sin "*ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie*", is die hoofsin immers "*ons glo ... dat die regeerders moet oppas (om nie af te wyk nie)*". Dit gaan dus in die bepaling van die bestaan van 'n kerkorde in die eerste plek om 'n duidelike erkenning dat Christus, die enigste Meester van die kerk, in *alle* opsigte van kerklike regering die laas-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te Woord kan en moet spreek. [116] Aan die een kant moet kerklike ordereëls nie beskou word as iets uit die bose nie, maar as 'n nuttige hulpmiddel waarmee die regeerders van die kerk kan werk in die praktiese instandhouding van die liggaam van die kerk. Aan die ander kant moet egter te alle tye noukeurig gewaak word dat kerklike bepalings slegs een motief en gevolg moet hê, naamlik dit wat God in Christus van sy kerk verwag. Calvyn vat, met verwysing na 2 Kor. 10:8; 13:10, die beginsel goed saam deur te sê dat alle mag in die kerk gegee is "*tot opbouing en nie tot afbreking nie, en dat hulle wat die mag wettig gebruik, nie meen dat hulle meer is as dienaars van Christus en dienaars van die volk van Christus nie.*" [117] Niks kan immers in die kerk "*ongeskonde bly, tensy aan Hom verleen word wat Hy van sy Vader ontvang het nie, naamlik dat Hy die enigste Meester van die kerk is.*" [118]

Met hierdie kwalifisering word duidelik gestel dat die uitspraak in verband met die valse kerk (artikel 29) ernstig bedoel is. Die valse kerk "*skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; ... dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.*" In die valse kerk is die doel van kerklike bepalings die handhawing van eie belange; in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ware kerk is die doel die handhawing van God se belange.

Daar word in die NGB geen aanduiding gegee van die spesifieke sake waaroor 'n kerkorde behoort te handel nie. Nogtans word in die uitspel van die beginsels duidelike grense getrek oor die *soort* saak wat ingesluit kan en moet word. Dit gaan om "*'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk*"; beslis nie om "*menslike uitdinksels*" en "*wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing*" nie, maar slegs dit "*wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou.*" Dit gaan dus nie om enige sake wat die regeerders volgens eie willekeur in 'n kerkorde wil opneem nie, maar om sake wat 1. "*tot instandhouding van die liggaam van die kerk*" kan bydra; 2. "*kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder*"; en 3. kan meewerk dat "*alles in gehoorsaamheid aan God*" onderhou kan word.

'n Kerkorde se sukses word bepaal deur die mate waarin hy daarin slaag om die kerk te bring tot die bereiking van hierdie doelstellings. Nauta stel dit goed: "*Nie die omvang, nie die sistematiese volledigheid, nie die uiterlike vormgewing is beslissend vir die bepaling van sy waarde nie. Dit hang bo alles hiervan af, of dit die vermoë besit om aan die heerskappy van Christus oor en in sy kerk volle reg te laat geskied, en of dit werklik*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*beantwoord aan die eis om in hierdie sin die goeie orde in die midde van die kerk te bepaal en te handhaaf.*" [119] 'n Kerkorde is nie doel op sigself nie; dit gaan nie bloot om orde ter wille van orde nie. Dit gaan om die onderlinge eensgesindheid wat bereik word ter wille van die groei en die toenemende verheerliking van Christus. By die aanvaarding en toepassing van 'n kerkorde moet hierdie beginsel voorop staan.

In hierdie verband verdien 'n opmerking van Maurer besondere vermelding. Hy wys op die verband tussen kerkorde en belydenis, en verklaar dan: "*Die reg van die kerk is die neerslag van sy belydenis.*" [120] Hy gebruik as besondere voorbeeld die situasie wat die Duitse evangeliese Christendom in die jare van die kerkstryd tussen 1933 en 1945 in hierdie verband ervaar het. Die ontwikkeling van die nasionaalsosialistiese wêreldbeskouing, waarin die gepaardgaande kerkregtelike gehoorsaamheid aan 'n Duits-christelike Führer die kerklike verkondiging begrens het, het die belydenis prakties kragteloos gemaak. [121] 'n Ander voorbeeld, in veel meer positiewe sin, is die aanvaarding van die kerkorde in die Nederlandse Gereformeerde Kerk aan die einde van die sestiende eeu. Rutgers wys daarop dat die afgevaardigdes wat die eerste kerkorde moes goedkeur (by die sinode van Emden, 1571) nie al by voorbaat daaroor eensgesindheid gehad het nie - nie oor die verskillende artikels, of selfs oor die beginsel nie. [122] Nogtans kon eensgesindheid bereik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word: "*Immers, by die kerke waarvan hier sprake is, het die Nederlandse Geloofsbelydenis gegeld, wat hulle aangeneem het: hierdie eenheid in belydenis het voorafgegaan. ... Deur al die kerke is dan ook reeds aangeneem, wat in die Belydenis in die stuk oor die kerkregering uit Gods Woord afgelei is. En met name was hulle dit dus eens oor hierdie beginsels: geen regering, behalwe een wat aan Gods Woord gebind en daarvan afhanklik is nie; die bepaling dat alle kerklike mag by die kerk self, onder Christus as enigste Hoof, en uitgeoefen deur die plaaslike kerkraad, berus; dat alle dienaars, en dus ook die kerke waaraan hulle verbonde is, in mag en gesag met mekaar gelykstaan; en dat alle gelowiges almal saam lede is van* <u>*een*</u>*, algemene kerk, en dus ook geroepe is om die eenheid van die kerk deur die daad van vereniging soveel moontlik te laat plaasvind. Toegepas op die bevoegdheid tot die vasstelling van 'n kerkorde kan dit ook so uitgedruk word: dat vir elke kerk die bevoegdheid aan die kerkraad toekom, mits binne die grense wat aan Hom deur Gods Woord gestel is, en dus ook met die verpligting om soveel as moontlik in vereniging met die ander kerke daarvan gebruik te maak.*" [123]

## 6.2.2 <u>DIE GRENSE VAN 'n KERKORDE</u>

Ons het hier bo al gesien dat die NGB eerder toelatend as bepalend oor 'n kerkorde oordeel, en hoedat tot groot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versigtigheid gemaan word dat nie afgewyk moet word "*van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.*" Gewetens mag nie gebind word deur menslike instellings nie!

Hieruit duik egter 'n belangrike vraag op: is hierdie uitspraak van die NGB nie 'n *contradictio in terminis* nie? Is 'n kerkorde nie uiteraard 'n stel menslike reëls - sy dit dan menslike reëls met 'n Bybelse oorsprong - waardeur die gewetens gebind word nie? Die Dopers het dit as sodanig geïnterpreteer, en het alle kerklike ampte en elke vorm van kerklike organisasie as onchristelik verwerp. [124] Die Duitse juris, Rudolph Sohm, het dit ook so verstaan. "*Die kerk is volgens sy ideaal en wese die Christendom, die volk en die ryk van God, die liggaam van Christus op aarde,*" verklaar hy, "*en dit is ondenkbaar dat die ryk van God menslike (regtelike) strukture, dat die liggaam van Christus menslike (regtelike) heerskappy in hom dra.*" [125] Sy stelling: "*Das Kirchenrecht steht mit dem Wese der Kirche im Widerspruch*" [126] het al beroemd geword. [127] Die wese van die kerk is geestelik, en die wese van die reg is wêreldlik. Die geestelike wese van die kerk sluit dus alle kerklike regsverordeninge uit. [128] Sohm beroep hom in sy stellings op Luther, maar daarmee, verklaar Maurer tereg, het hy slegs die vraag na Luther se regsbegrip gestel, maar dit nie beantwoord nie. [129] Bouwman toon aan dat Sohm se voorstelling nòg op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skrif berus, nòg uit die wese van die kerk afgelei kan word, maar dat dit 'n loutere filosofiese konstruksie is. [130] Hy toon verder aan dat Sohm uitgaan van 'n verkeerde kerkbegrip, waarin Sohm die organisasie van die eerste Christelike gemeente tipeer as suiwer charismaties, en dit terwyl "*in die buitengewone tyd van die eerste Christelike kerk die gawe van die Gees wel gebloei het, maar die Here het van die begin af leiding gegee deur die amp van die apostels, en weldra sien ons die oorgang van die buitengewone na die gewone en van die charismatiese na die amptelike.*" [131] In sy uitgangspunt dat reg uit die wêreld is en gevolglik in teenspraak staan met die wese van die kerk, laat Sohm ook nie reg geskied aan die Bybelse voorstelling van God as die oorsprong van die reg - in die samelewing èn in die kerk - nie. Weliswaar is regsorde 'n noodsaaklikheid as gevolg van die sondeval, en sal nie meer nodig wees na die wederkoms nie, maar tot dan is dit nodig om leiding, vastheid, samewerking en orde te verseker sodat die kerk in staat gestel kan word om beter aan sy roeping te beantwoord. [132] Sohm werk inderdaad met 'n mistisisme wat nou aansluit by die Anabaptisme se voorstelling dat daar tussen kerk en wêreld 'n absolute teenstelling is, en dat sake wat aan beide eie is, gevolglik ook teenoor mekaar staan. In hierdie voorstelling word vergeet dat God beheer het oor elke faset van die menslike bestaan, en dat daar 'n oorvleueling tussen terreine kan wees. Die werk van Christus en die Heilige Gees het immers juis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die vereniging van alle terreine onder sy heerskappy tot gevolg. [133]

Sohm se standpunt moet tereg afgewys word, maar sy vrees dat die kerkreg besit kan neem van die kerk, moet ernstig opgeneem word. 'n Ker*korde* mag nooit 'n kerk*wet* word nie. [134] Alle kerklike bepalings moet steeds - met inagneming van verantwoordbare hermeneutiese beginsels - vanuit die Skrif afgelei word. Dit beteken nie dat elke bepaling op 'n bepaalde Skrifwoord moet steun nie, maar dat die basiese Skrifbeginsel, naamlik volkome gehoorsaamheid aan God se wil, in elke bepaling moet funksioneer. [135] Die versoeking sal sekerlik steeds daar wees om menslike belange voorop te stel, en om lastige situasies met reglementering uit die weg te ruim, maar daar moet ten alle koste daarteen gewaak word. Onderlinge eensgesindheid word wel gestel as 'n belangrike doel en gevolg van 'n kerkorde, en word inderdaad gestel as die bepalende norm vir sake wat in 'n kerkorde opgeneem kan word, [136] maar dit mag nooit 'n eensgesindheid wees wat bereik word ten koste van die waarheid van die Skrif, of van die eenheid in die Gees nie. Eensgesindheid, orde en vrede in die kerk moet steeds gesien word as die *gevolg* van volkome gehoorsaamheid aan Christus as die enigste Meester van die kerk, en nooit as 'n *doel op sigself* nie. Indien hierdie kwalifisering uitgeleef word, sal die kerk daarin kan slaag om ook in sy ordereëlings die eer van God te handhaaf. Indien nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word hy 'n valse kerk wat aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God. [137]

### 6.2.3 DIE TUG VAN DIE KERK

Dit dien geen doel om voorskrifte te bepaal as dit nie toegepas kan word nie. In enige gemeenskap waarin orde gehandhaaf moet word, is dit nie genoeg om net te sê wat gedoen behoort te word nie, maar daar moet ook 'n vorm van straf wees vir oortreding van die ordereëls. Paulus praat in hierdie verband van die owerheid se "swaard" (Rom. 13:4), 'n metafoor wat in die Nuwe Afrikaanse Bybel goed vertaal word met "die reg om te straf", en wat dui op die owerheid se reg en vermoë om fisiese strafmetodes aan te wend "*om 'n vrees in te boesem vir oortreding, en om straf toe te dien waar oortree is.*" [138]

Die kerk se "swaard", die metode van straf op oortreding waarvan in die NGB gepraat word, is *die ban* (of dan, die ekskommunikasie [139] ) *en alles wat daarmee saamhang.* Op verrassend kernagtige wyse word die hele saak van die kerklike tug afgehandel, veral as in ag geneem word dat Calvyn hieroor sy lewe lank met die owerheid, die Libertyne, en met die Dopers gestry het. [140] Blykbaar het De Bres van die standpunt uitgegaan dat die nadere uitwerking en reëling daarvan nie in die Belydenis nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar in 'n kerkorde tuishoort. [141] Hoe sober die NGB hom ook uitdruk, staan daar nogtans soveel, dat die Gereformeerde standpunt oor die saak baie duidelik aangedui word. *"In hierdie kort sinnetjie word immers die doel (waartoe), die noodsaaklikheid (geëis word), die onderworpenheid daarvan aan die Woord van God, wat nie daaroor swyg nie (ooreenkomstig die Woord van God) en die toepassing en konsekwensie (en alles wat daarmee saamhang) aangedui."* [142]

6.2.3.1 <u>Die noodsaaklikheid van die kerklike tug</u>

Daar word in die NGB geen verdediging gegee vir die noodsaaklikheid van die kerklike tug nie, maar daar word slegs aanvaar dat dit vereis word. [143] Hoe belangrik dit geag word, het ons al reeds gesien by die behandeling van die *notae ecclesiae*: volgens die NGB kan die kerk slegs ware kerk wees as die kerklike tug wel deeglik gebruik word om die sondes te straf. [144] As wesenskenmerk van die kerk staan dit wel nie op dieselfde vlak as die evangeliebediening nie, maar dit is wel noodsaaklik as *"die breidel, waardeur diegene in toom gehou en getem word wat teen die leer van Christus gaan."* [145] Vermanings, bestraffings en dergelike optrede is hulpmiddels wat die leer ondersteun en sorg dat dit nie kragteloos word nie, wat sorg dat dit nie maar vir elkeen vry staan om te doen waarvoor hy lus het nie, en om te dien teen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uiterste verstrooiing in die kerk. [146] "*Oral in hierdie sondige wêreld, waar die seëninge van God se algemene genade nog deurwerk, geld vir enige lewenskring dieselfde wet: handhawing van orde bring seën; verwaarlosing daarvan bring vloek en ontbinding.*" [147] Op die terrein van die besondere genade word hierdie vaste wet nie opgehef nie, en in die kerk is die toepassing van tug inderdaad ook 'n *a priori*. [148]

6.2.3.2 Die doel van die kerklike tug

In die NGB word die doel van die kerklike tug verbind aan die sake "*wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou*" (artikel 32). Hierin stem dit ooreen met die doel van 'n kerkorde, en wat hierbo gesê is, word nie weer herhaal nie. [149] Dit is genoeg om net te sê dat die kerk 'n gemeenskap is en moet wees waarin God se wil en eer volkome gehandhaaf moet word, en waar dit so is, daar ook vrede en eensgesindheid onder die lidmate sal wees. Dit is die doel van die kerklike tug om hierdie doel prakties te verwesenlik.

Dit is opvallend dat die NGB in hierdie verband nie aandag gee aan die posisie van die individu nie. Dit is anders by Calvyn wat drie doelstellings bepaal waarop die kerk by bestraffings en afsnyding moet afstuur: 1. "*Dat*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*daar nie tot smaad van God onder die Christene diegene genoem sal word wat 'n skandelike en smadelike lewe lei, asof sy heilige kerk 'n verrotting is van bose en misdadige mense nie."* *"Sodat daar nie in die kerk so iets kan wees waardeur op sy heilige Naam die brandmerk van skande gedruk sou word nie, moet diegene uit wie se skandelikheid daar smaad vir die Christelike naam sou voortkom, verdryf word."* 2. *"Dat die goeie deur die voortdurende omgang met die slegte nie bederf word nie"* (met verwysing na 1 Kor. 5:6,11); en 3. *"Dat hulle self uit skaamte sal begin berou kry oor hulle skandelikheid."* [150] Hieruit word die bekende drieledige doel van die kerklike tug (wat wyd gebruik word in Gereformeerde kringe), naamlik die handhawing van die eer van God, die heil van die gemeente, en die behoud van die sondaar, afgelei. [151] Die NGB verskil hierin ook van die kerkordes van die Gereformeerde Kerk in Nederland in die laat sestiende en vroeg sewentiende eeue waarin die bepaling van die eer van God as doel van die kerklike tug opvallend ontbreek. By Emden (1571) is die saak nog redelik neutraal gestel, [152] maar by Dordt (1618/19) is pertinent bepaal: *"Soos die Christelike straf geestelik is en niemand van die burgerlike gerig of straf van die owerheid bevry nie, word benewens die burgerlike straf ook kerklike sensure as noodsaaklikheid vereis, om die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen, en die ergernis uit die gemeente van Christus weg te neem."* [153] Gemeet teen die groot leemte van die kerkordes,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is die NGB se uitlating van die posisie van die indiwidu relatief minder belangrik, maar dit is nogtans 'n leemte. Dit is wel korrek en goed om 'n hoë premie te plaas op gehoorsaamheid aan God as hoogste doel van die kerklike tug, en om die vrede en eensgesindheid in die gemeente daarmee saam te noem, maar as die indiwidu uit die oog verloor word, kan dit lei tot 'n teoretiese standpunt-stelling. Die vraag kan inderdaad gevra word of De Bres se formulering net 'n toevallige oorsig is, en of dit nie dalk die gevolg is van 'n statiese kerkbegrip waarin so hard gepoog word om die grense en regte van die kerk te omskryf dat die kerk in sy dinamiese betrokkenheid by die geestelike toestand van elke lidmaat, gehoorsaam en onge-hoorsaam, uit die oog verloor is nie. Hierdie indruk word inderdaad gewek, en versterk deur die formulering van artikel 29 waarin die kenmerke van die indiwiduele Christene wel uitstekend weergegee word, maar selfs dit staan in die teken van die kenmerke van die ware kerk. Kerk, staties omskryf, kry baie aandag; lidmate, wat bearbei moet word en wie se verhouding met God moet groei, is buite fokus.

### 6.2.3.3 Die grond en grens van die kerklike tug

Dit word duidelik gestel dat die ban en alles wat daarmee saamhang toegepas moet word "*ooreenkomstig die Woord van God.*" Hierin word tegelyk die fundering van die kerk-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



like tug, asook sy begrensing, gestel. Die kerklike tug is inderdaad nie 'n menslike reëling nie, maar 'n direkte opdrag van die Skrif. Reeds in die Ou Testament word God as die primêre wetgewer voorgestel wie se wette in die gemeenskap en in die kultus gehoorsaam en toegepas moet word (Deut. 4:1,5; 5:31-33; 6:1; Eks. 20-23; 25-28; e.a.p). In die besonder word daar dikwels bepaal dat 'n oortreder "*van sy volk/volksgenote afgesny moet word*" (Eks. 30:33,38; Lev. 7:21,27; 18:29; e.a.p.), en dat die volk heilig moet wees omdat God heilig is (Lev. 11:44; 19:2; 20:7; e.a.p.). In die Nuwe Testament word hierdie gedagte voortgesit: God se wil tot 'n ordelike gemeenskap moet gehandhaaf word deur die burgerlike owerheid (Rom. 13:1-7), maar in die besonder moet daar orde heers in die kultus - en dan nie bloot omdat orde meer aanvaarbaar is as wanorde nie, maar omdat God nie 'n God van wanorde is nie, maar van orde en vrede (1 Kor. 14:33). As heilige God vereis Hy heiligheid by sy kinders (1 Pet. 1:14-16) en tree hy op teen dië wat kwaad doen (1 Pet. 3:12). In die gemeenskap van die kerk mag die sonde nie verdra word nie, maar soos 'n slegte suurdeeg deeglik verwyder word (1 Kor. 5:7). Wanneer iemand in die sonde val, moet hy reggehelp word (Gal. 6:1), en wanneer 'n vermaning nie 'n positiewe gevolg het nie, moet dit met daadwerklike optrede opgevolg word (Mat. 18:15-20). Die opdrag tot die kerklike vermaning en tug word baie spesifiek deur die Here Jesus self gegee (Mat. 18:15-17), en Hy verseker sy kerk dat Hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



self die optrede in hierdie verband bevestig (Mat. 18:16-20; vgl. Joh. 20:23).

Om die kerklike tug toe te pas, is dus inderdaad "*ooreenkomstig die Woord van God.*" Dit stel egter ook dadelik aan die kerk die grens van sy tugtoepassing: in sy optrede moet hy hom laat lei deur die Woord van God, en nie deur eie goeddunke nie. Juis omdat die kerk weet dat hy die tug moet toepas deur die krag van die Heilige Gees (Joh. 20:22-23), en asof in die teenwoordigheid van Jesus self, moet hy daarteen waak dat sy doel en metodes nie verskil van die voorskrifte van die Woord van God nie. In die besonder moet die kerk besef dat hy in die kerk met 'n geestelike gemeenskap te doen het, en dat die toepassing van die tug ook geestelik van aard moet wees. Sy metodes mag nie afwyk van die riglyn van Mat 18:15-17 nie; en daarmee saam moet dit ook gedoen word met die regte gesindheid van nederigheid en liefde (Gal. 6:1-2).

6.2.3.4 <u>Die toepassing van die kerklike tug</u>

In die NGB word daar nie uitgebrei oor die metode van tugtoepassing nie, maar daar word slegs gesê dat dit ooreenkomstig die Woord van God moet geskied. Uit die meegaande teksverwysings wil dit lyk asof De Bres in hierdie verband veral gedink het aan die voorskrifte van Mat. 18:17; 1 Kor. 5:5 en 1 Tim. 1:20. [154] Daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word ook spesifiek verwys na die ban (ekskommunikasie) "*en alles wat daarmee saamhang.*"

Die term "ekskommunikasie" dui aan dat iemand uit die *communio*, die gemeente uitgesluit word, en dat dit sê dat iemand ook buite God se verbond staan. [155] Dit is die eindpunt van die kerklike tug (Mat. 18:17; 1 Kor. 5:4-5; 1 Tim. 1:20), maar is nie die enigste aspek daarvan nie. Mat. 18:1-17 stel die gang van die tug duidelik as 'n proses wat begin by 'n persoonlike vermaning, dan deur twee of drie, dan deur die gemeente, en eers dan die ekskommunikasie. As daar op enige stadium in die proses positiewe resultate bereik word, is die doel bereik, en eindig die tug. Dit is die proses waartoe die kerk opgeroep word, en wat nie oorskry moet word nie. Tug begin nie by 'n summiere en hartelose ekskommunikasie nie, maar by 'n poging om 'n broer terug te wen (Mat. 18:15). [156]

Twee sake verdien nog aandag: 1. wie is volgens die NGB die subjek en die objek van die tugtoepassing; en 2. wat moet as tugwaardige oortredings beskou word?

Die eerste vraag kan duidelik uit die NGB beantwoord word: die *subjek* van tugtoepassing is die kerk/gemeente, en binne die kerk die kerkraad. Die kerklike tug is nie die taak van die burgerlike owerheid nie, maar van die kerk. Dit gaan immers hier om eendrag en eenheid binne die kerk, en om die instandhouding van die liggaam van die kerk in ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoorsaanheid aan God, en dit val buite die opdrag van die owerheid. Ons het hierbo al gesien dat 'n belangrike aspek van die NGB se begrip van die regering in die kerk juis is dat die kerk deur die kerk regeer moet word en nie deur die staat nie, [157] en die konsekwensie daarvan is dan ook dat die handhawing van orde deur die kerk self moet geskied. Dit is ook nie 'n taak wat maar net in die algemeen aan die kerk opgedra is nie, maar is die verantwoordelikheid van die regeerders (artikel 32), en in die besonder van die kerkraad. [158] Dit is ook duidelik dat in die NGB met geen ander *objek* gewerk word as die lidmate van die kerk nie, en dat enige ander objek, soos byvoorbeeld tuguitsprake teenoor 'n burgerlike heerser, buite die skopus van die NGB val. Hierin is die NGB nie alleen getrou aan sy eie omskrywing van die orde as orde binne die liggaam van die kerk nie, maar ook aan die Skrif wat geen aanduiding gee van enige vorm van tug deur die kerk op buitekerklike persone of instansies nie.

Oor watter sake as tugwaardige oortredings beskou moet word, spreek die NGB hom nie uit nie. Sake van persoonlike ongehoorsaamheid in lewe en optrede word sekerlik ingesluit - veral as gedink word aan die hoë premie wat in artikel 29 op die persoonlike uitlewing van die Christenskap geplaas word. Die noodsaaklikheid van die instandhouding van orde en vrede binne die kerk (artikel 32) dui moontlik ook op leertug, maar word nie so uitgespel nie. Leertug is en elk geval nie vreemd aan die kerk nie (vgl.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gal. 2:14; 1 Tim. 1:3; Tit. 1:10-11), en kan goedskiks beskou word as deel van die kerk se tugopdrag.

## 6.3 SAMEVATTEND

In die artikels wat oor die kerklike regering handel, val die hoofklem op die feit dat Christus die Regeerder van sy kerk is, en dat Hy die laaste sê het oor wie die kerk moet regeer, en hoe dit gedoen moet word. Oor die amp-struktuur wat in die NGB aangebied word, naamlik van 'n kerkraad wat bestaan uit die ampte van dienaars/ herders, ouderlinge en diakens kan gedebatteer word, maar dit is hoofsaaklik omdat die Nuwe Testament hom nie eksplisiet oor 'n ampstruktuur uitspreek nie. In die verdere standpunte, soos die uitgangspunt dat die kerk deur die kerk self regeer moet word; dat die ampsdraers wettig geroep moet word, dat hulle bekwame persone moet wees, en ter wille van hulle amp agting moet ontvang; en die bepaling van die kerklike orde en tug as noodsaaklik (maar ook onderworpe aan die voorskrifte van die Woord van God), kan daar net positief geoordeel word. In die geheel kan gesê word dat die NGB se bepalings aangaande die regering en tug in die kerk op sterk Bybelse grond rus, en aan die kerk 'n goeie grondslag gee vir die praktiese toepassing van die regering in die naam van die Here Jesus.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 7

1. Rotterdam, A: Zions roem en sterkte, II, bl. 218.

2. Die term is van Van Rooyen, EE: a.w., bl. 234.

3. Polman, ONG IV, bls. 266-273, toon aan dat De Bres in sy siening oor die kerk en sy funksie van die owerheid aansluit by Calvyn en Beza, en dat in hulle siening vier grondbeginsels onderskei kan word: 1. Elke skepsel moet God se eer verhoog - ook die owerheid, wat deur God ingestel is. 2. Die owerheid is in sy regering aan God se Woord, en in die besonder aan God se wet, gebind. 3. Die onderskeid en die selfstandigheid van die kerk en die owerheid moet steeds gehandhaaf word. 4. Voortdurende samewerking is 'n eis van die Skrif.

4. Soos Booyens dit stel: "*Eintlik is artikel 36 'n beroep op die beskerming van die owerhede eerder as om hulle 'n les te lees*": a.w., bl. 187. Hy plaas dit tereg ook binne die historiese situasie: "*Omdat die Protestantse belyders van die waarheid van die Woord van God, en geen misdadigers is nie, het hulle aanspraak op die beskerming van die owerhede teen die vervolging van die Roomse kerk.*"

5. Vgl. bv. die CA, artikel 16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. In artikel 21. Vgl. hierbo, par. 3.2.9.

7. Rutgers, FL: De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche gereformeerde kerken, bl. 18.

8. Inst. IV/20/1. Calvyn beklemtoon dat sy siening 'n standpuntinname is teen twee uiterstes: aan die een kant diegene wat "*in hulle raserny probeer om hierdie instansie, wat deur God ingestel is, omver te werp*", en aan die ander kant die "*vlyers van vorste wat nie aarsel om hulle mag buite mate te verhef en dit te stel teenoor die heerskappy van God self.*" Hy vervolg: "*Indien 'n mens hierdie dubbele kwaad nie teengaan nie, sal die suiwerheid van die geloof te gronde gaan.*"

9. Anders as in artikel 36 waar die instelling van burgerlike owerhede gestel word as God se reëling "*vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag.*"

10. Calvyn beweer, met beroep op Ef. 4:4 e.v., "*dat die diens van die mense, van wie God gebruik maak by die bestuur van die kerk, die vernaamste senuwee is waardeur die gelowiges in èèn liggaam verbind word*": Inst. IV/3/2.

11. Bavinck trek 'n belangrike parallelle lyn: "*Net soos God op die burgerlike terrein die soewereiniteit op die owerheid oorgedra het, so het Hy in die kerk vir*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Christus as Koning aangestel*": GD IV, bl. 310.

12. <u>Du Plessis, IJ: Christus as Hoof van kerk en kosmos,</u> bl. 71, toon duidelik aan hoedat in Ef. 1 Christus se "tweërlei Hoofskap" tot uiting kom. Die gedagtegang begin nie by Christus as hoof van die kerk, wat dan daarna aangestel word as Hoof van die kosmos nie. Indien dit so was, sou die term "*van die kerk*" in 1:22b in die genitief moes wees. *T<u>e</u> ekklesi<u>a</u>* is egter in die datief van indirekte voorwerp, dit wil sê aan wie die gawe geskied. "*Die klem val daarop dat Christus wat <u>Hoof</u> van die kosmos <u>is</u>, <u>aan</u> die kerk gegee word ... Hy word gestel <u>bo-oor</u> die magte, dood, tye, ens. maar juis as Hoof oor hierdie dinge word Hy <u>aan</u> die kerk gegee.*" Hy wys daarop dat Ef. 1:22-23 struktureel die oorgang is na hfst. 2 - waar die posisie en verhouding van die kerk aan die orde is. "*Dit is veelseggend dat juis op die hoogtepunt van Gods optrede die kerk op die voorgrond tree: eers die lofverkondiging oor die magsdade van God, en daarna word die voorwerp van hierdie lof en majesteit voorgestel as Gawe aan die kerk.*"

13. Vgl. <u>Filson, FV: One Lord, one faith,</u> bl. 212. Oor Mat. 16:17 later meer (par. 6.1.2.2.1), maar in hierdie stadium is dit genoeg om te noem dat dit nie noodwendig daarop slaan dat Jesus die kerk gestig het met Petrus as leier nie. Die "gemeente" (ekklesia) waarvan hier sprake is, sluit wel al almal in wat in daardie stadium

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Christus geglo het, en uit daardie versameling sou die heilige, algemene Christelike kerk groei (vgl. Groenewald, EP: Handboek Bybelse geskiedenis - die Nuwe Testament, bl. 261; McNeile, AH: The Gospel according to St. Matthew, bl. 241.), maar dit was nog nie die kerk soos dit later sou bestaan nie: vgl. Roberts, JH: Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief, bl. 9.

14. Vgl. Dreier, Ralf: Das kirchliche Amt, bls. 93 en 98.

15. Inst. IV/3/1. As redes waarom die Here juis mense gebruik, noem hy 1. "*sy goedgunstigheid teenoor ons*". 2. Dit is "*'n baie goeie en nuttige oefening tot nederigheid*" om die Woord aan te hoor van mense en dit dan te gehoorsaam. Dit sou geen wonder wees om voor sy Woord te buig as Hy self in majesteit uit die hemel sou praat nie. 3. Die kragtigste band om die eenheid van die kerk te bewaar, was "*toe Hy die leer van die saligheid en van die ewige lewe by die mense in bewaring gegee het, om dit deur hulle hande aan die ander mee te deel*" (Ef. 4:4 e.v.).

16. Bouwman, H: Gereformeerd Kerkrecht (verder aangehaal as Bouwman), deel II, bl. 64.

17. Polman, WenB II, bl. 195. 'n Goeie uiteensetting van die eie aard van die kerk, en die gevolglik eie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geestelike aard van die regering van die kerk, is te vind by Coertzen, P: Die regering en opbou van die kerk, bls. 10 e.v.

18. Volgens die NGB primêr die taak van die dienaars/herders, artikel 30.

19. Polman, WenB II, bl. 195.

20. Ibid.

21. Idem, bl. 196. Vir die Gereformeerde standpuntinname tussen die twee uiterstes, vgl. Bouwman II, bl. 113.

22. Bavinck, GD IV, bl. 369.

23. Oecolampadius het reeds in 1530 in Basel probeer om ten behoewe van die kerklike tug die amp van die oudste in te stel (Bavinck, GD IV, bl. 369), terwyl onder Bucer 'n kerkorde in Hesse opgestel is waarin die oudstes 'n vaste plek gekry het (Polman, ONG IV, bl. 13). Bucer het die oudstes egter as helpers van die leraars gesien (Polman, idem, bl. 14), en hy het as motief vir sy denke oor die kerkregering eerder probeer om teenoor die Anabaptiste te reageer as om 'n regeringstelsel vanuit die Skrif te probeer vasstel (Bouwman II, bl. 237). 'n Goeie uiteensetting van die ontwikkelings binne die ampsbegrip van die Hervormers is te kry by Lekkerkerker,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



AFN: Oorsprong en funktie van het ambt, hfst. 8 (bls. 128-145).

24. ONG IV, bl. 12.

25. Hfst. 4, par. 4.2.

26. Bouwman II, bl. 202.

27. Vgl. Van der Linde, GPL: Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel, bl. 80. Van der Linde wys verder daarop dat dit wat vir Luther bloot onverskillig was, deur sy volgelinge tot 'n beginsel verhef is. Christus het volgens hulle die kerkregering in die hande van die vors gegee. Die gevolg is die *territoriale* kerkregeringstelsel wat tot vandag toe van toepassing is, en waarvolgens die kerkregering toegepas word deur 'n "konsistorie" ('n aantal predikante, deur die owerheid aangestel), wat die wil van die landsowerheid uitvoer.

28. In artikel 14 word wel gesê dat niemand mag preek of die sakramente mag bedien sonder dat hy behoorlik daartoe geroep is nie, terwyl die gesag van die biskoppe volgens artikel 28 beperk word tot bogenoemde twee handelinge. Waar hulle wel 'n dissiplinêre taak moet uitvoer, geskied dit nie volgens 'n goddelike reg nie, maar volgens 'n menslike reg (artikel 28).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



29. ONG IV, bl. 13.

30. Vgl. Bouwman II, bl. 228. Bullinger laat ook die kerklike tug bestaan slegs deur die prediking van die Woord, maar hy het kerklike tugtoepassing, en selfs die beheer van kerklike goedere, in die hande van die owerheid gelaat: idem, bl. 230. Ook Erastus, 'n ander volgeling van Zwingli, laat die kerkregering oorgaan in die hande van die burgerlike owerheid. Anders as by Zwingli en Bullinger is sy motief nie 'n eensydige beklemtoning van die sleutelmag as blote evangelieverkondiging nie, maar 'n grondige vrees dat kerklike tugtoepassing kerkrade kan laat ontwikkel in 'n nuwe hiërargie. Hierdie vrees van hom lei uiteindelik tot 'n ontkenning van alle kerkregering (idem, bl. 231; Van der Linde, a.w., bl. 81.)

31. Vgl. Bouwman II, bl. 226-227.

32. Vgl. Polman, ONG IV, bl. 14.

33. In die eerste uitgawe van die Institusie (1536) ontbreek 'n besinning oor die ouderlingamp, en hy onderskei slegs tussen die biskop/presbiter (met as taak die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente) en die diakens (wat verantwoordelik is vir die versorging van die armes. Vgl. Polman: ONG IV, bl. 14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



34. Vgl. Inst. IV/3/1-9.

35. Inst. IV/3/1-2.

36. Inst. IV/3/4.

37. Ibid.

38. Inst. IV/3/6.

39. Inst. IV/3/8. In sy motivering verwys hy na Tit. 1:5,7; Fil. 1:1; Hand. 20:17, 28; en Ef. 4.

40. Ibid.

41. Inst. IV/3/9. Lekkerkerker beweer dat Calvyn "*met al te grote vlotheid*" in Hand. 6 die diaken terugvind wat hy ken, naamlik die "armeversorger". Volgens Lekkerkerker sou dit beter wees om by Rom. 12:7 en 1 Kor. 12:28 aan te sluit waar die begrip "barmhartigheid bewys" voorop staan: a.w., bls. 141-2.

42. Inst. IV/4/1.

43. Inst. IV/4/2-8.

44. Inst. IV/5/1.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



45. In die *Ordonnances ecclesiastiques de l'Eglise de Geneve*, die kerkorde wat in 1541 in Geneve in gebruik geneem is en waarvan Calvyn die hoofouteur was, word onderskei tussen vier ampte: 1. die herders, dit wil sê die predikante, wat saam met die ouderlinge die Woord moes verkondig, die sakramente bedien en die tug toepas; 2. die leraars of doktore, wat die gemeente moes onderrig en voornemende predikante onderrig; 3. die ouderlinge, wat die gemeente moes lei en regeer; en 4. die diakens wat die armes en siekes moes versorg: vgl. Hughes, PE: The register of the company of Pastors of Geneva in the time of Calvin, bls. 35-49 vir die volledige teks van die Ordonnances ecclesiastique. In sy Institusie handhaaf hy egter die onderskeid nie so skerp nie, maar onderskei naas die diakens slegs die ampte wat "*hulle met die diens van die Woord besig hou*", dit wil sê die herders en leraars, en die ouderlingamp: Inst. IV/3/8.

46. Van Veenen, SF: Ambt en eenwording in de Kerken der Reformatie, bl. 45.

47. Idem, bl. 46.

48. Idem, bl. 47.

49. Ibid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



50. Inst. IV/3/5.

51. Inst. IV/3/8.

52. Bouwman II, bl. 244. Die owerheid in Geneve wou nie in alle opsigte aan Calvyn toegee ten opsigte van die die onderskei gesag van kerk en staat nie, en wou sekere gesag in die kerk behou. Hy was dus gedwing tot 'n kompromis waarvolgens die stadsraad die lede vann die ouderlingraad gekies, asook die predikante beroep het. Dit het weliswaar geskied op voorlegging van die predikante, maar die regering in die gemeente, selfs na die hersiene kerkorde van 1561, was in 'n groot mate van die owerheid afhanklik: vgl. idem, bl. 245. Die bepaling in die Ordonnances ecclesiastique wat handel oor die prosedure wat gevolg moet word wanneer daar leerverskille is, toon op uiters interessante wyse wat die verhouding was: "*Indien enige verskil oor leer sou opduik, moet die leraars bymekaarkom en die saak bespreek. Dan, indien nodig, moet hulle die ouderlinge wat deur die (stads-)raad aangestel is, uitnooi om te help met die beslegting van die dispuut. Uitendelik, as daar deur die hardkoppigheid van een van die partye nie tot 'n vreedsame vergelyk gekom kan word nie, moet die saak na die magistraat verwys word vir resolusie*": vgl. in Hughes, a.w., bl. 38.

53. Polman, ONG IV, bl. 22. In die Afrikaanse vertaling ontbreek die "*as*". Soos dit weergegee word met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*"... ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm"*, is dit heeltemal korrek.

54. Idem, bls. 23-24.

55. Idem, bls. 25-26.

56. Idem, bl. 28.

57. Idem, bl. 29.

58. Die "sewe" word nie diakens genoem nie, en hierdie feit is deur sommiges, onder meer Sohm, beskou as 'n rede om hulle te beskou as blote verteenwoordigers van die apostels. Aangesien hulle taak volgens Hand. 6:1-2 wesenlik dieselfde is as diè van die diaken soos dit histories in die kerk aanvaar is, is daar geen rede om Hand. 6 nie as instelling van die diakensamp te verstaan nie: vgl. Bouwman II, bls. 83-85. Dat die debat nog nie afgesluit is nie, word bewys deur onder meer die beswaar van Van Bruggen, J: Ambten in de apostolische kerk, bl. 77, wat sê: *"Die kollege van sewe het nie 'n herhaalbare plek in die kerkgeskiedenis nie. Hulle werk - om te bewaar en te lei in die deur God gestigte gemeenskap van die heiliges - bly aktueel vir plaaslike ampsdraers."*

59. Lekkerkerker toon aan dat die onsekerheid steeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voortduur - selfs nadat die Nederlandse Hervormde Kerk in 1951 die standpunt van die NGB onderskryf het: a.w., bl. 44.

60. Vgl. par. 6.1.2.1; asook Van der Linde, a.w., bls. 80-81.

61. Vgl. idem, bls. 78-79.

62. Vgl. Inst. IV/3/8. Hy verwys na Tit. 1:5,7; Fil. 1:1; Hand. 20:17,28; Ef. 4; Rom. 12:7,8 en 1 Kor. 12:28.

63. Schweizer, Eduard: Gemeinde und Gemeindeordnung im Neuen Testament, bl. 7. Frank Clarke vertaal die sin so: "*There is no such thing as the New Testament Church order*": Schweizer, E: Church order in the New Testament, bl. 13. Bronkhorst, AJ: Schrift en kerkorde, bls. 146-147, kom tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik: "*uit het NT is langs wetenschappelijken weg geen kerken-organisatie af te leiden.*" Hy skryf dit toe aan twee faktore: weens 1. die uitsonderlike posisie van die apostoliese amp, en 2. die sendingsituasie van die wordende gemeente het daar in die Nuwe Testamentiese tyd 'n ander situasie bestaan as in die gevestigde gemeente.

64. Vgl. Schweizer, Gemeinde und Gemeindeordnung, bls. 7,11,9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



65. Uit die uitgebreide literatuur hieroor noem ons slegs die reeds aangehaalde werke van Lekkerkerker (wat in hfst. 6 (bls. 79-99) opsommings gee van die standpunte van Schweizer, Käsemann, Von Campenhausen, Sevenster en Ridderbos, en in hfst. 7 (bls.100-127) 'n eie uiteenset-ting) en Van Bruggen.

66. Vgl. Küng, Hans: Structures of the Church, bl. 205. Bronkhorst toon aan dat die bekende Protestantse standpunt, naamlik dat Jesus se uitspraak nie op Petrus se persoon slaan nie, maar op sy geloof of op sy bely-denis, na Luther teruggevoer moet word, en in die be-sonder na sy *Responsio ad librum Ambrosii Catharini*: a.w., bl. 33.

67. McNeile, AH, a.w., bl. 241.

68. Dit is opvallend dat selfs in die Roomse kerkre-gering nie alles om 'n individu draai nie - daarvoor speel die ekumeniese konsilies 'n te groot rol. Vgl. Küng, Structures, bls. 205; 206 e.v.

69. A.w., bl. 52. Bronkhorst stel dit ook goed: "*'n Opvolger van die apostels is elkeen wat opnuut hulle boodskap (dit wil sê, die apostels se boodskap aangaan-de Jesus Christus) in die taal van die teenwoordige tyd laat hoor*": a.w., bl. 243. Boon, daarenteen, verdedig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die tradisionele Rooms-Kotolieke standpunt waarvolgens nie die apostels se boodskap nie, maar die direkte opvolging van die apostels (soos byvoorbeeld in die lyn Paulus -> Titus/Timoteus -> ens. gesien word) die grondslag bied vir die voortbestaan van die kerk: a.w., bl. 68 e.v.

70. Dat Jakobus se naam voor diè van Sefas en Johannes genoem word, is veelseggend.

71. "*Die Heilige Gees en ons het besluit ...*"

72. In Hand. 15 word die woord *presbuteroi* gebruik. Schweizer wys daarop dat die vroeë kerk basies voortgegaan het volgens die Joodse tradisie. "*Christelike rabbyne en oudstes toon net die vanselfsprekende voortduur van die ou Joodse orde*": a.w., bl. 40. Dit is egter nie normatief nagevolg nie: bl. 43.

73. Die Twaalf (Mark. 3:13-19); Mattias (Hand. 1:16); Jakobus, broer van Jesus (Gal. 2:9); Paulus (Rom. 1:1); Barnabas (Hand. 14:14) en moontlik Silas (vgl. 1 Tes. 2:6 met 1:1).

74. In 2 Kor. 12:12 noem Paulus (wat terloops sy apostelskap bloot fundeer in 'n persoonlike aanstelling deur Christus, Gal. 1:12) tekens, wonders en kragtige dade as kenmerke waardeur 'n apostel uitgeken kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



75. Bodey, RA: Ministry, in Tenney, MC: The Zondervan Pictorial Ecyclopedia of the Bible, IV, bl. 238.

76. In Hand. 20:17 lees ons dat Paulus die *presbuteroi* byeengeroep het, en in 20:28 spreek hy dieselfde groep aan as *episkopoi* - duidelike aanduiding dat daar nie gepoog moet word om tussen twee ampte te onderskei nie. 'n *Presbiter* is 'n (ou) man met besondere kenmerke (vgl. 1 Tim. 3:1 e.v.; Tit. 1:5 e.v.), wat as taak het om *episkopos*, opsiener te wees (Hand. 20:28): vgl. Beyer, HW: Episkopos: artikel in ThWB II, bl. 612.

77. Schweizer, a.w., bl. 47.

78. In die NGB, en gevolglik ook in ons ondersoek, val die klem op die regering in die plaaslike gemeente. Hoe die kerk in breër verband bestuur moet word, kry nie aandag nie. Met die Bybelse gegewens in gedagte, is dit egter moontlik om as basiese beginsels vir kerklike bestuur in breër verband aan te dui: 1. dat dit deur die ouderlinge moet wees; 2. dat die plaaslike gemeentes die kernelemente is waaruit enige breëre bestuur bestaan - enige breëre bestuur is dus prinsipieël met die oog op die beter funksionering van elke plaaslike gemeente; 3. dat die verteenwoordigers deur die gemeente/ kerkraad aangewys moet word; 4. dat daar geen hiërargie ten opsigte van persone of gemeentes is nie. Vgl. Van der Linde, a.w., hfst. 4 ("Die plek van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kerkverband in die presbiteriale kerkregeringstelsel"): veral bls. 116, 141-156.

79. *Profesie*, *onderrig* en *bemoediging* kan met die leer- of preekfunksie; *leiding gee* met die regeerfunksie; en *diens*, *gee* en *help* met die diakensfunksie in verband gebring word.

80. Schweizer, a.w., bl. 182.

81. Polman, ONG IV, bl. 33.

82. Schweizer wys daarop dat al die dienste òf hulle oorsprong, òf duidelike parallelle, in joodse dienste het. Die Nuwe Testamentiese ampte het egter in 'n eie rigting ontwikkel: a.w., bls. 182-184.

83. Idem, bl. 186.

84. Die uitsondering is die apostelamp; terwyl in 1 Tim. 4:9 'n ouderdomsbeperking geplaas word ten opsigte van die weduwees, en in 2 Tim. 2:11-12 sekere beperkings ten opsigte van die algemene rol van die vrou met betrekking tot onderrig en gesagsuitoefening gemaak word.

85. Inst. IV/3/6.

86. Luther het inderdaad verder gegaan as net 'n gelyk-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelling tussen predikante. In sy ampsbegrip het hy so klem gelê op die algemene priesterskap van alle gelowiges dat hy in sy ampsbegrip meestal met 'n "*von unten-*" begrip gewerk het: Lekkerkerker, a.w., bls. 129-131.

87. Vgl. Polman, ONG IV, bls. 42-43.

88. Artikel 1. Teks in Niesel, W: Bekenntinsschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche, bl. 75.

89. Teks in Pont, AD: Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, bl. 186.

90. Par. 6.1.2.2.1.

91. A.w., bl. 341.

92. CG., art. 29.

93. "*... te zijn als den Raedt der Kercke, ende door desen middel de ware Religie te onderhouden, ende te doen dat de ware leere haren loop hebbe: dat oock de overtreders op gheestelicke wijse gestraft werden, ende inden toom gehouden: op dat oock de armen ende bedrukten geholpen ...*"

94. Vgl. Eusebius, Eccl. Hist. (I,III,8,9).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



95. Inst.IV/II,15. Die NGB noem interessant genoeg nooit hierdie onderskeid by name nie. Die HK doen dit wel in vraag 31.

96. GD IV, bl. 371.

97. Van Rooyen, EE, a.w., bl. 237.

98. Vgl. Inst. IV/3/9 waar Calvyn onderskei tussen twee funksies: die uitdeel van die aalmoese en die fisiese versorging van die siekes. Laasgenoemde sien hy veral as 'n taak van die vrouens.

99. Artikel 22.

100. Vgl. Polman, ONG IV, bl. 21.

101. Calvyn, Inst. IV/5, toon hoedat besware soos diè van Cyprianus verwerp is (IV/5/2) en dat die biskoppe uiteindelik alleen besluit het oor nuwe biskoppe, pres-biters en diakens (IV/5/4). Die gevolg was partyskappe en 'n "*slappe agterlosigheid*" waarby totaal onbevoegde persone in leiersposisies aangestel is (IV/5/1).

102. Polman, ONG IV, bl. 37. Vgl. Inst. IV/3/10.

103. Vgl. ook Hand. 6:3; Jak. 3:1; 1 Petr. 5:1-5.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



104. Inst. IV/3/12.

105. Vgl. artikel 32.

106. Inst. IV/3/11.

107. Ibid.

108. Bybelse voorbeelde van mense wat "onbehoorlik" die amp probeer bedien het, is Nadab en Abihu (wie se offer beskryf word as "*ongeoorloofde vuur*", Lev. 10:1), en Simon die Towenaar wat aan die apostels geld wou gee in ruil vir die bevoegdheid om aan mense die Heilige Gees deur handoplegging te gee, Hand. 8:19. Sy optrede het aanleiding gegee tot die term *simonie* waardeur aangedui word dat iemand 'n kerklike amp deur middel van geld of gunste probeer bekom. Vgl. Van Rooyen, a.w., bl. 242.

109. Hebr. 5:4; vgl. Rom. 10:15; Hand. 1:21 e.v.; 6:5; 8:14; 13:2-3 (gelees saam met Gal. 1:1: Paulus is deur God geroep, en deur die gemeente afgesonder).

110. Calvyn beskou 'n verkiesing deur die kerkraad, met approbasie deur die gemeente, as die beste. Hy wys op die verskillende voorbeelde van verkiesing waarin die ampte die leiding gegee het, soos Mattias, die sewe, en die aanstelling van ouderlinge, deur die apostels (Hand. 14:23) of hulle helpers (Tit. 1:5; 1 Tim. 5:22), en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarsku teen "*oproerigheid deur die menigte*": Inst. IV/3/15. Die Dordtse Kerkorde, art. 22, bepaal dat die kerkraad en diakens 'n aantal name aan die gemeente voorlê waaruit hulle dan die helfte kies as ouderlinge. Hier word die gemeente altyd aktief betrek, 'n beginsel wat in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland (1959) in artikel 4 pertinent bevestig word ten opsigte van al die ampte: vgl. Nauta, D: Verklaring van de Kerkorde van de GKN, bls. 53-57. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die beginsel verskraal deur die gemeente se taak te beperk tot bloot swygende approbasie: Kerkorde, artikel 8.

111. Calvyn noem dat vier sake aandag verdien wanneer daar oor die roeping van ampsdraers gepraat word: 1. *hoedanige* dienaars aangestel moet word; 2. *hoe* en 3. *deur wie* hulle *gekies* moet word; en 4. hoe hulle *ingewy* moet word: Inst. IV/3/10. Die NGB spreek hom uit oor die eerste drie sake, maar nie oor die manier waarop die ampsdraers bevestig moet word nie. Calvyn stel die handoplegging as die gewone kerklike seremonie waarby leraars, ouderlinge en diakens ingewy word: Inst. IV/3/16.

112. ONG IV, bl. 45.

113. Mulder, J Hessels, a.w., bl. 189.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



114. Polman, WenB, bl.216.

115. Vgl. Van Bruggen: Het amen der kerk, bls. 155-156. Hy wys ook op die massa "vroomheidsreëls" in die Juda-ïsme waardeur gewetens gebind word, en wys dit tereg af. Polman, ONG IV, bl. 54 e.v., toon aan waarin en in watter mate die Roomse kerk van hierdie beginsel afgewyk het, en hoedat die NGB nogtans nie radikaal oorreageer soos die Dopers nie. Polman gee in sy betoog Calvyn se sienings in hierdie verband uitvoerig weer. Dit is opvallend in watter mate Calvyn en die NGB met dieselfde beginsels werk.

116. Bronkhorst, a.w., bl. 241, toon aan dat ook Calvyn se hele argumentasie in verband met 'n kerkorde deur die Bybel beheers is, maar dat sy eksegese gedoen is vanuit die basiese beginsel, naamlik dat dit Jesus self is wat sy gemeente regeer en bestuur. "*Calvyn se hele stelsel van kerkregering wil op so 'n eenvoudig moontlike wyse die heerskappy van Christus in en oor sy ekklesia tot sy reg laat kom.*"

117. Inst. IV/8/1.

118. Ibid.

119. Nauta, Verklaring, bl. 14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



120. Maurer, Wilhelm: Die Kirche und ihr Recht, bl. 1.

121. Idem, bl. 3. Maurer toon verder aan hoedat hierdie situasie die kerk gedwing het tot nuwe besinning oor die grondslag van die kerkorde, waarin die kern van die besinning (veral as gevolg van die invloed van Karl Barth) nie alleen was oor hoe die kerkorde die belydenis van die kerk kan beskerm nie, maar ook hoe die kerkorde in sigself 'n belydende karakter kan hê: idem, bls. 3-4.

122. Rutgers, a.w., bl. 17.

123. Idem, bls. 17-18.

124. Kleynhans, EPJ: Gereformeerde kerkreg, deel I, bl. 18.

125. Sohm, Rudolph: Kirchenrecht, deel I, bl. 2.

126. Idem, bl. 1.

127. Vgl. Maurer, a.w., bl. 3.

128. Sohm, a.w., bl. 22,23, 54.

129. Maurer, a.w., bl. 3. Sohm se hele beroep op Luther berus daarop dat Luther in 1520 die *Corpus Iuris*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Canonici* verbrand het: "*Nicht bloss das päpstliche Recht, sondern das kirchliche Recht wollte er verbrennen*": Sohm, bl. 461.

130. Bouwman I, bl. 6-7.

131. Idem, bl. 7.

132. Idem, bl. 9.

133. Idem, bl. 8; vgl. Kleynhans I, bl. 23-24.

134. In Kruger, LS e.a.: Handleiding by die Kerkorde, bl. 11, word aangedui hoedat so 'n situasie ontstaan bv. in 'n kollegialistiese stelsel, of waar die staat aan die kerk 'n orde voorskryf.

135. Idem, bl. 12.

136. "*Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder.*"

137. Artikel 29.

138. Hendriksen, William: Romans, bl. 435.

139. Vgl. die oorspronklike Franse en Latynse teks waar gepraat word van *l'Excommunication / excommunicatio.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



140. Polman, ONG IV, bl. 60.

141. Ibid. Die CG stel dit ewe kernagtig: "*Ons moet hierin navolg wat die Here Jesus Christus verklaar het in verband met die ekskommunikasie, wat ons goedkeur, en as noodsaaklik bely, met alles wat daarby behoort*: art. 33.

142. Polman, ibid.

143. ... *à quoy est requise l'Excommunication* ... , art. 32.

144. Artikel 29; vgl. hierbo, par. 5.3.

145. Calvyn, Inst. IV/12/1.

146. Ibid.

147. Polman, WenB II, bl. 222.

148. Ibid.

149. Vgl. hierbo, par. 6.2.1.

150. Inst. IV/12/5.

151. Vgl. Visser, Jan: Kerklike tug, bl. 50. In art. 58 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk word hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drie doelstellings pertinent aangedui.

152. In die bepaling dat kerklike dissipline of Christelike straf nodig is, word bloot gestel dat die reël wat Christus in Mat. 18 daargestel het, uitgevoer moet word: artikels 25-31. Teks by Pont, a.w., bl. 106.

153. Art. 71. Vgl. Pont, bl. 184. Dit is opvallend dat Dordt (1618/19) sê: "*met die kerk en sy naaste versoen,*" terwyl Dordt (1578) nog "*met God en sy naaste versoen*" het: vgl. idem, bl. 142.

154. Vgl. Bakhuizen van den Brink, a.w., bl. 130.

155. Polman, ONG IV, bl. 60.

156. Polman wys daarop dat Calvyn 'n 'n stryd gewikkel was met die Dopers wat "harde banners" was. Hy het nie van hulle verskil oor die *noodsaaklikheid* van die ekskommunikasie nie, maar oor die *wyse van toepassing.* 'n Rigoristiese banpraktyk moet afgekeur word. Vgl. idem, bls. 62-64.

157. Par. 6.1.1.1; vgl. Rutgers, a.w., bl. 18.

158. Art. 30; vgl. hierbo, par. 6.1.2.2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 7.0 DIE AKTUELE WAARDE VAN DIE KERKBEGRIP VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

## 7.1 'n VOORTGAANDE ROL

In die gang van ons studie het ons opgemerk dat die NGB 'n geskrif is wat vanuit 'n besondere historiese situasie ontstaan het, met 'n besondere doel en nut vir sy tyd. In 'n sekere sin het De Bres nie geslaag in sy primêre doel, naamlik om die owerheid van sy dag te oorreed om die vervolging te staak nie. De Bres is immers (ten spyte van sy Belydenis en sy roerende meegaande briewe) self tereggestel. Die Belydenis het egter algou 'n verdere, moontlik selfs belangriker, funksie begin vervul. Dit is naamlik in die Gereformeerde Kerke in Nederland aanvaar as 'n belydenis, as 'n gesaghebbende geloofsverklaring in en van die hele kerk. Daarmee het dit nie alleen aan die kerk 'n vaste vertrekpunt vir geloofsbesinning in die kerk gegee, of gesorg vir 'n bruikbare toetssteen waaraan die ware, Skrifgetroue leer gemeet kon word nie, maar het inderdaad ook meegewerk tot die eenwording van die Kerk.

Die NGB se rol is egter nog nie uitgespeel nie. Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word nog steeds, saam met ander belydenisskrifte, as 'n normatiewe interpretasie van die Woord van God aanvaar. So byvoorbeeld verklaar die Nederduitse Gereformeerde Kerk in artikel 1 van sy Kerkorde dat hy gegrond staan op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God, en dan verder: "*Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-endertig Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls.*" [1] Van 'n voornemende predikant van die Kerk word vereis om as voorwaarde tot sy toelating tot die bediening van die Woord geëksamineer te word met die oog op onder meer sy "*geskiktheid om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien, en sy innerlike gehegtheid aan die leer van die kerk.*" [2] Voor sy legitimasie bekragtig hy ook "*met sy naamtekening 'n plegtige verklaring en belofte in ooreenstemming met die formulier wat daarvoor opgestel is en wat betrekking het op die Belydenisskrifte.*" [3] Op grond van hierdie formulier verklaar hy dan "*in alle opregtheid voor die Here dat ek van harte glo dat al die artikels en stukke van die leer vervat in die Belydenisskrifte en Formuliere van Enigheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 en 1619 aangeneem - ooreenkom met die Woord van God. Ek belowe om die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*voorgenoemde leer naarstiglik te leer en in my wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen diè leer, hetsy regstreeks of onregstreeks, te leer of te skrywe. En net soos ek hierdie leer te goeder trou aanneem en van harte glo, so verwerp ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, en ek beloof om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer."* [4]

Ook van voornemende katkisante word 'n behoorlike kennis *"van die leer van die kerk soos uitgedruk in die belydenisskrifte"* vereis, [5] en na aanleiding van die formulier vir die openbare belydenis van geloof verklaar die voornemende lidmaat dat hy die Woord van God glo *"soos dit in die Ou en Nuwe Testament opgeteken is, en in die artikels van die geloof bely word en in die Christelike gemeente hier geleer word"*, en bely hy dat hy, as lidmaat van die gemeente van Christus, belowe *"om in die belydenis van diè leer tot die einde van u lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp."* [6]

Ook in die erediens speel die belydenisskrifte 'n belangrike rol. Nadat in artikel 48.4.1 van die Kerkorde bepaal is dat die prediking steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif moet wees, bepaal artikel 48.4.2: *"Daar moet ook minstens twaalf keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word en so dikwels moontlik uit die die Nederlandse Geloofsbely-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*denis en die Dordtse Leerreëls."* [7]

Die vraag is nou of die kerk met reg so 'n belangrike rol aan die belydenisskrifte, en dan met name aan die NGB kan toeken. In hoofstuk 1 het ons gesien dat 'n kerk prinsipieël korrek optree as hy sou verkies om wel 'n belydenis as normatiewe geloofsinterpretasie van die Bybel aan te neem. Daar is dus nie prinsipieël fout te vind met die praktyk van die Ned. Geref. Kerk in hierdie verband nie. Maar kan die NGB so 'n rol speel, en kan hy dit vandag nog, meer as vierhonderd jaar na sy formulering, nog doen? Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons vra na die mate waarin die NGB reg laat geskied aan die leer van die Skrif, en dan verder na die mate waarin die formulering binne die historiese situasie van die sestiende eeu nie belemmerend is vir die praktiese situasie in die twintigste eeu nie. Ons stel dit net weer dat ons in die beoordeling van hierdie vrae gelei word deur 'n spesifieke afdeling van die NGB, naamlik sy beskouing van die kerk. Aangesien die leer in sake die kerk so integraal ineengevleg is met die res van die teologie wat in die NGB funksioneer, kan sekere meer algemene stellings in verband met die Belydenis ook met reg gemaak word. [8]

## 7.2 SKRIFGETROUHEID VAN DIE NGB

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vir 'n behoorlike verstaan van die NGB is dit nodig om dit te verstaan teen die historiese omstandighede waarteen dit ontstaan het. As geskrif uit die tweede fase van die Hervormingstyd gee dit 'n besonder goeie weergawe van die manier waarop die Gereformeerdes in daardie tyd die Skrif geïnterpreteer het. Ook die NGB se uitsprake in verband met die kerk kan beskou word as die neerslag van die geheel van besinning in hierdie verband. Soos dit duidelik geblyk het uit die vergelyking met die formulerings in sake die kerk in die ander Reformatoriese belydenisskrifte van die tyd, kom die NGB se kerkbegrip wesenlik ooreen met die Reformatoriese denke in die geheel, maar dan in die besonder met die Gereformeerde siening, dit wil sê die siening in diè groepe waarin die invloed en teologiese denke van Calvyn 'n deurslaggewende rol gespeel het. 'n Beoordeling van die Skrifgetrouheid van die kerkbegrip van die NGB sal dus inderwaarheid ook beoordeel of die Hervormers in die algemeen, en Calvyn in die besonder, Skriftuurlik verantwoordbaar gedink het oor die kerk.

### 7.2.1 DIE KERKBEGRIP: HISTORIESE REAKSIE, OF VERANTWOORDELIKE SKRIFVERKLARING?

Die feit dat die Belydenis in baie besondere historiese omstandighede opgestel is, bring noodwendig die vraag na vore of De Bres in sy denke en formulering nie in so 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mate deur die dringendheid van sy situasie beïnvloed is dat sy oordeel verblind is nie. Anders gestel: het De Bres in sy kerkbeskouing hermeneuties verantwoordbaar opgetree deurdat die Skrif die bepalende rol gespeel het in sy formulering, of is hy deur sy tydsomstandighede so beïnvloed dat hy eerder 'n apologetiese werk, en nie 'n Skrifgegronde kerkbeskouing nie, opgestel het? Is die beginsels waarvolgens in die NGB oor die kerk gedink word gevind vanuit 'n onbevange bestudering van die Skrif, of is dit vanuit die praktyk in die Skrif teruggevind? Was die proses een van Skrif - beginsel - praktyk; of dalk praktyk - Skrif - beginsel; of dalk selfs praktyk - beginsel - Skrif?

Wie ook al deur die NGB lees, sal baie gou opmerk met hoeveel eerbied daar met die Skrif omgegaan word. De Boer toon aan dat die feit dat die hele NGB op 'n sterk Skrifgeloof gebou is, juis een van sy grootste kenmerke is. Dit funksioneer ook nie "*as 'n dorre Skrifbeskouing*" nie, "*maar 'n lewende Skrifgeloof bepaal die hele struktuur van die belydenis van die kerk.*" [9] Telkens word gesê dat die Woord van God die enigste normgewende openbaringsnorm is wat in die kerk gebruik kan word, en dat die kerklike leerstellings bepaal word deur die leer van die Skrif. [10] In die besonder word daar in vyf van die ses artikels wat spesifiek oor die kerk handel, gestel dat slegs opgetree kan word volgens die leer van die Woord. Die Skrif word dan ook inderdaad gebruik as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer as 'n blote instrument in 'n polemiese gesprek. Weliswaar kan polemiese elemente dikwels herken word, maar dit speel nie die hoofrol nie. Die swaartepunt in De Bres se gedagtegang was nie die historiese omstandighede nie, maar die Woord van God. Ook in sy kerkbegrip was dit vir De Bres belangriker om weer te gee wat die Woord van God leer, as om bloot 'n standpunt in te neem teenoor ander menings van sy tyd. Of hy daarin geslaag het, en of hy wel korrek weergee wat die Skrif in sake die kerk leer, is natuurlik 'n ander vraag. Daarop gaan ons nou verder in.

## 7.2.1 DIE KERK AS RESULTAAT VAN GOD SE VERKIESING

'n Belangrike pluspunt in die kerkbegrip van die NGB is dat dit die kerk sien as die resultaat van God se inisiatief. Die kerk bestaan as resultaat van Christus se ewige koningsheerskappy, en as gevolg daarvan is die kerk se bestaan en voortbestaan verseker (artikel 27). Die kerk is "*'n versameling van hulle wat verlos word*" (artikel 28), "*'n heilige vergadering van almal ... wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees*" (artikel 27). Deur die doop, wat die uitwendige simbool is van dit wat die bloed van Christus, deur die Heilige Gees, inwendig in die siel doen, word ons in die kerk opgeneem (artikel 34); [11] en deur die nagmaal voed en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderhou Hy hulle "*wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het*" (artikel 35).

Anders as by die Wederdopers is die logiese gang vir die daarstelling van die kerk nie antroposentries nie, maar teosentries. Kerk volg nie op die geloof van indiwidue nie, maar die gelowiges word by die kerk gevoeg as resultaat van God se verkiesing. Die NGB se beskouing stem hierin wesenlik ooreen met die formulerings van die HK (vraag 54) en die DL (artikel 2/9), en is inderdaad in harmonie met die hele teologie van die Hervormers waar, op voetspoor van Calvyn, die belydenis in sake die uitverkiesing die middelpunt van die hele belydenis, tot "*cor Ecclesiae*", die hart van die kerk, geword het. [12]

Die NGB se siening van die kerk as resultaat van God se verkiesing is, soos in hoofstuk 4 ook aangetoon is, 'n getroue weergawe van die Skrifgegewens. [13] Die kerk word gesien as waarlik God se kerk, deur Hom gewil en fisies daargestel. Dit geld nie net vir die kerk as liggaam nie, maar ook ten opsigte van die lede waaruit die liggaam bestaan. Dit gee aan die kerk die sekuriteit dat hy in sy bestaan en voortbestaan geborge is in God se raadsplan, en dat selfs die grootste krisis die kerk nie sal uitwis nie. Hierdie perspektief van die NGB beklemtoon 'n aspek van die wese van die kerk wat nie net waarde gehad het in die sestiende eeu te midde van vervolgings nie, maar wat in elke eeu, ook die twintigste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eeu met al sy veranderings, aan die kerk troos en hoop gee.

### 7.2.3 DIE KERK AS VERGADERING EN SAMEKOMS

Net soos die indiwiduele gelowige in antwoord op God se uitverkiesende inisiatief en die regverdiging in Christus Jesus reageer met "*'n geloof wat in dade oorgaan*" (artikel 24), reageer ook die kerk op God se inisiërende verkiesing. Die kerk is beide vergadering (*cogregatio*) en samekoms (*coetus*). Dit bestaan en ontstaan as gevolg van God se inisiatief, maar realiseer waar "*almal wat waarlik in Christus glo*" (artikel 27) hulle "*by die kerk aansluit en hulle daarmee verenig*" (artikel 28). Ook in hierdie opsig, het ons in hoofstuk 4 gesien, laat die NGB reg geskied aan die Skrif. God doen die fundamentele werk, maar Hy doen nie alles nie. Op sy verkiesing volg ook die verantwoordelikheid van die gelowiges om as kerk bymekaar te kom.

Ook hierdie perspektief in die NGB se kerkbegrip is van groot belang vir die kerk. Wat veral belangrik is, is dat die balans tussen die twee sake gehandhaaf moet word: as die kerk die klem sou laat val op die geloof van sy lidmate, op die *samekoms*-perspektief van die kerk, dink hy antroposentries. Dan dreig die gevaar dat 'n spesifieke klem op bekering as voorwaarde vir kerklidmaatskap

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gestel word, terwyl God se veroorsakende aksie onderbeklemtoon word. Val die klem te veel op die *vergader*-perspektief, dan kan dit gebeur dat die hele uitbreidingsaksie van die kerk so in God se hande gelaat word dat die kerk self nie veel doen aan die evangeliseringsaksie nie. Logies-metodologies moet daar wel standpunt ingeneem word of daar eers oor die indiwiduele gelowige en daarna oor die kerk gepraat kan word, of omgekeerd.

Die NGB kies vir die tweede standpunt, maar doen dit nie eksklusief nie. Die balans tussen die kerk as resultaat van die werk van God, en as reslutaat van die verantwoordelikheid van die enkeling, word tereg duidelik gehandhaaf. Berkhof toon uit die ter sake literatuur aan hoedat die standpunte wissel: 1. Die oudste credos van die kerk laat steeds die kerk op die belydenis in sake die Gees volg, en gaan aan die enkeling vooraf, en in die Roomse Kerk is persoonlike geloof eeue lank opgevat as *sentire in ecclesia*. 2. Die toenemende indiwidualisering van die sestiende eeu het gelei tot die ontstaan van 'n teenoorgestelde kerktipe, die sogenaamde vrye kerke, waarin die gemeenskap gesien word as vrug van, en steun vir die indiwiduele geloofslewe. Tot hierdie groep moet gereken word die Doopgesindes, Baptiste, Kwakers, Remonstrante, Kongregasionaliste, en later ook die liberale kerke. 3. Die kerke van die Hervorming is gebore op die breuklyn tussen die middeleeue en die moderne tyd, en hulle ekklesiologie vertoon tot vandag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toe spore daarvan. By Luther kan beide gedagtegange gevind word, en hoewel dit volgens die opskrif van deel IV van die Institusie voorkom asof die kerk vir Calvyn sekondêr is teenoor die persoon, [14] toon net die volgende woorde, die opskrif van hoofstuk 1 van deel IV, [15] dat Calvyn die saak ook van die ander kant benader. Hierdie "heen en weer", wat ook duidelik in die NGB te bespeur is, hang volgens Berkhof saam met die feit dat "*die Gereformeerde kerktipe die dogter is van die Katolieke, en die moeder van die vrye kerktipe*". [16]

Dit moet beklemtoon word dat die Gereformeerdes nie bloot vanuit 'n historiese situasie tot hierdie beskouing gekom het nie, maar in die eerste plek vanuit 'n poging om aan die Skrif reg te laat geskied. Hierdie beskouing van die "heen en weer", van die kerk as beide vergadering en samekoms, van die kerk as vrug beide van die gemeenskapvormende God en die gemeenskapsoekende mens, is 'n belangrike bydrae deur die Gereformeerdes (en dan ook van die NGB) in die besinning oor 'n suiwer kerkbegrip. As dit konsekwent (en met die nodige balans) uitgevoer word, sal dit die kerk nie alleen beskerm teen 'n eensydigheid in sy teoretiese beskouings nie, maar ook lei tot 'n praktyk waarin beide die eerbied vir God se werk èn die verpligting van die lidmate tot sy reg kan kom.

### 7.2.4 DIE KERK AS EEN, ALGEMEEN EN HEILIG

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van die vier attribute wat gewoonlik gebruik word om die kerk mee te omskryf, funksioneer drie pertinent in die NGB. Dit word nie sistematies behandel nie, maar die begrippe eenheid, algemeenheid en heiligheid is duidelik teenwoordig. Oor die apostolisiteit word niks gesê nie. Dit hoef ons nie te verbaas nie. Die kenmerkende van die begrip *apostolies* en van die belydenis dat die kerk *apostolica* is, is die betrokkenheid op die verlede, en spesifiek op die apostoliese verlede. [17] Waar die Hervormers in 'n sekere sin juis besig was om te breek met die verlede en van die Roomse kerkbegrip waar die skakeling met die apostels so beklemtoon word, sou dit in werklikheid verrassend wees as dit wel spesifiek aandag sou kry. Indien dit wel sou voorkom, sou 'n mens kon verwag dat dit spesifiek gekwalifiseer en geïnterpreteer sou word.

Belangriker is egter om op te merk dat die apostolisiteit van die kerk nie op dieselfde vlak as eienskap of kenmerk van die kerk as die ander drie, naamlik die eenheid, algemeenheid en heiligheid kan funksioneer nie. "*Laasgenoemde drie is heilshistoriese bepalings van so 'n universele en dus permanente karakter dat dit nie net eienskappe van die kerk bly so lank as wat die kerk kerk sal wees nie, maar dat dit sô wesenlik tot die ryk behoort dat dit ook na die verdwyning van die geïnstistueerde kerk nog altyd rykseienskappe sal bly.*" [18] Die apos-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tolisiteit is nie 'n faset van die kerk wat in die Bybel funksioneer nie. Die ander drie is wel. In die NGB, waar dit fundamenteel gaan om die getroue weergawe van Skrifgegewens, word daar dus slegs ingegaan op die eienskappe van die kerk wat Bybels belangrik is. Anders gestel: omdat die NGB nie opgestel is vanuit die agtergrond van 'n tradisie waarin die getrouheid aan die leer van die apostels belangrik is nie, en omdat die NGB poog om by die geskiedenis verby te kyk en vanuit die Skrif juis dit te vind wat wesenlik bepalend en algemeengeldend vir die kerk is, word slegs aandag gegee aan die eenheid, algemeenheid en heiligheid, en word die apostolisiteit verbygegaan. Dit moet nie gesien word as 'n leemte in die NGB se kerkbegrip nie, maar eerder as 'n herkenning dat die NGB in hierdie opsig daarin slaag om die Skrif onbevange deur historiese tradisie heen te laat spreek.

7.2.4.1 Een kerk

Die eenheid van die kerk word in die NGB nie verbind aan 'n spesifieke institutêre, sigbare gestalte van die kerk nie, maar aan die eenheid van geloof. [19] Dit is egter nie 'n belydenis van 'n onsigbare kerk in die sin van 'n kerk wat net in beginsel bestaan nie, maar 'n kerk waarvan die eenheid sigbaar gestalte moet kry deurdat "*almal verplig is om hulle daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te be-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*waar."* [20] Geen beginseluitspraak word gemaak oor die bestaan van verskillende denominasies nie; dit word nie goedgepraat of betreur nie. In werklikheid word slegs twee fasette van die eenheid van die kerk pertinent aangeraak: 1. die eenheid van die kerk is groter as die verdeeldheid van groepe, hetsy deur afstand of deur verskille. Daar is immers net *een* kerk, en hierdie kerk bestaan uit alle ware gelowiges, waar hulle ook al versprei en verstrooi is. 2. Die kerk word verdeel wanneer 'n persoon uit selftevredenheid sou weier om aan die kerk deel te hê.

Al berus beide hierdie stellings sterk op die Skrif, is hulle - en veral die eerste - vir misverstand en wanpraktyke vatbaar. Die probleem by eersgenoemde is veral opgesluit in die begrippe *ecclesia visibilis* en *ecclesia invisibilis*, en by laasgenoemde in die begrip *extra ecclesiam nulla salus est.*

1. Sigbare en onsigbare kerk

"*Die Hervormers,*" verklaar Küng, "*was basies reg om die gedagte te opponeer dat die kerk die al te sigbare instituut van die middeleeuse kerk met sy geestelike en politieke ryk kon wees.*" Hulle het in navolging van Augustinus en die Nuwe Testament eerder die onsigbare en verborge aard van die kerk beklemtoon, en dit met die doel om die kerk te vernuwe, en nie om 'n onsigbare kerk te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te probeer probeer daarstel nie. [21] Daar kan immers nie 'n volkome onsigbare kerk bestaan nie, want "'*n regte kerk wat uit regte mense bestaan, kan onmoontlik nie onsigbaar wees nie.*" [22] Die NGB lê dan ook groot klem op die onsigbare gestalte van die kerk deurdat alle gelowiges veplig word om daarby aan te sluit (artikel 29), en deurdat groot klem gelê word op die praktiese funksionering van die kerk onder leiding van die ampte (artikels 30-32). Wel word die geestelike aard van die kerk as uitgangspunt geneem (artikel 27), maar die ware kerk bestaan volgens die NGB alleen daar waar die geestelike oorgaan in die praktyk, daar waar die Woord en die sakramente bedien en die tug toegepas word (artikel 29). Gelowiges kan hulle nie fisies by 'n onsigbare kerk aansluit of hulle daarvan afskei nie; ampte kan nie funksioneer sonder 'n fisiese gemeenskap nie, en die Woord- en sakramentsbediening het 'n pertinente adres. En hoe kan die tug toegepas word anders as op spesifieke mense?

Bavinck wys tereg daarop dat die Hervormers nog probeer het om ten opsigte van die sigbare en onsigbare kerk 'n goeie balans te behou, maar dat die latere geskiedenis bewys het hoe moeilik dit is. [23] In teenstelling met die Roomse gedagte is die verband met die sigbare kerk baie maklik opgeoffer. Die gevolge was onder meer 'n oordrewe indiwidualisering - waarin die kerk weinig meer as 'n rigtinggewende rol moes vervul (Sosinianisme, Remonstrantisme en Rasionalisme) - en mistisisme (Anabap-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tisme). [24] Die dualistiese beginsel het ook die deur geopen vir allerlei "sektes" wat binne die Protestantisme ontwikkel het (Labadisme em Piëtisme met die konventikels; Independentisme, Kwakers en Methodisme: almal gedagterigtings waarin die eenheid van die hele kerk eensydig ondergeskik gestel word aan die geloof van die indiwidue). [25] Daarmee saam is ook die moontlikheid geskep dat die pluriformiteit van die kerk as gesonde praktyk aanvaar kan word deurdat die eenheid in Christus hoër gestel word as die sigbare eenheid van die kerk. [26]

Die geskiedenis bewys egter nog nie dat die Hervormers,en die NGB, verkeerd was nie. Juis die waarskuwing teen selfversekerdheid (artikel 28) toon dat die NGB hom duidelik uitspreek teen indiwidualisering en subjektiwisme. Die sigbare gestalte en sigbare eenheid van die kerk mag nie gesien word as iets van mindere belang, of as 'n noodsaaklike euwel nie. Wel moet die verborge en onsigbare fasette van die kerk regmatige aandag kry, maar dan nie as 'n absolute beginsel teenoor die praktiese funksionering van die kerk binne een gemeenskap nie. Die kerk is meer as net 'n plek waar die Woord bedien kan word. Dit is ook die liggaam van Christus wat nie verdeel kan word nie (1 Kor. 1:13). Die kerk bestaan nie net as objek van geloof nie, maar die kerk is kerk juis waar die gelowiges in 'n reële gemeenskap van geloof bymekaargebring word. Groepvorming binne die kerk kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie goedgepraat word met 'n beroep op die onsigbare gestalte van die kerk en 'n mistieke eenheid in Christus nie. Juis in die praktiese soeke na die eenheid van die hele liggaam van Christus moet die onsigbare, in die geloof belede eenheid van die kerk, tot sigbare gestalte kom. In hierdie proses gaan dit nie om eenheid ter wille van eenheid nie - dan sou die element van eenheid in waarheid maklik kon vervaag, en sou die klem weer eensydig op die *ecclesia visibilis* val. Die kerk is "*in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig,*" en die kerk is dit "*in hart en wil*" (artikel 27). Hierdie samevoeging en vereniging mag egter nie net met die mond bely word nie, maar moet ook "*in hart en wil*" oorgaan in gehoorsame daad.

2. <u>Die verantwoordelikheid van elke gelowige</u>

Die belydenis in sake die eenheid van die kerk staan nie net teenoor groepvorming nie, maar beklemtoon ook die verantwoordelikheid van elke gelowige. Ondubbelsinnig word bely dat *elke* gelowige nie alleen prinsipieël lidmaat van die kerk van Christus is nie, maar ook verantwoordelike lidmaat. As iemand "*wat waarlik in Christus glo*" is hy deel van die "*heilige vergadering*" en soos die ander onderdane van die ewige Koning, verseker van sy beskerming (artikel 27). Dit bring ook verantwoordelikhede mee: die NGB stel in die imperatief dat almal ver-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



plig is om by die kerk aan te sluit, hulle daarmee te verenig, te buig onder sy leer en tug, die nek onder die juk van Christus te buig, en om die medegelowiges te dien in die opbou van die geloof. [27] Iemand wat dit nie doen nie, en wat buite die vergadering van gelowiges sy geloof wil beoefen, doen dit uit selftevredenheid. [28] Die kerk word gesien as die liggaam waarin God sy heilsweldade realiseer, en hierdie bepaling van God moet ernstig opgeneem word. Die gedagte van *extra ecclesiam nulla salus* moet in hierdie sin verstaan word. Binne die konteks van die NGB is dit duidelik dat dt nie probeer sê dat deelname aan die kerk 'n volstrekte noodsaaklikheid is vir die *heil* van indiwidue nie, maar dat dit 'n noodsaaklike deel is van die *realisering van God se opdrag* aan elke gelowige.

So lank as wat daar versigtig gewaak word teen oorbeklemtonings na die een of ander kant ten opsigte van bogenoemde twee misverstande, kan daar met vrymoedigheid gesê word dat die NGB in sy uitsprake oor die eenheid van die kerk nie alleen op sterk Skriftuurlike grondslag staan ne, maar ook 'n aktuele en praktiese imperatief bied vir die realisering van die eenheid van die kerk - nie alleen vir die eenheid wat tussen groepe nagestreef moet word nie, maar ook die eenheid van hart en doel waartoe elke gelowige sy deel kan bydra. Onder meer het dit betekenis vir die pastoraat: dit gee 'n vertrekpunt vir 'n gesprek waarin teenoor persone gereageer moet word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat nie aktief aan 'n kerk se aktiwiteite wil deelneem nie, maar hulleself nogtans as gelowiges beskou. [29]

7.2.4.2 <u>Algemene kerk</u>

In die NGB val die klem nie op die eenheid nie, maar op die algemeenheid van die kerk. Dit word egter nie gedoen op 'n manier asof die twee attribute teenoor mekaar of selfs langs mekaar staan nie, maar in die uitgangspunt dat daar in wese slegs een kerk is, en hierdie kerk is die algemene kerk. Wanneer in die NGB dan hoofsaaklik gepraat word oor die algemeenheid van die kerk, moet dit gelees word teen die agtergrond van die eenheid van die kerk. [30]

In die NGB val die klem op die kwalitatiewe, eerder as op die kwantitatiewe aspek van die katolisiteit. [31] By Rome lê die klem op die kwantitatiewe, op die aspekte "*van wydheid teenoor begrensing en isolering van tyd en ruimte*", en dan in verband met "*die wydheid en die universaliteit van <u>hierdie</u> kerk oor die hele wêreld.*" [32] Met so 'n siening word die "*eintlike geheim in sy diepte*" verbygegaan. [33] Küng toon aan wat katolisiteit *nie* is nie: 1. katolisiteit is nie primêr 'n *geografiese* begrip nie: ruimtelike uitgebreidheid alleen kan nie 'n kerk katoliek maak as hy aan sy eie wese ontrou geword het nie; 2. katolisiteit is nie primêr 'n *statistiese*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begrip nie: getalle alleen is nie 'n waarborg vir katolisiteit nie; 3. katolisiteit is nie primêr 'n *sosiologiese* begrip nie: al kan 'n kerk sê dat hy die wydste verskeidenheid van kulture en gemeenskappe moontlik omvat, en hy het in die proses afgewyk van sy wese, dan is hy nie meer katolieke kerk nie; 4. katolisiteit is nie primêr 'n historiese begrip nie: al kan 'n kerk sê dat hy die oudste is, en al kan hy aanspraak maak op direkte voortgang ten opsigte van tyd, is dit nog geen waarborg op sigself van katolisiteit nie. Die mees internasionale, die grootste, die mees gevarieerde, die oudste kerk, kan in werklikheid 'n vreemdeling vir homself word, kan voeling verloor met sy innerlike wese. [34] Dit is 'n spesifieke *identiteit* wat 'n kerk katoliek maak. [35] Die "identiteit", die "kwaliteit", die kenmerkende en bepalende faktor wat die NGB aanbied as fundering vir die katolisiteit van die kerk, is dat die kerk - gefundeer in God se raadsplan en in Christus se koningskap - uitgestrek is oor alle begrensinge heen. Begrensings van tyd en geografiese uitgestrektheid word pertinent genoem, en daar word duidelik gestel dat die kerk nie "*geleë is in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi.*" Nogtans is dit "*met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig.*" [36]

Met hierdie formulering (waarin drie aspekte van katoli-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



siteit, naamlik 'n deurlopende-, 'n ekstensiewe-, en 'n kwalitatiewe katolisiteit teruggevind kan word) [37] slaag die NGB daarin om 'n grondslag vir denke oor die katolisiteit te bied wat nie alleen op sterk Bybelse grond staan nie, maar wat ook daarin slaag om aan die kerk 'n dinamiese doelstelling te gee. Veral vier sake kan hier genoem word: eerstens word die wortel afgesny van enige aanmatiging van eksklusiwiteit deur watter groep ook al; verder is daar in die belydenis 'n besondere bemoediging opgesluit; derdens moet gewys word op die imperatief dat algemeenheid nie alleen bely nie, maar ook prakties nagestreef moet word; en ten laaste kan in hierdie belydenis die grondslag vir 'n ekumeniese gesprek teruggevind word.

## 1. Geen eksklusiwiteit

Die NGB gaan uit van die standpunt dat daar net een kerk is, en hierdie kerk is die algemene kerk. As enige denominasie dan daarop aanspraak sou maak dat hy alleen die algemene kerk is, is een van twee afleidings moontlik: òf die denominsasie se aanspraak is reg (en dan is al die ander denominasies nie deel van die (algemene) kerk nie, en is dus valse kerke), òf so 'n aanspraak is verkeerd. Dat so 'n aanspraak inderdaad onhoudbaar is, blyk uit die klem wat gelê word daarop dat die algemene kerk nie *"geleë is in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of persone nie."* Ons het hierbo gesien dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie formulering 'n polemiese element het, en dat daarmee kragtig stelling ingeneem word teenoor die Rooms-Katolisisme, Spiritualisme en Anabaptisme, [38] maar dit is meer as net polemiek. Dit spruit uit 'n fundamentele besef dat die kerk vanuit en vir die drie-enige God bestaan. 'n Aanspraak op algemeenheid kan nie gefundeer word op historisiteit, of sosiale of geografiese uitgebreidheid nie, maar op 'n fundering in God drie-enig wat in die geloof aanbid en deur die Heilige Gees verenig word. Met hierdie standpuntinname sluit die NGB alle nie-Skriftuurlike aansprake op katolisiteit uit, en skep terselfdertyd 'n begrensing waaraan 'n denominasie sy aansprake kan toets.

2. <u>'n Bemoediging</u>

Juis omdat die fokus weggeneem word van die menslike faktore soos historisiteit en sosiale uitgestrektheid, en geplaas word op die werk van God drie-enig - en dan in die besonder op die ewige koningskap van Christus - lê in die NGB se belydenis 'n bemoediging opgesluit soos geen ander kan bied nie. Omdat God se raadsplan uitgestrek is oor alle tye en gebiede heen, kan die kerk ook die sekerheid hê dat hy daarin kan deel. [39] Dit kan nie lei tot 'n ontduiking van verantwoordelikheid nie, maar erken die imperatief van onderhorigheid aan Christus as enigste Hoof van die kerk. [40] Juis die besef van die heerskappy van Christus lei die kerk tot 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dwingende selfondersoek van die mate waarin hy inderwaarheid kerk vir Christus is. Die kerk kan seker weet dat hy kerk van Christus is, en kan soos die Ou Testamentiese verbondsvolk seker wees van God se beskerming, maar soos Israel moet die kerk ook voortdurend bly besef dat God se verbond nie ongekwalifiseerde belofte inhou nie. Toe die volk van God weggedwaal het, het sy straf nie uitgebly nie. By die bemoedigende faset van God se almag teenoor en vir die kerk, mag ook die eis van ongekwalifiseerde gehoorsaamheid nooit deur die kerk vergeet word nie. As kerk van Christus kan die kerk seker wees van sy beskerming, maar dan net solank hy waarlik kerk van Christus bly. By die sekerheid van die verhoogde Christus se betrokkenheid by sy kerk staan ook die erns van sy waarskuwing dat 'n kerk se lampstaander deur Hom verwyder kan word wanneer die kerk in sy liefde verflou (Openb. 1:12,13,20; 2:4,5).

3. <u>Algemeenheid as imperatief</u>

In die NGB word die grense van die algemene kerk duidelik gestel: as "*heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo*" word àlle ware gelowiges, waar ook al in die wêreld, by die een kerk ingesluit. Die enigste bepalende faktor van lidmaatskap van die kerk is die geloof in Jesus Christus as Verlosser. Wel word die wese van die katolisiteit nie gesoek in 'n *institutêre* eenheid nie, maar in die *organiese* geheel van gelowiges as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die een liggaam van Christus. Dit beteken egter nie 'n mistisisme as grondslag vir katolisiteit nie! Die bepalende faktor, naamlik die geloof, is wel 'n onsigbare entiteit, maar die vergadering van gelowiges is wel deeglik sigbaar. In hierdie vergadering verdwyn enige onderskeidings ten opsigte van geslag, volksverband, sosiale status of menslike voorkeure. Die algemene kerk is te vind daar (en slegs daar!) waar 'n vergadering van mense wat waarlik in Christus glo, bymekaarkom. [41]

In die praktyk gebeur dit egter helaas dat menslike voorkeure 'n belangrike rol speel in die bepaling van grense vir die kerk, of dan, van 'n kerk. "*Reeds in die Nuwe Testament kom ons op duidelike en waarskuwende manier met allerlei weerstande in aanraking. Daar tree allerlei onderskeidings in wat van maatstawwe uitgaan en 'n diskriminerende betekenis kry, en waardeur die betekenis van die evangelie vereng en onsigbaar gemaak word. Telkens blyk dit opnuut nodig om die poorte oop te gooi en die perspektiewe aan te wys, soos Christus doen, wanneer Hy aankondig dat die uur kom waarin die begrensing en lokalisering deurbreek word en ... 'wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie', en die aanbidding in Gees en in waarheid sal geskied (Joh. 4:20 e.v.; vgl. Joh. 4:23: 'die uur is nou')*". [42] Petrus se weerstande word pertinent afgebreek (Hand. 10), en hy moet besef dat elke aprioriese bevoorregting of uitsluiting ontken word. [43]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die onpartydige optrede van God word gestel bo die "*vyandskap wat vroeëer soos 'n muur skeiding gemaak het*" (Ef. 2:14), en in Christus is daar nie meer besnedene en onbesnedene (EF. 2:11), Jood en nie-Jood (Ef. 2:18; vgl. Rom. 1:16-17; Gal. 3:7-8), slaaf of vrye, man of vrou (Gal. 3:28) nie. Almal wat aan Christus behoort is ongekwalifiseerd en op dieselfde vlak "*nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God*" (Gal. 3:29). Enige verdere bepaling vir lidmaatskap kan gevolglik *nog* uit die Bybel, *nog* uit die NGB afgelei word.

Vanuit hierdie beginsels word die grense van die kerk nou na twee rigtings bepaal, en moet daarmee erns gemaak word. Na die een kant moet gesorg word dat daar nie te veel mense by die kerk ingesluit word nie: slegs diegene wat aan Christus behoort en volkome voor Hom gebuig het, behoort waarlik aan die kerk. In hierdie sin hou katolisiteit verband met heiligheid deurdat toegesien moet word dat slegs ware gelowiges aan die kerk mag behoort; maar terselfdertyd moet ook versigtig geoordeel word oor ander groepe wat min of meer ooreenstem met sekere aspekte van die Christelike lewe, maar wat nie werklik in Christus as Verlosser glo nie. Teenoor hulle kan daar slegs sprake wees van dialoog, maar nie van insluiting nie. [44] Aan die ander kant moet ook ernstig gewaak word teen partyskappe binne die kerk, deur byvoorbeeld taal of ras as bykomende bepaling by te voeg as onderskeidende kenmerk van die kerk. [45] Volgens die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bybel, en nagevolg deur die NGB, is daar slegs een fundering vir die algemeenheid van die kerk: net diegene wat aan Christus behoort, kan aan die kerk behoort; maar dan ook moet almal wat waarlik aan Christus behoort sonder enige verdere onderskeid by die kerk ingesluit word. [46]

Moltmann wys tereg op 'n verdere element wat inherent is aan die katolisiteit en universaliteit van die kerk, naamlik die sendingtaak. "*Die kerk is as kerk van Christus en van die komende ryk op die geheel gemik. Sy katolisiteit lê in die universaliteit en prinsipieel onbegrensde wydte van sy apostoliese sending.*" [47] Hierdie element, naamlik die missiologiese imperatief, wat so duidelik gestel word in Mat. 28:20 en Hand. 1:8, kom ongelukkig nie tot sy reg in die NGB nie.

4. <u>Ekumeniese perspektief</u>

Dit sou vreemd wees om in die NGB ekumeniese trekke terug te vind, aangesien die aard van die NGB eerder gerig is op die vestiging van die (Gereformeerde) kerk na binne. Dit is ook 'n saak wat in die Bybel nie aandag kry nie, aangesien die kerk in Bybelse tyd nog nie 'n situasie geken het waarin denominasies bestaan het wat met mekaar in gesprek tree nie. Nogtans kan daar in die NGB, met sy klem op die eenheid van die eenheid van die kerk, 'n ekumeniese perspektief teruggevind word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Veral in drie opsigte bied die NGB 'n fundamentele en stewige grondslag vir die ekumeniese gesprek: eerstens word enige vorm van eksklusiwisme pertinent afgewys, en dit bied op sigself al die openheid om erns te maak met die insigte van ander groepe. Tweedens word die grense van die kerk duidelik gestel, en vanuit hierdie raamwerk kan ook spesifieke grense aan die gesprek gestel word; en derdens bied die klem op die kwalitatiewe katolisiteit die fundamentele grondslag vir enige gesprek.

Dit sal moeilik wees om die NGB op sy eie te gebruik as 'n ekumeniese geloofsbelydenis. Vischer wys daarop dat belydenisskrifte elkeen tot doel het om die geloofsinsigte van 'n spesifieke groep binne spesifieke omstandighede weer te gee. Daar is nog soveel verskille in dogma dat min groepe maklik 'n ander se belydenisskrifte sal aanvaar. Daarby is daar selfs nie eers eenstemmigheid oòr die waarde wat aan 'n geloofsbelydenis geheg moet word nie. [48] In 'n bespreking oor byvoorbeeld die kerkbegrip sal groepe soos die Roomse Kerk of die Independentistiese groepe baie moeilik met die NGB se kerkbegrip kan saamstem. Die NGB se krag in die ekumeniese gesprek lê egter nie daarin dat dit sou poog om 'n oorkoepelende kerkbegrip weer te gee nie, maar daarin dat dit die kerkbegrip van die kerke wat dit as belydenisskrif aanvaar, duidelik te omskryf. Dit is makliker om te reageer op duidelik bepaalde standpunte as op 'n vae weergawe, en die NGB bied hierin beslis 'n vaste vertrekpunt.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Veral die bepalings in verband met die Skrif as enigste grondslag, die eenheid in die Gees, die siening oor ware en valse kerk, en die ampstruktuur kan belangrike sake op die ekumeniese agenda wees.

7.2.4.3 Heilige kerk

Soos in die gedeeltes wat handel oor die eenheid van die kerk, handel die NGB ook oor die heiligheid van die kerk binne sy konkrete situasie. Daar word wel deeglik rekening gehou met die onheiligheid binne die kerk en in die lewens van sy lidmate, maar dit word nie beskou as 'n faktor wat die wesenlike heiligheid van die kerk ophef nie. Anders as in die Roomse Kerk en die Entoesiastiese groepe waar die heiligheid van die kerk gesoek word in 'n liturgiese, seremoniële heiligheid (Rome), of in die konkrete lewe van indiwiduele lede - by die Roomse Kerk by die heiliges as 'n groep wat van die gewone gelowiges onderskei kan word, [47] en by die Anabaptiste in die kerk as somtotaal van heiliges - gaan die NGB uit van die standpunt dat die kerk as resultaat van God se werk in Christus in beginsel heilige kerk is. Dit is nie 'n soort objektiewe heiligheid wat aan die kerk geskenk is nie, maar dui op die aard van die vergadering as vergadering deur God in Christus afgesonder om in 'n nuwe verhouding tot Hom te staan. Die kerk is in wese 'n heilige vergadering wat bestaan uit almal wat waarlik in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Christus glo en wat in Hom die status van geheiligdes ontvang het. [50] Daar word nie verder omskryf hoe die status van heilige kerk verstaan moet word nie - die NGB gee immers nie 'n ontleding van die attribute van die kerk nie. Waarskynlik moet hier gedink word aan heiligheid in die sin van 'n nuwe status in Christus, asook van 'n afsondering van die wêreld. [51] Heiligheid het in Bybelse sin gewoonlik die betekenis van afsondering tot 'n spesifieke doel, maar hierdie doel word nie in die NGB omskryf nie. [52] Waarop die NGB wel klem lê, is die imperatief dat die heiligheid gehandhaaf moet word - sowel in die toegewyde lewe van die indiwiduele gelowiges, [53] as in die toepassing van die kerklike tug. Heiligheid het in die NGB 'n inherent imperatiewe karakter: wel word besef dat daar in die kerk baie sonde en sondaars is, maar dit mag nie geduld word nie. Anders as by die Dopers waar die heiligheid gesoek word in die sondelose lewe van die lidmate, word dit in die NGB gesoek in die status wat sowel die gelowiges as die vergadering as liggaam het, maar dan ook in die strewe na, en praktiese realisering van hierdie heiligheid.

In hierdie opsig is die NGB se belydenis in harmonie met die Skrif waar beide die status en die strewe as kenmerke van die volk van God gestel word. [54] Wat egter jammer is, is dat hier in werklikheid net gepraat word van heiligheid teenoor God en in die eie gemeenskap, maar dat glad nie aandag gegee word aan heiligheid as teken teen-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor die wêreld nie. Die kerk is deur God as heilige vergadering uitgeroep, en sy lede se lewenswandel moet so wees dat die ongelowiges "*julle voorbeeldige lewenswandel kan sien en God kan verheerlik*" (1 Petr. 2:9-12). [55]

## 7.2.5 DIE KENMERKE VAN DIE KERK

In die NGB word drie kenmerke gestel waarvolgens 'n kerk as ware kerk herken kan word, naamlik die suiwer prediking van die evangelie, die suiwer bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het, en die gebruik van die kerklike tug om die sondes te straf. [56] Die doel van hierdie bepaling is om 'n normatiewe beginsel te stel waarvolgens 'n denominasie se aanspraak om ware kerk te wees, te toets. [57]

Met die NGB se doel met hierdie belydenis kan nie fout gevind word nie. Weliswaar het polemiek 'n rol gespeel, [58] maar die kerk het 'n Bybelse taak om homself suiwer te hou en om sodoende ware liggaam van Christus te wees. Dat die NGB hiermee erns maak, word bevestig deur die Skrifverwysings wat saam met die artikel gegee word. In hierdie Skrifgedeeltes word onder meer beklemtoon dat daar onkruid tussen die koring is (Mat. 13:24-30), en dat nie almal wat van Israel afstam, waarlik Israel is nie (Rom. 9:6). Daar is ook die moontlikheid dat 'n vervalste evangelie verkondig kan word (Gal. 1:8; Kol. 1:23;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Openb. 2:9). Daar moet steeds onderskei word of die leer waarlik die leer van Christus is (1 Joh. 4:2; Ef. 1), en dit kan slaag omdat die Gees (Gal. 5:24,17) en die Skrif (Hand. 17:11) die regte leer en lewe uitwys. As daaraan nie gehoor gegee word nie, kan selfs die nagmaal van die Here tot 'n karikatuur verval (1 Kor. 11:20). [59]

Daar kan egter met reg gedebatteer word of bogenoemde drie kenmerke die enigste normatiewe beginselbepaling sou wees. Ons het gesien dat die Hervormers hieroor verskil het, maar dat die verskille nie te ernstig beskou moet word nie. Dit gaan naamlik in die bepaling aangaande die uitkenning van die ware kerk om die een saak, naamlik dat die kerk in leer en in die praktyk reg moet laat geskied aan die wese van die evangelie, en om hierdie saak tuis te bring, sou die *notae* verminder of vermeerder kon word. [60]

'n Pragtige kenmerk van die leer van die NGB in hierdie verband is dat die Woord van God te alle tye die laaste sê moet hê - in beide die kerk se bepalings as in die lewe van die indiwiduele gelowiges. Dit is immers die belangrikste kenmerk van die valse kerk dat hy homself nie aan die juk van Christus wil onderwerp nie, en aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God. [61] Ook hierin dui die NGB 'n koers aan vir die kerk om in die praktyk waarlik reg te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

laat geskied aan die Woord van God, en om sodoende te groei in die verwesenliking van God se doel met die kerk.

### 7.2.6 DIE REGERING VAN DIE KERK

Twee belangrike kwalifiserings moet gemaak word voordat die NGB se bepalings in sake die kerkregering nader bekyk word: 1. In die NGB word slegs gewerk met die regering *na binne*, dit wil sê die manier waarop die kerk orde binne eie kring moet onderhou, en nie met enige gesag wat die kerk na buite sou hê nie. Dit gaan dus om die regering *in* die kerk, en nie om die regering *van* of *deur* die kerk nie. [62] 2. Verder word alle bepalings gestel in die gees van *'n belydenis van geloof*, en nie van 'n kerkorde nie. Gevolglik word slegs die breë beginsels gestel wat dan in 'n kerkorde in meer besonderhede uitgewerk kan word. [63]

Die NGB se bepalings in sake die regering van die kerk kan kortliks so saamgevat word:

1. Jesus Christus is die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk.
2. Alles moet in die kerk geskied volgens die voorskrifte van die Woord van God.
3. Die kerklike regering is geestelik van aard.
4. Die regeringstruktuur sentreer in die kerkraad.
5. Die kerkraad bestaan uit die drie ampte van herder/

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leraar, ouderling en diaken.

6. Geen mens kan homself opdring tot een van die ampte nie, maar hy moet deur God daartoe geroep word.

7. 'n Kerkorde kan ingestel en gehandhaaf word, maar dan in versigtige afhanklikheid van die voorskrifte van Christus.

8. Die kerklike vorm van handhawing van dissipline is die ban en alles wat daarmee saamgaan.

Die eerste twee stellings staan onbetwisbaar sterk op Bybelse grond. Christus word duidelik in die Skrif aangedui as grondslag (1 Petr. 2:4) en Hoof van die kerk (Ef. 4:15). Wel regeer hy nie in eie Persoon sy kerk nie, maar maak van mense gebruik om dit namens Hom te doen. [64] Niemand kan op eie gesag voorskryf hoe God se kerk geregeer moet word nie, en daarom moet die voorskrifte van die Woord as uitgangspunt en laaste gesag gevolg word. [65] In hierdie uitsprake kan polemiese elemente teruggevind word teenoor sowel die Roomse Kerk as die Doperse groepe, maar die beginsels staan so sterk dat dit van krag is in enige situasie en enige tyd.

Ook oor die derde stelling kan beswaarlik geredeneer word. As 'n geestelike gemeenskap met 'n primêr geestelike opdrag, is ook die kerk se bestuurswyse geestelik van aard. [66] Die vierde en vyfde stellings is egter debatteerbaar. Weliswaar is dit duidelik dat die kerklike regering in die Skrif nie in die eerste plek aan 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



enkeling nie, maar aan 'n groep toevertrou is, [67] maar of die "groep" juis uit die drie ampte wat genoem word moet bestaan, is nie so onbevraagtekenbaar uit die Skrif af te lei nie. In die besonder kan gevra word of dit reg is om (soos die NGB dit doen) die diakens te beskou as deel van die kerkraad, en of hulle nie eerder los van die kerkraad moet funksioneer nie (soos bepaal in die Dordtse kerkorde, 1618/19). Hierdie vraag, het ons gesien, is besonder moeilik om te beantwoord, hoofsaaklik omdat die Skrifgegewens nie afdoende duidelikheid gee nie. Watter keuse ook al gemaak sou word, kan nie sonder meer as "meer Skriftuurlik" of "minder Skriftuurlik" beskou word nie. [68] Die take wat (in artikel 30) aan die onderskeie ampte opgedra word, kan in die Skrif teruggevind word, alhoewel dit dalk beter sou wees om van dienaars (= leraars), herders/ouderlinge en diakens te praat en nie van dienaars/herders, ouderlinge en diakens nie. Sodoende kan beter reg geskied aan die verbindings van herder/presbiter (Hand. 20:17; 1 Petr. 5:1) en herder/episkopos (Hand. 20:28) soos dit in die Skrif voorkom. [69]

Ook stelling 6 staan op sterk Bybelse grond, [70] terwyl die stelling oor die kerkorde die verhouding tussen die Skrif en 'n kerkorde duidelik uitspel. Ook hier is die polemiese element sigbaar: teenoor beide Rome en Dopers word gestel dat die Woord die laaste gesag het, en teenoor die Dopers word die goeie reg van 'n kerkorde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevestig. [71] Die "*ban, en alles wat daarmee saamgaan*" beklemtoon aan die een kant dat die kerk met geestelike middels regeer, en aan die ander kant dat hy erns moet maak met die heiliging van die gemeente. [72]

Samevattend kan gesê word dat die NGB ook in sy siening oor die bestuurswyse en regeringstruktuur goed daarin slaag om reg te laat geskied aan die Skrif. Daar kan wel oor onderdele gedebatteer word, maar enige alternatief staan nie noodwendig op sterker Skriftuurlike grondslag nie.

## 7.3 POSITIEWE EN NEGATIEWE ASPEKTE

Uit die voorafgaande toetsing van die Skrifgetrouheid van die NGB het geblyk dat ons in die kerkbegrip van die NGB 'n pragtige, sterk Skrifgewortelde samevatting het - nie alleen van die kerkbegrip van die Hervormers nie, maar ook van die kerkbegrip soos dit in die Bybel teruggevind kan word. Hiermee het die NGB 'n kosbare bydrae gelewer tot die teologiese literatuur, en kan dit met reg deur die kerke waarin dit funksioneer hoog geag en normatief gebruik word.

Die vraag bly egter of die NGB, en dan in die besonder in sy kerkbegrip, volledig genoeg is; en verder ook of die NGB se kerkbegrip nog voldoende relevant is in die kerk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die moderne wêreld. Om dit te probeer beantwoord, kyk ons nou na sekere positiewe en negatiewe aspekte in die kerkbegrip van die NGB.

In die breë gesien kan beweer word dat alles wat in die NGB in sake die kerk opgeneem is, positief beoordeel kan word, maar dat die negatiewe lê in dit wat ontbreek. Wat daar staan, is belangrik en reg; maar daar is baie wat belangrik en reg is wat ontbreek. Uit die hele ondersoek hierbo kon slegs twee sake uitgewys word waaroor daar werklik gedebatteer kan word - en nie een is wesenlik nie. Die een is of die drie kenmerke van die kerk die regte keuse was, en die ander is oor die vraag of die diakens deel moet wees van die kerkraad. Daar is ook verdere sake wat moontlik deur verskillende interpretasies kan lei tot negatiewe gevolge, en in hierdie verband is die klem op die sogenaamde onsigbare kerk die beste voorbeeld. Die gevaar is hier dat die deur geopen kan word vir 'n interpretasie waarvolgens soveel gemaak kan word van die onsigbare gestalte van die kerk (en dan veral ten opsigte van die eenheid van die kerk) dat die imperatief tot die empiries ervaarbare realisering van die sigbare gestalte van die kerk nie tot sy reg kom nie. Die probleem lê hier egter nie by die Belydenis nie, maar by die interpretasie wat deur mense in die Belydenis ingelees word.

Waar die NGB egter 'n wesenlike swakheid het, is dat daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewerk word met _'n statiese kerkbegrip._ Dit kan goed begryp word wanneer die historiese omstandighede in ag geneem word. Die Hervormers, en spesifiek De Bres, moes in hulle kerkbegrip stelling inneem teenoor sienings van die kerk in hulle tyd en hulleself daarteenoor uit die Skrif verantwoord, en dit is dus te verstane dat hulle groot klem gelê het op die *omskrywing* van die kerk, hoe die kerk is en behoort te wees; maar daar word feitlik geen aandag gegee aan die *moontlikhede* van die kerk, hoe die kerk kan wees en wat hy kan doen nie. Baumhauer praat in hierdie verband van "*die kerk onder die las van sy geskiedenis*". Dogmatiese fikserings van leer oor geloof en plek; van afgrensings, vasleggings en aanwysings van ketterye is volop, en onderwerpe wat uit diè tradisie voortkom word ernstig verdedig - en dit terwyl die kerk se geskiedenis ook die fassinerende lewendigheid van die oergemeente, die konkurrensie van Paulus en ander sendelinge, asook die priemende getuienis van die martelaars bevat. [73] Die kerk as "*kerk in die krag van die Gees*", om Moltmann se term te gebruik, die kerk wat dinamies besig is om God se raadsplan met die wêreld te help realiseer, kry nie aandag nie. [74]

Hierdie statiese kerkbegrip het tot gevolg dat die kerk _in sy visie na buite_ nie aandag kry nie. Om aan te sluit by die drie verhoudings soos deur Heyns onderskei: in die NGB word aandag gegee aan die kerk in sy verhouding tot God, en aan die kerk in sy verhouding tot hom-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



self, maar van die kerk in sy verhouding tot die wêreld word geen melding gemaak nie. [75] Die NGB is hierin nie alleen nie. Berkhof wys daarop dat die omvattende werke waarin ekklesiologiese ontwerpe aangedui word, tot selfs in hierdie tyd, òf die gevolg van 'n oorwegend aprioristies-dogmatiese aanpak (uitgaande van die "wese van die kerk", dikwels aan die hand van die vier kenmerke: een, heilig, katoliek en apostolies), òf van 'n meer Bybels-histories of heilshistoriese benadering is. Hy pleit vir 'n "sosiologiese aanvat" as eie dimensie in die sistematiese ekklesiologie in die toekoms, en vervolg: "*Want die swakheid van die ekklesiologie tot op datum is sy sterk 'dosetiese' en daardeur soms 'triomfalistiese' karakter: daar word groot uitsprake om die kerk gemaak, sonder dat die moeite gedoen word om dit te verbind met die dikwels so geheel anderse empiriese werklikheid van die kerke.*" Hy wys drie aspekte van die kerk aan: die van *instituut* (wat eeue lank gedomineer het), *gemeenskap* (wat deur die Reformasie, en eintlik deur die vrye kerke tot ontwikkeling gekom het) en *apostolaat*. [76] Met verwysing na hierdie drie aspekte van die kerk wat Berkhof identifiseer, en wat wesenlik met Heyns se verdeling ooreenstem, kan gestel word dat die aspek van *instituut* primêre aandag kry in die NGB, *gemeenskap* slegs in die verbygaan, *en apostolaat* byna niks. [77]

Die gevolg van hierdie eng gesentreerde omskrywing is dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar in die NGB geen missiologiese visie is nie. Selfs al word die historiese omstandighede in ag geneem, is dit onverskoonbaar. In dieselfde tyd het daar immers in die Roomse Kerk, en in die besonder by die Jesuïete, 'n dinamiese sendingperspektief gefunksioneer. [78] Daar word in die NGB groot klem gelê op die koningskap van Jesus, en Mat. 28:20 word pertinent genoem onder die Skrifverwysings by artikel 27, [79] maar van Jesus se opdrag om uit te gaan, om dissipels te maak en hulle deur die doop in te bring, word nêrens iets gerep nie. Van die verenigende krag van die Heilige Gees word melding gemaak, maar niks van sy uitbreidende krag (Hand. 1:8) nie. De Haas toon aan dat reeds Thomas van Aquinas in sy samevatting van die vorige eeue se leer die sendingperspektief kon raaksien. [80] Dit alles maak die leemte in die NGB soveel meer onverskoonbaar.

Daar is ook geen werklike verwysing na enige rol wat die kerk in die sekulêre wêreld kan speel nie. Daar word wel in artikel 36 verwys na die taak van die staatsbestuur om mee te help om die koninkryk van God te bevorder, dit wil sê, daar word verwys na die funksie van 'n sekulêre instelling op die terrein wat primêr die kerk se verantwoordelikheid is, maar die omgekeerde funksie, naamlik diè van die kerk op 'n terrein wat primêr aan 'n sekulêre instansie toevertrou is, word nêrens in die NGB genoem nie. Dit behoort immers tot die wese van die kerk om as dienaar en vrug van die Gees

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van Christus, deur middel van die heilsmiddele, 'n bemiddelende funksie, 'n "brughooffunksie" van die komende koninkryk uit te voer. [81] Die kerk moet as sout van die aarde en lig vir die wêreld sy presensie as teken van God se komende koninkryk laat geld. [82] Dit is wat Berkhof noem die profeties-eksemplariese bestaan van die kerk. [83] Blote presensie is egter nie genoeg nie, en die kerk het ook 'n roeping tot verkondiging en vermaning; om ook aan die sekulêre wêreld te sê wat God se Woord en wet sê. [84] Oor hierdie aspek van die kerk se funksie in God se raadsplan, 'n funksie wat deesdae so in die brandpunt staan, swyg die NGB geheel en al.

Waarskynlik die belangrikste probleem in hierdie verband is dat die <u>verhouding tussen kerk en koninkryk van God geensins in die NGB funksioneer nie.</u> Dit is inderdaad 'n swakheid in die ekklesiologie van al die Hervormers. [85] Weliswaar het die klem op hierdie aspek van die ekklesiologie eers in later eeue sterker geword, maar dit is opvallend dat dit geensins genoem word in die artikels wat oor die kerk handel nie. [86] Daar kan selfs beweer word dat die enigste "koninkryk van Christus" wat in die kerkbegrip van die NGB figureer, die kerk self is. Die enigste keer dat die begrip "koning" genoem word, is in die belydenis dat Christus 'n ewige Koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie - en word die kerk bedoel! [87] En dit is nie omdat De Bres glad nie van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die begrip koninkryk in wyer verband bewus was nie: in artikel 36 word dit pertinent genoem, en dan in die wyer sin waarin dit gewoonlik gebruik word. Hierdie groot leemte in die NGB en ander belydenisse word pertinent uitgewys deur die "subkommissie vir die leerboek" van die Nederlandse Hervormde Kerk (1946-48) wat onder meer verklaar: "*In ons belydenisskrifte tree die gesigspunt sterk in die agtergrond. Wat toe voor die hand gelê het, sou nou verarming en ongehoorsaamheid beteken. Reeds Da Costa het daarop gewys hoeseer die prediking van die ryk in ons belydenis (en ook in ons prediking en in ons geloof) ontbreek het. Daarom het ons uitgegaan van God, die Koning, van sy heilsdade, van sy koninkryk, wat kom en wat in Christus en deur die Gees al reeds daar is.*" [88]

Dit is ook opvallend dat daar in artikel 36 klem gelê word op die doel van 'n burgerlike regering, op die rede waarom God 'n regering ingestel het, maar daar word nêrens in die NGB enigsins verwys na 'n rede waarom God die kerk ingestel het, of 'n verduideliking van <u>God se doel met sy kerk</u> nie. Dit is jammer en gevaarlik: 'n kerk wat nie 'n goeie begrip van sy bestaansrede en doel het nie, kan baie maklik die dringendheid wat in die uitvoering van sy doel moet wees verloor, en dan koersloos voortploeter. Daar word wel in die NGB klem gelê op die feit dat die kerk se rede tot bestaan geleë is in God se verkiesing, dit wil sê, die kerk bestaan om-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat God hom wou instel en wil laat voortbestaan. Maar waarom wou God die kerk instel? Waarheen is Hy met die kerk op pad? Wat is God se doel met sy kerk, en hoe kan die kerk weet dat hy besig is om te slaag in God se doel met sy kerk? Hierdie vrae kry geen aandag in die NGB nie. Bonhoeffer wys tereg op die gevaar wat in die Gereformeerde leer - wat die kerk fundamenteel aan die uitverkiesing bind - bestaan om "*in die bestemming van die kerk agter die gegewe openbaring van God te probeer teruggaan.*" [89] 'n Poging tot vasstelling van God se doel met sy kerk is egter nie 'n blote filisofiese oefening nie, aangesien die Skrif hom duidelik hieroor uitlaat. [90] Vorster toon aan dat die kerk se grootste doel is om God te eer, maar ook dat dit Hom behaag het om die kerk in die wêreld te plaas om sy wil met die wêreld te bereik: "*Ter wille van die eer van God moet die kerk in die wêreld sy lig laat skyn.*" [91] As hierdie duidelike doelstelling vir hom uit fokus sou raak, sal hy verval in teenstrydighede oor die relatiewe prioriteit wat take soos interne opbou, uitbreiding deur sending en evangelisasie, bekering van individue, of die verbetering van die wêreld met al sy ekonomiese en politieke nood moet kry - en dit terwyl al hierdie sake beskou moet word as deel van sy taak. [92] Die kerk kan dit nie bekostig om te verval in newetemas en sodoende sy primêre doel uit die oog verloor nie, maar hy moet vanuit 'n duidelike doelstelling aandag gee aan al die sake waarvoor God om daargestel het. Leiding in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie verband word egter nie deur die NGB gegee nie.

Daar is in die NGB ook geen werklike etiese perspektief nie. Weliswaar word daar groot klem gelê op die heilige lewe van die ware Christene in artikel 29, maar daar is geen spesifieke aanduidings oor spesifieke etiese houdings of etiese vraagstukke nie. Dit is waar dat etiese vraagstukke dikwels situasioneel bepaal word, maar daar is immers sekere fundamentele uitgangspunte wat wel aangewys kan word. Weliswaar moet daarop gewys word dat die NGB nie die enigste belydenisskrif is wat in die kerk funksioneer nie, en dat die HK in sy behandeling van die Tien Gebooie wel baie sake aanraak. [93] Daarmee saam moet erken word dat die HK se koersaanwysings in hierdie verband sekerlik nie meer volledig of aktueel is nie, en dat ook in die HK die etiese perspektief nie voorop staan nie. Vanuit die belydenisse kan maklik gestel word: so leer die kerk oor die Drie-eenheid, of oor die sakramente; maar nêrens word gestel: so leer die kerk oor oorlog, of oor menseregte nie. As die kerk waarlik sy *potestas docendi* wil uitvoer en die Woord van God in al sy konsekwensies aan die wêreld wil bring, kan hy nie oor sodanige sake swyg nie, en moet hy konsekwent hieroor standpunt inneem. [94]

Nog 'n perspektief wat in die NGB ontbreek, is dié van die kerk in sy verhouding tot die toekoms. Daar word wel aandag gegee aan die kerk se verlede, en selfs sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bo-historiese verlede, maar sy toekoms kry nie aandag nie. Daar word wel genoem dat die kerk tot die einde toe daar sal wees omdat Christus 'n ewige Koning is, maar dit is ook weer 'n statiese formulering. Dit gee aan die kerk 'n waarborg, maar geen opdrag nie. Die lewe in verwagting dat die dag van die Here kom, word bely in artikel 37, maar van die opdrag dat die kerk hom daarvoor moet beywer (1 Petr. 3:12 [95] ) word niks gesê nie. Die kerk wat wel deeglik bewus is van sy verlede, van sy messiaanse sending, moet ook reg laat geskied aan sy toekoms wat uitloop op die opstanding uit die dode. [96] Die "Marana ta"-verlange (1 Kor. 16:22), wat in afwagting op die wederkoms realiseer in 'n dinamiese voorbereiding vir die dag van die wederkoms, moet steeds 'n kenmerk van die kerk wees.

## 7.4 'n NUWE BELYDENIS?

In hoofstuk 1 het ons gesien dat 'n belydenis 'n gefokusde geloofsverklaring van die kerk is, waarin hy konstateer hoedat hy, met die insig tot sy beskikking, spesifieke Skrifwaarhede interpreteer. [97] Ons studie het getoon dat die NGB in die algemeen hierin geslaag het, en inderdaad 'n getroue weergawe van die interpretasie van Skrifwaarhede is. Ons het egter ook duidelik agtergekom dat dit 'n weergawe is van die interpretasie van die Skrif soos dit in die Gereformeerde kringe in die tweede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



helfte van die sestiende eeu gedoen is. Dit hef nie die gefundeerdheid en belang van hierdie interpretasies op nie, en as sodanig verdien dit nog steeds die indringende aandag van die kerk. Aangesien dit egter ontstaan het teen 'n baie spesifieke historiese agtergrond, is dit noodwendig gefokus op die vrae wat in daardie tyd aan die Skrif gestel is. Dit verklaar in 'n groot mate die leemtes wat daar in die Belydenis is, en dan by name die leemtes ten opsigte van die kerkbegrip. In 'n groot mate is hierdie leemtes egter op gebiede wat in die huidige tyd die kerk se dringendste aandag verdien. As die kerk net sou funksioneer volgens die elemente wat in die NGB behandel word, sou hy vasgevang bly in 'n statiese kerkbegrip wat die funksionering ernstig sou strem. Om ten volle kerk te wees, sal 'n aantal sake bygevoeg moet word waarvolgens die kerk in die praktyk sal moet leef.

Dit bring ons by die groot vraag: is die NGB nog bruikbaar as belydenisskrif? Het dit nie dalk tyd geword om die NGB te vervang met 'n meer dinamiese geskrif wat meer tred hou met die huidige stand van die teologie, asook met die dringende eise wat in hierdie tyd aan die kerk gestel word nie? Of dan, as die NGB nog bruikbaar is, is dit nie dalk nodig om 'n nuwe geskrif op te stel waarin die leemtes aangevul word nie? Lê die oplossing dalk in 'n volledige hersiening van die NGB? Of is daar 'n ander moontlikheid?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om te begin by die bruikbaarheid van die NGB: ons het hierbo gesien dat die NGB, en dan in die besonder in sy kerkbegrip, 'n uitstekende samevatting gee van die belangrikste grondliggende sake van die Gereformeerde kerkleer. Al is dit 'n geskrif wat binne spesifieke historiese omstandighede ontstaan het, slaag dit uitstekend daarin om bo-histories te funksioneer. Dit is so sterk Skrifgefundeerd, en die formulering van Skrifwaarhede is so duidelik, dat dit steeds baie bruikbaar is. Die hoë waardering wat iemand soos Schaff vir die NGB gehad het, is inderdaad steeds welverdiend. [98]
As die kerk die waarhede wat in die NGB uitgespreek word sou handhaaf, sal hy werklik gehoorsame kerk kan bly. Om enkele voorbeelde te noem: as die kerk op voetspoor van die NGB steeds die Woord van God as enigste norm sou laat funksioneer, hermeneuties verantwoordelik optree en hom nie laat verlei deur 'n situasionele teologie nie, sal hy steeds werklik prinsipiële uitsprake kan maak wat nie net vir homself nie, maar vir die hele wêreld rigtinggewend kan wees. Verder, as die kerk erns maak met dit wat Polman die deurlopende katolisiteit noem, sal hy met groot vrede en rustigheid, teen alle probleme in, sy taak kan bly uitvoer. [99] As die kerk die beginsels van eenheid en algemeenheid, soos in die NGB uitgespreek, as indikatief en imperatief laat funksioneer, sal hy aan die een kant nie eenheid ten alle koste nastreef nie, maar soek na 'n eenheid in waarheid; [100] maar aan die ander kant sal hy ook nie kan kom tot 'n verde-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ling binne die kerk op grond van enige nie-teologiese gronde nie. [101] As hy toesien dat die kerk getrou volgens geestelike aard en metodes regeer word, sal daar nie 'n plek ontwikkel vir selfsug en eie bevoordeling onder die ampsdraers nie. [102] En as die kerk erns sou maak met die kerklike tug, sou hy die noodsaaklike snoeiwerk kan doen sodat die res van die kerk behoorlik kan groei. [103]

Hierdie voorbeelde vanuit die kerkbegrip toon dat die NGB homself inderdaad steeds kan handhaaf as belydenisskrif, en as sodanig as fundamentele en rigtinggewende geskrif in die kerk. Dit kan beslis nog beskou word as 'n waardige, gefundeerde en aktueel-betekenisvolle weergawe van die belangrikste Skrifuitsprake in verband met die kerk. Dit is beslis nie nodig om dit te probeer vervang nie.

Maar wat van hersiening? Is dit nie dalk nodig dat die NGB deeglik hersien moet word, dat enige onduidelikhede skerper geformuleer moet word, en leemtes aangevul moet word nie? In die Protestantse kerke heers die dogmabinding van die Roomse Kerk immers tog nie, en hersiening moet voortdurend 'n wesenlike moontlikheid bly. In hoofstuk 1 het ons gesien dat dit tot die wese van 'n geloofsbelydenis behoort dat die kerk die Skrifwaarhede interpreteer "*met die insig tot sy beskikking*", en hierdie insig wissel van tyd tot tyd. [104] Vrae wat wesenlik was in die sestiende eeu word vandag nie meer so

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevra nie, terwyl ander sake dringend geword het. So, byvoorbeeld, is die leer in sake die pous se gesag, of die soteriologie van die Roomse Kerk van die sestiende eeu nie meer vir die Gereformeerde kerke van die twintigste eeu in die middelpunt nie, terwyl ander vrae, soos die ekumene, die verhouding tussen kerk en staat, en die kerk se rol ten opsigte van sosiale geregtigheid dringend geword het. Hierdie sake kry geen aandag in die NGB, of in die ander Reformatoriese belydenisse nie. Het dit dan nie tyd geword dat dat die kerk sy belydenisse moet aanpas om vir hierdie sake ruimte te laat nie? Dat die kerk op die belydenisse staan, is gefundeerd en selfs noodsaaklik, maar "*belydenisstand*" kan maklik "*belydenisstilstand*" word. [105] Dan sou 'n lewende gemeente in die ou konfessies 'n klomp vrae en stellings sien wat net vir teoloë enige betekenis het. Die vraag is of die belydenisskrifte, en by name die NGB "*die beste bruikbare uitdrukking gee aan wat God se Woord van ons eis.*" [106] Dit is immers 'n praktiese feit dat die belydenisskrifte by name in die Ned. Geref. Kerk nie juis ooglopend funksioneer nie (behalwe in die katkisasie - en dan eintlik net die HK), en dat die praktiese doel van 'n belydenis, naamlik om op gerigte, toegespitste wyse konkrete waarhede vanuit die Skrif te konstateer, nie tot sy reg kom nie. [107]

Polman gee 'n oorsig van die belangrikste standpunte van diegene wat die belydenisskrifte wil hersien, hernu of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitbou, maar stel daarteenoor ook die standpunte vir die behoud van die belydenisse. [108] Hy erken dat die klem in die belydenisse nie op die dinamiese nie, maar op die statiese val, maar sien tereg tog 'n pluspunt daarin. [108] Die belydenisse is immers op sterk Bybelse grondslag verwoord (soos ons studie van die kerkbegrip bewys het), en om bloot "*revisie op die agendas van die nasionale sinode te sit, en dan nog as 'n essensiële en substansiële punt*" open die gevaar van subjektiwisme. Revisie kan verword tot revisionisme, met die groot gevaar van voortdurende seleksie en reduksie. Weliswaar moet die reg van gravamen steeds gehandhaaf word, en moet die kerk dit steeds as roeping beskou om die belydenis aan die Skrif te toets, maar die deur mag nooit oopgemaak word vir libertinisme nie. [109] Polman wys ook daarop dat "*die menslike hart homself gelyk bly, en die verskil tussen verlede en hede is veel geringer as wat baie dink. Die groot werklikhede van skepping en val, sonde en genade, die roeping van die kerk en die werking van die genademiddele, bly deur al die eeue dieselfde. Die belydenis bly, as dit suiwer Skrifverkondiging is, altyd aktueel. Ook die vyande van die kerk bly, al verander hulle kleed, innerlik dieselfde. Die Arianisme, die Pelagianisme, die Gnostisisme, en talle van die ou -ismes het maar net ander name gekry. Daarom het ons geen behoefte aan hervorming en vernuwing om die ou belydenis te aktualiseer nie.*" [110]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met hierdie standpunte van Polman kan volmondig saamgestem word, maar die probleem dat daar besliste leemtes in die NGB en die ander belydenisse is, bly bestaan. As die kerk in sy kategese en prediking net binne die raamwerk van die belydenisse sou bly, is hy inderdaad besig om soos 'n dinosaurus staties te bly terwyl die wêreld rondom hom verander. Daar moet steeds ruimte geskep word vir gesaghebbende, aktuele, Skrifgefundeerde uitsprake - ook oor die sake wat nie in die belydenis aangeraak word nie. Dit wil dus lyk asof daar eerder gedink moet word aan 'n nuwe belydenisskrif. Voordat egter daartoe oorgegaan moet word, moet daar eers gevra word of die NGB, en saam met hom die drie sogenaamde ekumeniese belydenisse, asook die HK en die DL, sò onvolledig is dat dit as't ware onmoontlik is vir die kerk om sonder 'n nuwe, addisionele geskrif te funksioneer. Dit is onmoontlik om so ver in die toekoms in te kyk dat beweer kan word dat dit nooit nodig sal wees nie, en dat nuwe Skrifinsigte en historiese omstandighede dit nie vir die kerk noodsaaklik sal maak om hom opnuut te verantwoord ten opsigte van dit wat hy as wesenlik korrek en belangrik aanvaar nie. [111] In hierdie stadium wil dit nie lyk asof daar in die kerk gedink word aan 'n volledige nuwe belydenis waarin al die aspekte van die Christelike leer opnuut geformuleer moet word, en wat aanvaar gaan word in dieselfde mate as byvoorbeeld die Reformatoriese belydenisse nie. [112] Wat wel gebeur, is dat belydenisse aanvaar word waarin spesifieke aspekte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die leer of lewe opnuut omskryf word, soos byvoorbeeld gebeur het in die NG Sendingkerk met die Belhar-belydenis. [113] Sodanige pogings het egter nie tot doel om 'n volledig nuwe kerkbegrip te omskryf wat addisioneel tot die bestaande belydenisse gebruik moet word nie, maar eerder om addisionele lig te werp op spesifieke omstandighede. Om werklik 'n nuwe belydenis te wees, sou dit die kerkbegrip van die NGB opnuut moet omskryf in die lig van later verworwe insigte, en sou dit ook deur minstens 'n beduidende groep van die kerke waarin die NGB gebruik word, aanvaar moet word.

Die vraag is nou of dit noodsaaklik geword het. Is die NGB se formulering so onvolledig dat 'n nuwe *belydenis* nodig geword het, of is dit nog so bruikbaar dat dit genoeg is om in die dogmatiek, sinodale uitsprake, prediking en kategese die addisionele aksente te lê? Oor hierdie vraag kan seker gedebatteer word, maar na die voorafgaande studie van die kerkbegrip van die NGB kan tog met stelligheid beweer word dat 'n nuwe belydenis tans nog nie nodig is nie. Daarvoor is die NGB se uiteensetting te fundamenteel en te volledig.

Hiermee is egter nie gesê dat met die NGB die laaste woord ten opsigte van die kerkbegrip gespreek is nie. Daar is duidelik aanwysbare leemtes in die kerkbegrip van die NGB, en die kerk moet steeds daarop bedag wees om dit in sy bestudering van die Skrif en Belydenis uit te wys.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die NGB bied nogtans 'n uitstekende vertrekpunt vir verdere ondersoek, asook 'n grondslag vir sy begrip van dit wat hy bedoel as hy sê dat hy aan die kerk glo. As die kerk sou leef volgens die belydenis wat hy in die NGB uitspreek, as hy dit nougeset sou toepas - en ook daarmee saam sou *leef* as kerk in diens van die koninkryk van God met 'n dinamiese visie en praktyk, kan hy met reg verwag dat hy 'n onmisbare deel sal bly van God se vervulling van sy raadsplan wat as einddoel het dat God alles vir alles sal wees (1 Kor. 15:28).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## AANTEKENINGE BY HOOFSTUK 7

1. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1982): saamgestel deur DCG Fourie, bl. 1.

2. Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars, par. 5.1.6.2.1: in Fourie, a.w., bl. 37.

3. Idem, par. 5.3.2, bl. 39.

4. Legitimasie-eed van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: in Kerkorde en aanvullende Bepalings, Noord-Transvaal (1983), bls. 254-255.

5. Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1974), par. 5.2.8.1, bls. 387 en 652.

6. Formulier vir die openbare belydenis van geloof: in Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1983), bl. 73.

7. Fourie, DCG: a.w., bl. 13.

8. "*In die vrae en artikels oor die kerk het die Reformatoriese belydenisskrifte sy grootste breedte*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*bereik. Dit het sy grond daarin dat die Reformatoriese belydenisskrifte in die ekklesiologie nie net die sakramentsleer nie, maar ook die behandeling van die kerkorde, en gedeeltelik ook die leer van die Woord van God aanbied"*: Jacobs, Paul: Theologie reformierter Bekenntnisschriften, bl. 102.

9. Den Boer, C: Fundamenteel belijden, bl. 28.

10. Vgl. arts. 2, 3, 5, 7, 8, 9, 11, 13, 28, 29, 30, 31, 32 en 37.

11. Die klem wat in art. 34 op die verbond en die doop van kindertjies gelê word, beklemtoon dat opname in die kerk - anders as by die Wederdopers - nie primêr aan die geloof van die mens gekoppel word nie.

12. Kuyper, A: E voto Dordraceno II, bl. 161.

13. Vgl. veral in par. 4.2.

14. "*Oor die eksterne hulpmiddels waardeur God ons tot die gemeenskap met Christus nooi en in dit hou.*"

15. "*Oor die ware kerk waarmee ons eenheid moet behou, omdat dit die moeder is van alle vromes.*"

16. Berkhof, H: Christelijk Geloof, bls. 358-359.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Berkhof gaan voort deur te wys op persone uit uiteenlopende teologiese rigtings wat soms die lyn persoon -> gemeenskap volg (bv. Karl Barth, O Weber en Prenter), en soms die lyn gemeenskap -> persoon (bv. John Owens, A Kuyper, Althaus en, opvallend, die Amerikaanse Mennoniet GD Kaufmann). Self kies Berkhof tereg vir die standpunt eers kerk, dan enkeling: idem, bl. 358.

17. Vgl. Berkouwer, De Kerk II, bl. 5.

18. Heyns, Die Kerk, bl. 147.

19. Art. 27. Vgl. hierbo, hfst. 4, par. 4.3.1.

20. Art. 28.

21. Küng, The Church, bls. 34-35.

22. Idem, bl. 35.

23. Bavinck, GD IV, bl. 274.

24. Idem, bl. 275.

25. Idem, bls. 275-276. Vrye verenigings van ons tyd, soos die *Christenstudentevereniging* en *Campus Crusade for Christ*, kan goedskiks ook onder hierdie gedagterigting gereken word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



26. Soos in die Ned. Geref. Kerk volgens Ras, Volk en Nasie, par. 35, bl. 50. 'n Selfs beter voorbeeld is in die redenasie van teoloë van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, soos weergegee deur <u>Van Staden, AJ: Ons kerk,</u> bls. 24-25. Van Staden wys tereg daarop dat die vraag na eenheid nie "*'n vraag na kerklike eenheid op sigself (kan) wees nie*" en dat "*eenheid buite Jesus Christus om - waar die eenheid ook al gevind word - nie eenheid van die kerk sou wees nie.*" Dan haal hy egter vir AD Pont ("Opmerkings oor die besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Sydney, Australië, bl. 15) aan wat beweer: "*Die eenheid van die kerk is reeds 'n feit omdat dit in die drie-enige, heilige God gegee is. Dit is nie nodig dat die mens nog 'n slag die eenheid van die kerk moet gaan màâk nie.*" Van Staden sluit die gedagtegang so af: "*Die eenheid van die kerk is dus 'n eenheid in Christus, 'n geloofseenheid en nie 'n sigbare, organisatoriese eenheid nie.*"

27. Vgl. art.28.

28. Idem.

29. Vgl. bv. 'n standpunt soos diè van William Hamilton wat van die sê dat hy nie geïnteresseerd is nie, en "*hy is nie daardeur 'n gelukkiger mens nie, maar ook nie bekommerd nie*": aangehaal deur <u>Weiland, J Sperna: De Angelsaksiese Vernieuwingsteologie:</u> artikel in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Berkouwer, GC en AS van der Woude: Revolte in de Theologie, bl. 50.

30. Vgl. hierbo, par. 4.3.2.

31. Vir die terme: vgl. Berkouwer, De Kerk I, bl. 130.

32. Idem, bl. 128.

33. Idem, bl. 132.

34. The Church, bls. 300 - 301.

35. Idem, bl. 302.

36. Art. 27.

37. Vgl. hierbo, par. 4.3.2.1 - 4.3.2.3.

38. Par. 4.3.2.2.2.

39. Vgl. hierbo, par. 4.3.2.1.

40. Ibid.

41. Vgl. hierbo, par.4.3.2.2.1.

42. Berkouwer, De Kerk I, bl. 152.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



43. Idem, bls. 152-3.

44. 'n Pragtige voorbeeld in hierdie verband is die werk van R Kranenborg: Een nieuw licht op de kerk?, waarin hy 'n groot openheid toon vir die verryking wat sekere beklemtonings en metodes van nie-christelike sektes en -godsdienste ook aan die kerk kan bied, maar ook duidelik standpunt inneem: "*Ten slotte: dit alles beteken nie dat 'n mens swyg oor die eie oortuiging of oor Jesus Christus nie. Uiteindelik is Jesus Christus die kriterium, en vandaar uit kan besien word wat waar en onwaar is, wat bruikbaar en onbruikbaar is*": bl. 16.

45. So byvoorbeeld tas die Ned. Herv. Kerk van Afrika die Bybelse leer in sake die katolisiteit fundamenteel aan met sy Bepaling 3: "*Tot die gemeentes, en derhalwe tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, behoort Blanke persone ... . Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van Blank en nie-Blank vir altwee groepe inhou, wil geen vermenging in sy midde toelaat nie, maar beoog die vorming van volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here - 'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels' (Matt 28:19) - die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie.*": Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



46. Die missioloog, JH Bavinck: Inleiding in de zendingswetenschap, bls. 203-4, reageer teenoor pogings om pluriformiteit te verdedig deur te sê dat dit beskamend en pynlik is, "*maar op die sendingveld word dit in 'n sterk mate gevaarlik en hinderlik*" as gevolg van die verwarring wat dit by nie-christene bewerk.

47. Kirche in der Kraft des Geistes, bl. 375.

48. Vischer, Lukas: An ecumenical creed? An attempt at a synthesis: artikel in Küng, H en J Moltmann: An ecumenical confession of faith?, bl. 103.

49. Berkouwer, De kerk II, bl. 133. Vgl. ook hierbo, par. 5.4.

50. Vgl. art. 27.

51. Vgl. Berkouwer, De Kerk II, bls. 136 e.v.; Heyns, Die Kerk, bl. 135 e.v.; en Dijk, K: Korte Dogmatiek, bl. 259, wat almal hierdie twee elemente as wesenlik vir die begrip heiligheid beskou. Dit is egter opvallend dat 1 Petr. 2:9, die *locus classicus* waarin hierdie gedagte gestel word, in geeneen van die teksverwysings rondom artikels 27-29 genoem word nie.

52. Vgl. veral Berkouwer, idem, bls. 136-7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



53. Vgl. die kenmerke van die ware Christene, art. 29.

54. Berkouwer, idem, bl. 136 e.v., gee 'n volledige oorsig oor die Skrifuitsprake in hierdie verband.

55. Vgl. ook Mat. 5:14-16.

56. Art. 29.

57. Vgl. hierbo, par. 5.1.

58. Vgl. hierbo, par. 5.1.

59. Die volledige lys verwysings word in par. 3.3.5.3 aangegee.

60. Vgl. hierbo par. 5.1.

61. Art. 29.

62. Vgl. hierbo, par. 6.1.1.1.

63. Vgl. hierbo, par. 6.2.1.

64. Vgl. hierbo, par. 6.1.1. Vgl. ook Lekkerkerker, a.w., bls. 153-5 in verband met die "*Christusrepresentasie*".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



65. Vgl. hierbo, par. 6.1.3.1.

66. Vgl. hierbo, par. 6.1.1.2.

67. Vgl. hierbo, par. 6.1.2.2.

68. Vgl. hierbo, par. 6.1.2.2 en 6.1.2.3.

69. Vgl. hierbo, par. 6.1.2.3.

70. Vgl. hierbo, par. 6.1.4.

71. Vgl. hierbo, par. 6.2.1 en 6.2.2.

72. Vgl. hierbo, par. 6.2.3.

73. Baumhauer, Otto: Kirche zwischen Auftrag und Vollendung, bl. 33.

74. Moltmann, a.w.

75. Die kerk, hfst. 4.

76. Christelijk geloof, bls. 361-2. 'n Swakheid in Berkhof se redenasie is dat hy die apostolaat wil invoeg na aanleiding van 'n sosiologiese vertrekpunt. Dit is nie nodig nie, aangesien die Skrif self met hierdie dimensie werk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



77. Dit is opvallend dat selfs goeie werke oor die ekklesiologie soos diè van Berkouwer, Küng en Heyns primêre aandag gee aan die institutêre, die "wese van die kerk". Die apostolaat, of missionêre perspektief, speel 'n relatief geringe rol. Werke wat 'n meer dinamiese aanslag het is diè van die Rooms-Katolieke teoloog, P de Haas: De kerk als dienst aan de wereld (na aanleiding van die Lumen Gentium-uitspraak van Vaticanum II), wat met sy klem op die kerk as *instrument* en as *gebeurtenis* goed slaag in 'n dinamiese perspektief, asook Jürgen Moltmann: Kirche in der Kraft des Geistes. Laasgenoemde werk, wat as vertrekpunt het die "*dimensies van 'n leer van die kerk vandag*", en dan vier dimensies aantoon, naamlik *Die kerk van Jesus Christus, missionêre kerk, ekumeniese kerk*, en *politieke kerk*, toon dat daar in so 'n dinamiese perspektief ook die gevaar kan skuil om te min te maak van die prinsipiële, en te veel van die sosiologiese vertrekpunte. Metodologies is die skemas van Küng en Heyns te verkies.

78. Par. 2.3.1.2.

79. Vgl. by par. 3.3.5.1.

80. A.w., bl. 28. Thomas se beklemtoning dat daar nie geografies of lokaal oor die sending gedink moet word nie, maar in verhoudingsterme, verdien nog steeds aandag. "*Die kern van die sending is 'n nuwe teenwoordigheid,*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*vanuit 'n dubbele verbondenheid*", naamlik van 'n verbondenheid met die Vader, en die representasie (wat insluit voorstelling), teenwoordig stel, en aanbied: ibid.

81. Theron, PF: Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken, bl. 164.

82. Idem, bls. 165-167.

83. Idem, bl. 72.

84. Engelbrecht praat van die "*radikale aardse betekenis, die wêreldgerigtheid van die evangelie*" waaraan die kerk sy boodskap vir die wêreld ontleen, en hy wys op die gevolglike groot verantwoordelikheid: "*Omdat hy die waarheid aangaande die wese en die bestemming van hierdie wêreld weet, moet hy daarmee bevrydend op die wêreld toetree*": Engelbrecht, Ben: Ter wille van hierdie wêreld, bl. 50.

85. Calvyn, byvoorbeeld, herken wel die ryk van God wat verder uitgestrek is as die grense van die kerk, en wat oral gevind word waar Christus as Koning erken, en volgens sy ordonansies geleef word. In werklikheid identifiseer hy die ryk van God met die kerk, maar dan nie met sy institutêre vorm nie. Richel konkludeer hieroor: "*Ons tref hier die onderskeid aan wat later*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*deur A Kuyper so kragtig na vore gebring is, naamlik die onderskeid van die organisme van die kerk en die instituut van die kerk*": Richel, PJ: Het Kerkbegrip van Calvijn, bl. 75.

86. Teoloë wat groot klem op hierdie aspek gelê het, is onder meer *O Noordmans* ('n goeie samevatting van sy sienings is te kry by Haarsma, Frans: Geest en kerk - veral hfst. 2) en *AA van Ruler* (samevatting by Hendriks, AN: Kerk en ambt in de teologie van AA van Ruler - veral hoofstuk 3). Die insigte wat deur *Bavinck* weergegee is (weergegee in GD IV, bls. 281 e.v.; vgl. ook Veenhof, C: Volk van God, bls. 7-20, was ook rigtinggewend in die ontwikkeling van die perspektief. In Suid-Afrika is die belangrikste werk gelewer deur *JA Heyns* in sy monografie Die kerk as diens aan die Koninkryk en in Die kerk.

87. Art. 27.

88. De Vos, H e.a.: Fundamenten en perspektieven van belijden, bl. 13. Dit is interessant om art. 13 van die geskrif met art. 13b te vergelyk. Art. 13 se kerkbeskouing is net so 'n statiese omskrywing soos die Hervormers s'n, maar in 13b funksioneer 'n dinamiese perspektief - veral in die plasing van die kerk binne die raamwerk van die koninkryk van God. Teks en verklaring in Haitjema, Th L: Een proeve van aktueel belijden, bls. 79-90.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



89. Bonhoeffer, D: Das Wesen der Kirche, bl. 71.

90. Vgl. veral 1 Petr. 2:9-12.

91. Vorster, JM: Het die kerk nog betekenis, bl. 25.

92. Ibid.

93. Sondag 34-44.

94. Vgl. hierteenoor bv. die Belhar-belydenis van die NG Sendingkerk wat spesifiek in reaksie teenoor sekere eties-politiese omstandighede ontstaan het: teks in Cloete, GD en DJ Smit: 'n Oomblik van waarheid, bls. 7-10, en die begeleidende brief, bls. 11-13.

95. Die 1933-vertaling het "*verhaas*".

96. Vgl. Moltmann, a.w., bl. 73.

97. Par. 1.1.2.1.1.

98. Vgl. hierbo, par. 3.3.4.

99. Vgl. hierbo, par. 7.2.4.2.2.

100. Par. 7.2.4.2.3.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



101. Vgl. hierbo, par. 7.2.4.3.1.

102. Vgl. hierbo, par. 6.1.1.1 en 6.1.2.4.

103. Vgl. hierbo, par. 6.2.3.4.

104. 'n Poging wat hierdie standpunt reflekteer, is die geskrif *Fundamenten en perspektieven van belijden*, wat op 19 Mei 1952 deur die generale sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk aanvaar is, maar wat nie dieselfde gesag in die kerk dra as die ouer belydenisse nie. Vgl. De Vos, H e.a.: a.w.; asook Miskotte, KH: De kern van de zaak se toeligting op die geskrif, en Bakhuizen van den Brink: De Belijdensschriften, bl. v, waar die ter sake artikel van die kerkorde (artikel X) aangehaal word.

105. Polman, ONG I, bl. 93.

106. Idem, bl. 95.

107. Vgl. die definisie, par. 1.1.2.1.1.

108. ONG I, bl. 92-99.

108. Idem, bl. 100.

109. Idem, bl. 101.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



110. Idem, bls. 102-103. 'n Goeie voorbeeld van die ou -ismes in nuwe kleed is hierbo uitgewys waar gesien kon word hoedat ook moderne "sektariese" groepe nog dieselfde oordrewe beklemtonings het as die Dopers in die tyd van die ontstaan van die NGB: vgl. par. 7.2.4.1.

111. Vgl. bv. die gesprek wat aan die gang is in Nederland. 'n Goeie opsomming van die gesprekke is te kry in Blei, K: Het laatste woord?, bls. 82-94 (Ned. Hervormde Kerk) en 95-112 (Gereformeerde Kerke).

112. Bondige formulerings is volop, bv. met die oog op die erediens (vgl. bv. die belydenisse wat weergegee word in Ruhbach, Gerhard: Glaubensbekenntnisse für unsere Zeit ), en die ekumene (vgl. Vischer, a.w., bl. 103 e.v.

113. Vgl. Cloete/Smit: a.w..

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LITERATUURLYS

Augustijn, C — Erasmus en de Reformatie: HJ Paris, Amsterdam, 1962

Kerk en Belijdenis: JH Kok, Kampen, 1971

Avis, PDL — The church in the theology of the Reformers: John Knox Press, Atlanta, 1981

Bakhuizen van den Brink, JN — De Nederlandse Belijdenisgeschriften: Ton Bolland, Amsterdam, 1976

Balke, W — Calvijn en de Doperse Radikalen: Ton Bolland, Amsterdam, 1977

Bärenz, R (red.) — Die Kirche unf die Zukunft des Christentums: Kösel, München, 1982

Barth, Karl — Die Kirchliche Dogmatik (dele I/1 en I/2): Evangelischer Verlag AG, Zollikon-Zürich, 1960

Baumhauer, O — Kirche zwischen Auftrag und Vollendung: Lahn, Limburg. 1971

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bavinck, H — De Katholiciteit van Christendom en kerk: JH Kok, Kampen, 1968

Gereformeerde Dogmatiek (4 dele): JH Kok, Kampen, 1967

Bavinck, JH — Inleiding in de zendingwetenschap: JH Kok, Kampen, 1954

Berkhof, H — Christelijk geloof: GF Callenbach, Nijkerk, 1973

Gods eene kerk en onze vele kerken: GF Callenbach, Nijkerk, s.a.

Berkhof, Louis — The History of Christian Doctrines: The Banner of Truth Trust, Edinburgh, 1978

Berkouwer, GC — De Persoon van Christus: JH Kok, Kampen, 1952

De Kerk. Deel 1: Eenheid en Katolisiteit: JH Kok, Kampen, 1970

De Kerk. Deel 2: Apostolisiteit en Heiligheid JH Kok, Kampen, 1972

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Berkouwer, GC en AS van der Woude — Revolte in de theologie: Callenbach, Nijkerk, 1968

Bijlsma, R — De doop: JH Kok, Kampen, 1977

Blei, K — Het laatste woord?: JH Kok, Kampen, 1975

Bonhoeffer, D — Das Wesen der Kirche: Chr. Kaiser, München, 1965

Boon, R — Apostolisch ambt en Reformatie: GF Callenbach NV, Nijkerk, 1965

Op zoek naar de identiteit van de kerk: GF Callenbach, Nijkerk, 1970

Booyens, MJ — Ons glo en bely: Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom, 1980

Bouwman, H — Gereformeerd kerkrecht (2 dele): JH Kok, Kampen, 1928

Braekman, EM — Guy de Bres: Sa vie: Editions de la Librairie des Eclaireurs Unionistes, Brussels, 1960

Bronkhorst, AJ — Schrift en kerkorde: NV Zuid-Holl. Boek- en Handelsdrukkerij, Den Haag, 1947

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bruce, FF — Acts of the Apostles: The Tyndale Press, Londen, 1965

Chadwick, O — The Reformation: Penguin, Harmondsworth, 1981

Cloete, GD en DJ Smit — 'n Oomblik van waarheid: Tafelberg, Kaapstad, 1984

Cochrane, Arthur C — Reformed Confessions of the 16th Century: The Westminster Press, Philadelphia, 1966

Cunningham, William — The Reformers and the Theology of the Reformation: The Banner of Truth Trust, Edinburgh, 1979

De Haas, P — De kerk als dienst aan de wereld: De Vroente, Kasterlee, 1968

De Klerk, P — Die opkoms van Europa: Butterworths, Durban, 1977

De Klerk, PJS — Gereformeerde Simboliek: JL van Schaik, Pretoria, 1954

Delleman, Th. (red) — Altyd bereid tot verantwoording: De Graafschap, Aalten, s.a.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Den Boer, C — Fundamenteel belijden: JH Kok, Kampen, s.a.

De Villiers, JL — Die Handelinge van die Apostels, *deel 2:* NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1983

De Vos, H (red) — Fundamenten en perspektieven van belijden: GF Callenbach, Nijkerk, 1949

De Vries, DH — Leer en praxis van de vroege Dopers: Ton Bolland, Amsterdam, 1962

Dickens, AG — Reformation and Society in Sixteenth-Century Europe: Thames and Hudson, Londen, 1975

Dijk, K — Korte dogmatiek: JH Kok, Kampen, s.a.

Dreier, R — Das kirchliche Ampt: Claudius, München, 1972

Du Plessis, IJ — Christus as hoof van kerk en kosmos: VRB, Groningen, 1962.

Durand, JJF — Una sancta cotholica in sendingperspektief: W ten Have, Amsterdam, 1961

Durnbaugh, DF — The believer's church: The history and character of Radical Protestantism: Macmillan, Londen, 1970

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Du Toit, AB (red) Handleiding by die Nuwe Testament, (deel 5): NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1984

Du Toit, S Kerkgeskiedenis: Pro Rege, Potchefstroom, 1963

Ebeling, G The Word of God and tradition: Collins, Londen, 1968

Elton, R Reformation Europe (1517-1559): Fontana/ Collins, Glasgow, 1979

Engelbrecht, B Ter wille van hierdie wêreld: Tafelberg, Kaapstad, 1982

Feenstra, JG Onze Geloofsbelijdenis (vyfde druk): JH Kok, Kampen, s.a

Filson, FV One Lord, one faith: Westminster Press, Philadelphia, 1943

Flannery, AP (red) Documents of Vatican II: William B Eerdmans, Grand Rapids, 1978

Gispen, WH De Geloofsbelijdenis der Nederlandsche Gereformeerde Kerk: JH Kok, Kampen, 1876

Groenewald, EP Handboek Bybelse geskiedenis Nuwe Testament: Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, 1968

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Haarsma, F — Geest en kerk: Bosch en Keuning, Ambo, 1967

Haitjema, ThL (red) — Een proeve van aktueel belijdenis: H Veenman, Wageningen, 1953

Hendriks, AN — Kerk en ambt in de teologie van AA van Ruler: GF Callenbach, Nijkerk, 1965

Hendriksen, W — Romans: The Banner of Truth Trust, Edinburgh, 1980

Heyns, JA — Die Kerk: NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1977

Die kerk as diens aan die Koninkryk: Stellenbosch, 1967

Hughes, PE — The register of the company of pastors of Geneva in the time of Calvin: Eerdmans, Grand Rapids, 1966

Jacobs, P — Theologie reformierter Bekenntnisschriften: Neukirchener Verlag, Duisberg-Ruhrort, 1959

Jansen, J — Korte verklaring van de kerkenordening: JH Kok, Kampen, 1923

Kelly, JND — Early Christian Creeds: Longmans, Londen, 1963

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kittel, G (red) — Theological Dictionary of the New Testament (10 dele, vert. GW Bromiley): Eerdmans, Grand Rapids, 1972

Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament (10 dele): W Kohlhammer, Stuttgart, 1933

Kleynhans, EPJ — Gereformeerde kerkreg (deel 1): NG Kerk-boekhandel, Pretoria, 1982

Kraneborg, R — Een nieuw licht op de kerk?: Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1984

Krüger, JC — Kerkvereniging in die lig van uitverkiesing en bekering: NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1981

Krüger, LS — Handleiding by die kerkorde: Pro Rege, Potchefstroom, 1966

Kümmel, WG — Theology of the New Testament: SCM Press, Londen, 1980

Küng, H — Die Kirche: Herder, Freiburg, 1967

The Church: Search Press, Londen, 1976

Structures of the church: Crossroad, New York, 1982

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




*Was ist die Kirche?*: Herder, Freiburg, 1970

Küng, H en J Moltmann (red) — *An ecumenical confession of faith*: Seabury Press, New York, 1979

Kuyper, A — *E voto Dordraceno* (3 dele): Höveker & Wormser, Amsterdam, 1904

*De Gemeene Gratie* (3 dele): Höveker & Wormser, Amsterdam, 1904

Latourette, KS — *A history of Christianity*: Eyre and Spottiswoode, Londen, 1964

Leith, JH — *Creeds of the Churches*: Basil Blackwell, Oxford, 1973

Lindeboom, J — *Stiefkinderen van het Christendom*: Gijsbers & Van Leen, 1973

Lindsay, TM — *A History of the Reformation* (2 dele): T&T Clark, Edinburgh, 1964

Los, FJ — *Tekst en toelichting van de geloofsbelijdenis der Nederlandsche Hervormde Kerk*: Kemink, Utrecht, 1929


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maurer, W — Die Kirche und ihr Recht: JCB Mohr, Tübingen, 1976

McNeile, AH — The Gospel according to St. Matthew: Macmillan, London, 1965

Milner, BC — Calvin's doctrine of the church: EJ Brill, Leiden, 1971

Minnear, PS — Images of the Church in the New Testament: The Westminster Press, Philadelphia, 1960

Miskotte, H — De kern van de zaak: GF Callenbach, Nijkerk, 1950

Moltmann, Jürgen — Kirche in der Kraft des Geistes: Chr. Kaiser, München, 1975

Monter, EW — Calvin's Geneva: Wiley, New York, 1967

Mulert, H — Konfessionskunde: Alfred Töpelmann, Giessen, 1927

Nauta, D — De verbindende kracht van de belijdenis-schriften: JH Kok NV, Kampen, 1969

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



_Verklaring van die kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland_: JH Kok, Kampen, 1971

Neufeld, VH — _The Earliest Christian Confessions_: EJ Brill, Leiden, 1963

Niesel, W — _Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen_: AG Zolliken, Zürich, 1938

Nijenhuis, W — _Calvinus Oecumenicus_: M Nijhoff, 's-Gravenhage, 1958

O'Connell, MR — _The Counter Reformation (1560-1610)_: Harper & Row, New York, 1974

Polman, ADR — _Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis_ (4 dele): T Wever, Franeker, s.a.

_Woord en Belijdenis_ (2 dele): T Wever, Franeker, s.a.

Pont, AD — _Die historiese agtergronde van ons kerklike reg_: HAUM, Pretoria, 1981

Post, RR — _Handboek van de kerkgeschiedenis_ (2 dele): Het Spectrum, Utrecht, 1957

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Reinhard, W — Bekenntnis und Geschichte: Verlag Ernst Vogel, München, 1981

Richel, PJ — Het kerkbegrip van Calvijn: Libertas, Utrecht, 1942

Ridderbos, J (red) — De apostolische kerk: JH Kok, Kampen, 1954

Ritschl, O — Die reformierte Theologie (deel 3): Vandenhoeck & Rupert, Göttingen, 1926

Roberts, JH — Die opbou van die kerk volgens die Efesebrief: VRB, Groningen, 1963

Rossouw, P (red) — Ons glo ... : NG Kerkuitgewers, Kaapstad, 1982

Rotterdam, A — Zions roem en sterkte (2 dele): Esveldt, Amsterdam, 1755

Runia, Klaas — Reformation Today: The Banner of Truth Trust, Londen, 1968

Rutgers, FL — De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken: Ton Bolland, Amsterdam, 1971

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Schaff, P — The Creeds of Christendom (3 dele): Baker Book House, Grand Rapids, 1966

Schnackenburg, R — Die Kirche im Neuen Testament: Herder, Freiburg, 1961

Seeberg, Reinhold — Textbook of the History of Doctrines (2 dele): Baker Book House, Grand Rapids, 1966

Sizoo, A (vert) — Johannes Calvijn: Institusie (vierde druk): WD Meinema NV, Delft, s.a.

Skilton, John H — Scripture and Confession: Presbyterian and Reformed Publishing Company, Nutley, 1973

Sohm, R — Kirchenrecht (deel 1): Von Duncker & Humbolt, München, 1923

Steubing, H — Bekenntnisse der Kirche: Rolf Brockhaus, Wuppertal, 1970

Theron, PF — Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken: DD-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1976

Ubbink, JG — De nieuwe belijdenis aangaande Schrift en kerk: Veenman, Wageningen, 1931

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ulrich, H — Umstrittene Frage der Ekklesiologie: Friedrich Pustet, Regensburg, 1970

Van Bruggen, J — Ambten in de apostolische kerk: JH Kok, Kampen, 1984

Het Amen der Kerk: Ton Bolland, Amsterdam, 1980.

Van der Linde, GPL — Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel: Pro Rege, Potchefstroom, 1965

Van der Linde, S — Opgang en voortgang der Reformasie: Ton Bolland, Amsterdam, 1976

Van Itterzon, GP en D Nauta (red) — Geschiedenis van de Kerk (9 Dele): JH Kok, Kampen, 1963-1964

Van Langeraad, LA — Guido de Bray. Zijn leven en werken.: Zierikzee, Ochtman, 1884

Van Ruler, AA — Ik geloof: GF Callenbach NV, Nijkerk, 1969.

Van Staden, AJ — Ons kerk: HAUM, Pretoria, 1979

Van't Spijker, W — Doop in plaats van besnijdenis: De Groot Goudriaan, Kampen, 1982

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Veenen, SF — Ambt en eenwording in de kerken der Reformatie: Zuiderduijn, Woerden, 1973

Veenhof, C — Volk van God: Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1969

Verduin, L — The Reformers and their stepchildren: Baker Book House, Grand Rapids, 1964

Vorster, JD (red) — Veelvormigheid en eenheid: NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1978

Vorster, JM — Het die kerk nog betekenis?: NG Kerkboek-handel, Pretoria, 1981

Walker, W — John Calvin: Putnam Press, New York, 1906

Weber, DO — Grundlagen der Dogmatik (2 dele): Neukirchener, Neukirchener-Vluyn, 1972

Karl Barths Kirchliche Dogmatik: Buchhandlung der Erziehungsvereins, Neukirchen, 1958

Weiler, AG (red) — Geschiedenis van de Kerk in Nederland: Aula, Utrecht, 1963

Williams, GH en AM Mergal — Spiritual and Anabaptist writers: Westminster Press, Philadelphia, 1957

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1982

Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 1974

Kerkorde en aanvullende bepalings (Noord Transvaal): 1983

The Oxford Dictionary (deel 7): Clarendon, Oxford, 1961

Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif: 1974

Wet en bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (vasgestel 1951): 1979

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SAMEVATTING

# Die Kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis

deur

Gert Johannes Cloete

Promotor : Prof. dr. JA Heyns

Departement : Dogmatiek en Christelike Etiek, Fakulteit Teologie (Afd. B)

Ingedien vir die graad Doctor Divinitatis

Die Nederlandse Geloofsbelydenis word steeds, meer as vier eeue na sy ontstaan, as belydenisskrif gebruik in 'n beduidende groep Gereformeerde kerke. Dit het ontstaan teen baie besondere historiese omstandighede, en die vraag bestaan of dit nog steeds met reg as normatiewe belydenis gebruik kan word. Verder beleef die kerk tans uitdagings soos selde tevore, en die vraag is of die kerk met die Nederlandse Geloofsbelydenis as grondslag hom daarteenoor kan verantwoord. In hierdie studie is die kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis krities ondersoek om te bepaal in hoeverre hierdie vrae beantwoord kan word.

Uit die studie het geblyk dat daar in die Nederlandse Geloofsbelydenis duidelike apologetiese elemente onder-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skei kan word - veral teenoor die Roomse Kerk en die Anabaptiste. Die belydenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis, en in die besonder in sy kerkbegrip, is egter so Skriftuurlik verantwoord dat die apologetiese elemente 'n ondergeskikte rol speel in die formulerings. Daar is ook bevind dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, veral in sy standpunte rondom die kerk as die resultaat van sowel God se verkiesing en die gehoorsame samekoms van die gelowiges, asook die eenheid, katolisiteit en heiligheid van die kerk aan die kerk van enige era 'n vaste fondament bied vir die vervulling van sy taak. Sy standpunte is egter baie staties geformuleer, en sekere leemtes - veral die gebrek aan 'n missiologiese visie en die feit dat geen aandag gegee word aan die kerk se rol binne die koninkryk van God nie, kon uitgewys word.

Alles in ag geneem, bied die kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis aan die kerk 'n uitstekende grondslag vir verdere besinning, en kan dit steeds met vrymoedigheid as normatiewe belydenis gebruik word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SUMMARY

# The Belgic Confession of Faith's Concept of the Church

by

Gert Johannes Cloete

Promotor : Prof. dr. JA Heyns

Department : Dogmatics and Christian Ethics, Faculty of Theology (Section B)

Submitted for the degree Doctor Divinitatis

The Belgic Confession of Faith is, four centuries after its origin, still being used as a confession of faith in a significant group of Reformed churches. It originated against very specific historical circumstances, and the question arises whether it still can used as a normative confession. The church is also at present experiencing challenges seldom seen before, and it can be asked if it can account for itself with the Belgic Canfession of Faith as foundation. The Belgic Confession of Faith's concept of the church has been critically examined in this study in order to determine to which extent these questions can be answered.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



It emerged from the study that distinct apologetical elements can found - especially against the Roman Church and the Anabaptists. The confessional expression of the Belgic Confession, however, particularly in its concept of the church, is Scripturally justified to such an extent that the apologetical elements plays a minor role in all its formulations. It has also been ascertained that the Belgic Confession of Faith, especially in its views of the church as the result of both God's election and the obedient gathering by the believers; as well as in its views about the church's unity, catholicity and holiness, can offer the church of any age a secure foundation for the fulfilment of its duty. The Confession's views are very static in its formulation, and some emmissions could be shown - especially the lack of a missiologigal vision, and the fact that no attention has been given to the church's role in the kingdom of God.

Everything taken in account, however, it can be stated that the Belgic Confession's concept of the church offers the church an excellent basis for further reflection, and can still be used with confidence as a normative confession.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021